# PERSPEKTIEWE VAN BELEIDMAKERS EN –TOEPASSERS OOR DIE WETTIGING VAN PROSTITUSIE

M. SCHOLTZ

1998 004 520 01

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

# PERSPEKTIEWE VAN BELEID-MAKERS EN -TOEPASSERS OOR DIE WETTIGING VAN PROSTITUSIE

**MARLENE SCHOLTZ**

**Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad**

**MAGISTER ARTIUM**

**in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte**

**(Departement Kriminologie)** aan die

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

**Studieleiers:** **Mej. H. Foster**

**Dr. W. Schurink**

**BLOEMFONTEIN**

**Julie 1997**

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT D
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NI

UOVS - SASOL-BIBLIOTEEK
199800452001220000018

## OPSOMMING

'n Veranderende sosio-politieke staatsbestel beteken heel dikwels verandering in wetgewing oor sommige morele kwessies, soos prostitusie, en ook aborsie. Wetgewing oor prostitusie is 'n aspek waaroor rolspelers soos beleidmakers en -toepassers al in die verlede verskil het. Volgens Suid-Afrikaanse wetgewing is prostitusie 'n misdaad, hoewel die entrepreneurs van prostitusie, soos souteneurs en eienaars van gesellinklubs, prostitusie as 'n bron van inkomste beskou. Die prostitute self beskou dit as hulle reg om prostitusie te bedryf, en die kliënt wil ook van die reg op vrye keuse van aktiwiteit gebruik maak om die prostitutuut te besoek.

Die voortslepende debat oor die dekriminalisering van prostitusie kan 'n verskeidenheid van faktore en aspekte rakende prostitusie oorspan. Aspekte soos menseregte, die moontlikheid van sekskueel-oordraagbare siektes, en die moraliteitsbeginsel word deur verskillende partye in die debat betrek, en bespreek. Hierdie argumente word aangevul met perspektiewe op wetgewing in verskillende lande, die kriminaliteit van prostitusie, en ook die seksualiteit van die prostituut.

In die lig van bevindings soos blyk uit die literatuurstudie wat hierdie kwessies uitlig, is 'n empiriese ondersoek gedoen om die menings van beleidmakers en -toepassers te toets. Uit hierdie menings kom die ingewikkelde aard van die debat na vore en is dit duidelik dat konsensus oor die beleid nie haalbaar is nie, en 'n maklike oplossing is ook nie voor die hand liggend nie. Perspektiewe wat telkens vanaf navorsingsdeelnemers na vore kom, is die belangrike bydrae van gemeenskappe om verantwoordelikheid vir regulering te aanvaar. Die gevolgtrekking wat uit beide die literatuurstudie en die empiriese ondersoek blyk, is dat prostitusie gedekriminaliseer, maar verskerpte regulatoriese maatreëls, geimplementeer word.

# ABSTRACT

Changes in any socio-political system often bring changes in legislation, especially where the debate leans heavily towards moral issues, as is the case with legislation in South Africa concerning abortion. Prostitution falls in the same category, causing considerable conflicting opinions amongst policy makers and implementors. Legislation against prostitution still appear in South African codes of law. However, the entrepreneurs of prostitution see this as a very profitable business, the client of the prostitute depends on his individual rights to engage in the activity of his choice, and the prostitute only wants to do her work.

The ongoing debate on the decriminalisation of prostitution spans a variety of aspects about prostitution. Aspects like human rights, the possibility of sexually transmitted diseases, and the principle of morality were all issues of prominence at different times. These arguments are discussed here, as well as perspectives obtained from the literature study on legislation in different countries, the criminality of prostitution, and the sexuality of the prostitute.

From the insights gained from the literature study, an emperical investigation was undertaken to get perspectives of policy makers and policy implementors. From these, the conclusion is reached that prostitution is a complex phenomena, that consensus regarding legal policy may not be reached and no easy solution is imminent. A factor that may influence legislation is the increasing emphasis on the responsibility of communities in the process of regulating prostitution. The conclusion drawn is that prostitution should be decriminalised but that more stringent regulatory meassures should be implemented.

St. Augustinus:

*"...take away harlots from society and you will have tainted everything with lust"*

- Perkins, 1991, p. 20

St Thomas Aquinas:

*"Rid society of prostitutes and licentiousness will run riot throughout. Prostitutes in a city are like a sewer in a palace. If you get rid of the sewer, the whole alace becomes filthy and foul."*

- Perkins, 1991, p. 20

Valla:

*"...prostitute is meer nuttig as nonne."*

- Perkins, 1991, p. 22

Woodhull:

*"The marriage law (which) is the most damnable Social Evil Bill - the most consummate outrage on women - that was ever conceived. Those who are called prostitutes ... are free women sexually, when compared to the poor wife. They are at liberty, at least to refuse; but she knows no such escape."*

- Jolin, 1994, p. 73

Engels:

Die bourgeoise-huwelik

*"turns often enough into crassest prostitution - sometimes of both partners, but far more commonly of the woman, who only differs from the ordinary courtesan in that she does not let out her body on piece-work as a wage-worker, but sells it once and for all into slavery."*

- Jolin, 1994, p. 73

Kierkegaard:

*"What a misfortune to be a woman! And yet the misfortune, when one is a woman, is at bottom not to comprehend that it is one."*

- de Beauvoir, 1972, p. 676

Balzac:

as hy mans inlig oor hoe om 'n vrou te hanteer

*"...treat her as a slave while persuading her she is a queen"*

- de Beauvoir, 1972, p. 677

*"...she is a chattel and properly speaking only a subsidiary to man"*

- de Beauvoir, 1972, p. 133

Schopenhauer:

*"The sexual organs are the true seat of the will, of which the opposite pole is the brain"*

- de Beauvoir, 1972, p. 180

Laura, 'n Amerikaanse foonsnol:

*"I use my body to earn a living. What is the difference between working with my hands and working with .. (other parts of my body). You're still working with a part of your body, which is no different to working with your brains" (eie kursivering).*

- Perkins, 1991, p. 10

Foucault:

*"...for centuries now, the discourse on sex has been multiplied rather than rarified"*

- Jenness, 1993, p. 15.

Salomo:

*"... maar hy wat met hoere omgaan, bring die goed deur" (1933-vertaling)*

*"... een wat hom met prostitute ophou, vermors sy besittings" (1983-vertaling)*

*"It is a foolish waste to spend money on prostitutes" (Good News Bible)*

- Spreuke 29:3

I love life, the rain, and the wind.
I love the music of Bach, Vivaldi and Jean-Roger Caussimon.
And of Brel, Brassens, and Greco.
I love children, my children.
Through their movements I discover life.
I love my home;
It gives me pleasure to cook for my friends.
I love being at home and reading for an entire evening.
I love the movies, the theatre.
I love the warmth of my friends;
I love to give gifts.
I love to be nice like that for fun.
I love my man.
Am I not, then, a woman like you?
Oh, excuse me,
I am a prostitute.

(Hierdie gedig is geskryf deur Barbara, een van die Franse vroue-prostitute wat die kerk van Lyons in 1975 beset het, soos aangehaal in Perkins (1991, p. 374).

## HOOFSTUK 1

# BEKENDSTELLING


1.1 Inleiding ........ 1
1.2 Rasionaal ........ 2
1.3 Probleemformulering ........ 4
1.4 Doelstelling ........ 6
1.5 Afbakening van navorsingsterrein ........ 7
1.6 Metodologie ........ 8
1.7 Perspektiewe wat aangespreek word ........ 8
1.7.1 Perspektiewe op wetgewing ........ 9
1.7.2 Perspektiewe op seksualiteit ........ 9
1.7.3 Perspektiewe op die wetsverbrekende aspek van prostitusie ........ 9
1.7.4 Perspektiewe op die prostituut ........ 9
1.7.5 Perspektiewe van beleidmakers en toepassers ........ 10
1.8 Indeling van die verslag ........ 10


## HOOFSTUK 2

# DEFINIëRING VAN KONSEPTE


2.1 Inleiding ........ 12
2.2 Begripsomskrywing ........ 13
2.2.1 Verskeidenheid van bronne ........ 13
2.3 Toeligting van sleutelbegrippe ........ 14
2.3.1 Die prostituut ........ 14
2.3.2 Kommersiële sekswerker/kommersiële seks ........ 16
2.3.3 Enkele wyses waarop prostitusie bedryf word ........ 17

2.3.3.1 Courtesan ........ 17

2.3.3.2 Straatprostituut ........ 18

2.3.3.3 Foonsnol ........ 18

2.3.4 Tippelary ........ 19

2.4 Entrepreneurs van prostitusie ........ 19

2.4.1 Madam ........ 20

2.4.2 Koppelaar/souteneur ........ 20

2.4.3 Gesellinklub/Eskortagentskap ........ 21

2.5 Wetgewing ........ 21

2.5.1 Perspektiewe ........ 23

2.5.2 Wettiging ........ 23

2.5.3 Kriminalisering ........ 23

2.5.4 Dekriminalisering ........ 27

2.5.5 Regulering ........ 30

2.6 Beleid ........ 30

2.6.1 Beleidvorming ........ 31

2.6.2 Beleidmakers en -toepassers ........ 31

2.6.3 Beleidsverandering ........ 31

2.6.4 Beleidsimplikasies ........ 33

2.7 Relevante ondersoeke en verslae ........ 34

2.7.1 Die Wolfenden-verslag ........ 34

2.7.2 Die Kinsey-verslag ........ 36

2.7.3 Die Meese-verslag ........ 37

2.8 Algemene oriëntasie ten opsigte van prostitusie ........ 39

2.8.1 Omstredenheid van prostitusie ........ 40

2.8.2 Mites rondom prostitusie ........ 41

2.8.3 Norme, moraliteit en prostitusie ........ 43

2.8.4 Veranderende sosiale werklikheid en prostitusie .... 45

2.8.5 Menseregte en prostitusie .... 47

2.9 Samevatting .... 48

DEEL II

# HOOFSTUK 3

# PERSPEKTIEWE OP WETGEWING IN 'N AANTAL LANDE

3.1 Inleiding .... 49

3.1.1 Morele ontwikkeling in teenstelling met wetgewing .... 51

3.1.2 Algemene tendense rondom wetgewing in verskillende lande .... 54

3.2 Perspektiewe op wetgewing in verskillende lande .... 56

3.2.1 Prostitusie in Engeland .... 56

3.2.2 Prostitusie in Skandinawiese Lande .... 58

3.2.2.1 Denemarke .... 59

3.2.2.2 Finland .... 60

3 2.2.3 Noorweë .... 60

3.2.3 Prostitusie in sommige Europese Lande .... 61

3.2.3.1 Duitsland .... 61

3.2.3.2 Frankryk .... 64

3.2.3.3 Italië .... 67

3.2.3.4 Nederland .... 68

3.2.3.5 Portugal .... 71

3.2.3.6 Spanje .... 73

3.2.4 Prostitusie in Israel .... 74

3.2.5 Prostitusie in sommige Oosterse Lande ........ 75

3.2.5.1 China ........ 76

3.2.5.2 Indië ........ 78

3.2.5.3 Japan ........ 79

3.2.5.4 Maleisië ........ 81

3.2.5.5 Taiwan ........ 82

3.2.6 Prostitusie in Australië ........ 84

3.2.7 Prostitusie in Brasilië ........ 87

3.2.8 Postitusie in die Verenigde State van Amerika ........ 88

3.2.9 Prostitusie in sommige Afrikalande, uitgesonderd Suid-Afrika ........ 92

3.2.9.1 Kultuurgebruike wat verband hou met prostitusie ........ 92

3.2.9.2 Egipte ........ 94

3.2.9.3 Ghana ........ 96

3.2.9.4 Ivoorkus ........ 97

3.2.10 Prostitusie in Suid-Afrika ........ 97

3.3 Prostitusie as internasionale handelsmiddel ........ 100

3.4 Samevatting ........ 103

## HOOFSTUK 4

# PERSPEKTIEWE OP SEKSUALITEIT EN PROSTITUSIE

4.1 Inleiding ........ 105

4.2 Hoe verskil mans van vroue ten opsigte van seksualiteit ........ 106

4.2.1 Sienings oor vroue en seksualiteit ........ 108

4.2.2 Sienings oor mans en seksualiteit ........ 110

4.3 Tradisionele perspektief op vroue-seksualiteit en prostitusie ........ 112

4.3.1 Praktyke van lank gelede ........ 112

4.3.2 Vroue wat hulle seksualiteit gebruik om mag te bekom ........ 113

4.3.3 Seksualiteit in primitiewe gemeenskappe ........ 114

4.3.4 Seksualiteit en kultuurverskille ........ 114

4.3.4.1 Zoeloe-gemeenskap ........ 115

4.3.5 Bemagtiging van die vrou ........ 116

4.3.6 Die vrou se posisie in die samelewing ........ 116

4.4 Sosiale perspektiewe op seksualiteit ........ 120

4.4.1 Sosiale aard van seksuele verkeer ........ 121

4.4.2 Sosiale aard van prostitusie ........ 124

4.5 Diverse sienings rondom seks ........ 127

4.5.1 Diverse funksies van seks ........ 127

4.5.2 Seks as prokreatiewe aktiwiteit ........ 130

4.5.3 Seks as rekreatiewe aktiwiteit ........ 132

4.6 Die seks-industrie ........ 134

4.6.1 Nuttigheid van pornografiese materiaal ........ 134

4.6.2 Kommersiële seks ........ 135

4.7 Kontemporêre perspektief op vroue, seksualiteit en prostitusie ........ 138

4.7.1 Invloed van feministiese bewegings ........ 142

4.7.2 Stigting van prostitute-organisasies ........ 145

4.8 Samevatting ........ 147

HOOFSTUK 5

**PERSPEKTIEWE OP KRIMINOLOGIESE ASPEKTE VAN PROSTITUSIE**

5.1 Inleiding ........ 148

5.2 Prostitusie as misdaad ........ 150
5.2.1 Teenstrydigheid tussen woord en daad ........ 151
5.2.2 Prostitusie as onvermydelike keuse ........ 152
5.2.3 Prostitusie as vroulike misdaad ........ 155
5.2.4 Argumente by wetgewing oor prostitusie ........ 156
5.3 Prostitusie as gestigmatiseerde beroep ........ 162
5.4 Prostitusie as gesondheidsrisiko ........ 165
5.5 Prostitusie as gevaar vir die gemeenskap ........ 170
5.6 Regverdigbaarheid van prostitusie ........ 176
5.7 Kan prostitusie uitgewis word? ........ 178
5.7.1 Seksuele behoeftes ........ 180
5.7.2 Verskille in seksuele opwekking by man en vrou ........ 180
5.7.3 Kan prostitusie afgeskaf word? ........ 181
5.7.4 Aanbod en aanvraag ........ 182
5.8 Wat sê die prostitute oor hulle beroep ........ 183
5.8.1 Regte van prostitute ........ 183
5.8.2 Aard van wetgewing ........ 185
5.8.3 Aard van die misdaad ........ 186
5.8.4 *"No bad women, only bad laws"* ........ 187
5.8.5 Prostitute se gevoel oor dekriminalisering ........ 188
5.9 Samevatting ........ 188

## HOOFSTUK 6

# PERSPEKTIEWE OP DIE PROSTITUUT

6.1 Inleiding ........ 192
6.2 Geskiedenis van die prostituut ........ 193
6.2.1 'n Kulturele perspektief ........ 197

6.2.1.1 'n Enkele voorbeeld van kulturele vooroordele teenoor prostitute in Boeddhistiese Thailand ........ 197

6.2.2 Moderne perspektiewe op die prostituut ........ 199

6.3 Klassifikasie van prostitute ........ 201

6.3.1 Organisatoriese indeling ........ 201

6.3.2 Enkele ander nie-organisatoriese indelings ........ 204

6.3.2.1 *"In transit"* prostitusie ........ 204

6.3.2.2 *"Bell desk"* prostitusie ........ 204

6.3.2.3 Straatprostitusie ........ 205

6.3.2.4 Prostitute wat hulle dienste adverteer ........ 206

6.4 Profiel van die prostituut ........ 207

6.4.1 'n Prostituut uit vrye wil, of gedetermineerd ........ 207

6.4.2 Toetrede tot prostitusie ........ 212

6.4.2.1 Rede vir toetrede ........ 215

6.4.2.2 Ouderdom van toetrede ........ 217

6.4.2.3 Regverdiging vir toetrede ........ 218

6.4.3 Voorkoms van die prostituut ........ 221

6.4.4 Fisiese toestand van die prostituut ........ 222

6.4.5 Geestestoestand van die prostituut ........ 223

6.4.6 Familiegeskiedenis van die prostituut ........ 224

6.4.7 Opvoedingspeil van die prostituut ........ 226

6.4.8 Gewoontes van prostitute met betrekking tot drank en dwelmmiddels ........ 227

6.4.9 Duur van haar professionele loopbaan ........ 228

6.4.10 Terminering van haar professionele loopbaan ........ 229

6.5 Samevatting ........ 230

DEEL III

# HOOFSTUK 7

# METODOLOGIE


7.1 Inleiding ..... 232

7.2 Simboliese interaksionisme ..... 233

7.2.1 Sentrale uitgangspunte van simboliese interaksionisme ..... 233

7.2.2 Analitiese induksie ..... 235

7.3 Kwalitatiewe navorsingsmetodiek ..... 236

7.3.1 Die konsep *"kwalitatiewe navorsing"* ..... 239

7.3.2 Historiese oorsig van kwalitatiewe navorsing ..... 240

7.3.3 Vergelyking tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing ..... 242

7.3.3.1 Begrondingsteorie ..... 243

7.3.3.2 Toets vir betroubaarheid en geldigheid ..... 244

7.4 Navorsingstegniek ..... 245

7.4.1 Onderhoudvoering as navorsingsinstrument ..... 245

7.4.1.1 Keuse van ongestruktureerde onderhoude as navorsingsinstrument ..... 246

7.4.1.2 Voorsorgmaatreëls vir suksesvolle onderhoude ..... 246

7.4.1.3 Die navorser en die verkleurmannetjie-effek ..... 249

7.4.1.4 *"Neersitisme"* ..... 250

7.4.2 Implementering van navorsingsmetode ..... 251

7.4.2.1 Die onderhoudskedule ..... 251

7.4.2.2 Vrae in die onderhoudskedule ..... 252

7.4.2.3 Stappe in die onderhoudsfase ..... 253

7.4.2.4 Probleme ondervind tydens die onderhoudfase ..... 257

7.4.3 Die navorsingdeelnemers ..... 258

7.4.3.1 Keuse van navorsingdeelnemers ..... 258

7.4.3.2 Anonimiteit van navorsingdeelnemers ... 259

7.4.3.3 Kategorisering van navorsingdeelnemers ... 259

7.5 Natuurlike geskiedenis van hierdie navorsing ... 261

7.6 Die impak van die navorsing op die navorser ... 266

7.7 Samevatting ... 268

# HOOFSTUK 8

# DATA-ANALISE

8.1 Inleiding ... 269

8.2 Begripsinhoud van analise ... 270

8.3 Ontsluiting van kodes ... 271

8.3.1 Eerste breë kategorisering ... 271

8.3.2 Tweede verfyning van kategorieë ... 272

8.3.3 Kodering ... 272

8.4 Inligting uit die onderhoude verkry ... 273

8.4.1 Kerngedagtes uit die onderhoude ... 274

8.4.2 Menings oor beleidmaking ... 276

8.4.2.1 Wetstoepassers ... 277

8.4.2.2 Welsynswerkers ... 279

8.4.2.3 Moraliste ... 279

8.4.2.4 Interpretasie ... 280

8.4.3 Menings oor die hantering van die beleid ... 280

8.4.3.1 Wetstoepassers ... 280

8.4.3.2 Welsynswerkers ... 281

8.4.3.3 Moraliste ... 282

8.4.3.4 Interpretasie ... 282

8.4.4 Menings oor die toepassing van die beleid ........ 283
8.4.4.1 Wetstoepassers ........ 283
8.4.4.2 Welsynswerkers ........ 284
8.4.4.3 Moraliste ........ 284
8.4.4.4 Interpretasie ........ 285
8.5 Persoonlike menings en agtergrond van navorsingsdeelnemers ...... 285
8.6 Inligting uit dokumentasie deur navorsingsdeelnemers aangebied .. 290
8.7 Samevatting ........ 292

## HOOFSTUK 9

# SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

9.1 Inleiding ........ 293
9.2 Multi-dimensionele aspekte wat in gedagte gehou moet word ........ 295
9.3 Interpretasie in terme van die literatuurstudie ........ 296
9.3.1 Prostitusie kan gedekriminaliseer word ........ 297
9.3.2 Prostitusie moet gereguleer word ........ 298
9.3.3 Die gemeenskap moet verantwoordelikheid aanvaar ........ 298
9.3.4 Reklame bevorder prostitusie ........ 299
9.3.5 Kulturele verskille moet in ag geneem word ........ 299
9.3.6 Geslagsverskille moet in ag geneem word ........ 300
9.4 Interpretasie in terme van die empiriese studie ........ 300
9.4.1 Prostitusie kan gedekriminaliseer word ........ 300
9.4.2 Prostitusie moet gereguleer word ........ 301
9.4.3 Die gemeenskap moet verantwoordelikheid aanvaar ........ 301

9.4.4 Reklame bevorder prostitusie ........ 302

9.4.5 Kulturele verskille moet in ag geneem word ........ 302

9.4.6 Geslagsverskille moet in ag geneem word ........ 303

9.5 Kritiese evaluering ........ 303

9.5.1 Veranderende benadering tot wetgewing oor prostitusie ........ 304

9.5.2 Ekonomiese aspekte ........ 305

9.5.3 Opmerkings oor die onwenslikheid van dekriminalisasie ........ 306

9.5.4 Politieke gewin ........ 307

9.6 Slotopmerking ........ 307

Bibliografie ........ 309

Bylae 1 Aanhef tot Grondwet

Bylae 2 Wette van die Republiek van Suid-Afrika - Staatsreg

Bylae 3 Enkele besonderhede van prostitute

Bylae 4 Uittreksel uit die jaarverslag van die Kommissaris van die SAPD
1 Januarie 1993 - 31 Desember 1993

Bylae 5 Stigtingsakte

Bylae 6 Enkele statistiese gegewens oor seksuele misdade

Bylae 7 Akronieme

Bylae 8 Transkripsie van Onderhoud

Bylae 9 Inhoud van brief van Interne Studieleier

Bylae 10 Onderhoudskedule

# DEEL I

## 1. Bekendstelling

## 2. Definiëring van konsepte

# 1 BEKENDSTELLING

## 1.1 INLEIDING

Vir 'n navorser om te strewe om 'n oplossing vir die kwessie van wetgewing oor prostitusie te vind, sou enersyds voortydig wees, en andersyds arrogant. Die omstredenheid rondom prostitusie is te groot om 'n simplistiese oplossing voor te stel; een gedeelte van die samelewing vereis algehele verbod en openbare sanksie op prostitusie terwyl 'n ander groep algehele dekriminalisering en deregulering voorstaan. Hoe kan beleidsmakers en beleidstoepassers beide hierdie pole akkommodeer in enige beleidshandhawing of beleidsverandering?

In hierdie hoofstuk word die rasionaal vir die studie gestel. Die probleme waarop die verhandeling fokus, geniet aandag, sowel as die doelstellings van hierdie verhandeling. Die afbakening van die navorsingsterrein word bespreek en die metode en navorsingstegniek wat gebruik gaan word, word kortliks toegelig. Ten slotte word die perspektiewe wat aangespreek word, uiteengesit, met die indeling van die verhandeling as die laaste gedeelte.

## 1.2 RASIONAAL

Perkins (1991, p. 5) het 'n beraming gemaak van ongeveer 6 000 publikasies wat oor prostitute en prostitusie gepubliseer is, en dus hierdie onderwerp seker een van die besbeskryfde, bes-toegeligte sosiale aktiwiteite maak.

Oor die kwessie van 'n prostitusiebeleid is daar egter minder gepubliseer. Veral hier in Suid-Afrika is 'n beleid oor prostitusie noodsaaklik. Aangesien kriminoloë en sosiaalwetenskaplikes tot op hede min op hierdie terrein gedoen het, word met 'n studie oor die moontlikheid van beleidsverandering, gepoog om 'n beskeie bydrae tot 'n moontlike oplossing te lewer

Om die regte ding te doen vir die regte redes (Annas, 1995, p. 247) is dit vir moraliste van belang dat prostitusie uitgewis sal word om die sedelike verval, die bedreiging vir die monogame verhouding, te voorkom. Die prostitute weer het hulle beroep nodig om hulleself en hulle afhanklikes te onderhou - ook die regte ding vir die regte rede? Die betoog van prostitute om te veg vir hulle regte en deur middel van wetswysiging hulle beroep te verskans, is 'n deug waarvoor hulle erkenning behoort te kry.

In Suid-Afrika het 'n nuwe regering onlangs die bewind oorgeneem. By 'n bewindsverandering, soos verderaan sal blyk, verander wette en ook die toepassing daarvan soms geweldig baie. Nuwe regerings, veral waar die ideologie heelwat verskil van die vorige, het ander waardes en prioriteite. Die moontlikheid is daar dat wetgewing oor prostitusie kan verander, veral met inagneming van die toenemende beklemtoning van individualiteit, handhawing van menseregte, en die gepaardgaande reg op eie keuse. Die moontlikheid van verandering in wetgewing teenoor prostitusie is as basis gebruik by die

aanpak van hierdie navorsing. As drukgroepe soos SWEAT *(Sex Workers Education and Advocacy Task Group)* stemming maak om prostitusie te dekriminaliseer, hoe gaan beleidsmakers en -toepassers reageer? Is Suid-Afrika dalk die land wat die voortou gaan neem om prostitusie te beskou as

> *"a community service because it provides a definite service to a lot of men - and women, I might add - who wouldn't have that outlet for their fantasies otherwise".* *- Perkins, 1991, p. 7.*

Sommige van hierdie aspekte gaan in die loop van hierdie verhandeling aangespreek word. Op 'n vraag van die navorser tydens 'n verkennende besoek aan Mnr. Mike Atolo (destyds van die Departement Gesondheid en Welsyn, maar tans Adjunk-Speaker van die Vrystaatse Wetgewer) het hy te kenne gegee dat hy nie bewus is van 'n voorlegging of beplande aksie deur òf die provinsiale regerings, òf die nasionale regering oor verandering in wetgewing oor prostitusie nie. Wetgewing hieromtrent kan inderdaad slegs deur die nasionale regering aangeneem word, maar vanaf plaaslike vlak kan aanbevelings gemaak word.

Onlangse persberiggewing bring twee wesentlike aspekte van prostitusie onder die soeklig. Soos blyk uit 'n SAPA-berig van 6 September 1996, heers in Duitsland 'n *"modderige"* wetsbestel waar dit gaan om wetgewing oor prostitusie. Dieselfde ongelykheid wat in Duitsland heers, heers in Suid-Afrika, want die prostituut kan aangekla word van 'n wetsoortreding, maar die kliënt wat in baie gevalle die aktiwiteit inisieer, is onskuldig. Soos in Duitsland is hier in Suid-Afrika ook wette op die wetboek, maar dit word nie nougeset toegepas nie.

'n Tweede SAPA-berig van 4 September 1996 handel oor 'n onlangse hofsaak in Nelspruit, Mpumalanga. Drie prostitute wat in die plaaslike landdroshof verskyn het, stel dit dat hulle niks verkeerd doen deur hulle liggame te verkoop nie, en dat prostitusie gewettig behoort te word. Die prostitute het die hof meegedeel dat prostitusie hulle enigste manier is om geld te verdien om hulle families te onderhou, en hulle beweer ***"...because they did not harm anyone or steal from anyone, they were involved in a legitimate economic activity".*** Volgens hierdie prostitute is hulle inhegtenisneming 'n vorm van teistering.

Argumente soos hierdie, wat toenemend na die howe gebring word om besleg te word, dui op die dringendheid dat uitsluitsel oor die kwessie in Suid-Afrika verkry word. Dit kan ook dien om die regstelsel se waardigheid te beskerm en dit nie te belas met beuselagtighede nie. Wetgewing bestaan steeds, maar by die toepassing daarvan word reëls verbreek. Die vraag kan gevra word wat sou die nut dan wees van wetgewing wat nie nougeset en presies toegepas word nie.

Met die daarstelling van 'n prostitusiebeleid, kan die *'modderige'* wetsbestel moontlik verhelder word.

## 1.3 PROBLEEMFORMULERING

Friedericks (in Smith, 1981, p. 3 e.v.) sê verder alle wetenskaplike navorsing het implisiete of eksplisiete *"commitment"* tot verandering. Wetgewing oor prostitusie veronderstel alreeds verandering aangesien prostitusie volgens die Wet op Seksuele Misdrywe 23 van 1957, en die latere toevoeging van artikel 20(1)(aA) 'n oortreding is - en vòòr die aanvaarding van die wet was dit nie 'n oortreding nie. **Verandering** het dus ingetree met die aanvaarding van die wet. As met die aanvaarding van die wet, die doel gestel was om prostitusie uit te roei, het dit sekerlik nie in hierdie doel geslaag nie. Straf kan aangewend word in 'n poging om die oortreders te weerhou van herhaling van hulle misdaad, maar die straf wat aan prostitute of souteneurs opgelê is, het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Het die instandhouding van die wet, soos tans geformuleer en toegepas word dan enige nut en waarde op die wetboeke as dit nie die gewenste uitwerking het nie?

By die moontlikheid van verandering van wetgewing oor prostitusie, kan sekere vrae gevra word, soos:

- Gaan prostitusie minder of meer word;
- Gaan daar 'n noemenswaardige toevoeging tot staatsinkomste wees indien prostitusie gewettig word en belasbaar is;
- Gaan seksueel-oordraagbare en aanverwante siektes verminder of vermeerder;

- Gaan daar minder egskeidings wees, of meer;
- Gaan bordeel-eienaars ryk word, of gaan hulle toegesluit word;
- Gaan meer jong meisies tot die beroep toetree;
- Gaan huweliksontrou verminder;
- Gaan verkragtings afneem?

Die huidige toestand, volgens Supt. Hardy Otto, verbonde aan die Suid-Afrikaanse Narkotikaburo (SANAB), in Bloemfontein, is glad nie bevredigend nie. Om prostitute te vervolg, moet spesiale polisiebeamptes aangewys word. Die polisie moet baie versigtig wees as dit gaan om inhegtenisneming van prostitute tydens 'n klopjag. Wanneer 'n prostituut wel in die hof verskyn, is die kanse baie goed dat die hof die saak nie kan verhoor nie as gevolg van onvoldoende getuienis. As die hof wel 'n boete oplê, betaal die prostituut dit, en gaan net gewoonweg voort met haar werk - tot die volgende keer.

Om die probleem breedvoerig aan te spreek, en om die moontlikheid van beleidsverandering in Suid-Afrika toe te lig, is dit nodig geag om 'n literatuurstudie aan te bied, om sodoende inligting te verskaf oor toestande wat in ander lande geheers het, of tans nog geld. Daarmee saam sou die toeligting deur middel van die empiriese gedeelte, waar menings van beleidmakers en -toepassers ingewin is, ewe belangrik beskou kan word, want beide is onontbeerlik wanneer dit gaan om die werklike beleidsvraagstukke rondom prostitusie. Agtergrond, soos vervat in die literatuurstudie, verseker dat die leser ingelig word oor wêreldwye tendense wat geheers het, en waarom sekere beginsels gegeld het by die hantering van prostitusie. Inligting oor die huidige toepassing van die beleid in Suid-Afrika, en die menings van diegene wat in hulle daaglikse werk te make het met prostitusie, kan waardevolle inligting bied wanneer oor die moontlikheid van beleidsverandering besin word.

## 1.4 DOELSTELLING

Die doel van hierdie navorsing is om inligting oor die aspekte soos hierbo te versamel sodat die leser 'n beredeneerde mening kan vorm, en om die leser ook in te lig oor menings van beleidmakers en -toepassers in die Vrystaat wat gemoeid is met hierdie kwessie.

Die doel van hierdie navorsing is ook om die menings wat sodoende ingewin is, te gebruik as vertrekpunt om 'n gevolgtrekking te maak. Hierdie menings, tesame met die inligting wat uit die literatuurstudie verkry is, vorm die basis waarop enkele aanbevelings gemaak gaan word.

In die lig van die gebrek aan wetenskaplike kennis oor 'n prostitusiebeleid en -toepassing soos blyk uit die gestelde navorsingsprobleem, word met hierdie studie geprobeer om die terrein te verken en op 'n beskeie wyse wetenskaplike kennis daar te stel.

Die doelstellings van die studie kan soos volg saamgevat word:

- **om 'n studie van die bestaande prostitusieliteratuur rakende prostitusiebeleid en verwante aangeleenthede te onderneem;**
- **om deur middel van die kwalitatiewe navorsingsmetode, eerstehandse inligting te verkry van 'n beperkte aantal persone in die Vrystaat wat met prostitusiebeleid of die toepassing daarvan te make het, of wat as deskundiges beskou kan word, en**
- **om aanbevelings te maak oor hoe prostitusie in die Vrystaat gehanteer kan word.**

**Benewens hierdie primêre doelstellings is 'n sekondêre oogmerk met die studie om bestaande opvattings, stellings, tipologieë en ander teoretiese konstrukte, wat in die bestaande literatuur aangetref word, na te gaan. Deur die passing of nie-passing van bestaande teoretiese konstrukte by outentieke beleidsformuleerders, -toepassers en deskundiges na te gaan, poog die onderhawige studie nie alleen om die geloofwaardigheid van derglike konstrukte te verhoog nie, maar ook om 'n grondiger insig in prostitusiebeleid hier te lande te verkry.**

**Dit blyk dus dat die onderhawige studie (i) selfgeïnisieer en (ii) verkennend is. Die ondersoek kan as verkennend beskou word, omdat, soos Mouton & Marais (1990, p. 43) aantoon, dit nuwe insigte oor 'n relatief onbekende terrein wil inwin, mense wat praktiese ervaring van prostitusie het, en/of wat as deskundiges van die verskynsel beskou word, se menings wil bestudeer en areas vir verdere navorsing wil vasstel.**

## 1.5 AFBAKENING VAN NAVORSINGSTERREIN

Hierdie navorsing berus effektief op twee komponente, naamlik 'n literatuurstudie, en 'n empiriese gedeelte. Beide hierdie komponente word as onontbeerlik beskou vir die afhandeling van die ondersoek na die moontlikheid van beleidsverandering oor prostitusie. Die uitgangspunt van hierdie navorsing is om alvorens die empiriese gedeelte aangepak word, die leser eers in te lig oor 'n redelike wye spektrum van kwessies rondom prostitusie. Hierdie inligting is verkry uit 'n literatuurstudie wat oor 'n aantal jare gedoen is. Sonder hierdie inligting sou die leser leemtes kon ondervind wanneer aspekte rakende perspektiewe van beleidsmakers en -toepassers in die tweede gedeelte bespreek word.

In hierdie verhandeling gaan daar slegs gekonsentreer word op een vorm van prostitusie, naamlik die meer tradisionele vorm van prostitusie. Dit sou beteken dat die prostituut vroulik is, en haar kliënt, 'n man. As hier dus gepraat word van die prostituut, beteken dit eerstens dat dit is vrou is, en tweedens dat sy 'n volwasse persoon is. Ander soorte prostitusie soos die manlike prostituut, lesbiër en homoseksuele prostitute, en kinderprostitute, is kwessies wat nie binne die parameters van hierdie navorsing val nie, en wat afsonderlike navorsing verg. Hierdie afbakening word gevolg omdat dit in hierdie verhandeling esensieël gaan om beleidsformulering, wat meestal op hierdie voorbeeld van prostitusie geskoei is. Ander vorme van prostitusie mag egter ook ander kwessies aansny wat die verhandeling te omvangryk sou maak.

Omdat die doelstelling in die onderhawige navorsingsprojek ook is om perspektiewe rondom die wettiging van prostitusie te bespreek, is die werkbare universum geneem uit 'n sosiale organisasie soos dit bestaan in die Vrystaatse hoofstad, Bloemfontein. Hierdie sosiale organisasies bestaan uiteraard uit verskeie dissiplines wat binne hierdie gemeenskap

funksioneer. Uit hierdie gemeenskap is verteenwoordigers van spesifieke dissiplines gekies. Hierdie persone het almal te make met die kwessie van prostitusie, of dit nou die medikus, die regsgeleerde, die filosoof, die wetgewer of die polisiebeampte is, elkeen van die persone wat by hierdie navorsing betrek is, verteenwoordig 'n dimensie van beleidmaking en/of -toepassing.

## 1.6 METODOLOGIE

Die metodiek van hierdie navorsing sou enersyds beskou kon word as innoverend, andersyds as 'n integrasie van verskillende benaderingswyses. Dit verklaar dan die aanbiedingsmetode van 'n baie omvattende literatuurstudie sowel as 'n empiriese ondersoek, volgens 'n kwalitatiewe metode, gegrond op die beginsels van simboliese interaksionisme.

In die sosiale wetenskappe is die literatuurstudie baie bekend, en word dit met groot welslae gebruik. Dit behels die integrasie van inligting wat weergegee word vanuit 'n nuwe invalshoek, met die inagneming van paradigmaskuiwe. Inderdaad is hierdie metode baie belangrik, en word dié gedeelte dan ook in hierdie geval as van groot belang beskou.

Die metode van kwalitatiewe navorsing word nie so algemeen in die sosiale wetenskappe gebruik nie, ook nie in die Kriminologie nie. Die vakwetenskap van Kriminologie sou ook kon baat by navorsing waar hierdie metode bekendgestel en ontgin word. Ander navorsers op hierdie terrein kan die navorsingsmetodiek wat hier gevolg is, self beproef, en die metodologiese probleme en/of tekorte aanspreek. Om te reageer op 'n bestaande inligtingsbron, waar op innoverende wyse te werk gegaan is, kan moontlik vir die dissipline van betekenis wees.

## 1.7 PERSPEKTIEWE WAT AANGESPREEK WORD

Verskillende perspektiewe wat verband hou met die kwessie van wetgewing oor prostitusie, word in die loop van hierdie navorsing aangespreek. Hieronder volg 'n kort verduideliking van hierdie perspektiewe:

### 1.7.1 Perspektiewe op wetgewing

Aangesien die afleiding gemaak is dat wetgewing oor prostitusie, deur die eeue verskil het, is inligting hieroor ingesluit. In verskeie lande is daar steeds 'n mate van wetgewing, of regulering van prostitusie. In verreweg die meeste lande waaroor inligting beskikbaar is, word die wette nie baie streng toegepas nie. Sommige lande het wette afgeskaf, maar daar is nog steeds wetgewing teen openbare tippelary en openbare steurnis. Seks self, soos sal blyk uit die literatuurstudie, is nie wetsverbrekend nie, maar die gepaardgaande misdrywe is wel. Die rede hoekom wetgewing oor prostitusie ingestel is, is dat die publiek en jeugdiges beskerm moet word, en dat niemand deur middel van blootstelling daaraan, beïnvloed sal word om ook deel daaraan te hê nie.

### 1.7.2 Perspektiewe op seksualiteit

Hierdie aspek sluit aan by die digotomie rondom geslagsgelykheid. Die prostitute beskou dit as 'n ongelykheid as hulle gestigmatiseer word, maar die kliënt wat die prostituut besoek, word selde in hegtenis geneem.

### 1.7.3 Perspektiewe op die wetsverbrekende aspek van prostitusie

Huidiglik verskyn daar in Suid-Afrikaanse Wetgewing nog die verbod op seksuele verkeer teen vergoeding. Prostitusie is dus wetsverbrekende gedrag. Hier word aspekte bespreek soos die misdadigheid, al dan nie, van prostitusie; die moontlike skade aan die gemeenskap; die moontlikheid dat prostitusie *'beroepstatus'* kan verkry en daar word kortliks verwys na die gesondheidsrisiko rondom die seksbedryf.

### 1.7.4 Perspektiewe op die prostituut

Om die beeld van die prostituut toe te lig, word verskillende soorte prostitusie bespreek. Die klassifikasie van die prostituut, asook inligting oor die redes hoekom die prostituut hierdie werk verkies, haar fisiese en psigiese toestand, en haar beroepsmoontlikhede word

aangeraak. In hierdie gedeelte word enkele kultuurverskille aangedui, en ten slotte volg 'n kort geskiedenis van prostitusie.

### 1.7.5 Perspektiewe van beleidmakers en -toepassers

Die uitgangspunt hier was om menings van beleidsmakers en -toepassers te verkry om argumente oor die moontlikheid of wenslikheid van beleidsverandering oor prostitusie te bespreek. 'n Aantal onderhoude is gevoer met deskundiges op gebiede wat dikwels te make het met die kwessie van prostitusie. Deur middel van hierdie onderhoude kon 'n ontleding gedoen word aangaande die persepsies wat bestaan, die slaggate vir die beleidsmaker en -toepasser, en ook die navorsingsdeelnemers se persoonlike mening, in teenstelling met hulle professionele benadering, oor die kwessie van wetgewing rakende prostitusie.

## 1.8 INDELING VAN DIE VERHANDELING

Om te voldoen aan die doelstelling van hierdie navorsing, is die verhandeling as volg ingedeel:

**DEEL I:**

**Hoofstuk 1** handel uiteraard oor die bekendstelling, begrensing, probleemstelling, rasionaal, afbakening en verduideliking oor wat in die verhandeling volg.

**Hoofstuk 2** verduidelik konsepte en begrippe. Daar word ook verwys na verslae oor prostitusie wat reeds gepubliseer is. Die relevansie van hierdie verslae word verduidelik, in die lig van verandering in regeringsbestel op verskillende tye in verskillende lande.

Die laaste gedeelte is 'n bespreking oor verskeie aspekte rakende prostitusie. Hier word ook melding gemaak van die omstredenheid van prostitusie waarna telkens verwys word. Mites, norme en moraliteit oor prostitusie word bespreek, en die verandering wat in die

transformasieproses in Suid-Afrika plaasvind, en die invloed op die prostitusiebeleid word toegelig.

## DEEL II:

**Hoofstuk 3** werp lig op wetgewing in verskillende lande.

**Hoofstuk 4** handel oor seksualiteit, en die bestaande ongelykheid tussen man en vrou.

**Hoofstuk 5** bespreek die kriminaliteit, al dan nie, van prostitusie.

**Hoofstuk 6** bevat inligting oor die prostituut - die verskillende klasse en soorte prostitute.

## DEEL III:

**Hoofstuk 7** verduidelik die presiese verloop van die navorsing, asook die rasionaal in die gebruik van die metode van kwalitatiewe navorsing.

**Hoofstuk 8** analiseer inligting verkry uit die onderhoude wat gevoer is, transkripsies van onderhoude, waarneming deur die navorser tydens die onderhoudvoering, en veldnotas wat geskryf is nadat die onderhoude gevoer is. In hierdie hoofstuk is die natuurlike geskiedenis van hierdie navorsing geskets.

**Hoofstuk 9** word gebruik om 'n aantal gevolgtrekkings te maak, en aanbevelings soos uit die menings van navorsingsdeelnemers, word toegelig.

# 2 DEFINIëRING VAN KONSEPTE

## 2.1 INLEIDING

Simboliese betekenisse van begrippe en konsepte kan verskillend geïnterpreteer word, afhangend van die agtergrond en oriëntasie van die leser. Hierdeur kan onduidelikheid en verwarring ontstaan as die leser nie dieselfde waardebetekenis daaraan heg as die skrywer nie. Met hierdie verduideliking van verskeie konsepte wat met hierdie verhandeling verband hou, wil die navorser die leser inlig aangaande die simboliese betekenis van konsepte waaroor in die volgende hoofstukke bespiegel word.

Ten slotte word enkele gedagtes geopper om die leser te oriënteer ten opsigte van verskeie aspekte van prostitusie. Die omstredenheid daarvan word bespreek, mites oor prostitusie word aangehaal en die tradisionele morele gevoelens word toegelig. Daar word ook melding gemaak van die veranderende sosiale werklikheid en kortliks verwys na die aspek van menseregte en prostitusie.

## 2.2 BEGRIPSOMSKRYWING

In hierdie verhandeling word konsepte gebruik wat in die omgangstaal bekend is, maar hier op 'n spesifieke wyse 'n ander betekenisinhoud verkry.

Sekere begrippe of definisies word verduidelik, en dit word hier verklaar om die konteks van daardie begrip in terme van hierdie verhandeling te verklaar.

### 2.2.1 Verskeidenheid van bronne

Met die aanvanklike beplanning en begrensing van hierdie navorsing, is terdeë tot die besef gekom dat prostitusie 'n onderwerp is wat deeglik beskryf en bespreek is. Nie alleen is op akademiese en wetenskaplike terrein geweldig baie publikasies beskikbaar nie, maar ook in die populêre pers verskyn voortdurend artikels oor wat die prostitute self sê, oor wat die wet in verskillende lande sê, en oneindig baie menings en opinies van baie ander groepe en individue in die samelewing word gelug.

Om hierdie rede het die navorser dit nodig geag om nie net die aandag te bepaal by vakliteratuur nie. Daar word ook gebruik gemaak van koerantberigte, en artikels uit nasionale en internasionale populêre tydskrifte.

## 2.3 TOELIGTING VAN SLEUTELBEGRIPPE

Hieronder volg 'n aantal van die belangrikste sleutelbegrippe rondom die prostituut. Die verduideliking is slegs gemik om terme wat deurgaans in hierdie navoringsverslag gebruik gaan word, te omskryf.

### 2.3.1 Die prostituut

Die woord **prostituut** word afgelei van die Latyn: *prostitutus "up front", "to expose"* - die prostituut moes in die openbaar verskyn met hulle gesigte ontbloot, in teenstelling met die Romeinse vroue wat hulle gesigte bedek het met 'n doek. Toe die vroeë Christelike Kerk in Rome begin is, is die Hebreeuse slawe-vroue as gewone prostitute gebruik. Aristokratiese Romeinse vroue was beskou as die meer gesofistikeerde *'courtesans'* maar was ook niks meer as prostitute nie (Perkins, 1991, p. 19).

Die woord ***"prostituut"*** in omgangstaal, is lank al in gebruik as 'n sosiale beheerwapen. Die vroue wat prostitusie beoefen, vind dit egter onaangenaam. Die Romeinse oorsprong beteken *"rebelse vrou"* maar die Christendom het dit verander na *"immorele vrou"*. Europese prostitute gebruik toenemend die woord "hoer" in 'n poging om hierdie woord terug te neem en om dit te ontlont as 'n wapen om die stigma daaraan voort te dra. Prostitute behoort ook die woord *'prostituut'* terug te neem en 'n sekere waardigheid daaraan toe sê. Dan sal die samelewing geleidelik die woordeboek-definisie verander tot 'n positiewe konnotasie, in plaas van die huidige negatiewe konnotasie (Perkins, 1991, p. 359 e.v.).

Ander woorde wat as sinonieme gebruik word is **hoer**, en/of **prosituée** (Odendal et al, 1979, p. 864). Varma (1979, p. 119) definieer 'n prostituut as *"a woman who offers her body to indiscriminate sexual intercourse, especially for hire"*. Ander sinonieme is **call girl, harlot, hooker, hussy, streetwalker, tart, trump, trollop, wanton woman, wench, whore.**

In vroeëre bronne en ook in die omgangstaal word die woord ***PROSTITUUT*** algemeen aanvaar en gebruik vir die vrou wat seks verruil vir geld. In die Bybel word die woord ***HOER*** gebruik, maar toe was daar nog nie sprake van geld by die ooreenkoms tussen twee volwassenes wat toestem tot seksuele verkeer nie. Die wedersydse ooreenkoms tussen twee volwassenes en die bepaling van 'n bedrag geld in ruil vir die dienste wat gelewer word, het die begrip ***PROSTITUSIE*** laat ontstaan.

Oor die beroep van prostitusie sê die Macquarie Dictionary (in Perkins, 1991, p. 3) dit is " a **person, especially a woman, who engages in sexual intercourse for money as a livelihood**", of **"one who debases himself or allows his talents to be used in an unworthy way"** (eie beklemtoning).

Die tempelprostitute wat vroeër in tempels gewerk het, was jong maagde wat tot hierdie diens opgeroep is - baie van hulle het slegs 'n kort tydjie daar gewerk en het later goeie huwelike aangegaan sonder dat hulle dienstyd as prostituut enigsins skade aan hulle beeld of waarde as vrou aangerig het (Perkins, 1991, p. 15).

**Om omslagtigheid uit te skakel, word daar vir die doeleindes van hierdie verhandeling veronderstel dat die prostituut 'n vrou is en dus is haar kliënt 'n man.** Daar word soms ook hierna verwys as vroulike prostitusie. **Manlike prostitute** kom al hoe meer dikwels voor, en sommige van dieselfde argumente wat vir vroulike prostitute geld, geld ook by hierdie soort prostitusie. Dit is argumente soos die moontlikheid van dekriminalisering en/of wettiging, en die stigma aan die persoon wat homself as prostituut aanbied. Nog 'n ander soort is die **homoseksuele prostitute**, beide gay en lesbiese prostitute, waarvoor daar ook 'n redelike groot aanvraag is. Daar is verskeie gesellinklubs of masseersalonne wat hierdie spesiale dienste aanbied.

'n Ander aspek van die seksindustrie is waar van jong kinders gebruik gemaak word. Al hierdie ander soorte prostitusie is inderdaad terreine waaroor daar indringend meer navorsing gedoen kan word (Fraser-Moleketi, in haar openingstoespraak, 1995).

### 2.3.2 Kommersiële sekswerker/kommersiële seks

Pornografie en prostitusie word deesdae gesamentlik as *"kommersiële seks"* beskou (Hawkins & Zimring, 1991, p. 62). Pornografie verwys na seksuele opwekking of opwinding en prostitusie verwys na seksuele bevrediging. Beide hierdie aktiwiteite word gesien as afstootlik en onderworpe aan kriminele verbod; beide word ook beheer deur residensiële beperkinge soos die verbod op *"acts of solicitation, places of assignation, houses of prostitutuion, adult book stores and sex shops, pornographic movie theatres and the like"* (Feinberg in Hawkins & Zimring, 1991, p. 62).

Die term ***sekswerker*** of ***kommersiële sekswerker*** word veral gebruik in die nuwer bronne en artikels wat bestudeer is. Aangesien dit gerieflik is om die woord soos dit in die verskillende bronne voorkom, te gebruik, word dit so gedoen. Dus sal die term *"sekswerker"* en *"prostituut"* as sinoniem aanvaar word. Alhoewel daar al meer in nuwer bronne van die term sekswerker gebruik gemaak word, meen Schurink (1995) dat die prostituut wat in die bedryf is, nie juis baie geneë is om as sekswerker bekend te wees nie, veral nie in Suid-Afrika nie. Die term mag meer gewild wees in ander lande, soos Australië of die Verenigde State van Amerika.

Die ander deel van kommersiële seks is **pornografie**, soms gedefinieer as literatuur wat hom daarop toelê om die seksualiteit van lesers te prikkel deur die keuse van leesstof; onwelvoeglike, onsedelike boeke, plate, of prikkellektuur. Die woord het ontwikkel uit die Grieks *pornos* hoer + *graphein* skryf (Odendal et al, 1979, p. 850). ***Pornographos*** beteken *"writing about prostitutes"* (Hawkins & Zimring, 1991, p. 62). Etimologies is hierdie egter 'n ietwat misleidende verklaring - die skryf oor prostitusie is nie juis pornografies nie (trouens, hierdie hele verhandeling gaan net oor prostitusie, maar is hoegenaamd nie pornografies nie). En die teendeel is ook waar - baie pornografiese materiaal is nie op skrif nie!

### 2.3.3 Enkele wyses waarop prostitusie bedryf word

Hieronder volg enkele maniere hoe prostitusie bedryf word. Die word slegs kortliks bespreek om die verskil in die status van die vrou wat hierdie beroep beoefen, te verduidelik. 'n Meer volledige indeling word in Hoofstuk 6 gedoen waar die profiel van die prostituut bespreek word.

#### 2.3.3.1 Courtesan

**Courtesan, courtisane** of **courtezan**, volgens die Franse term, ligsinnige vrou, (Odendal et. al, 1979, p. 130), word in die Oxford Illustrated Dictionary (1978, p. 384) as volg verklaar: *"prostitute, especially one whose clients are wealthy or upper-class. [It. cortigiana, originally woman attached to the court]".*

Dit is interessant om te let op hierdie soort vrou wat besonder baie mag gehad het. Die courtesans was redelik gelokaliseer aan die hof van verskeie Europese heersers. In die tye toe die courtesans baie invloedryk en redelik volop was, was daar ook die gewone straatprostituut, maar die twee groepe het in werklikheid baie ver van mekaar gelewe. Die courtesans was verfynde, gesofistikeerde dames wat 'n belangrike posisie aan die koninklike hof beklee het. Dit sou nie verkeerd wees om die stelling te maak dat feitlik elke manlike heerser in een of ander stadium sterk beïnvloed was deur 'n courtesan nie. Die vrou het haar uiterste bes probeer om die guns van die heerser te bekom, en omdat sy heel dikwels verbintenisse gehad het met ander invloedryke persone, soos politieke figure en kerkvaders, was sy dubbel verseker van vergoeding, hetsy in die vorm van eiendom soos 'n landgoed of paleis, besittings soos juwele, en natuurlik ook geld of 'n titel.

Haar *"werk"* was om 'n seksuele verhouding met die koning aan te knoop, en sodra sy die "oor" van die koning gehad het, kon sy hom beïnvloed na gelang van haar ander verbintenisse. Die argument wat geld dat wette oor prostitusie veral aangepas word by bewindsoorname, is hier ook van toepassing - gewoonlik het die courtesan met haar medewerkers gekonkel om die heersende koning so te beïnvloed dat hulle dan die gesogte posisies kon kry wat hy kon aanbied (Perkins, 1991, p. 15 e.v.).

#### 2.3.3.2 Straatprostituut

Straatprostitute het op talle wyses radikaal verskil van die vorige kategorie. Hierdie vroue is meestal diegene wat fisies nie so aantreklik is nie, wat miskien werklik verarm is deur omstandighede en dalk ook 'n redelike afhanklike gesinstruktuur het om voor te sorg. In sommige gevalle is hierdie manier van prostitusie ook heel dikwels die laaste uitweg, wanneer die prostituut oud en deurleef is, en nie meer by 'n bordeel of gesellinklub kan werk nie. In Zedner (1991, p. 74 e.v.) wil Mary Steer dat hulle enigiets anders as *"fallen-down women"* genoem word, alhoewel hulle in werklikheid op die laagste trappie van die prostitute-hiërargie staan.

Polly Adler, 'n befaamde madam (in Rogers, 1977, p. 3) meen dat 'n prostituut nie vir langer as 10 jaar kan werk nie,

> *"...[t]hen she is through - if not dead or diseased, so broken by drugs, alcohol and the steady abuse of her body that no one will hire her again".*

#### 2.3.3.3 Foonsnol

Die foonsnol is die vrou wat nog relatief jonk, baie aantreklik en somtyds baie goed gekwalifiseer is. Redes wat hulle aanvoer vir hulle betrokkenheid by prostitusie, is dat hulle hierdie werk doen suiwer vir die finansiële gewin. Hulle het ook 'n besonder hoë inkomste uit die *"onderhoud"* wat hulle kliënte aan hulle voorsien. Daar is die eksklusiewe foonsnol wat deur slegs een kliënt onderhou word en uitsluitlik haar dienste slegs aan hierdie persoon beskikbaar stel. Ander het 'n selektiewe kring van uitgesoekte kliënte wat haar onderhou. Die een kan byvoorbeeld huisvesting verskaf, of 'n motor, die ander een dek lopende uitgawes soos klere, ens.

### 2.3.4 Tippelary

Die Engelse woord **soliciting**, word in Bosman, van der Merwe en Hiemstra (1984, p. 1204) vertaal met **tippelary**. Hierdie Afrikaanse woord vir uitlokking, ***tippel, tippelary*** is nie baie in gebruik nie, en word nie in die 1979-uitgawe van Odendal et al se verklarende woordeboek opgeneem nie. Dit is interessant dat die woord nie spesifiek in Afrikaans in die geraadpleegde woordeboeke aangegee word nie, maar slegs by die vertaling van die Engelse woord ***solicit*** gebruik word.

**Solicitation** (Oxford Illustrated Dictonary, 1978, p. 1606) word verduidelik met *"make appeals or requests to, importune, ask importunely or earnestly for; (especially woman) accost and importune (man) for immoral purposes".*

Tippelary is heel dikwels die misdaad waarvoor die meeste prostitute aangekla word. Dit is in baie lande onwettig om op straat of in openbare plekke mans uit te lok om seks te verkry; al sou dit wees deur kleredrag, gebare of voorstelle aan lede van die publiek. Dieselfde reël geld ook in Suid-Afrika.

## 2.4 ENTREPRENEURS VAN PROSTITUSIE

Prostitusie is 'n lonende beroep vir sommige van die beoefenaars daarvan. Tog is daar benewens die ooglopende inkomste wat prostitusie aan die prostituut bied, baie ander strukture en individue wat inkomste verkry uit hierdie beroep. Die inkomste van die prostituut krimp as sy 'n deel van haar vergoeding moet afstaan, sy word ook dikwels uitgebuit en selfs verslaaf deur haar *"werkverskaffer"* of *"beskermheer"*. Dit gebeur dikwels in gevalle waar jong meisies van onderontwikkelde lande onder valse voorwendsels gewerf word, oënskynlik met die oog op 'n mooi toekoms en goeie werk. Hierdie meisies word werklik die slawe van die uitbuiters, want daar word op hulle identiteitsdokumente of paspoorte beslag gelê, en hulle *"skuld"* word nooit gedelg nie, al werk hulle hoe lank. Hulle moet 'n groot deel van hulle inkomste afstaan vir onderdak en voedsel. Meer gewetenlose uitbuiters verslaaf die vroue aan verskillende afhanklikheids-vormende middels (Hornblower in Time International, 1993, p. 22-36).

Ter verklaring van die wesenlike uitbuiting van prostitute, word die volgende strukture en/of individue bespreek:

### 2.4.1 Madam

In die omgang word die vrou wat 'n bordeel bedryf en haar inkomste verkry deur die fooi wat die verbruiker betaal vir die dienste van die prostituut 'n *"Madame"* of *"Madam"* genoem. Sy word ook as koppelaarster beskryf (Bosman et al, 1984, p. 1394). Die Oxford Illustrated Dictionary (1978, p. 1021) noem haar 'n *"woman in charge of a brothel".*

Daar is gevalle waar die madam, heel dikwels 'n voormalige prostituut, die rol van biegmoeder en beskermer van die jonger prostitute aanneem. Alhoewel sy die jong meisies tot prostitusie oorreed, is sy tog oor hulle besorg, sien om na hulle welstand, al is dit dan tot haar eie voordeel.

### 2.4.2 Koppelaar/souteneur

'n Souteneur of koppelaar is 'n *"man living on earnings of prostitute"* [Fr., *'protector'*] (Oxford Illustrated Dictionary, 1978, p. 1611).

Die woord *souteneur*, sinoniem vir koppelaar, (pimp) is ietwat vreemd, alhoewel dit tog in 'n paar gelese bronne gebruik word. Dit gaan ook in hierdie verhandeling gebruik word as sinoniem vir die term koppelaar.

Koppelary is enige handeling waardeur 'n vrou, en gewoonlik 'n jong vrou of meisie, verkry word om 'n prostituut te word (Snyman, 1992, p. 393). 'n Koppelaar is iemand wat teen beloning mense, met die oog op ontug, bymekaar bring (Odendal et al, 1979, p. 605). Snyman (1992, p. 393) noem 'n koppelaar of souteneur iemand wat deur middel van 'n verskeidenheid moontlike maniere soos oorreding, geslepenheid, bedrog of selfs dwang, 'n meisie oorhaal of verkry om haar liggaam tot beskikking te stel van *"ander mans"*. Die doel agter die straf vir koppelaars is om vroue, en meer dikwels jong, arm naïewe meisies

teen gewetenlose uitbuiters van hul liggame, te beskerm. Bosman et al (1984, p.383) noem hom 'n *"matchmaker, procurer, panderer, pimp"*. Die Oxford Illustrated Dictionary (1978, p. 1277) noem 'n koppelaar 'n *"man who solicits clients for a prostitute or brothel"*.

### 2.4.3 Gesellinklub/eskortagentskap

Die bestuurder van die gesellinklub, eskortagentskap of eskortklub is heel dikwels die persoon wat die meeste wins uit prostitusie maak. Dit kan 'n man of vrou wees, of soms 'n egpaar, wat 'n besigheidslisensie bekom het om die gesellinklub te bedryf.

'n Hele aantal vroue werk gewoonlik vir een agentskap. Hulle moet aan sekere vereistes voldoen, en reëls en regulasies nakom soos deur die bepaalde klub voorgeskryf. Hierdie klubs word bedryf as 'n diensleweringsagentskap aan mans wat die geselskap van 'n dame wil bekom. Sy vergesel hom na 'n bepaalde plek, volgens sy keuse. Die kliënt moet 'n bepaalde bedrag aan die instansie betaal, en ook instaan vir enige verder koste, soos vir die ete of drankies wat volg.

In sommige gevalle geskied die onderlinge skikking om seks te hê, weg van die perseel van die agentskap - dus bedryf die gesellinklub as sulks nie prostitusie nie. In ander gevalle vind seks wel op die perseel plaas.

## 2.5 WETGEWING

Wetgewing rakende prostitusie soos tans in die Suid-Afrikaanse regsstelsel, word volgens Die Wet op Seksuele Misdrywe, Wet No. 23 van 1957 gehandhaaf (Snyman, 1992, p. 391). Hierby ingesluit is verskeie verwante misdrywe wat handel oor geslagsgemeenskap of seksueel onbehoorlike dade wat strafbaar is, asook oor handelinge wat hiermee verband hou soos die aanhou van 'n bordeel, die verkryging van vroue vir die doeleindes van geslaggemeenskap (koppelary) en prostitusie. Voorheen was die wet bekend as die Ontugwet, Wet No. 68 van 1967, maar in 1988 is die inhoud gewysig (Ontugwet, Wet No. 2 van 1988). *"Ontug"* beteken buite-egtelike vleeslike gemeenskap. Blote "ontug" is nie 'n misdaad nie, behalwe in spesifieke gevalle soos met 'n meisie onder die ouderdom van

sestien jaar, maar die wet probeer ontug bekamp en ontmoedig deur dit so moeilik as moontlik te maak om dit op 'n georganiseerde skaal te bedryf.

Jagwanth, Schwikkard & Grant (1994, p. 135) sê op Woensdag 7 Oktober 1987 het die destydse Minister van Justisie tydens die tweede lesing van die Ontugwysigingswet verklaar dat dit 'n oortreding is vir enige persoon om seksueel te verkeer met 'n ander persoon ***teen beloning:***

> *"Any person who ... has unlawful carnal intercourse, or commits an act of indecency, with any other person for reward ... shall be guilty of an offence".*

Die straf wat opgelê kan word, is gevangenisstraf vir nie langer as DRIE jaar nie en/of 'n boete van nie meer nie as R6 000.

Volgens hierdie wysiging mag prostitute in Suid-Afrika nie op hul inkomste, uit seksuele verkeer, leef nie. Verder, deur prostitusie as 'n misdaad te verklaar, is die hele bedryf van kommersiële sekswerk as onwettig uitgewys.

Jagwanth et al (1994, p. 136) noem dat op die ANC se Nasionale Konferensie vir Beleidmaking in 1993 gewag gemaak is van die status en welstand van die kommersiële sekswerker. Hierdie is in teenstelling met inligting wat tydens 'n persoonlike onderhoud met Mnr. Mike Atolo (1995) van die Vrystaatse Wetgewer ingewin is, wat geensins bewus is dat hierdie kwessie op 'n nasionale of provinsiale agenda geplaas is nie.

Wetgewing op prostitusie kom al meer onder die soeklig in die lig van die klem op selfbeskikking, selfhandhawing, vryheid van keuse en menseregte soos vervat in die Handves vir Menseregte wat deel uitmaak van die Tussentydse Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika No. 200 van 1993.

### 2.5.1 Perspektiewe

Die uitgangspunt van hierdie studie is om die kwessie van beleidmaking en -toepassing toe te lig op grond van perspektiewe wat tydens die onderhoudsfase verkry is. Om te verseker dat die leser dieselfde semantiese betekenis hieraan heg, word hier bedoel *"... die vermoë om dinge in hul verhouding tot mekaar te sien"* (Odendal et al, 1979, p. 833). As die perspektiewe van persone gevra word, is die doel om hul persepsie van 'n situasie of fenomeen, in hierdie geval prostitusie, te verkry. Perspektiewe dui dus op verskillende wyses waarop na 'n enkele fenomeen gekyk kan word, en wat kan lei tot verskillende verklarings en reaksies op die fenomeen. 'n Perspektief kan 'n nuwe denkrigting inlei of 'n bestaande, bekende denkrigting bevestig.

### 2.5.2 Wettiging

Wettiging, volgens Odendal et al (1979, p. 1360) beteken *"volgens die wet toegestaan, toegelaat, of geld"*.

Daar is dus volgens wet, sekere aktiwiteite wat as misdadig beskou word. Daar bestaan 'n strafmaatreël in die vorm van 'n verbod, of 'n gebod, op sekere menslike handeling en indien dit oortree word, is dit strafbaar volgens hierdie bepaling. Die straf hang af van die oortreding. Om 'n handeling te *'wettig'*, sou beteken dat die handeling wat voorheen as strafbaar beskou was, nou ontdaan is van hierdie bepaling. Wat dus voorheen strafbaar was volgens die wet, is nou reg en aanvaarbaar, en die strafmaatreël geld nie meer nie. In die geval van prostitusie sou dit beteken dat prostitusie, seks-in-ruil-vir-geld, nie meer strafbaar is nie, en dat hierdie aktiwiteit voortaan toelaatbaar is.

### 2.5.3 Kriminalisering

Kriminalisering is om enige aksie, aktiwiteit, gedragsvorm voortaan as misdaad, misdryf of afwykende gedrag te beskou, soos deur die wet bepaal, aldus Snyman (1992, p. 391 e.v.). Dus geld die Wet op Seksuele Misdrywe 23 van 1957 waar dit gaan oor verskeie misdade wat handel oor geslagsgemeenskap of seksueel onbehoorlike dade wat volgens die wetgewer strafwaardig is, steeds in Suid-Afrika.

In 1988 is wetgewing ingedien wat prostitusie as sulks kriminaliseer. Volgens Milton (in Jagwanth et al, 1994, p. 148) is die wet sonder deeglike deurdagting ingestel. Hierdie ondeurdagte motivering word uitgelig in die volgende aanhaling uit die verslag van 'n *ad hoc*-komitee van die Presidentsraad:

> *"The Committee accepts that prostituion unfortunately cannot be eradicated by measures under the criminal law. In fact the Committee has evidence* ***that penal sanctions do little, if anything,*** *to make a hardened prostitute abandon her way of life ... The Committee therefore takes cognizance of the fact that the* ***most effective way of combating prostitution*** *would be to deal with the public manifestations under the criminal law and leave other manifestations to public opinion". (Milton in Jagwanth et al, 1994, p. 149)*
>
> *- eie beklemtoning.*

Van die kant van die reg is daar drie moontlike reaksies teenoor die verskynsel van prostitusie, naamlik:

- Algehele verbod - dit is die totale verbod op enige vorm/soort prostitusie;
- Duld - hierdeur word prostitusie geduld maar nogtans word geprobeer om deur administratiewe maatreëls soos die lisensiëring van prostitute en bordele, geografiese afbakening van gebiede waarin prostitute kan optree, in toom te hou;
- Reguleer - hierdeur word 'n kombinasie van bostaande gevolg en wel dat prostitusie geduld word, maar die werkswyse word deur middel van strafverbiedinge gereguleer. As hierdie benadering gevolg word, is prostitusie nie 'n misdaad nie, maar die reg verbied prostitute om mense uit te lok, en mense word verbied om meisies te oorreed of te verkry om prostitute te word, of om 'n bordeel aan te hou (Snyman, 1992, p. 401 e.v.)

Die Suid-Afrikaanse Regstelsel het tot 1988 breedweg die derde benadering, naamlik die van regulering, gevolg. In daardie jaar is die bepalings van die Wet op Sedelike Misdrywe gewysig en die vroeëre regulatoriese benadering is vervang met 'n algehele verbod. Daarna

is Artikel 20(1)(aA) ingevoeg wat bepaal dat enigiemand wat 'n onsedelike daad met iemand anders teen vergoeding pleeg, skuldig is aan 'n misdaad.

In die meer liberale lande soos Nederland, Swede, Duitsland en ander word prostitusie in sekere areas geduld soos in die alombekende *"rooilig-areas"*. Slegs wanneer ander misdade gepleeg word soos dwelmhandel en gepaardgaande misdrywe, gryp die polisie in - vir die res van die tyd beweeg prostitute en kliënte sonder vrees vir vervolging in die areas rond.

Wetgewing oor prostitusie in Suid-Afrika het eintlik min verander, aangesien prostitusie volgens die Wet op Seksuele Misdrywe 23 van 1957 as nog steeds as misdryf beskou word, selfs met die latere byvoeging van artikel 20.

Volgens Perkins (1991, p. 67) is die grootste bron van kommer by prostitute die wette wat hulle bedryf reguleer. Dit is benewens die gesondheidsrisiko's, geweld, sakeverhoudings en belasting wat ook belangrike kwessies in hul lewens is. Die geskil oor wetgewing rakende prostitusie is lank reeds deur die prostituut verloor en dit raak hulle private lewens sowel as hulle openbare lewens. Wetgewing kan hulle forseer om

- klandestine werkplekke te soek en dus hulle inkomste te verminder;
- dit kan intervensie van georganiseerde misdaad bevorder;
- dit kan hulle verplig om van souteneurs gebruik te maak om hulle teen inhegtenisneming te beskerm;
- dit kan hulle betrek by polisie-omkopery deurdat hulle polisiemanne moet betaal om hulle nie in hegtenis te neem nie en les bes,
- dit gee hulle kriminele status sonder enige vorige oortredings

Al gebruik die prostitute souteneurs om hulle teen inhegtenisneming te beskerm, is hulle uitgelewer aan blits-klopjagte; die souteneurs help bloot om die aantal inhegtenisnemings laag te hou.
Uit 'n historiese oogpunt sê Barlow (1993, p. 301) dat die kriminele etiket wat aan seksuele oortredings toegesê is, gebaseer is op vier oorwegings:

- Die aard van die daad;
- Die aard van die seksobjek;
- Die sosiale opset waarbinne dit gebeur, en
- Die bestaan van toestemming al dan nie.

In vroeëre legalistiese kodes was min seksuele aktiwiteite onwettig. Slegs enkeles soos bloedskande, owerspel en die ontering van maagde was verbied. Met die verspreiding van die Christendom het seksuele prohibisies vermeerder. Die Kerk het al hoe meer beheer toegepas oor wette en openbare beleid en in Engeland is baie streng morele kodes aangaande seksuele vryhede toegepas. Die kern van hierdie morele kode was dat plesier in seks verdoemend en onheilig was. Seks self was nie in gedrang nie, maar die genot wat ervaar is, was onaanvaarbaar. Slegs heteroseksuele verkeer vir voortplanting was aanvaarbaar, en dan ook slegs binne die raamwerk van 'n huwelik. Hierdie streng gedragskodes het losbandige seksuele verkeer glad nie gestrem nie, soos byvoorbeeld in die sestiende eeu toe monikke en ander hoofde van die Roomse Katolieke kerk berug was vir hul seksuele avonture (Barlow, 1993, p. 301).

Prostitusie kan beskou word as 'n slagofferlose misdaad, en 'n aktiwiteit van vrywillige ooreenkoms tussen twee volwasse partye. Die individu wat die wet oortree, doen nie noodwendig skade aan die ander persoon nie. Wetgewing oor prostitusie beskerm dus nie die slagoffer nie, maar slegs die moraliteit van die slagoffer. Die mening word gehuldig dat die strafreg geen reg het om 'n uitspraak te maak aangaande aktiwiteite wat geen skade, kwaad of letsel aan ander doen nie; dit is 'n onaanvaarde inbreuk op die individu se privaatheid om te probeer om moraliteit te wettig of te sanksioneer. Om hierdie stelling te regverdig en hier te verdedig, volg Mill (in Sykes & Cullen, 1992, p. 208) die volgende standpunt:
*"The only purpose for which power can rightfully be exercised over any member of a civilized community against his will is to prevent harm to others. His own good, either physical or moral, is not a warrant. [a man] ... cannot rightfully be compelled to do or forbear because it will be better for him to do so, because it will make him happier, because in the opinion of others, to do so would be wise, or even right".*

Die argument wat gevoer word, is dat dit in die eerste plek nie die reg van 'n wetgewer, of 'n samelewing was om te besluit of prostitusie 'n misdaad is nie, dit wil sê om prostitusie te kriminaliseer nie. Met die aanneem van die huidige wetgewing is dit so gedoen - prostitusie, voorheen geduld, was van 'n spesifieke datum, as misdaad beskou. Die prostitute meen dat prostitusie geen skade doen aan enigiemand nie, en dus nie as misdaad, of misdryf, beskou kan word nie (Sykes & Cullen, 1992, p. 208).

### 2.5.4 Dekriminalisering

Om die kwessie van dekriminalisering toe te lig, moet kortliks verduidelik word wat dekriminalisering beteken en wat dit behels. Dekriminalisering is om 'n gedragsvorm of aktiwiteit wat reeds deur vorige wetgewing verbied of gebied word, deur middel van nuwe wetgewing te verander sodat dit voortaan NIE meer as sulks beskou word nie. Die 1988-wysiging het prostitusie *gekriminaliseer*, wat beteken het dat hierdie aktiwiteit, vanaf daardie datum, 'n misdaad is en dus deur die wet verbied word en strafbaar is. Die Presidentsraad het destyds, soos hierbo genoem, erken dat wetgewing prostitusie nie kan uitwis nie. Nieteenstaande hierdie pragmatiese, goed-oorwoë raad, het die wetgewer besluit om prostitusie te kriminaliseer. Die trant waaronder hierdie wetgewing aanvaar is, spreek vanself: lede van die wetgewer stem ten gunste daarvan omdat

- prostitusie *"is die eerste tekens van 'n disintegrerende samelewing"*
- prostitusie *"open deure na nasionale degenerasie"*
- die veroordeling van prostitute reg is *"want dit was verkeerd om prostitute toe te laat in die verlede"*

(gerapporteer in Hansard van 15 Februarie 1988 soos in Jagwanth et al, 1994, p. 149).

In hierdie parlementêre debat was slegs een teenstem wat gevra het of dit nie beter sou wees om prostitusie te wettig nie - in belang van gesondheid, en prostitute kan dan belasting betaal op hulle inkomste. Wat hierdie soort wetgewing moontlik uit die oog verloor het, is die uitgebreide problematiek rondom die afdwing van hierdie verbod, en in besonder die fisiese sowel as psigiese kostes.

Dit is uiters moeilik om prostitute in hegtenis te neem, as gevolg van allerhande tegniese probleme. Prostitute het baie gou geleer "om die pote uit te ken", om nie oor geld te praat nie, om sekere areas te vermy, soos blyk uit Schurink en Levinthal se verslag oor prostitusie in Kaapstad, Durban en Pretoria (1983, p. 154-162). Die probleem is ook by die polisie self - die polisieman of -vrou het hierdie werk as vernederend en inkriminerend beskou. Indien hulle saam met die prostituut gesien word kan dit hulle persoonlike reputasie in gedrang bring. Die getroude polisieman wou ook nie betrokke raak nie. Verder het dit polisie-mannekrag weerhou om betrokke te raak by meer ernstige misdade. Natuurlik het wanpraktyke ook voorgekom. Polisiemanne het soms hulle posisie misbruik om self van die prostituut se dienste gebruik te maak, gratis, in ruil vir 'beskerming' teen vervolging.

Nog 'n argument is dat die kriminalisering van prostitusie aansienlik bygedra het tot uitbuiting van die prostituut. Die wysigingswet sou sekerlik nie veroorsaak dat prostitusie ***en masse*** die beroep verlaat nie, hulle sou eerder ondergronds gaan en van ander maniere gebruik maak om kliënte te bekom. Vorme van uitbuiting soos hierbo beskryf, het inderdaad voorgekom, die howe was oorvol en groot getalle prostitute moes verhoor en gevonnis word, wat bygedra het tot die belemmering van die toepassing van die wet, met betrekking tot meer ernstige misdade. Souteneurs het van die misdadige aspek van die kwesbare prostituut misbruik gemaak om haar te *'beskerm'*, en sy is verder uitgebuit en het in sy mag beland. Laastens noem Milton (in Jagwanth et al, 1994, p. 150) ook dat onderdrukking van prostitusie in Suid-Afrika sonder enige morele ligitimiteit is. Die prostituut wat in die aanvraag na ***"seks-vir-geld"*** voorsien, word vervolg en gestraf, maar daar is geen voorsiening gemaak vir diegene wat die beloning aanbied of gee nie. Suid-Afrikaanse wetgewing penaliseer die prostituut, maar die kliënt van die prostituut, sonder wie se aanvraag en samewerking daar geen prostitusie sou wees nie, se aktiwiteite word verduur.

Milton (in Jagwanth et al, 1994, p. 150) beskou die pleidooi vir die dekriminalisering van prostitusie as kragtig en sinvol. Hierdie verbod deur wetgewing het geen praktiese of morele legitimiteit nie. Dit misken die mens se fundamentele reg om te werk, dra by tot

inflasionistiese misdaadsyfers, oorlaai die reeds oorwerkte polisiemag en buit die persoon uit, wat ook die reg het om daarna te streef om genoeg geld te verdien om te kan leef.

Die prostitute self het hieroor baie uiteenlopende menings. Sommige meen prostitusie moet gewettig word om die ooglopende redes sodat die vrees vir inhegtenismening, hofsake en vonnisse kan verdwyn. Ander sê prostitusie moet nie gedekriminaliseer word nie, want sommige kliënte verkies die element van *'gevaar en avontuur'* van deelname aan onwettige dade en sal nie meer seks kan koop as dit gewettig word nie; ander meen mèèr vroue sal tot die beroep toetree as dit gewettig word, wat meer kompetisie sal meebring en inkomste sal laat daal (Schurink & Levinthal, 1983, p. 162).

Wetgewing bring ook mee dat die meeste prostitute (Schurink & Levinthal, 1983, p. 161), ongeag of sy tevrede is met haar werk, probeer om deur middel van een of ander tegniek die stigma wat aan haar beroep kleef, te verwerk. Uit navorsing kom die volgende rasionalisasietegnieke na vore:

- prostitute lewer 'n noodsaaklike diens aan die gemeenskap;
- prostitute se morele oortuigings is superieur gemeet teenoor gewone mense.

'n Ander prostituut sê sy is ingestel op behoeftes van mense, en as prostituut voorsien sy in bepaalde behoeftes (Schurink & Levinthal, 1983, p. 152).

Die mannekrag en kostes verbonde aan die toepas van wetgewing om prostitute in hegtenis te neem, en te straf vir uitlokking, drentel, ontoelaatbare openbare optrede, gekommersialiseerde ontug en sulke minder ernstige oortredings, is fenomenaal. Dekriminalisering sal die polisie se reeds beperkte mannekrag vry laat om op meer ernstige en gevaarlike misdade te konsentreer. Al word prostitusie as onwettig beskou, is daar 'n geweldige aanvraag daarvoor. Die strafreg het, uit hierdie invalshoek, sy legitieme hand oorspeel.

### 2.5.5 Regulering

Hierdie is 'n term wat heel dikwels gehoor word in terme van die onderhawige onderwerp. Sommige van die voorstaanders vir die afskaffing van prostitusiewette meen dat nog steeds 'n mate van regulering toegepas moet word. Reguleringsmaatreëls kan op verskeie maniere toegepas word, soos die byhou van registers van vroue wat as prostitute werk, verpligte mediese ondersoeke, gereelde aanmelding by die polisie, soos reeds in 1869 deur Josephine Butler (in Barry, 1995, p. 91 e.v. en Perkins, 1991, p. 23) voorgestel is.

Die prostituut is dan vry om haar beroep te beoefen en die onus berus slegs by die vrou self hoe sy haarself gaan vrywaar van aanranding, uitbuiting, seksueel oordraagbare siektes, en alle ander beroepshindernisse of -gevare.

## 2.6 BELEID

In hierdie studie gaan dit om beleidmaking, en die moontlikheid van beleidsverandering. Om **beleid** te omskryf word die volgende verklaring aangebied. In Odendaal et al (1978, p. 77) word **beleid** verduidelik as **in oorleg, versigtigheid, met beleid optree.** Die Oxford Illustrated Dictionary (1978, p. 1304) verklaar **policy** as **political sagacity; statecraft, prudent conduct, sagacity, craftiness, course of action adopted by government, party, etc.**

Beleid word vasgelê in wetgewing, en soos deurgaans tydens die navorsingsproses ondervind is, en ook blyk uit die literatuurstudie, verander beleid voortdurend. Daar is ook verskillende benaderingswyses oor die toepassing van beleid. Met veranderde morele waardes is daar soms radikale verskille, soos blyk uit die omstrede Aborsie-wetgewing wat onlangs in Suid-Afrika aanvaar is. Die vraag kan gevra word wat die verandering meebring, veral in wetgewing waar morele kwessies aangespreek word. Word beleid verander omdat dit noodwendig moet verskil van die vorige, of is die verandering omdat die vorige beleid, of dan wetgewing, nie effektief was, of doeltreffend toegepas is nie?

### 2.6.1 Beleidvorming

Beleid word gevorm deur reëls, voorskrifte en regulasies soos deur die persepsies, menings en oortuigings van 'n maghebbende groep bepaal. Om enige beleid demokraties te verander, is dit nodig dat diegene ten gunste van die verandering, meer in getal moet wees as diegene wat die ou bedeling ondersteun; dus is dit 'n geval van die meerderheidsbesluit wat aanvaar word.

### 2.6.2 Beleidmakers en -toepassers

Beleidmakers kan diegene wees wat 'n rol speel in die verandering van wetgewing. 'n Verandering in wetgewing is nodig om prostitusie te dekriminaliseer. Indien nie, word die status quo gehandhaaf. Wat egter van belang is, is die toeligting aan beleidmakers deur onder andere beleidtoepassers, soos die polisie, regslui en andere om hulle perspektiewe te beïnvloed of te verander. Die menings van ander deskundiges soos maatskaplike werkers, medici, filosowe, teoloë en gemeenskapsleiers kan ook bydra tot bestaande perspektiewe op prostitusie.

### 2.6.3 Beleidsverandering

Hardy (1981, p. viii) meen meeste wetgewing, en meeste administratiewe praktyke wat uit wetgewing voortspruit, is 'n kompromis tussen konflikterende waardes en norme of kragte binne 'n samelewing. In Hardy (1981, p. 6) se samelewing is daar twee fundamenteel verskillende houdings - die een is van basiese aanvaarding; die ander van diepgaande kritiek. Dit geld in die huidige Suid-Afrikaanse opset ewe sterk. Daar is diegene wat onverbiddelik voel prostitusie is boos en onaanvaarbaar en moet dus verbied word. Ander meen dit is bloot 'n saketransaksie tussen twee instemmende volwasse persone en moet dus gewettig word.

Beleid word ook beïnvloed deur breëre, omvattende paradigmas wat deur die persone, wat in 'n posisie is om beleid te formuleer, gevolg word. Só sou die nuwe grondwet wat 'n menseregtekultuur beklemtoon, alle beleidstukke van Suid-Afrika in die toekoms beïnvloed. Elke mens het volgens hierdie uitgangspunt onder andere die reg tot vrye ekonomiese

verkeer (Artikel 26), menswaardigheid (Artikel 10), privaatheid (Artikel 13) en vryheid van godsdiens, geloof en opinie (Artikel 14), aldus die Grondwet van 1993.

Hardy (1981, p. 28) noem dat behoeftes gesien word as 'n begeerte of strewe om die lewe te vergemaklik: behoeftes vir voeding, kleding, en onderdak. Om die noodsaaklikste basiese middele te bepaal, is omstrede. Daar kan onderskei word tussen primêre en sekondêre behoeftes. Primêre of bestaansbehoeftes is nodig vir lewe. Sekondêre behoeftes is nodig om die individu binne sy bepaalde standaard of kultuur te laat bestaan. As die prostituut dus haar beroep beoefen om binne een van hierdie grense te bestaan, mag sy dit dan doen volgens die toenemende menseregtekultuur soos vervat in die grondwet.

Hardy (1981, p. 65) vra hoe word besluite geneem binne 'n samelewing - dieselfde kan gevra word oor hoe 'n beleid verander word. Besluite moet ooreengekome kompromieë in 'n enkele beleid saamvat. Hoe word dit gedoen? Die klassieke teorie is rasionaliteit. Rasionele denke beteken dat die meeste voordeel uit die besluit wat geneem word, verkry moet word. Rasionele denke beklemtoon die aanbod/aanvraag redenasie. Dus, omdat daar 'n aanvraag is na prostitute, mag dit 'n argument wees om hulle toe te laat om hul beroep te beoefen. Beleid word dus deur onderhandeling, wat op rasionele denke berus, gevorm.

Hoe word te werk gegaan, en met wie word onderhandel, word onderskryf in volgende aanhaling:

> *"What do we mean by policy. First and foremost we would stress the point that in discussing social policy we are discussing an aspect of public policy, that is the actions and positions taken by the state as the overriding authoritative collective entity in society. The state comprises a range of institutions, and its policies can take many forms, but they share these essential characteristics of authority and collectiveness. In a sense this emphasis on the state as a collective, public entity is particularly important in relation to social policy, because the word social in itself tends to imply the publicness of collectiveness of matters that relate to society as a whole,*

*as opposed to the private concerns of individuals or small groups" (Hill & Bramley, 1986, p. 2).*

*-eie beklemtoning.*

Titmuss (1974, p. 23) verklaar beleid en dit wat deur beleid verander kan word, as volg:

*"....for our purposes the word 'policy' can be taken to refer to the principles that govern action directed towards given ends. The concept denotes action about means as well as ends and it, therefore, implies change: changing situations, systems, practices, behaviour".*

So sal daar nie beleidsverklarings oor die weerstoestande kan wees nie, want daaraan is niks te doen nie, maar sosiale beleid kan verander sover dit sedes, moraliteit, gewoontes en toelaatbare gedrag aangaan.

Inligting soos vervat in die gedeelte oor wetgewing oor prostitusie soos in verskillende lande in verskillende tydperke, bring die feit na vore dat politieke veranderings heel dikwels groot beleidsveranderings teweegbring. Dit is wat tans in ons land aan die gebeur is - en dan veral die spesifieke geografiese gebied onder die soeklig, die Vrystaat. Natuurlik kan die Vrystaatse Wetgewer nie staatswette verander nie - die plaaslike wetgewer kan slegs as rigtinggewer optree. Tog skryf Bezuidenhout (Beeld, Dinsdag 2 Julie 1996) dat provinsies se inspraak op nasionale vlak deur die Nasionale Raad van Provinsies in die nuwe Grondwet baie sterker as voorheen sal wees.

### 2.6.4 Beleidsimplikasies

Inderdaad kan enige beleidsverandering nie sonder implikasies plaasvind nie. Die onderhawige geval is allermins uitgesluit van verreikende implikasies. Strenger, meer konserwatiewe menings is dat indien prostitusiewette geskrap word, die sedelike verval sal toeneem; diegene meer gesteld op individualisme voel enige beperking op hulle vryheid is grondwetlik ongegrond, en sou angstig verdedig wat hulle beskou as byvoorbeeld vryheid van keuse en vryheid van beroep.

## 2.7 RELEVANTE ONDERSOEKE EN VERSLAE

In die loop van hierdie verhandeling word melding gemaak van verskeie verslae oor prostitusie en pornografie, dus kommersiële seks, wat in ander lande gepubliseer is. Sommige is in opdrag van die destydse staatshoof uitgevoer, ander op openbare aandrang, ander bloot uit belangstelling en entoesiasme van verskeie navorsers en medewerkers. In die meeste gevalle is hierdie ondersoeke teen groot koste en insette van navorsers uitgevoer, groot groepe medewerkers het jare lank daaraan gewerk, met enorme begrotings, en is dit uiteindelik gepubliseer. Nadat die aanvanklike euforie oor nòg 'n verslag bedaar het, het hierdie verslae weinig invloed gehad aangaande die kwessie van kommersiële seks. Hieronder volg 'n kort bespreking van slegs drie van hierdie verslae.

### 2.7.1 Die Wolfenden-verslag:

Hierdie verslag het verskyn nadat die komitee wat deur die Britse regering aangestel is, vanaf 1957 tot 1966 daaraan gewerk het. Hierdie verslag beveel aan dat openbare tippelary ernstig benader en uitgewis word, en diegene wat op die inkomste van prostitusie leef, gestraf moet word. Die verslag is baie gunstig ontvang in die tyd toe dit gepubliseer is. Die Wolfenden-verslag het nie aanbeveel dat veranderinge in die Britse regeringsbeleid moet plaasvind nie. **Prostitusie moes steeds as strafbare misdaad beskou word:**

> *"it will be apparent, from the recommendations we have made, that we are not attempting to abolish prostitution or to make prostitution in itself illegal. We do not think that the law ought to try to do so; nor do we think if it tried it could by itself succeed. What the law can and should do is to ensure that the streets of London and our big provincial cities should be freed from what is offensive or injurious and make it tolerable for the ordinary citizen who lives in them or passes through them".*
>
> *- (Geis, 1979, p. 183).*

Uit die verslag blyk die probleem wat die ergste openbare besorgheid veroorsaak het, te wees die sigbare en opsigtelike teenwoordigheid van 'n groot aantal prostitute in die strate van London, en ander stede in Brittanje. Die verslag eindig met:

> *"the right of the normal, decent citizen to go about the streets without affront to his or her sense of decency should be the prime consideration and should take precedence over the* ***interests of the prostitute and her customer****"*
>
> *- (Geis, 1979, p. 184).*
>
> *- eie beklemtoning.*

Die verslag beveel aan dat 'n straf van twee (2) jaar opgelê word in die geval van 'n oortreding waar iemand op die inkomste van 'n prostituut leef (Geis, 1979, p. 184). Verder het die komitee uitgewys dat die koppelaar *"commonly known as a "'ponce' or souteneur"* se straf so min is omdat hy vrywilliglik deur die prostituut onderhou was, en geen dwang in die verhouding gebruik is nie.

Ten slotte het die komitee gedink dat persone wat in 'n omgewing woon waar prostitute-aktiwiteite baie sigbaar is, simpatie behoort te kry. Diegene wat esteties en moreel verontwaardig is oor prostitute-bedrywighede in die strate moet beskerm word, en wel deur die polisie. Hier is dus sprake van een deel of groep van die samelewing wat voorkeur kry bo 'n ander (Geis, 1979, p.187).

Dominelli (1986, p. 79 e.v.) meen dat die Wolfenden-komitee die siening ondersteun het dat prostitusie as afwykende gedrag beskou word, gepleeg deur psigopatologiese individue. Hierdie siening verskuif die sosiale begrip van die fenomeen deur te argumenteer dat ten spyte van persoonlike afwykings, prostitute steeds 'n rasionele keuse maak as hulle prostitusie kies. Omdat prostitute beskou word as moreel en psigologies-defektief, het die komitee aanbeveel dat prostitute beide dwangmatig en toegeeflik behandel word. Waarskuwings en voorwaardelike vrystelling moes as strafmaatreël toegepas word, omdat hierdie vorms van intervensie gerig is op rehabilitasie. Tog moes in sekere gevalle ook boetes en gevangenisstraf opgelê word - vir gewoonte-oortreders.

Die Wolfenden-komitee, as hy die algemene beleid teenoor prostitusie bespreek, het 'n oortuiging uitgespreek dat prostitusie slegs uitgewis kan word deur:

> *"measures directed to a better understanding of the nature and obligation of sexual relationships and a raising of the social and moral outlook of a society as a whole ... But until education and the moral sense of the community bring about a change of attitude towards the fact of prostitution, the law by itself cannot do so".*
>
> *- (Sion, 1977, p. 53).*

Die belangrikheid van hierdie verslag mag nie uit die oog verloor word nie, al is daar nie gereageer op aanbevelings wat gemaak is nie. Die verslag het verskeie aspekte van prostitusie aangeraak wat voorheen nie geboekstaaf is nie.

### 2.7.2 Die Kinsey-verslag

In die Verenigde State van Amerika is die Kinsey-verslag opgestel in die relatief inhiberende atmosfeer van die jare 1940-1950 en dit moes staatmaak op 'n *"sample of convenience"* (Elmer-Dewitt in Time, 17 Okober 1994). Dit het meegebring dat die navorsingsdeelnemers nie so openlik gepraat het oor seks en seksuele gedrag nie. Tog kon die lede van die Kinsey-verslag, Alfred Kinsey, Wardell Pomeroy en Clyde Martin in 1948 aandui dat die meeste mans van daardie tyd, nie seksuele bevrediging binne hulle huwelik gevind het nie. Die Kinsey-verslag het dan hoofsaaklik gegaan oor die bevinding dat seksuele bevrediging buite die huwelik baie hoog aangeskryf is in Amerika, en dit maak die uitskakeling van prostitusie in die Verenigde State van Amerika, besonder moeilik. Die belangrikste aspek wat uit hierdie verslag na vore gekom het, is dat die persentasie van mans wat prostitute besoek, wissel volgens hulle vlak van opvoeding. Pogings is aangewend om die oorsake van prostitusie te deurgrond, en om maniere te vind om hierdie verskynsel effektief te beheer. 'n Effektiewe program vir die afskaffing of onderdrukking van prostitusie sou berus op die uitskakeling van beide die vraag en die aanbod rondom hierdie aktiwiteit (Encyclopaedia Brittanica (1970, p. 648).

### 2.7.3 Die Meese-verslag

Hawkins & Zimring (1991, p. 13) noem dat hierdie verslag in die vroeë tagtigerjare aangevra is deur die destydse president van die Verenigde State, Pres. Ronald Reagan. Die formele mandaat van die Meese-kommissie was 'n ondersoek na die aard, omvang en impak op die samelewing van pornografie. Omdat pornografie en prostitusie gesamentlik omskryf word as kommersiële seks is dit van belang dat hierdie verslag kortliks hier bespreek word.

In 1985 is die komitee saamgestel met elf lede wat bestaan het uit prokureurs, akademici, 'n sielkundige, en ander prominente lede van die samelewing. Daar is openbare verhore gehou in ses groot Amerikaanse stede. Die komitee het 'n geweldige begroting gehad, en twee enorme volumes het die finale bevindinge bevat. Hierin is verskeie aanbevelings gemaak wat wydlopende reaksie uitgelok het. Daar het selfs twee opspraakwekkende hofsake voortgespruit en baie publisiteit is aan die verslag verleen. Ten spyte van al die publisiteit, het hierdie verslag, soos ook twee vorige, soortgelyke verslae, geen merkbare verandering in die regeringsbeleid teweeggebring nie, en Hawkins & Zimring (1991, p. 17) sluit af met

> *".....(a)nd the two Meese volumes have gone to join Johnson and Williams on library shelves"*

Die Johnson- en Williamsverslae is twee ander verslae wat ook ondersoek ingestel het oor seksualiteit, en wat min of meer dieselfde impak op die Amerikaanse samelewing gemaak het, ten spyte van groot moeite en nog groter begrotings.

Die reaksie op die verslag versterk die standpunt dat, ten spyte van baie insette van verskillende kenners, 'n reuse begroting en 'n uitgebreide verslag, is die status quo gehandhaaf - kommersiële seks is steeds 'n geld-genererende bedryf en het sekerlik sedertdien uitgebrei, in plaas van afgeneem.

Hawkins & Zimring (1991, p. 63 e.v.) kwoteer die volgende gedeelte uit die verslag, na aanleiding van die primêre fokus van die kommissie om die verband tussen pornografie en prostitusie uit te wys:

*"Witnesses who testified before the Commission and individuals who submitted statements reported several connections between pornography and prostitution. One such connection was the use of pornography as instructional manuals for prostitutes. For example, a former prostitute testifies: One of the very first commonalities we discover as a group, we were all introduced to prostitution through pornography; there were no exceptions in our group, and we were all under eighteen. Pornography was our textbook, we learned the tricks of the trade by men exposing us to pornography and us trying to mimic what we saw. I could not stress enough what a huge influence we feel this was" (Hawkins & Zimring, 1991, p. 183 e.v.);*

en verder dat vroue

*"... who are or who have been prostitutes identified pornography as a significant factor in prostitution. These individuals reported that pornography was* ***not only used and made of them*** *[sic] while engaged in acts of prostituion, but they stated that pornography is used to perpetuate the concept that women are accustomed to being placed in the role of a prostitute" (Hawkins & Zimring, 1991, p. 183 e.v.).*

Nog 'n aspek wat in verslag uitgewys het, is dat al word die term *"pornographic modeling"* gebruik by die maak van die materiaal, verteenwoordig dit slegs 'n onderafdeling van prostitusie:

*"It seems abundantly clear from the facts before us that the bulk of commercial pornographic modeling, that is, all performances which include actual sexual intercourse, is quite simply a form of prostitution" (Hawkins & Zimring (1991, p. 184 e.v.).*

## 2.8 ALGEMENE ORIëNTASIE

Standpunte oor prostitusie is uiteenlopend. Net so wyd as die menings daaroor, so wydversprei is die segsmanne: van kerkvaders tot Jan Alleman, en elkeen spreek 'n opinie uit. Niemand het egter nog met 'n algemeen-aanvaarde standpunt gekom om die kwessie of prostitusie sonde is, of diens, beroep, misdaad, gesondheidsrisiko, of aktiwiteit uit eie keuse, raak te vat en 'n oplossing aan te bied nie.

Prostitusie is al 'n sakrale beroep genoem; 'n euwel (en inderdaad 'n noodsaaklike euwel, volgens St. Augustinus); prostitusie is vergelyk met 'n rioolsloot; prostitute het geweldige invloed op regeerders gehad, soos aan die Franse Hof ten tye van die Sonkonings; foonsnolle het 'n inkomste vér bokant die gemiddelde werker; die straatprostituut is onversorg en vroeg oud en soms dwelmafhanklik; prostitute word beskou as die primêre verspreiders van seksueel-oordraagbare siektes - maar steeds is daar talle mans wat prostitute besoek, en talle vroue wat hulleself prostitueer.

Diegene wat van die prostituut se dienste gebruik maak, vind daarmee glad geen fout nie. Hulle meen prostitute is soos enige diensverskaffer; hulle betaal vir die diens en raak geensins emosioneel betrokke by die besoek nie. Mans redeneer dat 'n besoek aan 'n prostituut glad nie 'n bedreiging vir hulle huwelik is nie - dit word, volgens hulle, meer aanvaarbaar as 'n buitehuwelikse verhouding beskou.

Prostitute - veral vandat die Wêreldhandves van die Internasionale Komitee vir Prostitute-Regte aanvaar is op die Eerste Wêreld Hoerekongres van 1985 (First World Whores' Congress) - betoog vir 'n internasionale aanvaarding van hulle beroep. Kommersiële seks is die term wat tans oorkoepelend gebruik word vir enige aktiwiteit wat 'n seksuele oriëntasie het, en sommige prostitute wil graag as 'n kommersiële sekswerker bekend wees.

Prostitusie word reeds vir eeue bedryf, of afgeskaf of toegelaat, verduur of veroordeel, maar nog nooit is al die maatreëls wat aangegaan is rondom prostitusie deur alle mense ewe sterk, op een bepaalde tyd, aangespreek nie. As die een groep moraliste prostitusie wil afskaf, is

'n drukgroep uit 'n ander deel van die gemeenskap besig met stemming maak om dit nie te doen nie. As 'n nuwe regering of politieke ideologie 'n land oorneem, word die wetgewing verander, minder of meer streng toegepas na aanleiding van die ideologieë en waardesisteem van die nuwe beleidsmakers. Na die ineenstorting van die Berlynse-muur in 1989, berig 'n Duitse dagblad dat Oos-Duitsers, wat onder 'n sosialistiese bewind prostitusie moes beskou as 'n dekadente Westerse neiging, in lang rye gestaan en wag het om met hierdie Westerse dekakensie *'besoedel'* te raak - en dit vrywillig en sonder dwang! (Scholtz, Die Volksblad, 1989, p. 1).

Die vrees vir MI-besmetting het nie veel aan die bedryf gedoen nie. Sommige prostitute dring tog daarop aan dat hulle kliënte kondome gebruik, maar hierdie praktyk verdwyn waar die straatprostituut so vinnig moontlik, soveel moontlik kliënte moet kry om haar dwelmbehoefte te finansier, of om net die noodsaaklikste lewensmiddele te kan bekom.

Uit die oopgunt van sommige prostitute, is daar by die beoefening van hierdie beroep geen negatiwiteite of gevare nie. Prostitute wil met rus gelaat word om hulle werk te doen; hulle wil aanvaar word soos enige tikster, sekretaresse, klerk; hulle wil dat die stigma van prostitusie verdwyn; hulle wil op dieselfde voordele aanspraak maak as enige ander werker en nie as misdadigers beskou word nie. Geen polisiebeampte, wetgewer of moraliteits-vegters het die reg om oor hulle te besluit nie, die prostitute het inderdaad klaar gekies.

### 2.8.1 Omstredenheid van prostitusie

- Hoekom is prostitusie vandag nog net so omstrede soos dit 4 000 jaar gelede was?
- Hoekom is feministe betrokke by die prostitusie-debakel?
- Wat is die effek van die omstredenheid op die werkende prostituut? (Jolin, 1994, p. 69).

Vrae soos bogenoemde word beantwoord vanuit die standpunt dat die fundamentele kontradiksie/kontroversie in die Westerse kultuur afkomstig is van die institusionalisering van die seksuele dubbelstandaarde in patriargale samelewings. Jolin (1994, p. 69) meen prostitusie het nog nooit in sy lang geskiedenis totale aanvaarding of totale afkeur verduur nie, vandaar die kwessie van die digotomie of omstredenheid rondom prostitusie. Ten tye

van aanvaarding, soos in tye van afkeur was dit altyd omstrede. Hierdie konflik het altyd een of meer element van die promisku/kuis/ongelykheidsmodel gehad. Wat ook al die geval is, dit is altyd die vrou wat aan die kortste end trek. Vroeër het mans die prostitusiedebat gedomineer; hedendaags is die debat *tussen* vroue oor hoe die manlike oorheersing beëindig gaan word.

### 2.8.2 Mites rondom prostitusie

Verskeie mites en persepsies het oor prostitusie ontstaan. Soos by soveel sake waaroor mense sterk voel, maar totaal oningelig is, word 'n sienswyse of houding gevorm sonder dat hulle werklik kennis en inligting het aangaande hierdie kwessie. Die blinde vooroordeel van moraliste wat prostitusie teenstaan, kom dikwels van mense wat nog nooit met 'n prostituut gepraat het nie, wat geensins omstandighede probeer verstaan nie, en dan die soort uitsprake lewer wat prostitute as volg laat reageer:

> *"It is like we are strange nocturnal animals that crawl out of the sewers at night"*
>
> *- (Perkins, 1991, p.1).*

Sommige van die baie mites wat vry algemeen deur die man-op-straat aanvaar word, word deur Thio (1995, p. 190) genoem:

- ***Beide folklore en wetenskaplike literatuur propageer die gedagte dat prostitute hierdie beroep kies omdat hulle 'n onversadigde sekslus het, d.w.s. nimfomane is, wat menigvuldige seksmaats benodig.***

Hierdie is 'n fantasie wat deur die chauvinistiese manlike geslag aangeblaas word en nie deur feite gestaaf word nie. Sommige prostitute is wel promisku, maar die meeste het slegs vroeër as ander vroue seksuele omgang gehad. Baie prostitute vind geen seksuele bevrediging met hulle manlike kliënte nie.

- ***Sommige kliniese sielkundiges wil aanvaar dat prostitute seksueel koud en afsydig is, en daarom die beroep beoefen omdat hulle hulle maklik kan distansieer van wat plaasvind.***

Dit skyn ook onwaar te wees, aangesien prostitute net so ontvanklik en geneë is om orgasmes te bereik met hulle eie mans of mansvriende.

- ***Nog 'n mistasting is dat prostitute basies homoseksuele neigings het.***

In der waarheid is die meeste prostitute heteroseksueel.

- ***Die algemene aanvaarding is dat prostitute òf koud en onbelangstellend òf warm en tegemoetkomend is teenoor hulle kliënte.***

Van sommige prostitute is dit seker waar, maar sommige prostitute, soos enigeen wat 'n diens aan 'n kliënt lewer, vind van hulle kliënte aanvaarbaar, ander nie.

- ***Die meeste prostitute is dwelmmisbruikers.***

Daar is wel sommige prostitute wat dwelms gebruik, maar nie almal is verslaafdes nie. Dit is dikwels die jong *"streetwalker"* wat eers verslaaf geraak het aan dwelms, en later 'n prostituut word om haar dwelmgewoonte te finansier.

- ***Nog 'n algemeen aanvaarde mite is dat prostitute as kinders seksueel misbruik is.***

Weereens val sommige prostitute in hierdie kategorie, maar baie begin met prostitusie op 'n ouderdom waar hulle nie kan roem op *"kindermishandeling"* as rede vir toetrede tot hierdie beroep nie (Thio, 1995, p. 190).

Die bestaan van hierdie mites, en die bewyse dat die teendeel soms waar is, kan dalk van nut wees by die besluitnemingsproses, waar beleidsmakers en -toepassers 'n meer berekende keuse kan maak met hierdie inligting tot hulle beskikking.

### 2.8.3 Norme, moraliteit en prostitusie

Moraliste beskou dit as hulle goeie reg om gevrywaar te word van die *"besoedelende invloed"* van openlike tippelary op straat. Die kliënte van prostitute meen dit is hulle goeie reg om die vroue te besoek; en die vroue self meen dit is ook hulle goeie reg om te besluit of hulle die beroep van prostitusie sal volg of nie. Almal maak staat op hul goeie reg om eie besluite te neem, maar wat van die ***reg***? Het die ***reg*** en ***gesagsdraers*** die reg verbeur om wette te maak, toe te pas en straf toe te dien? Wat van jong adolessente - is dit in hulle belang om blootgestel te word aan prostitusie, vrye liefde, seks en geweld?

Die Wet op Seksuele Misdrywe van 1957 beskou prostitusie nog steeds as 'n misdaad - dit wil sê die ***aanbied van seksuele dienste in ruil vir geld*** is 'n oortreding van hierdie wet. Selfs al sou 'n persoon dan redeneer dat sy oortuiging is dat prostitusie nie verkeerd is nie, sou dit 'n oortreding volgens landswette wees.

Die benaderingswyse tot interpersoonlike verhoudings verskil, en soms tree die individu so op soos wat hy dink ander van hom verwag. Hierdie gedragspatrone word deur sosiale norme gereguleer. Soms word na sosiale norme verwys as 'n gestandardiseerde manier van gedrag. Blake (in Clinard, (1974, p. 5) definieer 'n norm as volg:

> *"...any standard rule that states what human beings should or should not think, say or do under given cirmustances [sic]"*
>
> - (eie beklemtoning)

Gedrag mag dus verskil van die heersende norm, en dit sal verskil totdat een of ander oortuigingskrag soos sanksies, konformiteit teweeg bring. Norme dus, besit die potensiaal vir afwyking. Kriminele wette is slegs norme wat verskeie tipes gedrag reguleer en wat afgedwing word deur die staat, aldus Clinard (1974, p. 5). Norme is dus veranderbaar, want dit verteenwoordig belangrike meganismes in die handhawing van orde. Sommige gedragsvorme kan as kulturele norme beskou word, of as spesifieke gedrag in 'n statistiese sin. So word seksuele norme as kulturele ideale beskou (Clinard, 1974, p.6).

Oor **moraliteit** haal Smit (1985, p. 25) vir Degenaar aan:

*"Moraliteit is die hoedanigheid van die mens dat hy homself as persoon respekteer, en die oomblik wanneer hy dit doen, is die persoonlikheidskarakter van alle mense daarmee geïmpliseer. Moraliteit beteken om die persoonskarakter van myself en andere te ontdek".*

Om die **moraliteitsaspek** van prostitusie te peil is geensins 'n maklike taak nie. Die kliënt het 'n goeie saak uit te maak vir sy gedrag: 'n besoek aan 'n prostituut bring seksuele ontlading mee; dit is beter as 'n buite-egtelike verhouding wat 'n huweliksverhouding kan bedreig; *"... a little mutual toleration of occasional lapses"* kan beter wees as 'n lewe van vrees, verbod en wedersydse inmenging in mekaar se vryheid (Smit, 1985, p. 122).

As moraliteit dan sou beteken om die *'persoonskarakter'* te ontgin, is daar seker 'n saak uit te maak vir die gebruiker, sowel as die verskaffer!

Die oudste uitspraak oor *'vrye liefde'* is sover vasgestel kon word, dié van Plato. Volgens Smit (1985, p. 123) lewer Plato in die NOMOI die volgende argumente ten gunste van vrye liefde:

- Die mens is vry. Seksualiteit is daar vir sy plesier. Die mens is vryheid. Al wat nodig is, is wedersydse instemming;
- My seksuele lewe is vry solank dit my beskerm teen geslagsiektes en swangerskap;
- Statistiek het bewys dat meeste jong mense oor die wêreld heen voorhuwelikse seks beoefen -vry dus van huweliksbinding;
- Ons is lief vir mekaar daarom mag ons vryelik seksueel verkeer;
- Dit is my saak wat ek van seks maak.

Smit (1985, p. 118) het 'n saak uit te maak vir die intimiteit en privaatheid van seksuele verkeer. Die seksuele verkeer tussen mense sou beskou kon word as 'n plegtige eed van liefde en 'n onderneming tot volgehoue getrouheid. Maar, hoe meer seksualiteit ter wille

van vermaak voor die oë van die publiek vertoon word (letterlik en figuurlik) hoe meer word dit verontmenslik. 'n Moderne beskouing oor seksualiteit het die normatiewe aard daarvan weggeneem.

Beleidsmakers en -toepassers sou sekerlik nie almal eensgesind oor prostitusie redeneer nie. Indien die persoonlike menings van elkeen verreken word in die besluitnemingsproses, is die verrekening van norme, waarde en moraliteit belangrik.

### 2.8.4 Veranderende sosiale werklikheid en prostitusie

Tans is Suid-Afrika in 'n proses van transformasie. Die omvang van hierdie transformasieproses sluit ook houdings teenoor seksuele praktyke in. In hierdie snel-veranderende samelewingsomstandighede is heel dikwels sprake van vervreemding of *'aliënasie'* soos Hegel dit noem. Mouton & Marais (1990, p. 61) verwys na 'n moderne massagemeenskap as sou dit die volgende elemente bevat:

- ontwikkeling van onpersoonlikheid en verlies van verhoudings;
- ontwikkeling van 'n burokrasie wat lei tot sekularisme;
- toename in sosiaal-differensiasie en spesialisasie van take;
- toenemende sosiale mobiliteit, en
- toename in skaal of grootheid.

Om die begrip van **vervreemding** te verduidelik, meen Nisbet (in Rogers, 1977, p. 97 e.v.) dat vervreemding slegs 'n negatiewe konnotasie het. Dit het te make met die afbreek van iets wat bestaan het. Seeman (in Rogers, 1977, p. 97) haal Kahler aan dat

> *"...the history of man could very well be written as a history of the alienation of man".*

Volgens Seeman (in Rogers, 1977, p. 97) kan vyf belangrike betekenisse aan vervreemding of ontvreemding geheg word, naamlik **magteloosheid, betekenisloosheid, normloosheid, isolasie en self-vervreemding.**

Al hierdie elemente kom in meer of mindere mate voor in die sosiale samestelling waaruit die Suid-Afrikaanse gemeenskap bestaan. Die sosiale norme wat die individu se gedrag in die verlede beheer het, het vervaag en verroes, en is dus nie meer effektief nie. Voeg hierby die snel-veranderende omstandighede van verstedeliking waar die individu ontaard en vervreemd is van sy vorige lewenstyl, en die gevolg is rigtingloosheid en soms sedelike verval. Hierdie losbandigheid kan gekoppel word aan seksuele losbandigheid, wat dan die pad na prostitusie vergemaklik. Die laaste wat Seeman (in Rodgers, 1977, p. 97) beskryf, is die gevoel van self-vervreemding - die individu sien homself as 'n vervreemde; heel ontuis in sy samelewing, vervreemd van sy eie kreatiewe potensiaal en van enige sosiale bande.

Dit kan dan wees dat sommige vroue kwesbaar is as gevolg van vervreemding van hulle vorige lewenstyl - die redes daarvoor is legio: werkloosheid, egskeiding, armoede, gebroke huise. Indien hulle hierdie vorme van vervreemding ervaar het, sal hulle makliker oorgaan tot prostitusie. Die sogenaamde *"seksuele rewolusie"* maak die kwessie van prostitusie ook belangrik. Blatante seksploitasie is 'n alledaagse werklikheid.

Die erotiese sy van menswees, en spesifiek seksuele genot het reeds teen die tweede eeu meer radikaal begin raak. Augustinus het sy promiskuïe lewe afgelê en voortdurend gestry teen sy eie liggaamlike begeertes (Smit, 1985, p. 101). Later het Thomas Aquinas enigiets sensueels as 'n doodsonde (*peccata mortalia*) beskou (Smit, 1985, p. 101).

Calvyn het tydens die Hervorming onderskei tussen laer en hoër deugde wat saamval met burgerlike en geestelike gewete. Die hoër deugde is volgends die Bybel geloof, hoop en liefde. Binne die huwelik is wellus vir Calvyn 'n vergeefbare sonde (Smit, 1985, p. 102).

Die nuwe orde moraliteit of verbruikersmoraal het ontstaan by die opkoms van humanisme, en die humanistiese vryheidsideaal. Een goeie eienskap van hierdie veranderinge is die groter eerlikheid waarmee alles bejeën word. Van die kardinale kenmerke van menswees is sy seksualiteit. Seksualiteit is bedoel om binne 'n sensitiewe verhouding te gedy, en die misbruik hiervan is katastrofaal. Dit kan ook van die redes wees waarom sommige moraliste voel dat so baie verhoudinge geskaad word deur die instandhouding van die bedryf van prostitusie.

Prostitusie is 'n aktiwiteit wat baie verskil by kulture en morele standaarde van verskillende groepe. As slegs die Christelik-morele standpunt van **duld-die-sonde**, soos deur Strauss (Pienaar in Die Kerkbode, 1991, p. 66 e.v.) gepropageer en in ag geneem word, kan nie anders geredeneer word nie as dat prostitusie uit die weg geruim moet word. Word ander sienings in ag geneem, en veral die aspek van vryheid van denke, handelinge en dade, is prostitusie seker nie meer *peccata mortalia* nie.

### 2.8.5 Menseregte en prostitusie

Met die aanvaarding van die Handves vir Menseregte soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika het nog 'n dimensie by die kwessie van prostitusie bygekom. As alle mense die reg het om ten alle tye die beroep van hulle keuse te volg, sonder dat dit indruis teen die menswaardigheid, integriteit en moraliteit van ander, het geen wetgewer (beleidvormer of beleidmaker) seker die reg om die beoefening van hierdie beroep te bestraf nie. Volgens die handves sou dit inmenging in die regte van mense beteken.

Is dit nie die kern of essensie van die probleem nie - die prostituut wil vry wees om haar beroep te beoefen. Die huidige beperkings in Suid-Afrika, soos in ander lande, is die wette op die wetboeke. Hierdie beperkings is byvoorbeeld die wat geld by die verkryging van jong vroue om as prostitute te werk, die aanhou of bedryf van 'n bordeel, tippelary in die openbaar, souteneurs en nog aanverwante seksuele misdrywe. Ander lande het prostitusie afgeskaf, maar hierdie sekondêre misdrywe wat geassosieer word met prostitusie, bly nog 'n misdaad.

## 2.9 SAMEVATTING

Die voorafgaande hoofstuk is ter verduideliking en verklaring van sleutelbegrippe aangebied. Die veronderstelling is dat die leser en die skrywer dieselfde interpretasie aan verskillende konsepte moet heg om konsensus te bereik oor argumente wat deurgevoer gaan word.

Die insluiting van 'n kort bespreking oor verslae wat reeds gepubliseer is, is enersyds ter inligting, maar andersyds as voorbeeld van herhaalde pogings van verskeie regerings om die kwessie van prostitusie toe te lig. Die vraag kan gevra word of enige vordering gemaak is om die vraagstukke rondom prostitusie op te los, nadat die verslae gepubliseer is. Die moontlikheid van 'n oplossing van die prostitusiekwessie blyk volgens hierdie verslae glad nie 'n maklike taak nie. Aan die einde van hierdie verslag kan die leser moontlik tot die besef kom waarom dit so is.

# DEEL II

3. Perspektiewe op wetgewing in 'n aantal lande
4. Perspektiewe op seksualiteit en prostitusie
5. Perspektiewe op Kriminologiese aspekte van prostitusie
6. Perspektiewe op die prostituut

# 3 PERSPEKTIEWE OP WETGEWING IN 'N AANTAL LANDE

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk volg 'n bespreking van hoe prostitusie in verskillende lande deur eeue heen beheer is. Abolisioniste wou dit verbied, die moraliste het daarteen gewaarsku, kerke het daarteen gepreek, maar steeds was daar prostitute en natuurlik ook kliënte. Kulturele veranderinge, ideologiese omwentelinge en politieke bewindsoornames het gesindhede beïnvloed, maar die bedryf, die handelsmiddel van 'n vrou wat seks verkoop vir geld, het bly bestaan. Indien dit dan nie die oudste beroep is nie, is dit een wat nog nooit sy belangrikheid en gewildheid moes prysgee vir 'n nuwerwetser gier nie. Inderdaad het strukture en gesindhede effens verander, maar prostitusie bly bestaan, soos ook die kliënte wat van haar dienste gebruik maak, en ook die uitbuiters van hierdie vroue.

Uit die literatuur wat bestudeer is, blyk die verband tussen die verandering in die wetgewing, regulering en beheer van prostitusie met veranderende politieke oorheersing in die lande wat bestudeer is, baie duidelik. Wetgewing is dikwels ingestel en vir 'n tyd lank streng toegepas, maar geleidelik is maatreëls egter verslap en/of oorboord gegooi as 'n nuwe regering oorgeneem het. Soms is die toepassing van wetgewing dan weer verskerp, maar nooit kon enige regering, wetgewer, moraliste, abolisioniste, of watter openbare struktuur ook al, daarin slaag om die kwessie van prostitusie tot bevrediging van almal op te los nie.

Soms moet, so sê die spreekwoord, wat nie reggemaak kan word nie, dan maar verduur word (*"what cannot be cured must be endured"*). Baie samelewings het prostitusie as 'n fenomeen aanvaar wat verduur moet word. Tydperke van totale onderdrukking van prostitusie is voortdurend afgewissel deur tydperke waar dit *"verduur"* is, as gevolg van vorige mislukte pogings om dit uit te wis. In verskeie Europese lande is die houding dié van toegeeflikheid teenoor die kliënt van die prostituut, maar ontoegeeflikheid teenoor die vrou, die prostituut self (Flexner, 1969, p. 104).

Of prostitusie 'n slagofferlose misdaad of 'n morele misdaad is of nie, die kwessie van dekriminalisering is 'n langdurige debat. Die hoofdoel van hierdie navorsing is om te bepaal wat beleidmakers in ag moet neem in die sinvolle besluitneming oor wetgewing rakende prostitusie. Die morele afkeer van prostitusie is steeds te sterk om dit af te maak as nog 'n besigheid of bedryf wat toegelaat moet word. Tog is die afkeer nie so sterk om te verwag dat daadwerklike stappe geneem moet word om dit stop te sit nie. Baie meningsvormers en beleidmakers het in werklikheid min hoop op eliminering van prostitusie - vir hulle is 'n werkbare oplossing om prostitusie toe te laat in rooilig-areas, en die gewete te sus met tydige klopjagte en arrestasies - hierdeur word die samelewing se dubbelstandaarde duidelik uiteengesit (Sykes & Cullen, 1992, p. 211).

Wette aangaande seksuele gedrag berus op vier hoofaspekte wat verband hou met seksuele verhoudings:

- Wetgewing reguleer die aard van toestemming - in die geval van verkragting is toestemming uiteraard weerhou;

- Wetgewing beperk die keuse van seksmaats - seksmaats moet menslik en van die teenoorgestelde geslag wees, oor 'n spesifieke ouderdom, buite sekere familie-verbintenisse;
- Wetgewing beperk die aard van die seksdaad - heteroseksuele seks is toelaatbaar, maar orale-genitale kontak en digitale manipulasie is nie;
- Wetgewing gebied of bepaal die omgewing - seks word verbied in die openbaar

- (Sykes & Cullen, 1992, p. 210).

Die hoofstuk eindig met 'n bespreking oor toenemende prostituering van jong meisies, en ook jong mans. Hierdie praktyk word hoofsaaklik bedryf as gevolg van sosiale druk nadat regeringstrukture in duie gestort het, soms as gevolg van die afwerp van kommunistiese ideologieë, soms waar eeu oue kultuur- en rasseverskille weer eens opvlam, of as gevolg van oorbevolking en gepaardgaande armoede. Voeg hierby die groterwordende gevaar van die verspreiding van seksueel oordraagbare siektes wat soms met prostitusie verband gebring word, al stem alle navorsers nie in hierdie verband saam nie, en die kwessie van prostitusie is inderdaad relevant en baie verrekenbaar.

## 3.1.1 Morele ontwikkeling in teenstelling met wetgewing

Wetgewing hou verband met morele ontwikkeling of verandering. Sodra 'n nuwe staatsbestel die bewind oorneem, veral as dit radikaal verskil van die vorige, kom talle morele kwessies na vore. In baie gevalle, soos uit die onlangse geskiedenis bewys, ontstaan daar 'n konfliksituasie waar belange van verskillende groepe in botsing kom. Morele kwessies wat voorheen beskerm is, is vir die nuwe bewindhebbers van minder belang, en die vorige beskermde belange word bedreig, of verwerp deur 'n nuwe, meer liberale siening.

Die oorsprong van baie van die Westerse wette betreffende seksuele verhoudings kan teruggevoer word na die invloed van die Kanonnieke Wette van die Christelike Kerk. As 'n liggaam wat reëls en regulasies mog uitvaardig, kon die Kerk sy lede dissiplineer op geestelike vlak. Die invloed van Kanonnieke Wetgewing was redelik sterk in die Engelse leefwyse nog voor die Normandiese Inval in die omgewing van die jaar 912. Die reg wat die kerk uitgeoefen het op sedelike en morele aspekte is geleidelik deur staatsgesteunde

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY



1998 004 520 01

howe oorgeneem. Wettige regulering van seksuele gedrag het egter die stempel van 'n teologiese dogma bly dra (Sykes & Cullen, 1992, p. 210). Hoe wetgewing ook al saamgestel is, en uit watter hoek dit beskou word, Westerse wette in verband met seksuele gedrag het 'n redelike asketiese siening van seks geskets - in sommige gevalle word hierdie siening nog steeds gehuldig. Volgens Taylor (in Sykes & Cullen, 1992, p. 210) het die volgende gegeld:

- Totale selibaatskap is voorgehou as die ideaal vir almal, en verpligtend vir kerklikes;
- Totale verbod op alle vorme van seksuele aktiwiteite behalwe gemeenskap wanneer 'n erfgenaam verlang word;
- Seks moes uitgevoer word, onderhewig aan beperkinge en beheer, soos die posisie van die seksmaats en dae van die week.

Taylor sê (in Sykes & Cullen, 1992, p. 210):

> *"The Christian code, was based, quite simply, upon the conviction that the sexual act was to be avoided like the plague, except for the bare minimum necessary to keep the race in existence. Even when performed for this purpose it remained a regrettable necessity. Those who could were exhorted to avoid it entirely, even if married. For those incapable of such heroic self-denial there was a great spider's web of regulations whose overriding purposes was to make the sexual act as joyless as possible."*

Volgens hierdie 'beleidsmakers' was dit nie die seksuele aktiwiteit wat verdoemend was nie, maar die plesier wat daaruit gekry kon word. Beleidsmakers was soms tog ook prakties ingestel - vir die navolging van hierdie strewe is 'n *chemise cagoule* vir die vrou ontwerp - 'n groot swaar nagrok met 'n strategies-ontwerpte opening wat gesorg het dat geen fisiese kontak gemaak kon word behalwe penetrasie nie. Dit moes die moontlikheid van genot of plesier sover moontlik uit die weg ruim (Sykes & Cullen, 1992, p. 210).

Teorieë oor misdaad is sekerlik so oud soos misdaad self. Aristotle beweer dat

> *"poverty is the parent of revolution and crime"*

Wrightsman, Nietzel & Fortune (1994, p. 87) is van mening dat die heel vroegste verklarings vir misdaad 'n sterk religieuse inslag getoon het. Misdaad was die ekwivalent van sonde, of as gevolg daarvan. Hierdie standpunt is veral teen die Middeleeue gehandhaaf.

Hierdie morele klimaat het wetgewing sodanig beïnvloed dat prostitusie 'n ernstige oortreding was. In Pillars of Salt (Williams, 1993) word verskeie *"criminal narratives"* van misdadigers aangehaal. Soos die gewoonte gedurende die agtiende eeu was, het die gedoemde persoon geleentheid gekry om sy verhaal neer te pen, boete te doen oor sy sonde (die misdaad waarvoor hy tereggestel gaan word) en om dan vergewe te word. Ene ESTHER RODGERS, gebore in 1680 was van ouderdom dertien af in diens by 'n herehuis, en vertel:

> *"About the Age of Seventeen, I was left to fall into that foul Sin of Uncleanness, suffering my self to be defiled by a Negro Lad living in the same house".*

Hierdie vrou het twee van haar buite-egtelike kinders vermoor en is ter dood veroordeel, vandaar die geleentheid om haar verhaal te skryf, en vergifnis te vra. Die interessantheid van hierdie vertelling is die absolute *"sonde"* waarin sy verval het - as prostituut. Die tydperk waarin hierdie vertellings gepubliseer was, het die tipiese vuur-en-swaelbenadering teenoor alle morele aspekte en dus ook *"carnal knowledge"* getoon.

Esther eindig haar vertelling met 'n hartroerende gebed as boetedoening en pleit om vergifnis

> *"...I am upon the Brink of Eternity, O Lord have Mercy upon me. O Thou Father of our Lord Jesus Christ, into thy Hands I commit my Spirit, O*

> *Receive thou it. Have Mercy upon me, and Pity me for Jesus Christ's Sake".*
>
> *- (Williams, 1993, p. 95 e.v).*

Williams (1993, p. xi) sê in sy voorwoord hoe belangrik navorsing is oor misdadigers se vertellings uit die agtiende eeu om persepsies te vorm oor waardes en oortuigings van daardie tyd, maar ook hoe literêre tekste hierdie waardes beïnvloed het. Hierdie tekste is kulturele artifakte en verleen insig en historiese konteks. Die feit wat hier geboekstaaf word, is dat prostitusie in daardie tyd 'n ernstige morele oortreding was. Soms is na buite-huwelikse seks verwys as *'carnal knowledge'* of ook *'carnal pollution'* (Williams, 1993, p. 95).

## 3.1.2 Algemene tendense rondom wetgewing in verskillende lande

Om al die wette, wysigings, toevoegings en bylae van die verskillende lande volledig weer te gee, is 'n onmoontlike taak. As agtergrond vir die debatvoering oor die hantering van wetgewing rakende prostitusie word slegs die omstandighede, of die heersende toestande in verskillende tye in verskillende lande bespreek, met enkele verwysings na wetgewing. In baie gevalle is wetgewing van tyd tot tyd uitgevaardig, maar met die toepassing daarvan is op 'n *laissez-faire* manier omgegaan. Net so dikwels as wat wette uitgevaardig is, is dit verander. Prostitusie is selfs in baie lande verbied, maar dit het nooit opgehou nie. Waar sekere gebiede *"skoongemaak"* is van prostitusie, het dit weer op ander plekke kop uitgesteek. Bordele is dikwels verban, met swaar strawwe vir die bedryf van so 'n plek - sonder sukses. Tans word die bedryf van bordele onder verskeie ander name voortgesit, soos masseersalonne, gesellinklubs, model-agentskappe, foto-ateljees, en verskeie ander. Prostitusie bestaan ten spyte van talle pogings om dit te probeer uitwis. Die bespreking wat volg, gee 'n beskrywing van prostitusie en die beleid daaromtrent in verskeie lande gedurende verskillende tydperke.

Dit is opmerklik dat ten tye van politieke en sosiale omwentelinge wetgewing in baie lande verander het. Sommige lande het prostitusie strenger verbied, ander meer toegeeflik daarteenoor opgetree. Sou daar weer bewyse wees van seksueel-oordraagbare siektes wat

toeneem as gevolg van seksuele losbandigheid, is wette dienooreenkomstig aangepas. Hiervolgens is die navorser die mening toegedaan dat, alhoewel die handeling, naamlik prostitusie, self nie verander het nie, die betekenis wat daaraan toegevoeg word, baie plooibaar en wisselvallig is. Hierdie veranderde betekenis, in die sin van sosiale en wetlike implikasies, sou in terme van simboliese interaksie verklaar kan word. Later, in Hoofstuk 7 word meer hieroor uitgebrei.

Wetgewing in die verskillende lande en deur die eeue kan waarskynlik deur een van drie modelle voorgestel word. Schurink (1995, p. 9) beskryf die modelle as volg:

## Die laissez-faire model:

Volgens hierdie model bly prostitusie onwettig, maar die wet word nie streng toegepas nie. Optrede kom net wanneer en waar nodig, en as daar nie polisie of ander amptenare teenwoordig is nie, word dit gelaat. Die groot nadeel van hierdie model is dat wetgewing dan onreëlmatig is, en dat dit aan die diskresie van die polisie oorgelaat word om op te tree.

## Die kriminalisasiemodel:

Hier tree die polisie streng op, en altyd volgens fundamentele waardes wat poog om die samelewing te reinig van prostitusie. Rooilig-areas moet skoongemaak word, en die prostituut kan in die gevangenis behoorlike beroepsopleiding ontvang, en rehabiliteer. Die nadele hier is dat met strenger wetstoepassing, prostitusie in ander areas voortgesit sal word, die ekstra mannekrag wat benodig word om dit te polisieër en miljoene rande wat deur die belastingbetaler vir hierdie beheer bygebring moet word.

## Die dekriminalisasiemodel:

Hierdie model behels die afskaffing van alle wette teen kommersiële seks en die wettiging van prostitusie. Diegene ten gunste hiervan benadruk die verhoogde inkomste uit belasting wat ook van prostitute geïn kan word; wetstoepassers wat vry sal wees om meer ernstige misdade op te los, en vroue betrokke by prostitusie wat nie meer gestigmatiseer en

geviktimiseer sal word nie. Prostitute sal kan registreer, die reg kry om te onderhandel vir vakbond-verteenwoordiging en mediese behandeling. **Skeptici redeneer egter dat onwettige prostitusie nog steeds sal plaasvind, aangesien sommige kliënte meen dat *'onwettigheid'* tot opwinding bydra en 'n noodsaaklike element by prostitusie is.**

Teen die agtergrond van bostaande inligting word die toedrag van sake in enkele lande van nader bekyk.

## 3.2 PERSPEKTIEWE OP WETGEWING IN VERSKILLENDE LANDE

Die gedeeltes wat volg, het betrekking op wetgewing rondom prostitusie, soos dit deur verskillende bewindshebbers in verskillende lande toegepas is. Dit spreek vanself dat slegs radikale veranderings hier aangespreek word. 'n Leemte vir inligting is ondervind in lande waar 'n sterk sosialistiese of kommunistiese regime aan bewind is, of was. Inligting is baie skaars, en wat beskikbaar is, is soms as onbetroubaar gewaan, in die lig van die streng staatsbeheer oor statistiek in sommige van hierdie lande. By baie van hierdie lande is reeds 'n verandering te bespeur met betrekking tot morele kwessies en die vestiging van 'n menseregtekultuur. Weens die ontoereikenheid van betroubare inligting, is toestande in hierdie lande nie ingesluit nie.

### 3.2.1 Prostitusie in Engeland

Histories is prostitute op straat, of die rondloper (vagrant) beheer en gereguleer deur wetgewing. Vanaf 1824 het die Wet op Rondlopery gegeld. Dit geld vandag nog. Die polisie het die regsbevoegdheid om enige vrou wat drentel of tippelary beoefen en/of suspisieus optree, in hegtenis te neem. Teen 1860 is beheer en regulering van prostitusie nog strenger toegepas omdat die vrees en paniek oor die verspreiding van gonorrhea en sifilis toegeneem het. Polisie kon slegs op 'n 'vermoede' dat sy besmet is met 'n veneriese siekte, 'n vrou in hegtenis neem en 'n ondersoek afdwing. Hier moet in ag geneem word dat moderne profilaktiese middels nog nie bestaan het nie, en ook geen teenmiddels nadat die besmetting reeds plaasgevind het nie. Indien daar slegs die vaagste vermoede bestaan het

dat iemand besmet was met enige veneriese siekte, was dit genoeg rede dat so 'n persoon deur die samelewing gemarginaliseer sou word (Davis, 1993, p. 109).

Teen 1830 was daar breedweg drie soorte prostitute in London werksaam. Die straatvrou wat haarself vir die kleinste bedrag geprostitueer het, die vrou wat in 'n bordeel gewoon en meeste van haar inkomste aan die bestuurder betaal het en die meer gegoede prostituut wat van haar eie blyplek as prostituut opgetree het. Die area waar die meeste prostitute werksaam was, was in Regentstraat in London se West End (Davis, 1993, p. 109).

In Engeland is tans steeds verdeeldheid rondom sienings oor prostitusie. Gelsthorpe & Morris (1990, p. 152 e.v.) verklaar aangaande legalistiese regulering van prostitusie:

> *"Feminists are similarly devided over the role the penal law should play with respect to prostitution".*

Baie feministiese organisasies is ten gunste van die dekriminalisering van alle wette wat betrekking het op prostitusie. In Brittanje geld die Sexual Offences Act 1985 waar die *"kerb crawler"* gekriminaliseer is, maar organisasies soos Reform of the Law on Street Offences (PROS) was teen die amendement omdat

> *"... any further criminalization of prostitution would only serve to penalise the prostitute further ..."*
>
> *- (Edwards, in Gelsthorpe & Morris, 1990, p. 152).*

Inderdaad, links-gesinde vroue het hierdie wetgewing voorgestaan. Hulle argument was dat prostitute alreeds gepenaliseer word, en dat maatreëls om die kliënt te penaliseer, 'n mate van gelykheid inbou. Baie vroue, ook diegene wat nie prostitusie bedryf nie, het las van hierdie manlike *"kerb crawlers"* wat onbehoorlike voorstelle aan hulle maak (Gelsthorpe & Morris, 1990, p. 152).

Die sosiologiese profiel van die prostituut in Engeland is dié van lae besoldiging, werkloosheid en 'n vrou sonder heenkome. In onderhoude (Davis, 1993, p. 123) met prostitute het hulle hierdie beroep gesien as net nog 'n manier om 'n lewe te maak. Hulle het

op staatsondersteuning (social security) staatgemaak, het meestal geen heenkome gehad nie, woon in hotelle of by vriende, was enkel-ouers, sommige het dwelms gebruik; familie-ervarings en omstandighede het gewissel. Straatprostitute was werkloos, met min opleiding en vaardighede en met gesins- of familie verantwoordelikhede.

Volgens Plant (1993, p. 88) is 'n algemeen-aanvaarde siening dat prostitute die enkele grootste moontlike verspreiders van seksueel-oordraagbare siektes. In Skotland (Plant, 1993, p. 88) is bevind dat Edinburg die onbenydenswaardige rekord het vir die Britse stad wat proporsioneel die meeste **binne-aarse dwelmgebruikers het wat met die MI-virus besmet is.** In Thomas (Plant, 1993, p. 88 e.v.) se studie oor die prostituut se aandeel is hier ook bevind dat geen drakoniese pogings om prostitusie uit te wis, geslaag het nie. Die MI-virus is ook nie die enigste seksueel-oordraagbare siekte wat teëgekom is nie. Vorige navorsing het bewys dat geen risiko of bedreiging vir besmetting, geen stigma, gevangenis-setting, geweld of misbruik enigiemand weerhou het van prostitusie nie.

Die mees alarmistiese gevolgtrekking is dat groot getalle kliënte, hoofsaaklik mans, aandring op onbeskermde seks. Baie is dikwels bereid om meer te betaal vir 'hoë-risiko'-aktiwiteite. Deur prostitusie te verbied, of verskerpte pogings om dit aan bande te lê, is prostitute slegs ondergronds gedwing, en daarmee saam mense ontmoedig om mediese behandeling te kry. Die verspreiding van die MI-virus kan nie **slegs** voor prostitusie se deur gelê word nie, maar die resultate het die noodsaaklikheid van voorkomende strategieë beklemtoon (Plant, 1993, p. 88).

**Prostitusie in Engeland bestaan alreeds vir baie eeue, maar nog steeds is daar nie uitsluitsel oor hoe hierdie kwessie aangespreek behoort te word nie.**

### 3.2.2 Prostitusie in Skandinawiese Lande

Hierdie deel van die wêreld is tradisioneel bekend vir min of geen beperkings op vrye seksuele-verkeer. Gedagtig hieraan sou die aanname gemaak kon word dat wette oor prostitusie glad nie bestaan nie, of ten minste glad nie toegepas word nie. Soos verder sal blyk, is daar tog ook teenkanting teen prostitusie, vanaf owerheidsweë.

### 3.2.2.1 Denemarke

Hoigard & Finstad (1986, p. 194) meen prostitusie in Denemarke is meer verspreid as in byvoorbeeld Swede. In Copenhagen se strate floreer dit - in masseersalonne, restaurante, kroeë en seksklubs. Die *"Red Stockings"*, Denemarke se prostitute- organisasie, sien die stigmatisering van prostitute as hulle grootste probleem. Hulle politieke standpunt is dat prostitusie gesien en aanvaar moet word soos enige ander werk.

Weens die dubbelstandaarde wat in Denemarke heers aangaande die strafbaarheid van die prostituut, maar nie vir die kliënt nie, het Hoigard & Finstad (1986) tydens 'n navorsingsprojek 'n voorstel gemaak van eensydige kriminalisering van die kliënt. Hierdie voorstel het 'n hewige debat in die pers veroorsaak. Die opinies hieromtrent is verdeeld by beide die prostitute en die publiek. Hieronder is twee aanhalings, albei van prostitute, maar wat uiteenlopende menings uitspreek:

> *"I'm totally against criminalizing customers. Then it will get harder for us. We'll be left with crazies and physical misfits" - Elizabeth.*
>
> *"Deep down I'm for punishing customers. Maybe you'll think that's strange, when I work down there myself. But I wish I didn't do it, that I didn't have that possibility"- **Ulla***
>
> *- ( Hoigard & Finstad, 1986, p. 194 e.v).*

**Die openbare debat rondom aspekte van wetgewing rakende prostitusie in Denemarke is nog hangende, en intussen gaan prostitusie nog steeds voort.**

#### 3.2.2.2 Finland

Teen 1987 het prostitusie in Finland voorrang geniet met die herroeping van die Wet op Rondlopery. Hierdie wet was vyftig jaar tevore ingestel, maar het geleidelik sy trefkrag verloor. Die teenstanders van die herroeping het gesê die wet het 'n voorkomende effek teen prostitusie en dat herroeping daarvan, prostitusie sal laat toeneem. Sedert die herroeping van die wet moes die polisie enige verandering in prostitusie monitor. Die bevinding was dat straatprostitusie steeds in byvoorbeeld Helsinki voorkom, meer prostitusie word bedryf in restaurante en hotels, en geen organisasie bestaan wat prostitusie verbied nie. Teen die tyd dat Hoigard & Finstad se boek in 1986 gepubliseer is, was die vraagstuk van prostitusie 'n onderwerp wat nie in Finse openbare debatte bespreek is nie (Hoigard & Finstad, 1986, p. 194).

**'n Omwenteling in wetgewing het in Finland wel opskudding veroorsaak, maar 'n aanvaarbare oplossing is nie gevind nie.**

#### 3.2.2.3 Noorweë

Gedurende die negentiende eeu was prostitusie verbied, maar saam met die verbod het bordele gefloreer. Bordeel-prostitusie was aanvaarbaar, maar straatprostitute is ontoelaatbaar. Hierdie prostitute is van die strate verwyder en moes mediese ondersoeke ondergaan, en sommige is selfs opgesluit.

In Oslo word prostitusie in 'n uitgebreide area in die middestad toegelaat. Die area bestaan uit baie agterstrate wat gerieflik naby die stad se nagklubs is. Die area word bedags bevolk deur werkers wat kantore beman in die groot geboue, maar as die werkdag verby is, is daar byna geen lewe nie. Hierdie gebied is ideaal om enige seksverwante aktiwiteit aan te bied. Dit is sentraal geleë; snags is die area maklik bereikbaar en vol donker strate en nagklubs wat dit ideaal maak vir naglewe, waarvan prostitusie 'n onafskeidbare deel is (Hoigard & Finstad, 1986, p. 177 e.v.).

Prostitute in bordele is tans onder staatsbeheer - geneeshere besoek die bordele twee tot drie keer per week. Al die werkende prostitute moet ondersoek word, en kry dan 'n

sertifikaat - die kliënt mag daarop aandring dat die sertifikaat getoon word. Nog 'n voordeel van bordele is dat prostitusie van die straat weggehou word, om openbare moraliteit te beskerm. Bordele laat die prostituut geen vryheid toe nie, en dit is een van die klagtes van die vroue wat daar werk. Hulle is verplig om die volgende kliënt te aanvaar, soos deur die Madame gestuur (Hoigard & Finstad, 1986, p.177 e.v.).

**Die beleid van staatsbeheer oor prostitusie is volgens die inligting hierbo, nie sonder haakplekke nie.**

### 3.2.3 Prostitusie in sommige Europese Lande

Prostitusie in alle Europese lande kan nie hier bespreek word nie. Daar is 'n tekort aan inligting uit Oos-Europese lande. Hierdie lande was vroeër deel van 'n kommunistiese regime, en nog minder inligting is beskikbaar. Meestal het hierdie lande ten alle koste enige inligting oor prostitusie geheim gehou. Volgens die heersers van kommunistiese lande het geen prostitusie daar plaasgevind nie, en enige seksuele wanpraktyke is volgens hulle, slegs deur dekadente Westerse kulture gevolg. Die heersers het egter hulle eie seksuele voorkeure afgedwing op hul onderdane, in ruil vir bevordering tot hoër posisies, behuising en/of geld. Dit is ook prostitusie, in die konteks van hierdie navorsing.

#### 3.2.3.1 Duitsland

Histories en kontemporêr is die Duitse houding teenoor prostitusie gevestig in Westerse beskawingsoortuigings (Jolin, in Davis, 1993, p. 133 e.v.). Hierdie erflating sluit 'n wye front van sosiale reaksie teenoor prostitusie in. Die Franke in Duitsland het laerklas-prostitusie probeer beperk. Hoërklas-prostitusie in die vorm van poligamie en talle houvroue onder die adel het kastele laat lyk soos harems. Met die opkoms van die Christendom is alle seksuele aktiwiteite buite die huwelik gestigmatiseer. Middeleeuse kanonnieke wette het die diaboliese aard van seksuele begeertes buite die huwelik beklemtoon. Vroue is gesien as seksuele wesens wat streng beheer moes word. Dit sluit aan by die Middeleeuse siening dat dit geregverdig was om vroue op allerlei terreine in te perk en te beheer. Vroeëre Christen-sienings van prostitusie as sonde het met Thomas Aquinas se ambivalente sienings verander. Aquinas het prostitusie as 'n noodsaaklike euwel

beskou. Teen 1309 het die Biskop van Straatsburg die bedryf van bordele aangemoedig ter wille van die behoud van die sosiale orde en net voor die Reformasie is openbare badhuise en bordele as 'n waardevolle bron van inkomste vir die staat beskou.

Die sestiende eeu, met die Lutherse Reformasie en die bedreiging van sifilis wat aan die toeneem was, het meegebring dat prostitusie strenger beperk is. Hier is weer sprake van die tendens soos voorheen gemeld. Met sosiale, maatskaplike, en religieuse verandering, is die kwessie van prostitusie weer in oënskou geneem.

Luther en Calvyn het prostitusie verwerp, die prostitute was die vyande van geloof, gestuur deur Satan. Prostitute se vingers is afgekap, hulle is gegèsel en uit die stad verban. Toe die vrees vir besmetting met veneriese siektes afneem, het prostitusie toegeneem.

Teen die einde van die agtiende eeu het Duitsers 'n einde gemaak aan twee eeue se pogings om prostitusie te beheer. Instede van onderdrukking, wat in elk geval nie gerealiseer het nie, het hulle geprobeer om dit te reguleer. Die algemene benadering, bekend as ***Kontrollmadchen***, was om geregistreerde prostitute te verplig tot weeklikse mediese ondersoeke. Sekere geboue, en sekere openbare vermaaklikheidsareas soos die teater of sirkus was verbode terrein, en hulle was verplig om inligting te verskaf oor hulle kliënte en om die polisie toe te laat om hulle woonplek te ondersoek, sonder lasbrief.

Die Hitler-regime het terugverval in totale verdoeming van prostitusie. Hitler self het prostitusie as 'n *"provocation of mankind"* beskou, en prostitute was as die laagste vorm van 'n alreeds lae statusgroep, naamlik die vrou, beskou. Prostitute is in hegtenis geneem en gestigmatiseer as psigopaties, skisofrenies en moes verpligte sterilisasie ondergaan. Die realiteite van Wêreldoorlog II het Hitler egter verplig om die toenemende seksuele behoeftes van soldate aan te spreek, en **Wehrmachtsbordelle** is gestig. Bekende prostitute uit konsentrasiekampe is hiervoor gerekruteer en moes, sonder betaling, onder verpligting werk.

Na die oorlog het straatprostitusie gefloreer. Pogings om dit die hoof te bied, het uitgeloop op 1960 se wetgewing dat stede sekere areas onder hulle jurisdiksie kon afbaken as prostitusievrye sones (Jolin in Davis, 1993, p. 128 e.v.).

Volgens Jolin (in Davis, 1993, p. 129) is prostitusie van 1927 af hier wettig en vandag word 'n breë veld van verbandhoudende aktiwiteite statutêr gereguleer. Prostitusie veral, is onderhewig aan openbare gesondheidswette, belastingwette en 'n verskeidenheid van besigheidsregulasies. Die besit of bestuur van 'n bordeel is strafbaar. Menswaardigheid is volgens Artikel 1 van die Duitse Konstitusie onvervreembaar, en die staat voel verplig om hiedie onvervreembare reg te beskerm en te respekteer. Artikel 2 handel oor individuele vryheid en maak die stelling dat alle mense die reg het om hulle persoonlikheid te ontwikkel solank ander se regte en die konstitusionele orde of morele wette nie in die proses oortree word nie. Seksuele selfdeterminisme hoort in die konsepsuele terrein van menswaardigheid en individuele vryheid.

Vyf statute in die Duitse Strafgesetzbuch handel oor prostitusie, van die beskerming van jong mense teen gevaarlike seksuele praktyke, regulasies oor souteneurs, tot die beskerming van prostitute teen ekonomiese eksploitasie. Stede wat voorheen tot Oos-Duitsland behoort het, is tans in die proses om sekere areas as prostituut-vrye sones te verklaar (Davis, 1993, p. 132).

Die Duitse houding en gesindheid teenoor prostitusie is ook vol teenstrydighede. Regeringsbeleid onderdruk nie prostitusie nie; maar laat ook nie volledige beroepstatus toe nie. Prostitusie is, soos geen ander Duitse beroep nie, wettig in sommige plekke, onwettig in ander plekke. As regverdiging word aangegee dat sekere soorte prostitusie, soos straatprostitusie, geassosieer kan word met misdadige subkulture. Huidige Duitse regulasies is nie daarop gemik om prostitusie te verhoed nie, maar om verbandhoudende openbare oorlas of steurnis te verminder.

**Deur die eeue is pogings in Duitsland om prostitusie te kriminaliseer dus deur praktiese implikasies soos die uitbreek van sifilis ondersteun, maar ook telkens weer in die wiele gery deur ekonomiese behoeftes en oorlogsituasies.**

### 3.2.3.2 Frankryk

In Frankryk (Woolston, 1969, p. 11) het rondom 1560 'n versoek gekom dat die prostitute van Parys die stad moes verlaat, maar die dekreet was nooit streng toegepas nie. In hierdie tyd, volgens Sanger (Woolston, 1969 p. 11) het die volgende gegeld:

- Nieteenstaande die ordonnansie van 1560, is bordele gelisensieer deur die polisie;
- Die prostitute was nooit verhinder om hulle werk te doen nie, slegs as 'n belangrike persoon 'n klagte sou indien;
- Bordele was heel dikwels wanordelik met lawaaierige opstootjies wat soms op moord uitgeloop het;
- Straf was aan die magistraat oorgelaat;
- Vonnisse was ligter teen die einde van die ondersoekperiode (in hierdie geval van 1724 tot 1788);
- Sekere strate in Parys was totaal oorgeneem deur die prostitute van Parys.

Selfs burgers van die *"nuwe wêreld"* het gereeld van die prostitute se dienste gebruik gemaak. Van die vroeëre setlaars in die Verenigde State van Amerika, veral diè met voorsate uit Europa, het hulle seuns na Engeland gestuur vir verdere opvoeding. Dit was net onvermydelik dat die seuns in Frankryk besoek sou aflê by 'n prostituut om die tipiese *'French attitude'* van 'n man-van-die-wêreld te ervaar (Woolston, 1969, p. 12). Van hulle het meermale een of ander veneriese siekte opgedoen, maar hierdie praktyk het voortgegaan.

Geis (1979, p. 193) sê oor prostitusie in Frankryk dat daar ook eers vereistes van registrasie gegeld het. Prostitute mog nie naby militêre barakke of plekke van vermaaklikheid rondbeweeg het nie. Hulle is ook verbied om kliënte te werf deur mondelinge onderhandeling of gebare. Soos in Italië is wetgewing ook hier ingedien deur 'n vrou, die Franse Marthe Richard, en bordele is verbied. Later het sy haar eie pogings weerspreek met die gedagte dat bordele noodsaaklik was. Inwoners van bordele moes beskou word as 'n soort sosiale of maatskaplike werker en polisie moes die vervolging staak.

Hierdie ommeswaai het gekom as gevolg van die oortuiging dat die sluit van bordele geen impak op moraliteit gehad het nie, en dat veneriese infeksie astronomies toegeneem het - as gevolg van vryskutwerk van prostitute!

Die gevolge van die Franse eksperiment was geheel en al negatief, volgens Benjamin & Masters (in Geis, 1979, p. 193 e.v.). Die sluit van bordele en die onderdrukking van prostitusie, het die volgende tot gevolg gehad: meer straatvroue, meer souteneurs, meer veneriese siektes, meer misdaad en geen voordeel nie, behalwe die bevrediging dat bordele amptelik verban was.

Corbin (1986, p. 209) verduidelik dat prostitusie in negentiende-eeuse Frankryk baie gerig was op Augustinus se siening (volgens Augustinus in ***De ordine***)

> *"If one suppresses prostitutes, the passions will convulse society, if one gives them the place that is reserved for honest women, everything becomes degraded in defilement and ignominy".*

Volgens Corbin (1986, p. 209 e.v.) het prostitusie en die prostituut nie veel aansien geniet in daardie tyd nie. Die bedryf van prostitusie is as degraderend beskou, en soos lyke, disseksies en menslike afval, moes dit so goed moontlik verberg word. Corbin (1986, p. 213 e.v.) noem 'n reeks beginsels wat die beleid tot prostitusie gestruktureer het. Hierdie riglyne het as uitgangspunt dat prostitusie so ver moontlik uit die 'openbare oog' moes plaasvind:

- Toleransie vir prostitusie;
- Isolering en begrensing van prostitusie;
- Verberg prostitusie so veel moontlik, en beheer prostitute;
- Die behoefte het ontstaan om prostitusie te organiseer;
- Wat behels het dat prostitute gereeld mediese ondersoeke moes ondergaan.

Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie maatreëls in die negentiende eeu gegeld het. Mediese toerusting was in vergelyking met dié van vandag, baie primitief en mediese ondersoeke en behandeling nie baie akkuraat en intensief nie.

Die prostituut moes, volgens bogenoemde beginsels, haarself verberg, maar moes tog herkenbaar wees sodat daar nie 'n misverstand kon plaasvind nie. Een van die maatreëls was dat prostitute nie 'n hoed mag dra nie. In negentiende eeuse kledingsriglyne moes 'n dame altyd 'n hoed dra in die openbaar; die prostituut sonder hoed was inderdaad gebrandmerk. Daar was verwag dat sy haar houding, gebare, manier van praat en woordgebruik moes afskaal tot die *'beskaafde'*. In hierdie tyd het die bourgeoisie 'n afkeer gehad aan fisiese kontak, veral in die openbaar - prostitute moes hulle weerhou van fisiese kontak soos omarming of om 'n kliënt te soen. Die regulering van prostitute was die verantwoordelikheid van die burgemeester van Parys!

In die twintigste eeu, volgens Hoigard & Finstad (1986, p. 181) het teen die middel van die sewentiger jare al hoe meer prostitute-organisasies wêreldwyd begin groepeer, maar die oorsprong was in Frankryk. Hierdie organisasies het begin werk vir prostitute-regte en die tema wat hier deurgetrek kan word, is dat prostitusie as normale "werk" beskou moet word. Sommige van die organisasies is genoem *"Collective of Prostitutes"* en *"International Committee for Prostitutes' Rights"* (ICPR).

Prostitute het, volgens Hoigard & Finstad (1986, p. 181 e.v.) begin staak deur die hele land en het kerke ingeneem om die media se aandag te kry. Barry (1995, p. 238) noem dat die stakings teen 1975 momentum begin kry het, en na baie Franse stede versprei het. Die oorsprong van die stakings was die moord op verskeie prostitute in Lyon, die meeste vermoor deur hulle kliënte. Die polisie het relatief min gedoen om die moordenaars op te spoor, en om die res van die prostitute-gemeenskap te beskerm. Die polisie het slegs voortgegaan soos in die verlede: teistering en inhegtenisneming van die prostitute, boetes is opgelê en hulle mansvriende gevonnis as souteneurs. Gedurende die stakings het prostitute gevra dat:

- Hulle erken word as burgers van dieselfde waarde as ander;

- Wette wat prostitusie kriminaliseer, moes geskrap word;
- Aanvaar word dat hulle werk doen wat bepaal word deur manlike seksuele behoefte.

Terselfdertyd was die prostitute-organisasies sterk gekant teen wettiging van prostitusie deur die bordele onder staatsbeheer te plaas. Hierdie staking is opgevolg deur 'n soortgelyke een in Engeland en die gebeurtenis van 'n *"Second World Whore's Congress"* in Brussel in 1986. Op hierdie kongres was die eenparige eis dat:

> *"prostitution [should] be redefined as legitimate work and that prostitutes [should] be redefined as legitimate citizens".*
>
> *- (Hoigard & Finstad, 1986, p. 181 e.v.).*

Die eerste World Whore's Congress is in Amsterdam in 1985 gehou (Plant, 1993, p. 44). Op hierdie kongres is die stigtingsakte voorgelê en aanvaar. Hierdie stigtingsakte word as bylaag aangeheg aan die einde van die verhandeling. Hierdie twee kongresse het ten doel gehad om vroue uit die eerste en derde wêreld te verenig tot groter bedingingsmag, en het uitgeloop op 'n "World Whores' Summit in San Francisco in 1989 (Bell, 1994, p. 104).

**Behalwe vir die nou reeds bekende beleidsaanpassings oor prostitusie wat kenmerkend is in die geskiedenis, is die invloed van georganiseerde prostitusie-bewegings op die moderne beleidsmaking relatief oneffektief. Prostitute het in Frankryk ook probeer om die arbeidswêreld van vakbonde, stakings en onderhandeling, te betree.**

### 3.2.3.3 Italië

In 1958, met die aanname van die Merlin-Wet, is bordele in Italië, verbied. Angelina Merlin het haar kollegas in die parlement oorreed om bordele te sluit. Bordele het in daardie tyd astronomiese bedrae aan belasting aan die staat betaal. Merlin het gewen op grond van hierdie *"vorm van slawerny"* wat beeïndig moes word. Die prostitute wat die beskerming van die bordeel verloor het, het nie na Merlin se sentra van sosiale heropvoeding gegaan nie, maar het na die strate gegaan. Hulle hoef nie meer te registreer het by die

polisie nie, mediese ondersoek was nie langer nodig nie, en indien hulle gevang was vir tippelary was agt dae in gevangenis die maksimum straf wat hulle opgelê kon word. **Prostitusie is dood - lank lewe prostitusie.** Die getalle het van 18 000 vermeerder tot ongeveer 200 000, en die meer suksesvolle prostituut het uit haar duur Alfa Romeo haar beroep beoefen. Een hoteleienaar merk op

> *"They're so thick in the historic part of the city (Rome) you've got to wade through tons of makeup and bumps and grinds to get to the monuments"*
>
> *- (Geis, 1979, p.193).*

Volgens die 1958-bedeling was prostitute verplig om periodieke mediese ondersoeke te ondergaan. Prostitusie is bedryf deur skakelborde, op sypaadjies en enkeles wat van klandestine huise hul besigheid gedoen het. Een amptenaar van Rome se polisiediens verklaar dat alle hoop op morele rehabilitasie slegs ***hoop*** gebly het (Geis, 1979, p. 192).

Italië het reeds in 1958 weggedoen met bordele maar teen 1971 was verslae ingedien dat prostitusie nog net so voortgaan het. Die voorkoms van veneriese siektes het verdriedubbel sedert regulerende wetgewing ingedien is, en ongeveer 30% van die prostitute was besmet.

**Weer eens kan tot die slotsom geraak word dat regulerende wetgewing ook in Italië blykbaar nie die probleem opgelos het nie.**

#### 3.2.3.4 Nederland

Hierdie grondwetlike monargie het ontstaan uit die samesmelting van sewe state as 'n onafhanklike republiek in 1581. Die Nederlanders het 'n reputasie gevestig vir 'n goedige toleransie vir vreemdelinge en afwykendes. Dit het veral gegeld in die area waar die meeste mense gewoon het, die sogenaamde ***de Randstadt*** (die area tussen die vier grootste stede, Amsterdam, Rotterdam, Den Haag en Utrecht). Dit verklaar die ontstaan van 'n kosmopolitaanse karakter van ***de Randstadt*** waar die twee hawestede Rotterdam en Amsterdam toegang gebied het vir vele besoekers en immigrante van oral oor. Hierdeur leer die Nederlanders dat hulle kultuur, waardes en norme relatief is, en die tipiese

Nederlandse dubbelstandaarde word algemeen aanvaar en is nog steeds merkbaar. Deug en ondeug het in simbiotiese interafhanklikheid voortbestaan.

Teen die einde van die negentiende eeu het wetgewing ook in Nederland ontwikkel uit die Franse Strafreg wat vereis dat bordele en die vroue wat werk in hierdie instellings, registreer by die polisie (Sterk-Elifson, in Davis, 1993, p. 191 e.v.). Benewens die registrasie moes elke prostituut verpligte mediese ondersoeke ondergaan en getoets word vir seksueel-oordraagbare siektes. Teen hierdie tyd het twee denkskole aangaande prostitusie, naamlik dié van prohibisie en dié van abolisie ontstaan. Die prohibisioniste het staatsintervensie voorgestaan en moontlike regulering. Die abolisioniste het geveg teen enige vorm van staatsinmenging met die argument dat prostitusie nie verpolitiseer mag word nie. Volgens die abolisioniste was prostitusie nie 'n fenomeen wat regeringsbeheer nodig het nie.

Om 'n werkbare kompromie te bereik, is in 1911 wetgewing ingedien wat diegene wat wins maak uit prostitusie, soos ***pooiers*** (souteneurs) en ***gelegenheidgevers*** (fasiliteerders) te straf. Hierdie maatreëls, so is gedink, sou prostitusie uitroei en die souteneurs kon beheer word. Die feit dat vroue uit vrye wil prostitute word, is geïgnoreer. Geleidelik is prostitusie ook geïgnoreer, veral teen 1930-1940.

Sterk-Elifson (in Davis, 1993, p. 191 e.v.) meld dat as die relatiewe grootte van Nederland geneem word teenoor die bevolking, die bevolkingsyfer baie hoog is; dus maak dit van hierdie land huidiglik een van die digsbevolktes in Europa. Die areas waar die digste bevolking voorkom, is die stedelike gebiede. Digtheid van bevolking kan ook 'n groot invloed uitoefen op prostitusie. In hoëdigtheid-gebiede is daar die natuurlike verspreiding van swak behuising, werkloosheid, gesinsverbrokkeling, armoede, sedelike verval - soos in so baie ander plekke, 'n ideale teëlaarde vir misdaad, afwykende gedrag, en uiteraard ook natuurlik prostitusie.

In Nederland is dit dus nie vreemd dat vroue wat leef van die inkomste uit prostitusie, in groot getalle voorkom nie.

Na Wêreldoorlog II het die groot aantal prostitute weer eens die aandag getrek. Soms het hierdie vroue geboorte geskenk aan kinders buite die huwelik en pogings is aangewend om vroue te rehabiliteer. Programme wat morele druk uitgeoefen het, is van stapel gestuur, maar dit het nie vir die prostitute geld ingebring nie - die gevolg: **Lank lewe Prostitusie!**

Volgens Sterk-Elifson (in Davis, 1993, p. 191 e.v.) het in hierdie tyd die wêreldwye seksuele revolusie Nederland ook bereik en vrye seks was oral aanvaarbaar, en vroue was aangemoedig om 'n aktiewe rol te speel. Vrye seks sou dalk beteken dat prostitute (wat geld vra vir seks) glad nie meer nodig was in die tydperk van vrye, beskikbare seks nie. In der waarheid het prostitusie gefloreer - seks sonder sosiale verantwoordelikhede of vir opwinding was nog steeds in aanvraag. Baie vroue in Suid-Oos-Asië, Suid-Amerika en Afrika is gewerf vir prostitusie, onder die voorwendsel van 'n goeie werk met 'n beter toekoms in Europa. Wanneer hierdie vroue in Nederland aangeland het, was hulle verplig om as prostitute te werk. Nog 'n rede vir intervensie was dat al meer prostitute dwelms begin gebruik het.

Teen 1972 het hier ook 'n laissez-faire-houding geheers - as gevolg van die regering se beredenering oor koste teenoor voordele. Die regering wou nie gesien word as 'n struktuur wat kommersiële seks beheer nie. Terselfdertyd was prostitusie beskou as versteuring van openbare orde, veral die dwelm-verslaafde straatvrou (***tippelaarsters***). Die wetgewer, en wetstoepassers se taak was beskou as een van die handhawing van openbare orde, nie sedebewakers nie (Davis, 1993, p. 195).

In Nederland was daar geen wette wat prostitusie as onwettige aktiwiteit verklaar het nie, maar terselfdertyd is dit ook nooit geheel en al aanvaar nie. Sekswerkers is gestigmatiseer en as van 'n lae sosiale status beskou. Prostitusie word regdeur Nederland aangetref, ook in die plattelandse gebiede. Die beroep word beoefen in areas waar dit sosiaal aanvaarbaar is, in stede, op die Duitse en Belgiese grense, ***raam prostituees*** (vensterprostitute) werk langs hoofroetes, en daar is *sex boerderijen* (seksplase). Daar is ook dwarsdeur die land verveelde huisvroue wat kliënte ontvang in hulle huise, terwyl hulle mans werk.

Tans, na lang geredekawel deur die wetgewer, met toetrede van feministiese organisasies is die beleid dat prostitusie in Nederland aanvaar word as 'n normale professie en dat prostitute nie gestigmatiseer mag word nie. Prostitusie is 'n wettige besigheids-onderneming en prostitute het dieselfde regte en verpligtinge as enigiemand anders. Prostitusie is beskou as 'n wettige beroep in 1988 en teen 1990 word prostitute aanvaar as lede van Nederland se dienslewerings-vakbond (Service Sector Union).

Elke streek in Nederland het egter die vryheid om sy eie opsie oor wetgewing, binne die raamwerk van nasionale wetgewing, toe te pas. Hier is dus 'n voorbeeld waar wetgewing en sosiale aanvaarding van prostitusie, geografiese varieer, aldus Jolin (Davis, 1993, p. 192).

**Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die dekriminernalisering van prostitusie die bedryf nader laat beweeg na 'n verhoogde status aan prostitute, waar hulle lidmaatskap kan bekom van diensleweringsvakbonde.**

#### 3.2.3.5 Portugal

Prostitusie en wetlike interdiksie kon hier tot sover as 1170 teruggevoer word (Geis, in Davis, 1993, p. 228 e.v.). In 1170 is 'n statuut uitgevaardig wat die inhegtenisneming van *barregas*, vroue wat saam met priesters gewoon het, verpligtend gemaak het. Prostitute moes ook van ander vroue weggehou word. Joao II het segregasie van die persele waar prostitute gewoon en gewerk het, verpligtend gemaak, en enige persoon wat 'n perseel in 'n verbode area aan prostitute verhuur het, is gestraf.

Pais (Geis in Davis, 1993, p. 220) se twee monografiese studies het die geskiedenis van prostitusie van die negentiende tot die twintigste eeu in Portugal, saamvat. In ongeveer 1840 is die rol van prostitusie as integrale deel van die sosiale lewe uitgeforseer na een op die periferie van die samelewing. Deur die gewoonte van huweliksluiting in die hoë klasse, primêr vir politieke en finansiële voordele het 'n Boheemse samelewing ontwikkel, met 'n groot verskeidenheid van kulture en kultuurgewoontes. Vroue was normaalweg tuis gelaat en prostitute het 'n aand se geselskap en plesier verskaf aan *"gerespekteerde"* mans. Die prostitute het die rol vervul van fado-sangers, het saamgegaan na bulgevegte en in tavernas

die mans vermaak. In hierdie tye is prostitusie dus beskou as 'n onderneming van sosiale belang, met 'n definitiewe positiewe sosiale status aan die prostituut.

Volgens Pais (Geis in Davis, 1993, p. 229) het **twee faktore** 'n einde gebring aan hierdie reëling. **Vroue is bevry** - fatsoenlike vroue mag ook hulle huise verlaat en vrylik rondgeweeg het in die samelewing. Die bourgeoisie-mans wou hulle sosiale status en rykdom ten toon stel deur hulle vroue op te tooi en te versier. Eenkeer uit hul huise, moes die vroue en hulle kinders beskerm word teen prostitute, want kuisheid van Portugese meisies was hooggeag in hierdie huishoudings. Die **tweede faktor** was die groot kommer oor die verspreiding van sifilis. Die aanbevole reëling was gelisensieerde bordele en gereelde mediese ondersoeke vir die inwoners.

Die dramatiese sosiale transformasie vanaf 1840 tot 1870 het meegebring dat gerespekteerde vroue al hoe meer ten prooi geval het van die sosiale spel van ***caca*** (die jag) en prostitute is uitgefasseer na die buitewyke van sosiale bestaan. Lissabon het, met 'n inwonertal van amper 300 000, 'n totaal van 11 000 prostitute gehuisves. In hierdie tyd is drie soorte huise vir prostitute bedryf: 'n aantal vroue leef saam by 'n vaste adres, privaatprostitute is deur alleenlopende prostitute bedryf en die ***casas de passes***, huise waar prostitusie beoefen is, maar nie gebruik is as woonplek vir die prostitute nie.

Vroue het geleidelik meer vryheid bekom, en prostitusie was toegelaat, maar beperk tot bordele in toegelate areas. In 1974 is die *"Carnation Revolution"* deur linksgesinde militêre leiers uitgevoer en hierdie bevrydingsregering het alle wetgewing oor prostitusie afgeskaf - soos dit vandag nog geld.

So was die toestand, volgens Geis (in Davis, 1993, p. 225) totdat prostitusie gewettig is in 1982, maar tippelary bly strafbaar. Weer eens die kontraversie tussen diegene wie prostitusie as 'n openbare ergernis beskou en diegene wat dit beskou as 'n keuse wat uitgeoefen mag word en nie deur wetgewing verbied mag word nie.

**Prostitusie is in Portugal nog steeds wettig, maar tippelary, of openbare uitlokking, is strafbaar. Die Portugese leiers was vasgevang in 'n dilemma. Aan die een kant het wetgewing oor prostitusie verslap, maar die resultaat was nie na wense nie.**

3.2.3.6 Spanje

So vroeg as die 12de eeu was hier duidelike wetgewing oor prostitusie. Hierdie wette het sulke aspekte beheer soos die hantering van bordele, en in 'n mate ook hoe die prostitute die geld wat hulle verdien het, mag bestee!

Die gevaar van oordraagbare siektes is reeds in 1570 aangespreek toe geneeshere die bordele gereeld besoek het om die gesondheidstoestand van die werkers te ondersoek, en indien nodig, hulle vir behandeling te laat opneem in hospitale wat spesifiek vir daardie doel bestaan het.

Baie Spanjaarde het uitgewyk na die Spaanse Kolonies en vroeë setlaars in die suidweste van Amerika het prostitusie en die wetgewing daaroor as alledaags aanvaar. Nietemin kon die ylbevolkte gebiede waar vroue skaars en te waardevol as huweliksmaats en moeders was, nie 'n groep vroue afstaan om as prostitute te werk nie. Inderdaad het die warm Spaanse temperament, gemeng met Meksikaans-Indiaanse bloed nie juis hoë seksuele moraliteit in die hand gewerk nie - vir seksuele bevrediging het die tradisionele gemeenskappe wat reeds in daardie omgewing gewoon het, ingestaan (Woolston, 1969, p.13).

Davis (1993, p. 227) maak melding van die gebruik van Portugese vroue wat na Spanje uitgevoer is om in Spaanse stede soos Malaga en Pontevedra as prostitute te werk. Feitlik hulle hele verdienste het na die entrepreneur gegaan wat hulle werk in nagklubs aangebied het.

Volgens Estebanez (in Plant, 1993, p. 186) is in Spanje ook 'n toename in die aantal vroue wat prostitusie bedryf, te bespeur. Hierdie neiging word trouens in ander ontwikkelde lande ook gevind. Heersende sosiale en ekonomiese toestande is gunstig vir kommersiële seks. In Spanje kom ook 'n verskeidenheid van soorte prostitusie voor. Veral

kommerwekkend is dat al hoe jonger meisies prostitute word om hulle dwelmbehoeftes te finansier. Moderne prostitute werk uit kroeë, sekswinkels, bordele, diskoteke en masseersalonne - hierdie plekke kom net so dikwels voor in die middestad as in die buitewyke. Volgens Estebanez (in Plant, 1993, p. 186) se sosio-ekonomiese pespektief kan prostitute in Spanje in drie kategorieë ingedeel word:

- **diegene wat op straat kliënte werf, komende uit 'n laerklas-agtergrond en uit groot, gedepriveerde gesinne;**
- **diegene uit 'n hoërklas-agtergrond, wat uit kroeë en hotels werk, en wat meer skoolopleiding as die vorige groep geniet het;**
- **en die 'call girls' - hulle het die hoogste vlak van opleiding en kan dikwels verskeie tale praat.**

In 1956 is wetgewing ingedien om alle bordele te sluit. Hierdeur is prostitusie ondergronds gedryf. Prostitusie was onwettig, maar het sosiaal-aanvaarbaar gebly. In 1963 is hierdie wetgewing herroep.

Die nuwe reëling is dat prostitusie wettig is, behalwe in die geval van vroue onder 23 jaar of waar 'n derde persoon betrek word. Wetgewing verbied enige daad van geweld of oorreding om 'n vrou tot prostitusie te dwing, inkomste te bekom uit die bedryf van prostitusie en die voorsiening van 'n persoon om prostitusie te bedryf.

**Hier het dus 'n ander dimensie ingetree, naamlik die ouderdom van vroue wat as prostitute mag werk. Vroue onder die ouderdom van 23 jaar was nie toegelaat tot die prostitusie-bedryf nie, en souteneurs kon aangekla word van misdaad.**

### 3.2.4 Prostitusie in Israel

Ahmed (1992, p. 127) sê gedurende die negentiende eeu het gemeenskappe van die Midde-Ooste fundamentele sosiale veranderings ondergaan. Geleidelik het die vrou, voorheen beheer en afgesonder deur haar man, deur sosiale institusies en meganismes bevry geraak. Die heersende sosiale sisteem het die streng maatreëls van Midde-Oosterse onderdrukking

van vroue nagekom, en gekombineer met diè van die Islam. Algaande het kulturele en ideologiese ontwikkelinge gevolg wat 'n diepgaande invloed op beide mans en vroue gehad het.

Shoham, Rahav, Markovski, Ber, Clard, Rachamin & Bill (1983, p. 57 e.v.) verwys na 'n projek wat in Israel uigevoer is. Volgens hierdie navorsers word meisies prostitute as gevolg van 'n negatiewe identiteit wat aan die persoon toegesê word deur haar sosiale omgewing. Wat opvallend was, was die prostitute wat gevoel het hulle was anders behandel, dikwels die swartskaap in die gesin. Hulle het hierdie andersheid as 'n stigma ervaar, en hierdie andersheid het dikwels gelei tot 'n self-vervullende profesie, met ander woorde die negatiewe etiket het omgesit in 'n stigma wat die *'andersheid'* beklemtoon - al hierdie prosesse het gespruit uit 'n predisponerende voorspelling.

In Die Volksblad (14 Desember 1995) verskyn 'n berig oor die moontlikheid dat die Israelse Parlement binnekort wetgewing gaan oorweeg om prostitusie te wettig. Die voorsteller wil *"diskrete prostitusie"* wettig, *"op voorwaarde dat dit nie die bure steur nie"*. Hierdie wetsontwerp is voorgestel na aanleiding van 'n verslag van 1977 wat bevind dat prostitusie nie deur Joodse godsdienswette verbied word nie.

**Selfs in 'n land waar die vrou redelik beskerm word deur strenger godsdienswette, word prostitusie onder die soeklig geplaas deur beleidmakers.**

### 3.2.5 Prostitusie in sommige Oosterse Lande

Weer eens is dit nie moontlik om wetgewing in alle Oosterse lande te bespreek nie. 'n Algemene tendens in die Ooste is die toenemende toere wat deur reisagentskappe geadverteer word waar seks die hoofdis is. Jong meisies word ook baie dikwels verkoop, dikwels deur hulle familie, om as prostitute in ander lande te gaan werk.

### 3.2.5.1 China

Xin Ren (in Davis, 1993, p. 87 e.v.) verduidelik dat prostitusie as *'sosiale fenomeen'* in China bestaan het dwarsdeur die geskiedenis van hierdie beskawing. Die groepe vermaaklikheidskunstenaars wat mitologiese verhale uit die Shang-dinastie (1523 - 1028 v.C) verbeeld het, was heelwaarskynlik die vroegste bekende prostitute. Prostitute en hulle kliënte is bymekaar gebring deur souteneurs, in plekke waar daar musiek, dans en eetgeriewe was. Hierdie algemene vorm van seksbedrywighede is deur Chinese tradisies, gewoontes en wette ondersteun.

Prostitusie, soos ander onwettige tydverdrywe wat florerende industrieë in stand gehou het, het oorleef in Chinese samelewing vir meer as 2 000 jaar. Ten spyte van veranderinge in sosiale en ekonomiese sisteme, wette, houdings teenoor seks, huwelike en vroue, bly prostitusie 'n lewendige struktuur.

Seksuele verkeer buite die huwelik was nie altyd as verkeerd en sondig beskou nie - veral nie vir mans nie. Erotiese letterkunde en inheemse fiksie oor seks was taboe. Gebaseer op Confucius se drie kardinale riglyne (keiser lei die ministers, vaders lei seuns en mans lei hulle vrouens) en die vyf deugde (nederigheid, regverdigheid, fatsoenlikheid, wysheid en trou) is die grense tussen moraliteit en immoraliteit verskraal en bepaal volgens die sosiale status van die persoon. Seksuele praktyke in hoër-klas bordele is gewettig - die prostitute is dikwels verarmde adelmeisies, en hulle kon roem op verbintenisse met hoërklas-mans. Vir die laerklas was seks buite die huwelik deur sosiale sedes en deur die owerhede verbied (Xin Ren in Davis, 1993, p. 88).

Tydens die Han-dinastie (206 - 220 v.C.) is prostitute as private eiendom aangehou. Hierdie vroue het vonnisse uitgedien vir misdade waaraan hulle skuldig bevind is, of hulle mans was in gevangenis of verban. Tydens die Qing-dinastie (1644-1911) is staatsbordele verban, maar private bordele het bly voortbestaan.

In moderne China, na die val van die imperiale stelsel in 1911 het die prostitute-bedryf 'n nuwe era ingegaan. Weer eens het met die verandering in staatsbestel 'n betekenisvolle skuif in wetgewing, die houding oor prositusie beïnvloed. Al het die imperiale stelsel verdwyn,

het die tradisionele waardes en gewoontes die sosiale status van die vrou behou. Volgens die senioriteit van familie-hiërargie was die ouers die voogde van hulle kinders; as sulks het hulle die reg gehad om hulle kinders as slawe te verkoop, en mans kon hulle vroue as slawe aanbied. Prostitusie is deur die Nasionale regering verban, maar het bly voortbestaan in stede soos Shangai, Beijing en Nanjing. In 1949 met die inval van die Chinese Bevrydingsmagte is politieke prioriteit toegesê aan die herstel van sosiale orde en is bordele streng beheer met beperkende maatreëls - maar hulle is nie gesluit nie.

Daar was te veel werkloosheid in die groter stede, en prostitusie het 'n inkomste gewaarborg. Kommuniste het prostitusie probeer uitwis, maar dertig jaar later het dit nog steeds voorgekom. Die verkoop van meisies en vroue het voortgegaan. Een verskynsel van die nuwe geslag prostituut was hulle gewilligheid om deel te wees van die sekshandel. Veral die vroue uit arm plattelandse gebiede vlug vir hierdie armoede en probeer 'n beter lewe vind - prostitusie blyk 'n aantreklike en voordelige geleentheid te wees. In 1992 het die Thai-regering erken dat Chinese vroue, sommge so jonk as 13 en 14 jaar, ontvoer en verkoop word aan bordele - om as prostitute te werk. Hulle word oor die grens gesmokkel en souteneurs is veral op die uitkyk vir jong maagde.

In 1950 het die Kommunistiese regering prostitusie probeer uitwis met streng sanksies teen souteneurs en leiers van prostitute-bedrywighede. Prostitute moes rehabiliteer en hervorm, maar ten spyte van die streng maatreëls het prostitusie weer teen 1980 begin toeneem. Ekonomiese voordele was altyd die hoofdoel van prostitute- bedrywighede, en met kapitalisme wat kommunisme vervang het en die Westerse invloed van ideologiese vryheid is prostitusie in China 'n struktuur om deeglik van kennis te neem (Xin Ren in Davis, 1993, p. 87).

**Hier het selfs die totale ideologiese omwenteling, of die kommunisties georiënteerde suiweringsproses, die bedryf van prostitusie nie uigewis nie, al is streng wetgewing ingedien.**

### 3.2.5.2 Indië

In die verre verlede van Indië (Clinard, 1974, p. 508) het die *devadasis* of danseresse in die tempels 'n belangrike rol vervul as tempelprostitute, maar hulle was destyds ook die enigste Indiese vroue wat geleer het om te lees. Omdat hierdie meisies tot die tempel behoort het, is die fooi vir seksuele verkeer aan die tempel betaal en seks dan as 'n soort godsdiensritueel beskou.

Indiese kultuurtradisies is volgens Geis (1979, p. 194) baie kompleks. Die kaste-tradisies was soms verbind met prostitusie. Meisies is streng in 'purdah' gehou, dit wil sê gesluier en in afsondering. Indien hulle deur 'n buitestaander gesien is, of aangeraak is, is hulle verban uit die huishouding. Die oortreder is by die hek uitgestoot deur bediendes en enigiemand kon haar wegneem. Sy het heel dikwels die beroep van prostitusie gekies.

'n Ander vorm van prostitusie is ook in Indië toegepas:

> *"Communities exist in many parts of India unrelated to each other but having similar traditions, i.e. the daughters of the house automatically become breadwinners of the family, the sons may marry but serve their sisters and help them to carry on the profession as pimps and instrumentalists if they belong to the dancing and singing class. There was nothing clandestine about it and families approved of and made arrangements for a newly matured girl to enter into the profession with due pomp and ceremony"*
>
> *- (Rosenthal, in Geis, 1979, p. 195).*

In 1958 is ook in Indië 'n poging aangewend om bordele te sluit, toe 'n soortgelyke reformasie-beweging wêreldwyd plaasgevind het. Soos elders, is die futiliteit van hierdie reformasie 'n dekade later besef. Na jare van vrugtelose pogings, het 'n waarnemer opgemerk, is die resultaat

> *"a marked decline in moral values and the spread of disguised forms of prostitution"*
>
> *-( Geis, 1979, p. 195).*

**Die aanvanklike wetgewing teen prostitusie moes ook maar weer swig voor konstante oortreding, en onvermoë om wette na behore toe te pas.**

### 3.2.5.3 Japan

Tomita (in Davis, 1993, p. 177) neem die oorsprong van prostitusie in Japan terug tot in die sesde eeu. Die groei van stede as gevolg van toenemende handel het prostitusie na hawestede en handelsentra gebring. Teen 1589 is gelisensieërde bordele in afgebakende streke in Osaka en Kyoto toegelaat. Hierdie *"pleasure quarters"* is gereeld deur wetstoepassers besoek en gekontroleer - die doel was om prostitusie te beperk. Ironies was die feit dat baie kunsvorme soos dans, musiek, drama en ukiyoe-tekeninge geassosieer was met die areas waar prostitusie ook gedy het. In 1688 is die Bevryding van Slawe-wetgewing uitgevaardig, later ook die Prostitute-Bevrydingswet in 1872. Die Meiji-regering het geprobeer om prostitusie te reguleer en hier vind ons weer 'n geval van regeringspogings om prostitusie te sanksioneer en te reguleer. In hierdie tye het baie Japanse vroue elders gaan werk as prostitute, veral in China en Korea.

Meer resent, en veral na Wêreldoorlog II en die Japanse Oorgawe is 'n poging aangewend om gelisensieërde bordele te sluit. Die bordele het gesluit, maar spesiale eetplekke het steeds dienste van seksuele aard bedryf. Na-oorlogse armoede het ook al hoe meer vroue na die strate gedwing. Met die aanvaarding van 'n nuwe grondwet waarvolgens prostitusie gesien word as ondemokraties, is op openbare versoek, strenger maatreëls toegepas en na aanleiding van hierdie sentimente het die aanvaarding van die Anti-prostitusie-Wet van 1956 gevolg (Geis, 1979, p. 194 e.v.).

Ook in Japan, volgens Clinard (1974, p. 508) was sekere dele van 'n stad aan prostitute toegesê, en dit was, soos in Tokio, 'n baie gesogte buurt. Die prostitute se voortreflikhede is soos 'n curriculum vitae vertoon. Japanse geishas was hoog opgeleide meisies, vertroud

met die fyner kunsies om te onthaal en was as prostitute hoog aangeskrewe. Russell (1958, p. 120) maak ook melding van die gerespekteerde beroep van prostitusie. In Japan is dit selfs op aandrang van die ouers aanvaar. Jong meisies het ook hierdeur geld verdien om 'n bruidskat te versamel. Volgens sommige kenners het die Japanese 'n gedeeltelike immuniteit teen sifilis. Hiervolgens is die beroep van die Japanese prostituut nie so erg gestigmatiseer as in ander lande nie. Waar strenger morele en etiese oortuigings geld, word die beroep van prostitusie met meer afkeur beskou.

Tomita (in Davis, 1993, p. 177 e.v.) maak ook melding van die prostitusie-voorkomingswetgewing (baishun-boshi-ho) van 1956. Voorheen was prostitusie deur Japanese owerhede beskou as 'n noodsaaklike euwel. Artikel 1 van hierdie wetgewing beskou prostitusie as

*"injurious to human dignity, against sexual morals, and socially disruptive".*

Al was dit so beskou, was daar geen wetgewing ingevolge waarvan prostitusie en verwante aktiwiteite teengegaan kon word nie. Straf was beperk tot overte aktiwiteite soos openlike uitlokking en gedrag wat prostitusie kon bevorder. Die rede vir hierdie teenstrydigheid tydens die aanname van die wet was dat prostitute nie as oortreders deur die samelewing beskou is nie en dat die staat geen reg had om met seksuele gedrag in te meng, tensy dit die samelewing versteur het nie. Weer eens het 'n bykomende reglement, Artikel 4 dit duidelik gestel dat die regte van die burgery nie geskend mag word nie.

Geis (1979, p.194) sê prostitusie is in Japan in 1957 verban. Die Japanse regering het die toegewing gemaak dat bordeelhouers, prostitute en hulle kliënte vir een jaar vanaf dié datum nie gestraf sou word nie. In hierdie tyd moes almal met hierdie professie nuwe maniere van inkomste bekom. Nog eens het wetgewing nie prostitusie stopgesit nie - die 150 000 prostitute wat in 1957 as sulks werksaam was in die rooiligareas, het binne die toegelate jaar in ander verskuilde aktiwiteite hulle oorspronklike beroep beoefen, of was deur rampokkers beheer. By monde van 'n segsman van die Japanse Ministerie van Welsyn en Gesondheid:

*"It is clear that prostitution is a problem of such social complexity that it cannot be resolved by passage of legislation. As indicated by experience in*

*Japan and other countries, disguised prostitution - with all its attendant evils - may quickly become a substitute for the old red-light districts"*

*- (Geis, 1979, p. 194).*

Wat die status van die hedendaagse prostituut in Japan betref, is daar die gewone straatprostituut wat teen geringe vergoeding haarself beskikbaar stel. Hierdie straatvroue is van die strate verdryf deur die aanname van wetgewing teen prostitusie en het hul beroep beoefen op ander terreine, te wete die Turkse baddens wat maar net 'n ander benaming vir 'n bordeel is. Verder is daar die opset waar kamers met baddens en 'n masseuse gehuur kan word. Die masseuse is beskikbaar vir seksuele verkeer, maar sy is nie skuldig aan enige misdaad nie, want sy lok nie mans uit om van haar dienste gebruik te maak nie. 'n Deel van haar inkomste gaan ook aan die bestuurder, dus verminder dit die risiko dat sy in hegtenis geneem kan word, volgens Tomita (Davis, 1993, p. 179).

Meer onlangs het vroue uit vreemde lande tot Japan se prostitute toegetree - aanvanklik kom hulle as toeriste, en dan werk hulle onwettig as kroegmeisies of ontkleedansers. Om hulle inkomste aan te vul, is hulle ook beskikbaar vir prostitusie.

**Volgens die inligting soos hierbo, gaan prostitusie, al is tippelary en uitlokking verbied, steeds voort in Japan.**

### 3.2.5.4 Maleisië

In die dae voordat 'n poging aangewend was om prostitusie af te skaf, in die omgewing van 1927, was een van Singapoer, die hoofstad van Maleisië, se mees vooruitstrewende industrië dié van prostitusie. Daar was 'n hele groep *"rickshaw-coolies"* wat spesifiek kliënte onder die toeriste, welgestelde Chinese en dronk matrose gewerf het. Hulle het die kliënt in die riksja gelaai en na die prostitute-area geneem. Bordele is in sekere areas van die stad toegelaat. Volgens Warren (1986, p. 161) was prostitusie so florerend omdat daar 'n groot groep alleenlopende migrante-werkers in Singapoer saamgetrek was. Die riksjas was baie bedrewe met die werf van kliënte, en het geweet dat 'n alleenlopende man laat in die aand slegs op pad kon wees na een plek: Malaystraat - die straat waar prostitute hulle

bedryf beoefen het. Teen 'n geringe fooi is die man daarheen vervoer, al het hy ook geen woord gepraat met die riksja nie.

Warren (1986, p. 163) noem dat baie prostitute gebruik gemaak het van die riksjas om hulle te neem na die kliënte of na ander bordele. Al was die plek van ontmoeting slegs een straatblok vér, is die prostitute daarheen vervoer met 'n riksja, want hulle was dikwels baie mooi aangetrek en het baie goue juweliersware gedra wat hulle opvallend as moontlike prooi vir straatboewe uitgewys het. Baie van hulle is beroof en ook beledig tydens die rit. Die prostitute het so baie gebruik gemaak van hierdie manier van vervoer dat sommige riksjas as bordeel-voertuie (*"brothel vehicles"*) bekend was. In die bordele van Malaystraat is baie dikwels opium verkoop. Prostitute van Canton, genoem *"flower girls"* was baie gewild, maar het die reputasie gehad as die grootste verspreiders van gonoree en sifilis. Prostitute was nie ondersoek op gereelde basis voor 1987 nie (Warren, 1986, p. 290).

In 1927 is alle aktiwiteite met seksuele ondertone, in rooilig-areas verbied. Bordeelhouers en souteneurs het eenvoudig hulle bedryf na ander plekke geneem. Chinese en Japannese losieshuise was as bordele gebruik en die riksjas het geweet waar hierdie losieshuise geleë was en het kliënte daarheen geneem (Warren, 1986, p. 164).

**In Maleisië, soos in baie ander lande, het geen regerings-intervensie geslaag om prostitusie uit te wis nie. Seker een van die grootste redes is dat die seks-industrie 'n baie winsgewende bedryf is, en nie die regering, of die individue, is geneë om van hierdie bron van inkomste afstand te doen nie.**

### 3.2.5.5 Taiwan

Die geskiedenis van prostitusie in Taiwan word ook aan die staatkundige status van die eiland gekoppel. Taiwan was, voor die sewentiende eeu, bevolk met groepe uit Maleisië en die Polinesiese eilande. In 1662 het Taiwan amptelik deel geword van die Chinese ryk. Met die toestroming van Chinese na die eiland, en die uitkoms van die Sino-Japannese Oorlog van 1895, het twee rigtings ontstaan. Beide die Chinese en Japannese het 'n algemeen aanvaarde toleransie vir prostitusie gehandhaaf. Vroue is gesien as minderwaardig teenoor

mans, en kon gekoop en verkoop word vir 'n verskeidenheid van oormerke, insluitende huwelike en dienslewering (prostitusie). Prostitute van hierdie eeu het meestal uit die Chinese vasteland gekom, saam met ander immigrante. Bordele het ontstaan om tot diens te wees van arbeiders en reisende besigheidsmanne. Die teehuise het, soos in Japan, prostitusie laat gedy.

Gedurende Wêreldoorlog II is Taiwannese prostitute verbied in soldate-klubs en om menasies te besoek. Twee verdere *'invalle'* het prostitusie in Taiwan direk beïnvloed: Amerikaanse militêre personeel is gestasioneer op die eiland, en Amerikaanse soldate uit Vietnam is daarheen gestuur vir rus en ontspanning. In 1968 het ongeveer 6 000 soldate in een maand op die eiland beland. Die ander *'inval'* was van Janannese mans, op ***sekstoere***, soos deur die toeristebedryf geadverteer (McCaghy in Davis, 1993, p. 278).

In Taipei is die beroemde Hwa Hsi (die sogenaamde Slangallee) wat slegs twee straatblokke beslaan. Die area bestaan meestal uit winkeltjies en restaurante wat elke denkbare gedeelte van slange aanbied as middel tot die prikkel van geslagsdrifte. Hier is 'n beraamde getal van 1 100 prostitute werksaam in bordele wat tot 20 vroue huisves. Die polisie het hierdie instellings gelisensieer, die werkers is ook gelisensieer, en veronderstel om nie onder 20 jaar oud te wees nie. Die area, bekend as die Wanhua-bordeelstraat is die enigste plek waar prostitusie amptelik toegelaat word. Ongelisensieerde bordele vir fabriekswerkers word in ander areas bedryf.

Taalgebruik in Taiwan reflekteer verskillende perspektiewe aangaande die prostituut en haar kliënt. Die vrou is 'n prostituut, sy verkoop *'wellus'*, die man is op soek na plekke waar blomme (flowers) en wilgers (willows) is. Uit die man se perspektief word seks beskryf as *"beauty and grace"*. Al word die woordeskat so gebruik om die man se skuldgevoelens te versag, is die besoek aan 'n prostituut omring deur ambivalensie: die bedryf is wydversprei, maar glad nie gerespekteer nie. Met tipiese Oosterse welvoeglikheid word 'n besoek aan 'n prostituut beskou as gevolg van die feit dat 'n persoon nie beheer het oor sy eie begeertes en drifte nie (McCaghy in Davis, 1993, p. 273 e.v.).

Die amptelike beleid is wettiging van prostitusie. Die polisie gee die gelisensieerde prostituut toestemming om haar beroep te beoefen. Om 'n lisensie te bekom, behels slegs dat 'n gelisensieerde bordeeleienaar 'n aansoek rig in belang van die vrou wat 'n prostituut wil word, bevestiging verkry dat sy ouer as 20 jaar is, en ongetroud of geskei is. Binne 'n week kan sy begin werk, maar slegs in 'n gelisensieerde bordeel. McCaghy (in Davis, 1993, p. 274) bevestig dat die jeugdige ouderdom van baie van die vroue genoeg bewys is dat die amptelike voorskrifte heel dikwels geïgnoreer word.

In 1970 is van Taiwannese regeringskant kommer uitgespreek oor die slegte internasionale konnotasie wat die land as 'n ontug-sentrum gehad het. Prostitute is geld aangebied in plaas daarvan dat hulle dit bekom deur prostitusie te bedryf, maar dit was baie min in vergelyking met hulle verdienste, en het nie daarin geslaag om die bedryf stop te sit nie.

**Hier is dus ook weer pogings van regeringskant aangewend om prostitusie te voorkom. Die klem het geval op die sosiale welsyn en aansien, maar die bedryf van prostitusie het telkens vir die vroue meer aantreklik gebly, en hulle het hulle bedrywighede voortgesit.**

### 3.2.6 Prostitusie in Australië

Prostitusie-wetgewing in Australië het drie duidelike tydperke beleef: die prisonier-periode, laat-Koloniale periode en die Federale periode.

In die eerste fase was daar oneffektiewe Engelse wette oor die bedryf van bordele en die sogenaamde *"disorderly houses"*. Tydens hierdie fase het geen wette inbreuk gemaak op die prostitusiebedryf nie. Gedurende die tweede fase het regulering van prostitute deur middel van die aansteeklikesiektes-wetgewing geskied. Die laaste periode het die instelling van kriminele wette beleef, meestal om die aktiwiteite van prostitute in te perk, en nie teen prostitusie self nie. Prostitusie was die teiken van morele agitators gedurende die laaste deel van die vorige eeu.

Die vroegste tekens van prostitusie in Australie was die aankoms van die Eerste Vloot uit Engeland, in 1788. Die historikus Hughes (aangehaal in Perkins, 1991, p. 68) teken aan dat

van die 192 **vrouegevangenes**, twee reeds die reputasie van *"poor unhappy woman of the town"* gehad het. 'n Ander historikus, Robson (Perkins, 1991, p. 68) meen dat een uit vyf vrouegevangenes alreeds prostitusie beoefen het alvorens hulle aan wal gestap het. So erg was die toestand dat 'n vlootluitenant Ralph Clark (in Perkins, 1991, p. 68) by die aanskou van vrouegevangenes op die Tweede Vloot, desperaat uitgeroep het:

"... not more of those damned whores!"

Tog het die prostitute 'n nuttige rol vervul. Sommige van hulle was as gevolg van baie faktore onvrugbaar, maar na lang tye op die boot het hulle volkome herstel en vrugbaar geword, en so die land bevolk (Perkins, 1991, p. 69). Ook Anne Summers (soos aangehaal in Perkins, 1991, p. 69) gee haar feministiese analise van die vrouegevangenes en hulle sosiale posisie as volg:

> ***"It was deemed necessary by both the local and the British authorities to have a supply of whores to keep the men, both convict and free, quiescent. The whore stereotype was devised as a calculated sexist means of social control and then, to absolve those who benefited from it having to admit to their actions, characterised as being the fault of women who were damned by it"***
>
> *- (Summers, in Perkins, 1991, p. 69).*
>
> - eie beklemtoning.

In die Koloniale fase van prostitusie was werk skaars; fabrieke het vroue in diens geneem, maar meeste van hierdie vroue het 'n slegte reputasie gehad. Hulle het saam met manlike werkers gebly en as gevolg van lae lone en brutale behandeling het hulle hulle tot prostitusie gewend. Die moontlikheid van verhongering en brutaliteit was vernederend en die vroue het hulle tot kommersiële sekswerk gewend wat meer aanvaarbaar was (Perkins, 1991, p. 69).

Wat die plaaslike Aborigine-bevolking betref, meen die historikus/antropoloog Elkin dat prostitusie nie bekend was voordat die plaaslike inwoners met die Engelse in aanraking

gekom het nie (Perkins 1991, p. 68). Die Aborigine-man het sy vrou geredelik uitgeleen vir 'n tydperk soos ooreengekom tussen die mans, en hierdie gewoonte is gerieflik deur die Engelse vir eie gewin aangewend.

Perkins (1991, p. 73) meen die toestand het vererger, want in 1859 verskyn die volgende berig in 'n Melbourne se koerant:

> *"Melbourne swarms with prostitutes. Morning, noon and night they are seen exhibiting themselves at their doors and windows, and with all the effrontery of harlotry. In the streets they may be seen at all times, frequently without bonnets, walking arm and arm and three abreast. Around hotels they congregate every evening, they rendezvous at the Theatre Royal bars for special practice at their seductive arts."*

Natuurlik het die sedebewakers hierdie soort beriggewing met 'n morele verontwaardiging beskou en hieruit het die Prevention of Contagious Diseases Act van 1869 ontstaan.
Verskeie ander wette het hierna gevolg, soos die Conservation Of Public Health Act van 1878.

Tans het Nieu-Suid-Wallis, Victoria en Queensland elk sy eie wetgewing oor prostitusie. Die wettige bordele word bedryf op grond van geld, en is glad nie ingestel op die gesondheidstoestand van die prostitute self nie (Davis, 1993, p. 21). Wetgewing in 1986 het die bedryf herstruktueer - wettige bordele het minder geword, maar onwettige bordele het van 50 tot 200 vermeerder. Die president van die vereniging, Brothel Owners' Association sê

> *"We were encouraged to believe legality would bring us respectability, business certainty, prosperity and growth ... Illegal brothels, massage palors and hand relief joints have been allowed to trade with impunity ... And the law enforcement agencies have allowed them to flourish"*
>
> *- (Richardson in Davis, 1993, p. 21).*

**Prostitusie is met sekere voorbehoude toegelaat om voort te gaan maar selfs regulering kon onwettige bordele en prostitute bedrywighede nie uitwis nie.**

### 3.2.7 Prostitusie in Brasilië

Volgens Kosovski (in Davis, 1993, p. 47) is die laagste rang prostituut, die straatvrou, oral in Brasilië te kry, van groot stede soos Rio de Janeiro en San Paulo, tot in klein afgeleë dorpies. In sommige metropolitaanse areas is transvestiete en straatvroue openlik besig om kliënte te lok: hulle keer motors voor, en probeer voornemende kliënte in die straat uitlok om hulle na hotels of motelle te neem. Bordele het feitlik verdwyn, maar die bedrywighede word voortgesit in masseersalonne en saunas. Prostitute word gewoonlik gevind in areas wat 'n tipiese boheemse voorkoms en atmosfeer het.

Brasilië word gereken as 'n derde-wêreldland, met hoogs-gesofistikeerde ontwikkelde streke, maar ook groot onderontwikkelde streke. Sedert die ontdekking in 1500 deur Portugese seevaarders het die Katolieke Kerk 'n groot aandeel gehad in die sosiale grondlegging. Die Portugese het vrylik met die inwoners, die Indiaanse vroue, gemeng. Later toe slawevroue uit Afrikalande gebring is, het swart vroue tot die etniese mengsel toegetree. Slawe is deur die meer gegoede Portugese aangehou, en menige jongman het sy eerste seksuele ervaring met 'n slawevrou gehad.

Teen die einde van die negentiende eeu is Poolse vroue hierheen gelok met die belofte van 'n huweliksluiting, maar is soos ook so dikwels in ander lande gebeur het, gedwing tot prostitusie.

Ingevolge Brasiliaanse wetgewing word prostitusie nie beskou as 'n misdaad nie. Die eerste Strafkode, die Imperiale Kriminele Kode van 1830, het slegs voorsiening gemaak vir verkragting, met 'n vonnis van 3-12 jaar as 'n *'goeie vrou'* verkrag word. Prostitute wat verkrag word se verkragters was met slegs 'n kort vonnis van een maand tot twee jaar bestraf - 'n aanduiding van die kulturele vooroordeel teenoor die prostituut. In 1891 is nuwe wetgewing ingedien wat prostitusie as misdaad beskryf. In hierdie eeu het Brasilië drie wettige vorme van beheermaatreëls oor prostitusie gehad: ***prohibisie, regulering en***

***abolisie.*** Prohibisie behels streng sanksies en beskou prostitusie as misdaad. Regulering verskuif die klem na voorkomende maatreëls soos mediese en normatiewe intervensie. Abolisie is die mees moderne benadering wat enige vorm van rigiede beheer of juridiese beperkings verwerp. 'n Strafkode van 1940 verbied enige invoer of uitvoer van vroue met die doel vir prostitusie (Davis, 1993, p. 47 e.v.). Hierdie strafkode word sedert 1970 nie meer streng toegepas nie.

Nog 'n amendement is in 1954 bygevoeg met betrekking tot die korrupsie en oorreding van minderjariges tot prostitusie. Hierdie wetgewing het nie enige voorsiening gemaak vir die inhegtenismening van prostitute ***per se*** nie, maar prostitute word inhegtenis geneem op grond van rondlopery. Dit stel die polisie in staat om 'n prostituut in hegtenis te neem indien sy nie voldoende bewyse kan gee dat sy 'n werk het nie.

**Dit skyn asof wetgewing in Brasilië ook nie daartoe in staat was om prostitusie uit te wis nie. Hier is prostitusie ook nie die oortreding nie, maar aktiwiteite soos rondlopery, en ander verwante misdade, is die misdade waarvoor gestraf word.**

### 3.2.8 Prostitusie in die Verenigde State van Amerika

Woolston (1969, p. 6 e.v.) begin sy bespreking van prostitusie in die Verenigde State van Amerika by die immigreer van 'n groot groep Engelse tussen 1607 en 1733 na Amerika. Hulle het bepaalde waardesisteme met morele en sosiale kodes uit hulle Engelse omgewing en sosiale struktuur saamgebring. Baie van hulle het Engeland verlaat weens ontevredenheid oor religieuse aspekte soos die Reformasie van Elizabeth 1, wat al meer verwydering tussen Rome en die Staatskerk van Engeland meegebring het. Alhoewel hulle die Puriteinse lewenskodes aangehang het, was ontug, egbreuk en prostitusie verskoonbare oortredings.

Amerika se vroeëre statutêre wette is gebaseer op wette soos deur James II van Engeland, ekklesiastiese wette van Engeland, asook siviele wette van Europa, afkomstig van Romeinse wetgewing. Aangesien die setlaars so gevarieër het met betrekking tot afkoms en wetgewing het die Verenigde State van Amerika uiters heterogeen geword, en is dit so

dat verskillende state en nedersettings uiteenlopende gevoelens aangaande wetgewing oor seksuele wanpraktyke sou hê (Woolston, 1969, p. 4).

Wat belangrik is, is dat prostitusie nie in òf die Engelse òf Amerikaanse gemene reg as oortreding beskou is nie. Om 'n prostituut as oortreder in hegtenis te neem, was ondervang in die toestand van rondlopery (Woolston, 1969, p. 25).

In 1871 is wetgewing vir die wetlike regulering van prostitusie in New York aangepas. Gedurende 1874 is in Pennsylvanië en Cincinnati soortgelyke wetgewing afgekeur (Woolston, 1969, p. 30).

Hieronder volg slegs 'n paar instansies wat gedurende die navorsingstyd (soos in Kneeland, 1969) in New York bestaan het.

1. **Vice resorts in Tenements** (Kneeland, 1969, p. 24) In 'n huis of gebou waar die geheel of deel daarvan verhuur is om gesinne te huisves met die huurders wat toegangskanale en geriewe gedeel het. - Baie van hierdie geboue of *"tenement buildings"* is rondom 1912 gebruik deur prostitute om hul besigheid te bedryf.

2. **Assignation and disorderly hotels** (Kneeland, 1969, p. 32). Daar het 'n reeks hotelle, genaamd *"Raines Law"* bestaan. Hierdie hotelle is bedryf deur die oortreding van *"Section 1146 of the Penal Law"* wat hoteleienaars verbied om onder meer 'n kamer twee keer in een nag aan dieselfde vrou te verhuur, of gereeld aan bekende prostitute. Nogtans het meer as 500 van hierdie soort hotelle teen 1912 bestaan.

3. **Furnished Room Houses** (Kneeland, 1969, p. 32). Eenhonderd en twaalf huise is gedurende die navorvorsingstyd opgespoor. Prostitute het nie noodwendig in hierdie huise gewoon nie. Hulle het slegs 'n onderneming met die *'madame'* van die huis gehad, wat hierdie huis soos 'n hotel bedryf het, sonder die dienste van 'n ontvangsklerk. Die prostituut het die kamer gehuur, met *'privileges'* wat beteken het dat sy haar mansvriend daarheen kon bring, enige tyd van die dag of nag.

4. **Massage Parlors** (Kneeland, 1969, p. 45). Die vertrekke in hierdie 'parlors' was toegerus met 'n hoë bankbed en ander toebehore asof dit gebruik was vir masseerdoeleindes. Meeste van hierdie salonne het slegs ***massering*** geadverteer op die buitevenster met nie die minste teken daarvan binne nie. Slegs tekens van prostitusie was sigbaar in die vertrekke.

Volgens Katz (1988, p. 268) was prostitusie in die laat negentiende eeu en vroeë twintigste eeu in die Westelike deel van die Verenigde State van Amerika dikwels deur Chinese organisasies bedryf. Hulle het kleinerige bordele gehad waar vroue wat uit China na die V.S.A. gelok is, as prostitute gewerk het. Hierdie Chinese organisasies was onderling ingedeel in sindikate wat heelwat geskille deur middel van bende-oorloë besleg het.

Reeds in 1912 is navorsing hier gedoen oor die toestand van die seksindustrie. In 'n voorwoord in Kneeland (1969, p. xi) word die prostitusiebedryf in 1912 beskryf as

*"open, organized, aggressive, and prosperous"*

Net vier jaar later, in 1916, beskryf Kneeland (1969, p. xi) dit as

*"furtive, disorganized, precarious, unsuccessful"*

Hoe kan dieselfde aktiwiteit in slegs vier jaar byna die teenoorgestelde lyk? Dit is die probleem met prostitusie - uit twee of meer verskillende invalshoeke lyk dieselfde fenomeen totaal anders.

In New York het weerstand teen die vervolging van prostitusie 'n blatante toename in straattippelary en 'n geografiese konsentrasie van prostitute in die middestad tot gevolg gehad. Ook in San Francisco het straatprostitusie toegeneem. In 'n verslag van 'n Misdaadkomitee wat ondersoek na hierdie misdryf ingestel het, word gepraat van diskrete prostitusie. Die Hoof van Polisie in hierdie stad is baie besorg oor hierdie term. Hy beweer daar is nie so iets soos diskrete prostitusie nie

> *"This would be the epitome of hypocrisy. The commodity they are talking about are (sic) human beings. Some people on the Crime Committee I know personally. They would never in a million years advocate prostitution for their daughters, relatives, or friends. And where would this 'discreet' prostitution occur? Would members of the committee want to see it in the neighborhoods where they live...?"*
>
> *-(Geis, 1979, p. 206).*

Swart prostitute het verkies om individueel op straat te werk of 'n klein persentasie wat beheer is deur blanke souteneurs of bordele anders as die wat deur die Chinese bedryf is. Hierdie souteneurs was dikwels gewelddadig en het hul werkers gereeld geïntimideer om sodoende hul volgehoue samewerking te verseker - heel dikwels tot die nadeel van die prostituut.

Prostitusie is in die meeste state van die Verenigde State van Amerika nie wettig nie. Slegs sommige dele van die staat Nevada, het dit gewettig. Hier is prostitusie wettig as 'n staat sou besluit om gebruik te maak van die opsie soos wat die landswette moontlik maak (Geis, 1979, p. 195). Ten spyte van die onwettigheid van die bedryf, word hier ook 'n wêreldgroei ondervind. Miljarde rande is as gevolg van hierdie bedryf in omloop en 'n berekening is gemaak dat hierdie bedryf 10 maal meer geld genereer as die Amerikaanse Departement van Justisie se begroting. Syfers wat wissel van 84 000 tot 336 000 werkende prostitute word genoem, met dien verstande dat dit slegs die sekswerkers of prostitute is wat aan die polisie bekend is. Die ware syfer skyn eerder in die omgewing van 5 miljoen te wees, insluitend prostitute jonger as 18, studente wat ekstra geld verdien as naweekprostitute, en ook die kinderprostitute (Thio, 1995, p.189).

**Maatreëls om prostitusie te kriminaliseer het ook nie die gewenste gevolg gehad nie. Prostitusie het hier ook nie verminder nie. Die groter vryheid wat aan die state verleen word deur die sentrale wetgewer sou dalk beteken dat 'n baie hoë prioriteitswaarde nie aan 'n nasionale prostitusiebeleid geheg word nie.**

### 3.2.9 Prostitusie in sommige Afrikalande, uitgesonderd Suid-Afrika

In Afrika heers verskillende persepsies oor prostitusie. Sommige Moslem-lande soos Egipte verbied dit geheel-en-al. Christenlande verbied dit ook, maar dit kom in beide hierdie lande voor. Afrikalande het die reputasie dat die MI-virus hier ontstaan het. Daar is tans 'n onbekende getal, maar onrusbarend baie, gevalle van mense wat met die virus besmet is, so ook met ander veneriese siektes. Baie immigrante, trekarbeiders en soldate van Afrikalande wil almal van die prostitute se dienste gebruik maak. Baie van hulle dring daarop aan om sonder enige beskerming seks te hê - die vroue is maar te gretig om aan die versoek te voldoen, want hulle (die vroue) het geen ander inkomste nie.

#### 3.2.9.1 Kultuurgebruike wat verband hou met prostitusie

Soos voorheen gemeld, het verskillende kultuurgewoontes 'n invloed op seksuele gewoontes. 'n Radikale kultuurgebruik, wat vir eeue met prostitusie verbind kan word, is die verminking van die vroueliggaamsdele, oënskynlik om prostitusie te voorkom. Die kort bespreking hierna dien om leser in te lig oor hierdie gebruik. Hierdie gebruik word slegs in Afrika-konteks verduidelik.

Die tradisionele geloof bestaan dat besnydenis die vrou se plesier en genot in seks sal verminder, en haar getrouheid aan haar man sal verseker, veral as hy vir lang tye weg is van die huis, op jagtogte en aanvalle op buurlande. Vandag is die mans weens ekonomiese redes ook vir lang tye weg van die huis, en sommige verkies dat hulle vroue besny word, om genoemde redes.

Die kultuurpraktyk van klitoridektomie word op jong meisies uitgevoer in 'n poging om hulle van hulle sondige seksuele geneigdheid te weerhou. Hierdie praktyk kom ook in Egipte voor. Tog blyk die geografies-gebondenheid van hierdie gewoonte baie sterk te wees, aangesien dit onder Christene sowel as Moslems in dele van Arabië en Egipte gevind word (Ahmed, 1992, p. 175 e.v.). Time International (Oktober 10, 1994, p. 12) beweer dat meer as die helfte van alle Egiptiese meisies hierdie operasie ondergaan het in 'n poging om hulle libido te verlaag. Volgens hierdie berig is die algemeen-aanvaarde mening van die Egiptiese Minister van Bevolking dat al sou daar wetgewing uitgevaardig word, sal die

diepgaande kulturele gewoonte nie uitsterf nie. 'n Motorbestuurder (aangehaal in bogenoemde berig) meen dat dit nie 'n slegte gewoonte is nie - Egiptiese mans word as gevolg van ekonomiese depressie geforseer om betrekkings buitelands te aanvaar en is dan vir lank weg van hulle vroue. Deur hierdie operasie verlaag dit die vrou se seksuele drange en dit hou die vroue huweliksgetrou, aldus die skrywer van hierdie artikel.

In verskeie ander Afrika-state, soos onder meer Nigerië, Somalië, Ethiopië en Mali word hierdie vroulike vorm van besnyding ook steeds toegepas (Time International, Oktober 10, 1994, p. 12). Die ouderdom wanneer klein meisietjies so vermink word, wissel. Die chirurgiese prosedure word nie deur die mediese wetenskap voorgeskryf nie, maar deur tradisie wat van meisietjies vereis om die rites te aanvaar alvorens hulle trou. In sommige lande word slegs 'n deel van die klitoris verwyder, in ander word die labia minora weggesny. Natuurlike uitgroeisels word as onooglik, en as die onkuise toebehore van prostitute beskou.

Afrika-Amerikaners word soms deur hierdie gebruik bedreig. Deur versoekskrifte wat spesifiek hierdie afskuwelike vorm van patriargale oorheersing toelig, is wetgewing in die Verenigde State van Amerika verander, volgens Gregory (in Time International, Maart 21, 1994, p. 60). Hierdie maatreëls is spesiaal daargestel vir vroue en jong meisies wat uit Afrikalande emigreer na die VSA. In Maart 1994 is wetgewing in die staat van New York aangeneem wat vroulike genitale mutilasie verbied. Die jongste Handves vir Menseregte het ook die regte van behandeling van vroue ingesluit. Vroëer kon enige vrou wat die sosiale reëls oortree, op die brandstapel geplaas word, gemartel of vermink word sonder dat die daad veroordeel is. Nou word die verminking van vroue gesien as 'n menseregtesaak en nie meer 'n kulturele feitegeskil nie. Deur hierdie verandering in wetgewing is vroue-immigrante wat uit lande kom waar hierdie gebruik nog toegepas word, beskerm teen hierdie vorm van verminking.

Clifford (1974, p. 131) skryf dat in baie Afrikalande is prostitusie nie 'n kriminele oortreding nie, behalwe in die geval van openbare tippelary. Verstedeliking reg deur Afrika het die winste uit prostitusie veel aanlokliker gemaak en gevolglik die stroom van jong meisies na die stede laat toeneem. Hierdie meisies is van hulle families vervreem, en die volgende oorsake word aangegee vir die toenemende probleem van prostitusie in alle Afrika lande:

- Arbeidsmigrasie neem hubare jong mans weg uit nedersettings;
- Ook die kampongs van vroeëre industriële ontwikkeling (slegs mans word toegelaat om hier te woon);
- Ontoereikende behuising van gesinne in stedelike gebiede;
- Lang afstande wat migrerende werkers moet aflê om besoeke tuis te bring;
- Die ekonomiese rol wat vroue vervul in die boerdery, en wat hulle tuis in die nedersetting hou terwyl die mans na die stede gaan;
- Die verswakking van die strukuur van die leviraat, waar die weduwee 'n heenkome gebied word deur haar swaer, en ook die ineenstorting van die stamverbande wat sekuriteit bied.

Hierdie faktore het bygedra tot ontrouheid by die vrou, gevolglik is sy verwerp, en die huweliksbande is verbreek. Die vrou het nou geen heenkome nie, en soms geen ander keuse nie, as om as prostituut te gaan werk. Weliswaar is hier nie sprake van formele wetgewing nie, maar sosiale strukture soos dit bestaan het, het hier ook ineengestort, met die gevolglike verwarring en ontreddering wat ingetree het.

Prostitusie is ook soms deur die hele familie as bron van inkomste beskou. Kinders, veral meisies, is informeel *"aangeneem"* uitsluitlik met die doel om as prostitute vir die familie te werk. Uit dankbaarheid dat hulle lewens gespaar is, het hierdie meisies hulle hierdie lot laat welgeval. In sommige gevalle het goedgevestigde gesinne in die stede baie jong meisies as kinderoppassers ingeneem. Sodra hulle puberteit bereik het, is hulle dienste uitgebrei tot die seksuele. Eers het die hoof van die gesin van hulle seksuele dienste gebruik gemaak, en later het hulle prostitute geword. Hierdie praktyk is in Soedan gevoer, waar meisies uit Etiopië ingevoer is. Hierdie meisies het nie 'n klitorektomie ondergaan nie, en word deur kliënte verkies (Clifford, 1974, p. 134).

### 3.2.9.2 Egipte

Die vrou was in die tyd van stadstate en Sumeriese oorheersing as ekonomiese bate beskou, en die eiendom van die man. 'n Vrou was aanvanklik die eiendom van haar vader en daarna

haar man deur die sluiting van 'n huwelik. Maagdelikheid was 'n waardevolle bate en ekonomies verhandelbaar. Dit het gelei tot die begin van prostitusie toe 'n verskil gemaak is tussen 'n eerbare vrou wie se seksualiteit en vrugbaarheid aan een man behoort het, en vroue wat seksueel tot die beskikking van enige man was (Ahmed, 1992, p. 12).

Eyre, 'n Egiptoloog (in Ahmed, 1992, p. 31) sê:

> *"copulation with an unmarried and willing woman was of relatively neutral implication socially and legally".*

Verdere inligting oor wetgewing wat in Egipte bestaan het, of soos dit tans gehandhaaf word, kon nie opgespoor word nie. Dit sou sekerlik nie beteken dat prostitusie nie daar bestaan nie. In 'n oorwegend Moslem-gemeenskap word prostitusie nie aanvaar nie, nogtans sou die aanname gemaak kom word dat prostitusie in Egipte wel plaasvind, al word dit dan minder ooglopend soos in Westerse lande, bedryf.

Keddie & Baron (1992, p. 301) noem dat prostitusie in Egipte beskou was as die laagste rang waartoe 'n vroulike kunstenaar kon daal. Wat prostitusie egter in Moslemlande 'n ander dimensie gee, is die feit dat Islamietiese wette veelwywery toelaat. 'n Moslem word tot vier vroue gelyktydig toegelaat. Hierdie gebruik het toegelaat dat die man wettige toegang het tot 'n verskeidenheid van vroue en daarom is prostitusie minder ooglopend in Moslemlande (Keddie & Baron, 1992, p. 239). Nog 'n faktor wat prostistusie in Moslemlande beperk het, was die feit dat slawe ook seksueel gebonde was aan hulle meesters. Hierdie slawe was nie-Moslems (Keddie & Baron, 1992, p. 11).

Egiptiese vroue (Keddie & Baron, 1992, p. 107/108) het ook 'n ander manier van prostitusie gepleeg. Voordat hierdie vroue seksueel verkeer met hulle mans, *"... she takes something from the husband, most probably in addition to her nafaqa (legal allowance), which varies according to his financial situation, and is paid as a bed fee ..."*

Volgens die Koran het die Moslemman beheer oor sy vrou en mag hy haar slaan as sy hom nie gehoorsaam nie. Hoereerders van beide geslagte mag in die openbaar geslaan word, of

gestenig word, maar ontugtige vroue word dikwels deur hulle broers doodgemaak (Keddie & Baron, 1992, p. 5/6). Die vrou se taak is primêr om seuns te baar, en om die eer van die familie te bewaar deur nie die heersende reëls van seksuele gedrag te oortree nie.

**Inligting oor wetgewing in Egipte is skaars. Dit blyk tog dat prostitusie ook hier, waar streng sosiale reëls aangaande vrouegedrag gehandhaaf word, voorkom.**

3.2.9.3 Ghana

Prostitusie is onwettig in Ghana, maar word in sekere dele van Akkra, die Korle Wokon-gebied, vrylik bedryf. Die Ghanese samelewing keur prostitusie nie goed nie, en as gevolg hiervan is prostitute blootgestel aan teistering, deur die polisie en munisipale amptenare en ook die publiek. In 'n studie wat reeds in 1987 gepubliseer is (Neequaye, in Plant, 1993, p. 176) is gevind dat hier 'n duidelike onderskeid getref word tussen twee soorte prostitusie. Diegene wat uit hulle kamers of bordele werk, is geklassifiseer as 'n laerklasprostituut; hulle is dikwels ouer vroue, met kinders om te onderhou, en het min opleiding van enige aard. Baie min van hulle vereis dat hulle kliënte kondome gebruik. Die ander groep werk uit kroeë, hotels, diskoteke en word beskou as hoërklas-prostitute. Hulle is nog jonk, kom van ander dele in Ghana, en het skoolopleiding ontvang.

Neequaye (in Plant, 1993, p. 178) meld 'n interessante verskynsel onder die laerklas-prostitute. Baie van hulle behoort aan 'n organisasie, die Ghana Widow's Association. Hierdie organisasie is nie juis vir weduwees nie, maar die prostitute wat daaraan behoort, is baie lojaal, en woon die vergaderings baie goed by. Die hoofdoel is om na die lede om te sien. Befondsing kom uit 'n weeklike bydrae van lede. Lede kan byvoorbeeld aanspraak maak op 'n gepaste begrafnis; of betaling vir beskerming teen teistering deur skurke en dronkaards. Die nasionale president, die *"Queen Mother"* is baie invloedryk.

Neequaye (in Plant, 1993, p. 179) het in Ghana 'n noue verbintenis gevind met die Ivoorkus-prostituut. Baie van die prostitute wat in sy navorsing betrek is, het voorheen in die Ivoorkus gewerk, maar daar is gevind dat Ghanese vroue in feitlik elke groot stad of hawestad in Wes-Afrika gewerk het. Die verspreiding van die MI-virus is besonder hoog in die hele gebied van Wes-Afrika. Die voortdurende rondbeweeg van mense op soek na

werk in myne, plantasies, en stede word as kommerwekkend beskou - waarheen hulle ook al gaan, word die MI-virus versprei en prostitusie word beskou as 'n byproduk van die ekonomiese beperkings in Ghana.

**Min is bekend oor die werklike wetgewing wat hier geld, indien enige. Wat ook al die geval is, prostitusie word wydverspreid aangetref.**

#### 3.2.9.4 Ivoorkus

Ghana en die Ivoorkus is buurlande langs die Weskus van Afrika. Huband (in Africa Report, 1991, p. 69 e.v.) vind ook hier te lande 'n florerende prostitute-bedryf. Mans op pad werk toe lê 'n besoek af aan bordele. Besoekers aan Abidjan, vragmotorbestuurders en besigheidsmense uit ander dele van Afrika is ook van die gereelde kliënte van die prostitute. Prostitute moet wegkruip vir die polisie, en as die polisie eers eenmaal 'n spesifieke plek besoek het, gaan voornemende kliënte nie weer daarheen nie. Kompetisie tussen prostitute wat veilige seks wil beoefen, en die ander wat nie wil hie, raak 'n probleem. Kondome word nie dikwels gebruik nie, en as die prostituut daarop aandring, dink die kliënt outomaties dat sy reeds besmet is, en versprei die woord - die gevolg is dat die vrou nie meer kliënte kry nie. MI-virusbesmetting is 'n alomteenwoordige bedreiging. Ghanese prostitute kom werk soms in Abidjan, en word dan teruggestuur huis toe as bevind word dat hulle reeds besmet in Abidjan aangekom het.

Opnames wat reeds gemaak is, maak die voorspelling dat teen die jaar 2001, jaarliks 30 000 vigs-verwante sterfgevalle kan voorkom (Huband, in Africa Report, 1991, p. 70).

**Meer inligting oor wetgewing teen prostitusie kon nie bekom word nie, maar die feit dat seksueel-oordraagbae siektes en vroue wat positief toets vir die MI-virus, so algemeen voorkom, en die maatreëls wat tog getref word teen die verspreiding daarvan, kan beteken dat prostitusie 'n lewendige bedryf in hierdie Afrika-land is.**

### 3.2.10 Prostitusie in Suid-Afrika

In Suid-Afrika het wetgewing teen prostitusie volgens Engelse statute ontwikkel. In 1868 het die Kaapse Goewerment gepoog om prostitusie te reguleer deur die toepassing van die Aansteeklike Siektes-Voorkomingswet waar prostitute verplig was om ondersoek te word vir veneriese siektes. Gewone prostitute en straatvroue wat in openbare plekke rondgedrentel het met die oog op prostitusie is gestraf na 1882 onder die *"Police Offences Act"*, volgens Brink (Insig, 1991, p. 12 e.v.).

Met die ontdekking van diamante en goud het 'n groot toestroming van prostitute na Transvaal plaasgevind en daardie provinsie het 'n reeks wette uitgevaardig tussen 1897 en 1899 wat prostitusie en die aanhou van bordele verbied. Hierdie strenger wetgewing het prostitute na die Kaap, Natal en die Oranje-Vrystaat laat migreer. Hierdie kolonies het dadelik wetgewing aangaande hierdie kwessie uitgevaardig.

Die toestand het min of meer so gebly tot wetgewing in 1957 ingedien is (Snyman, 1992, p. 391 e.v.). Hierdie wetgewing het prostitusie, die aanhou van 'n bordeel, die verkryging van vroue as prostitute, uitlokking deur prostitute en die leef op die inkomste van prostitusie, verbied. In 1988 het die wet, wat voorheen as die Ontugwet bekend was, die gewysigde titel van die *"Wet op Seksuele Misdrywe"* gekry. Hierdie wet het nie blote ontug as misdaad verklaar nie. Die doel was om ontug teë te werk en te ontmoedig deur dit moeilik te maak op dit op georganiseerde skaal te bedryf.

Brink (1991 p. 12 e.v.) skilder 'n baie interessante prentjie van prostitusie aan die Witwatersrand tydens die ontdekking van goud aan die einde van die vorige eeu, so teen 1884. Duisende prospekteerders het na Suid-Afrika gestroom. Die meeste van hulle het as alleenlopers hierheen gekom om die goudstormloop te beleef en gou ryk te word. Alleenlopende mans het die geselskap van vroue gesoek en jong meisies is uit Europese lande onder valse voorwendsels na Suid-Afrika gelok, terwyl andere uit die Ooste gewerf is. Uit Bolsjevistiese Rusland het baie jong meisies as prostitute na Amerika gevlug, maar die bedryf is in 1894 streng kortgevat, veral in New York, en hierdie prostitute en hulle souteneurs het na die Witwatersrand verhuis. Gedurende 1890 is 'n geraamde syfer van 400 prostitute en 133 bordele as 'n totale onderskatting van die ware toedrag van sake beskou. Die destydse Kruger-regering het standpunt teen hierdie bedryf ingeneem en 'n streng Ontucht Wet in 1890 geproklameer.

Die oorlog van 1899-1903 het egter gesorg dat die handel in liggame steeds voortgegaan het, veral in die hawestede.

Na die oorlog het die bedryf gefloreer. "*Frenchfontein*" of "*Game Reserve*" is die name wat gegee is aan die areas waar prostitute hulle beroep beoefen het. Teen hierdie tyd het die rooilig-area omtrent die hele middestad van Johannesburg beslaan.

In die polisiemuseum by Gold Reef City is foto's te sien wat deur die polisie versprei is van prostitute van die tyd van die goudstormloop wat toe aan die polisie bekend is. Die 'dames' was almal goed geklee in die styl van daardie tyd, met groot, volstruisveer-versierde hoede, lang rokke met slepe, kantkragies, handskoene en elegante toeknoop-hoëhakskoene. Weliswaar nie die prentjie wat mens van 'n prostituut sou vorm nie (navorser se eie waarneming).

Na-Oorlogse verarming op die platteland het bygedra dat jong meisies na die stede migreer om 'n heenkome te vind. Vir die eerste keer is swart vroue ook opgemerk wat as prostitute gewerk het. Waar getalle teen 1910 deur wetgewing drasties verminder is, het dit skerp gestyg tot die dertigerjare soos blyk uit die 557 inhegtenisnemings tussen Januarie 1932 en Junie 1938. 'n Navorser wat in 1949 'n verslag gepubliseer het, ene Louis Freed, skilder 'n donker prentjie vir die prostitute van daardie tyd - anders as die fotos wat hierbo genoem word.

Veel geld was daar nie te make nie, nogtans het teekamers en *'dancing halls'* of *'dancing establishments'* prostitusie bedryf. Die prostituut het gemiddeld vir 15 jaar haar beroep beoefen en op ouderdom 30-40 jaar, afhangende van hoe vroeg sy begin het, het baie gesterf weens seksueel-oordraagbare siektes, drankverslawing of tuberkulose. Sommige is vermoor en sommige het selfmoord gepleeg om weg te kom van hierdie meesleurende sedelike verval.

Vandag, meer as 'n eeu na die ontdekking van goud, word 'n ander scenario voorgehou. Kruger (Insig, 1993, p. 20) skryf dat volgens geklassifiseerde advertensies in dagblaaie, daar 'n paar duisend vroue is wat hierdie beroep beoefen, teen 'n gemiddelde fooi van R100-200

per kliënt. Daar word ook 'n tarief van R500 genoem vir die dienste van twee meisies gelyktydig. Gesellinklubs skiet soos paddastoele op, masseersalonne, klubs en saunabaddens vervang die tradisionele bordele. Foonsnolle en straatprostitute wedywer om kliënte. Daar is ook 'n groeiende aantal mans wat as prostitute werk, hulle gaan merendeels na die vroulike kliënte se huise, of die kliënte huur 'n hotelkamer vir 'n nag.

'n Sapa-berig van 28 Oktober 1996 meld dat die kwessie van prostitusie en regeringsbeleid daaroor, tog voorrang geniet. Op 27 Oktober 1996 is 'n werksessie gehou om oor die moontlikheid van dekriminalisasie van prostitusie te besluit. Die algemene gevoel was dat prostitute beskerm moet word teen misdade soos verkragting, moord en aanranding. Gauteng se Sekretariaat van Veiligheid en Sekuriteit het hierdie werksessie aangebied. Die werksessie moes besluit of prostitusie gewettig of gedekriminaliseer moet word. Wettiging sou beteken dat dit kragtens wet beheer word, soos wat die verkoop van drank byvoorbeeld beheer word. Dekriminalisering sou beteken dat prostitusie wettig is sonder enige beheer wat daaroor uitgeoefen word. Volgens die berig is daar net 'n werksessie gehou om menings in te win. Geen aanbeveling is gemaak nie.

**Hierdie is 'n sprekende bewys van die relevansie van besluitneming oor prostitusie. In 1995 het 'n lid van die Vrystaatse wetgewer bevestig dat geen voorsiening gemaak is vir enige bespreking oor die kwessie van dekriminalisasie van prostitusie nie. Intussen het die kwessie meer momentum gekry, wat uitgeloop het op die werksessie wat in Gauteng gehou is.**

## 3.3 PROSTITUSIE AS INTERNASIONALE HANDELSMIDDEL

Die toenemende bestaansarmoede as gevolg van verskeie faktore, het die ekonomiese aspekte van prostitusie weer eens in die kalklig geplaas. Werkloosheid, oorbevolking, sosiale verval en verskeie ander faktore bring verarming in baie gebiede. In veral die landelike gebiede het jong meisies geen heenkome nie, min skolastiese opleiding, en al wat oorbly, is om hulleself te verkoop. Hierdie dimensie van prostitusie is tans 'n groot probleem.

In 'n artikel van Hornblower (Time International, 1993, p. 22-36) word melding gemaak dat honderde, indien nie duisende nie, jong meisies deur sekskartelle, onder valse voorwendsels, tot prostitusie oorreed word. Dit is een aspek van sekondêre misdaad wat direk met prostitusie verbind kan word.

Die jong vroue word van oral oor gewerf - van die Himalayas tot Tokio tot Oos-Europa - soms word hulle ontvoer en fisies en psigologies verkrag tot onderdanigheid. Die souteneur is soms 'n rampokker, soms haar vader, of soms die moeder wat met 'n voornemende kliënt onderhandel.

Toeriste word ook verantwoordelik gehou vir die florerende seksbedryf - talle *"sekstoere"* word geadverteer. Met die ineenstorting van ekonomiese strukture, toenemende globale mobiliteit en dispariteit van inkomste het 'n multimiljoen rand seksbedryf tot stand gekom. Toe die Ystergordyn skeur, het 'n uittog van verarmde Oos-Europese vroue na die Weste gevlug. Huurvlugte was vol van Russiese vroue wat na Dubai vlieg, en na verstryking van hulle veertiendaagse visum, het hulle met armsvol verbruikersgoedere, en geld teruggekeer - verdien deur hulleself te prostitueer. Tel Aviv se bordele het verdriedubbel, die Swart See-area wemel van *"Natashjas"* wat gewillig is vir enigiets. Die swaar goue kettings wat die mans gewoonlik dra, beland baie gou om die nekke van prostitute.

Een seks-netwerk werf vroue uit Latyns-Amerikaanse lande vir prostitusie-bedrywighede in Wes-Europa. Die naïewe verarmde jong meisie glo dat sy 'n werk en verblyf sal bekom - in die ander land word sy egter verplig om haarself te prostitueer, en feitlik al haar verdienste word gekonfiskeer vir reiskoste. 'n Toenemde aantal jongmense word as transvestiete ook as seksslawe gebruik deur hierdie netwerke.

Volgens Hornblower (Time International, 1993, p. 22 e.v.) het die netwerkleiers 'n baie vindingryke manier of van MIV-besmette meisies ontslae te raak. Aanvanklik, as die meisies nog aantreklik en goedversorg voorkom, word hulle in meer deftige restaurante of nagklubs gebruik. Sodra daar vermoed word dat die prostituut MIV-besmet is, word sy eenvoudig na 'n derdeklas, of vierdeklas-bordeel afgegradeer, maar sy hou aan met werk. Indien sy later te siek is, word sy eenvoudig uit die plek verban, soms fisies *'uitgegooi'*.

Een jong meisie, Manju, is uit die Katmandu-area verkoop deur haar vader, en werk in 'n bordeel in Bombaai. Sy *"skuld"* na sewe jaar nog geld aan haar souteneur en mag glad nie die bordeel verlaat nie. Nadat voorsiening gemaak is vir haar klere, huisvesting en kos, bly nie veel van haar verdienste oor nie. Indien sy sou kom terugkeer na haar geboorteplek, sou honger en armoede weer vir haar bestem wees.

> *"One can endure anything except hunger. If I were a man, maybe I would have committed murder to fill my stomach. But as a woman, I became a prostitute" - Manju.*
>
> *(Hornblower, Time International, 1993, p. 36).*

'n Tragiese verhaal - maar is dit nie dalk die kern van die rede hoekom vroue prostitute word nie? Die mees navrante aanhaling kom van 'n befaamde madam, Polly Adler. Hierdie vrou het 'n bordeel bedryf in New York, en die volgende stelling is gebaseer op dekades se waarneming wat deur haar gemaak is:

> *"A prostitute can count on no more than ten money-making years. Then she is through - if not dead or diseased, so broken by drugs, alcohol and the steady abuse of her body that no one will hire her again. ... In my opinion the greatest factor - and the common denominator in an overwhelming majority of cases - is poverty. ...* ***But there is more than one kind of poverty - there is emotional poverty and intellectual poverty and poverty of spirit. As well as material lacks, there can be a lack of love, a lack of education, a lack of hope. And out of such impoverishment the prostitute is bred.***
>
> *- (Adler in Rogers, 1977, p. 4).*
>
> - (eie beklemtoning)

## 3.4 SAMEVATTING

Bostaande inligting is 'n aanduiding van hoe wetgewing in enkele lande verskil. Die lande is geografies gegroepeer, wat nie beteken dat daar enigsins 'n verband is wat wetgewing betref, tussen lande wat saamgegroepeer is nie. Een belangrike punt wat telkens na vore kom, is dat wetgewing dikwels radikaal verander het na 'n bewindsoorname.

'n Kwessie wat beklemtoning nodig het, is die **ekonomiese faktor.** Dié kwessie lê egter buite die parameters van hierdie navorsing. Dit word slegs hier gemeld aangesien die navorser van mening is dat hierdie kwessie 'n besondere bepalende faktor in die hele aangeleentheid van prostitusie is.

Nie alleen is daar finansiële gewin vir die prostituut self nie, maar in veral die Oosterse lande is die seksbedryf 'n enorme winsgewende handelsmiddel. Toeriste in byvoorbeeld Thailand (Odzer, 1994) word aangelok met beloftes van enige denkbare soort seks wat vrylik beskikbaar is. Toer-agentskappe reël toere waar seks die hoofdis is. Hierdeur word nie net die sakke van souteneurs, en andere wat op prostitutsie-inkomste leef, gevul nie, maar daardie lande het 'n reuse inkomste uit toeriste wat die hotels beset, restaurante ondersteun en geskenke aankoop, benewens die geld wat op prostitusie gespandeer word. Dit kan dalk 'n rede wees waarom prostitusie-wetgewing nie strenger toegepas word nie.

In hierdie hoofstuk is wetgewing in talle lande toegelig, en is aangedui dat wetgewing deur eeue heen verander het, maar wat het met prostitusie gebeur? Die amperse moedeloosheid waarmee sommige wetgewers hierdie kwessie beskou, kan nie weggeredeneer word nie. Moet daar wetgewing wees, moet dit streng toegepas word, of moet wetgewing verdwyn? Tot dusver is daar nêrens tekens dat een of ander benadering suksesvol was nie. Deurlopend is wetgewing verander, of word dit bloot nie toegepas nie. Die vraag ontstaan waarom wetgewing dan nie geheel-en-al geskrap word nie.
Hoe gaan hierdie kwessie in Suid-Afrika opgelos word, met nog *'modderige'* wetgewing, of gaan Suid-Afrika die eerste land wees met innoverende denke, noudat ons nuwe grondwet geimplementeer is.

Moet die gemeenskap 'n kollektiewe verantwoordelikheid aanvaar en deur middel van regerings-organisasies, nie-regerings-organisasies, die kerk, onderwysstrukture, ouers, kortom, die HELE gemeenskap, saamspan en prostitusie probeer uitwis? Of moet prostitusie en die prostitute geïgnoreer word?

Indien in Suid-Afrika van die strategie van ***morele entrepreneurskap*** gebruik gemaak word, en indien prostitute sou agiteer om prostitusie te dekriminaliseer, sou 'n georganiseerde uitroep van hierdie vroue enigsins *'gehoor'* word? Barlow (1993, p. 302) sê om 'n morele wet te verander, is 'n uitroep van dié segment van die samelewing wat **invloed** het, nodig. Prostitute is 'n gemarginaliseerde segment van die samelewing. Wie gaan na hulle luister? Met die toenemende menseregtekultuur kan die aanname gemaak word dat elkeen op sekere regte kan staatmaak. Die doel rondom die erkenning van menseregte is om te verseker dat 'n individu ten volle, met waardigheid en vryheid kan leef (Barry, 1995, p. 102). As prostitute nie hierdie reg gegun word nie, is daar 'n skending van basiese menseregte. Dit sou beteken dat die nuwe Grondwet van Suid-Afrika nie aan al sy doelstellings voldoen nie.

Wat van die prostituut se reg om oor haarself en haar liggaam te besluit?
Wat van die kliënt wat 'n ooreenkoms met 'n instemmende volwasse persoon aangaan?
Les bes, wat van die gesin van die prostituut wat nou gevoed en geklee gaan, maar sonder die verdienste uit prostitusie, geen inkomste het nie?

**Het die *'gemeenskap'* die reg om oor hierdie kwessies te besluit - of is dit in die laaste plek die prostituut SELF wat gaan besluit?**

Hierdie, en ander kwessies beklemtoon die belangrikheid van hierdie navorsing, veral as in gedagte gehou word dat die menings van die beleidmakers en -toepassers wat in verdere hoofstukke weergegee word, verdere beleidsaanvaarding oor prostitusie mag beïnvloed.

4

# PERSPEKTIEWE OP SEKTUALITEIT EN PROSTITUSIE

## 4.1 INLEIDING

Om die probleem van wetgewing rakende prostitusie oor 'n breë front te benader en sinvolle aanbevelings te maak na aanleiding van die empiriese studie - dit wil sê die onderhoude wat menings, opinies en gedagtes van beleidsmakers en beleidstoepassers uitgelig het - is dit nodig dat seksualiteit, en die hantering daarvan aangespreek word. Die besluit van die wetgewer, wie se lede deur hulle individuele, unieke kultuuragtergrond tot sekere norme en waardes oortuig is, gaan beleidmaking beïnvloed. Hoe beleidmakers teenoor vroue en hulle seksualiteit voel, en wat hulle oriëntasie daarteenoor is, gaan sekerlik bepaal waar hulle sentimente, met betrekking tot prostitusie, lê.

Hierdie hoofstuk besin oor die seksualiteit van die prostituut: hoe word seksualiteit en die veranderende waardes deur die gemeenskap gehanteer, wat het feminisme en die toenemende stryd om gelykheid tussen man en vrou met kommersiële seks te make, en hoe organiseer prostitute hulleself deur die stigting van prostitute-organisasies om hulle *'beroep'* te professionaliseer?

Volgens die verklaring van die term seksualiteit, in Odendal et al (1979, p. 950) is dit die uitbeelding van geslagslewe. Daar is in verskillende gemeenskappe verskillende norme, waardes en kultuurgebruike aan die vrou toegesê, wat verskil van dié van die man, dus verskil die uitbeelding van geslagslewe tussen man en vrou, maar ook tussen kulture. Die sosialiseringsprosesse skryf ook verskillende gedragsoptredes voor. Eeue lank is die vrou verhinder om op gelyke vlak as dié van die man te beweeg, en feministiese bewegings het baie vermag om die ongelykheid uit te wis. Tog is daar 'n ongelykheid wat nooit uitgewis kan word nie, en dit is die basiese verskil tussen die manlike lede van die spesie, en die vroulike lede. Die benadering van beide geslagte verskil veral op seksuele gebied. Hierdie aspekte word kortliks toegelig, met inagneming van die houding van die gemeenskap teenoor die prostituut, en enkele gedagtes word ook gewissel oor die seksbedryf, of dan kommersiële seks, soos tans daarna verwys word.

## 4.2 HOE VERSKIL MANS VAN VROUE TEN OPSIGTE VAN SEKSUALITEIT

'n Teenstrydigheid kom na vore in die beskouing van vroue as niksbeduidend en triviaal, maar tog geïdealiseer en gesentimentaliseer. Seksuele ongelykheid tussen mans en vroue word duidelik in die houding van mans, maar ook deur die houding wat vroue oor hulleself en ander vroue het (Itzin, 1992, p. 58 e.v.).

In die verlede is die siening gehuldig dat seksuele ongelykheid biologies gedetermineerd is. Oosterse en Westerse fundamentalistiese geloofsoortuigings glo dit steeds: vroue is verlaag tot hulle seksuele en reproduktiewe funksies en is totaal ondergeskik aan hulle vaders en mans, die patriarge. Geen rede bestaan vir die genetiese oordrag van seksuele verskille tot geslagsverskille in werksomstandighede nie, of tot geslagsdiskriminasie of seksuele

ongelykheid nie. So diepgaande is hierdie inherente geslagsdifferensiasie, dat dit selfs weerspieël word in kinderklere, boeke en speelgoed. Klein kinders word verskillend gehanteer, volgens geslag. Die sosiale proses van geslagsrol-stereotipering word voortgesit in formele onderwysstrukture. Soos die onderskeidmaking geïnternaliseer word, word vroue gesosialiseer tot vroulikheid en mans tot manlikheid (Itzin, 1992, p. 61).

Omdat mans en vroue deur die eeue verskillende sosiale ervarings en belewenisse gehad het, redeneer die twee baie verskillend. Die gevolg is dat hulle gevolgtrekkings aangaande sosiale leefwyse verskil. 'n Feministiese siening het die bestaande idees van konsensus in 'n samelewing bevraagteken. Die meeste begrippe van prominente oortuigings, waardes en norme van 'n spesifieke samelewing word bepaal deur 'n klein gedeelte van so 'n samelewing (Babbie, 1995, p. 46). Voorheen is hierdie klein gedeelte van 'n gemeenskap verteenwoordig deur blanke mans - hierdie groep het uit hulle ervarings en sosiale belewenisse, besluite geneem wat vroue geraak het. Veral in die geval van prostitusie, is wette byvoorbeeld in Suid-Afrika deur mans ter tafel gelê, en diegene wat werklik geraak word deur die betrokke wetgewing, naamlik die prostitute, kon geen inset lewer nie.

Jolin (1994, p. 69) verwys ook na die mans wat die prostitusie-debat oorheers. Geleidelik egter, word die debatsvoering oorgeneem deur vroue wat probeer om manlike dominansie te beëindig. Die kern is dat hoe die debat ook gevoer word, dit is altyd die prostituut wat aan die kortste end trek, en die vraag is of wetgewing nie ook uiteindelik oor haar beskerming, as lid van die gemeenskap, moet gaan nie.

Feminisme gaan lank nie meer slegs oor die verbrand van kledingstukke en rondloop met plakkate nie. Die feministiese beweging het baie meer stukrag gekry en betoog tans vir gelyke regte vir die man en die vrou. Hiermee saam loop die inherente verskille tussen man en vrou, ook wat seksuele behoeftes betref. Om die feministiese paradigma te toets, kan gekyk word na die moontlikheid van diskriminasie teen vroue in menige kantooropset of werksituasie - word die topposte eweredig beklee deur mans en vroue, en wat van administratiewe poste, is dié ook eweredig verdeel tussen mans en vroue? Word by sportbyeenkomste eweveel aandag en borgskappe gegee aan mans- en vroue-sportsoorte? (Babbie, 1995, p. 46).

Russell (1958, p. 229) verduidelik die verskille tussen mans en vroue in die konteks van die verskil by die voorkoms van kindermolestering, maar die proses van sosialisering veroorsaak die verskille:

- **Vroue word gesosialiseer om seksmaats te verkies wat ouer en sterker as hulleself is** - Mans word gesosialiseer om voorkeur te gee aan maats wat jonger, onskuldig en magteloos is.
- **Vroue tree gewoonlik nie op as inisieerder nie** - Van mans word verwag om inisiatief te neem.
- **Vroue is minder promisku as mans.**
- **Vroue word nie so maklik seksueel geprikkel as mans nie.**

Bostaande gedagtes beklemtoon die geslags- en seksuele verskille tussen mans en vroue. By seksuele behoeftes kom dit baie sterk voor, en hierdie verskille beïnvloed die reaksies van mans en vroue.

### 4.2.1 Sienings oor vroue en seksualiteit

Engels verwys as volg na ontroue mans en vroue wat seksuele verhoudings aanknoop (in Vogelman, 1990, p. 78):

> *"What for women is a crime entailing due legal and social consequences, is regarded in the case of a man as being honourable or, at most, as a slight moral stain that one bears with pleasure."*

Hierdie siening word oorgedra na die seksuele dubbelstandaarde wat in baie sfere van die lewe ervaar word. Wat prostitusie betref, ondergaan die vroulike prostituut dikwels strenger wetlike en persoonlike vergelding as haar manlike kliënt (Vogelman, 1990, p. 78). Prostitusie kan seker beskou word as afwykende gedrag, maar is dit 'n misdaad?

Dit word algemeen aanvaar dat seksuele verkeer vir vroue baie meer intiem is as vir 'n man:

> ***"In this penetration her inwardness is violated, she is like an enclosure that is broken into"***
>
> *-( de Beauvoir, 1972, p. 50).*

De Beauvoir (1972, p. 367) sê ook:

> ***"woman's eroticism is much more complex, and it reflects the complexity of the feminine situation."***

Verskeie skrywers, filosowe, antropoloë, sielkundiges en sommer ook die gewone man het al sy hand begewe in hierdie oeroue debat oor die verskil tussen mans en vroue ten opsigte van seksuele ervaring. Die Franse het lankal besluit daar is 'n verskil, en ***'vive l'difference'*** is 'n kort, maar baie raak samevatting. Weer die wêreld met net een geslag, maak nie saak of dit man of vrou is nie!

Op 'n verskeidenheid van emotiewe en intellektuele vlakke is daar enorme verskille tussen man en vrou. Omdat die kwessie van prostitusie hier in diepte bespreek word, is dit slegs op die seksuele belewenis waarop hier gekonsentreer gaan word. Benewens die ooglopende verskil in voorkoms tussen man en vrou, verskil die twee geslagte ook op die gebied van seksuele toenadering, die uiting gee daaraan en seksuele bevrediging.

In 'n normale heterogene verhouding tussen man en vrou vind seks tradisoneel plaas met die vrou wat haar in 'n toestand van afhanklikheid teenoor die man bevind. De Beauvoir (1972, p. 369) praat van:

> ***'woman gives herself, man pays her and takes her'***

In dieselfde konteks word die vrou se *'onderdanigheid'* beklemtoon as Benda in ***Le Rapport d'Uriel*** (in de Beauvoir 1972, p. 369) as volg verklaar:

> *"The generative act consisting in the occupation of one being by another, imposes on the one hand the idea of a conqueror, on the other of something conquered. Indeed, when referring to their love relations, the most civilised speak of conquest, attack, assault, siege, and of defence, defeat, surrender, clearly shaping the idea of love upon that of war. The act, involving the pollution of one person by another, confers a certain pride upon the polluter, and some humiliation upon the polluted, even when she consents".*

Bostaande veronderstel 'n mite: die man pleeg 'n daad van besoedeling of ontering teenoor die vrou. Manlike oorheersing in die seksuele sin, is 'n voldonge feit vir sover dit die psige van die vrou raak. Balsac (in de Beauvoir, 1972, p. 677) maak egter 'n kontrasterende stelling as hy aan mans voorstel dat hulle vroue as slawe behandel, maar terselfdertyd haar moet probeer oortuig dat sy 'n koningin is. Vir sover dit dominansie oor die vrou betref, blyk dit dat mans tog wel die vrou wil oorheers, maar hy is terselfdertyd ook bang vir haar.

Onwillekeurig dink mens hier aan die dodelik Suid-Amerikaanse *"Black Widow" Latrodectus mactans* spinnekop (Oxford Illustrated Dictionary, 1978, p. 152). Die wyfiespinnekop vreet die mannetjie op nadat hulle gepaar het. Inderdaad die vroulike lid van die spesie om voor bang te wees - maar die mannetjie moet tog die durf en deursettingsvermoë aan die dag lê om eerste uit te reik en haar te probeer oorwin, al kos dit dan ook sy dood!

Prostitusie pas nie heeltemal in by hierdie beeld van die vroulike lid van die spesie nie, aangesien die prostituut seksualiteit bloot as gebruiksartikel hanteer. Is van die redes waarom mense so ongemaklik voel oor prostitusie nie dalk hierin geleë nie? Hierdie ongemak word dan weerspieël in allerlei vorme van wetgewing en kontrole.

### 4.2.2 Sienings oor mans en seksualiteit

Mans word tradisioneel gekondisioneer tot superioriteit. Sosiale teorieë verwerp biologiese determinisme vir mans sowel as vroue. Mans is nie van nature meer superieur of aggressief

as wat vroue passief en inferieur is nie. Karakteristieke eienskappe van mans is gekondisioneer - die manlike identiteit is aangeleer, en kan ewe maklik afgeleer word (Itzin, 1992, p. 63 e.v.).

Mans as groep het tradisioneel mag en voorregte, en trek voordeel uit hulle dominante posisie in sosiale strukturering. Manlike mag is 'n realiteit, maar is ook skadelik vir mans. Die *"macho"*-beeld ontneem hulle die geleentheid om hulle gevoelens van kwesbaarheid en pyn te wys, om emosioneel te raak en om die rol aan te neem van besorgdheid en vertroeteling in hulle verhoudings. Dit sny hulle af van emosionele intimiteit en isoleer hulle van hulle vroulike maat. Die enigste plek waar intimiteit en *'vroulike'* gevoelens van teerheid ter sprake kan wees, is tydens seks - maar selfs hier is mans onder geweldige druk om te funksioneer en te presteer volgens standaarde van manlikheid. Manlikheid word soms gemeet aan die grootte van hul salaristjek of die grootte van hul seksorgane. Die enigste opwinding of passie wat mans mag toon, is vir motors, rugby en dalk by aanskoue van 'n vrou sonder klere - is hierdie soort manlikheid navolgbaar of bewonderenswaardig? (Itzin, 1992, p. 63).

Russell (1958, p. 26) meen dat as gevolg van die onderwerping van vroue is daar nie juis sprake van 'n werklike kameraadskap tussen die man en sy vrou in 'n tradisionele monogame huwelik nie. Op die vrou word aan die een kant neergesien en aan die ander kant word van haar verwag om haar plig (as seksmaat en voorsiener van 'n erfgenaam) na te kom. Vroue word bydrae of deelname aan baie amptelike aktiwiteite ontsê, en hierdeur word hulle kunsmatig oningelig gehou en gevolglik word hulle beskou as oninteressant.

Plato se dialoë laat die indruk dat hy en sy vriende

> *"..regarded men as the only proper objects of serious love"*
>
> *-(Plato in Russell, 1958, p. 26).*

Hoe strook prostitusie met hierdie siening van die rol van die man? Skep die prostituut in haar aggressiewe bemarking van haarself en haar seksuele *'vryheid'* nie dalk 'n probleem vir die man nie - vandaar weer eens die *'ongemak'* wat deur wetgewing weerspieël word.

# 4.3 TRADISIONELE PERSPEKTIEF OP VROUE-SEKSUALITEIT EN PROSTITUSIE

Die vrou is tradisioneel as 'n besitting van die man beskou. Sy het feitlik geen seggenskap in enigiets gehad nie en moes tuis bly, die huishouding waarneem, kinders baar en grootmaak. Die eerste vroue-stryders het lank gelede al begin om kapsie te maak teen hierdie ondergeskikte rol, en hieruit het baie veranderinge gespruit. Tog het die vrou al die mag in die wêreld gehad. Eva het in die paradys al vir Adam beïnvloed, en deur die geskiedenis is daar talle vroue wat deur vernuf, maar sekerlik ook slinksheid, die mans om hulle pinkies gedraai het, en sodoende verseker dat die mans maak soos hulle, die vroue, wil hê. Dit vraag ontstaan nou of die vroue altyd sonder mag was (amptelik sekerlik wel) en of hulle maar net slim en uitgeslape was om die man toe te laat om al die moeilike baanbrekerswerk te doen, terwyl hulle hulpeloos en handewringend toekyk!

## 4.3.1 Praktyke van lank gelede

Varma (1979, p. 45) maak die stelling dat die Antieke Griekse wettestruktuur geen respek vir vroue of hul kuisheid gehad het nie. Mans het sonder vrees vir stigmatisering besoeke aan 'n bordeel gebring, waar die hoof, die ***pronobosum*** aan jong maagde die geleentheid tot 'n eerbare professie gebied het. Griekse gode het besondere belangstelling in allerlei seksuele wanpraktyke getoon, soos Zeus wat homoseksueel was en ook 'n byna onversadigbare seksuele aptyt gehad het. Seneca, Nero Caligula en Socrates was ook homoseksueel. Caligula het nog 'n bykomende voorkeur vir klein seuntjies gehad. Griekse godinne was ook nie vry te spreek van afwykende gedrag nie, Sappho, die digteres wat op die eiland Lesbos gewoon het, was na bewering lesbies.

In vroeër tye is seksuele aktiwiteite meer openlik gepleeg, en seksuele wanpraktyke soos dit deesdae onderskei word, was nie met soveel sosiale afkeur bejeën nie. So is byvoorbeeld in Athene gedurende die sesde tot vierde eeue v.C. seun-bordele as algemeen aanvaar. Pederastie wat 'n onsedelike verhouding met ander van dieselfde geslag behels, veral jong seuns, was gewettig onder die bewind van Solon. Solon soos reeds genoem, was homo-

seksueel, en so ook Caligula. Seksuele spel tussen volwassenes en kinders was blykbaar ook algemeen in die tye van die Franse Sonkonings, veral tydens die bewind van Lodewyk XIII (Varma, 1979, p. 45 e.v.). Hamilton (in Schetky & Green, 1988, p. 19) beweer dat Grieke hulle die eienskappe van gode toegeëien het. Gee aan 'n god eienskappe soos jy graag wil wees, en as die god se gewoontes gevestig is, maak jy weer soos die god - en almal is gelukkig.

Teen die tyd toe die Sumeriërs die Vrugbare Halfmaan, (tans die suide van die moderne Irak), binnegeval het, het groter sosiale groeperings ontstaan (Ahmed, 1992, p. 12).

Waar godinne, en dus die vroulike lede van die spesie vroeër in Antieke kulture geheers het - dink maar aan die magtige invloed van Isis, Athene, Venus, Minerva en ander, het hierdie godin-oorheersde groeperinge geleidelik ontwikkel in groepe wat oorheers is deur die manlike lede van die spesie. Spesialisgroepe waarin vakmanne en handelaars, landbouers en ontdekkingsreisigers die plek van die vrou oorgeneem het, het ontstaan. Die vrou het tweede plek ingeneem en die man het ontwikkel as die hoof van die familie-eenheid. Gode het dan ook belangriker as godinne geword.

Teen die tyd dat die Sumeriese Wette (teen 2 400 v.C.) uitgevaardig was, is melding gemaak van die vrou se seksualiteit - sy was te alle tye die besitting van 'n man. Eers het die dogter aan haar vader behoort, daarna aan haar man. Die vroulike seksuele reinheid (virginaliteit) word 'n onderhandelingsmiddel. Die sogenaamde rein, maagdelike meisie was ekonomies 'n baie waardevolle besitting in die patriargale sisteem soos dit toe deur die staat geïnstitusionaliseer en instand gehou is (Ahmed, 1992, p. 12 e.v.).

Dit lyk dus asof die onderdanige vroulike rol nie *'natuurlik'* is nie, maar deur die eeue heen ontwikkel het om by die sosiale opset te pas.

### 4.3.2 Vroue wat hulle seksualiteit gebruik om mag te bekom

Gedurende die Renaissance, het vroulike seksualiteit in die Westerse wêreld 'n effense verandering ondergaan. Saam met die oplewing in die kunste het die beter klas prostituut na

vore gekom - die courtesan wat saam met die seksuele dienste wat sy gelewer het, ook goed onderrig was in die literatuur, kultuur en algemene gedrag (Schetky & Green, 1988, p. 26).

Courtesane het ook 'n geweldige invloed op hul beskermhere uitgeoefen, en menige ryk het geval as gevolg van die gekonkel van courtesane met magshonger politici of korrupte kerkvaders, soos die kardinale in Frankryk.

### 4.3.3 Seksualiteit in primitiewe gemeenskappe

Malinowski (1957, p. 268 e.v.) het 'n deeglike studie gemaak van die seksuele gewoontes van die Noord-Wes Malinesiese eiland-bewoners. Die tradisionele gebruik was dat in enige seksuele verhouding, die man voortdurend klein geskenkies aan die vrou gee. Hierdie eensydige vergoeding was vir hulle vanselfsprekend: seksuele verkeer beteken vir dié mense 'n diens wat die vrou lewer aan die man, vandaar die bring van geskenkies vir die gelewerde dienste. In 'n gemeenskap waarin geld nie bestaan nie, kan die bring van geskenke eendersyds as ruilmiddel, of dan betaling vir seksuele dienste dien, maar in werklikheid is dit slegs 'n bewys of erkenning vir genoemde dienste. In Malinowski se eilandgemeenskap is die seksuele daad meer spontaan as in meer gevorderde gemeenskappe, dus kan daar nie 'n parallel getref word met hedendaagse prostitusie nie. Daar kan slegs gesê word dit bevestig die gebruik rondom seksualiteit wat waarskynlik nie biologies verklaar moet word nie, maar in tradisie en sosialisering gevind kan word.

### 4.3.4 Seksualiteit en kultuurverskille

Seks is normaal, en erotiese opwekking by baie kulture, is 'n biologiese feit. Seksuele behoeftes en dryfvere verskil by individue. Sommige kulture beskou naaktheid as eroties, by ander kulture word geen seksuele belangrikheid daaraan gegee nie. Sommige kulture beskou die vrou se borste as seksueel-stimulerend, ander glo die lippe of sitvlak is belangrik. Die toedien van pyn word soms as seksueel opwekkend beskou. Stamme in Suid-Amerika byt hulle seksmaat se wenkbroue af; vroue in Suid-See-eilande steek hulle vingers in die maat se oor by seksuele opwekking. In Westerse kultuur is die byt aan die nek, die sogenaamde *'love bite'* gewild (Barak, 1994, p. 128).

Kinsey (Sien Hoofstuk 2) het spesifiek gekyk het na vlakke van opvoeding in verband met seks. Die gevoel is algemeen dat die geslag, ras en klas waartoe 'n persoon behoort, sy houding teenoor seks bepaal. In Kinsey se ondersoek (Barak, 1994, p. 129) is bevind dat hoe hoër skolastiese opvoeding, hoe minder die moontlikheid van voorhuwelikse seks en ook die moontlikheid van seks met 'n prostituut. Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat seksuele gedrag aangeleer is, en 'n weerspieëling is van die groep waartoe die persoon behoort.

In Frankryk gedurende die vyftiende eeu beskryf Rossiaud (Shrage, 1989, p. 350) die toestand van prostitusie as volg:

> *"By the age of thirty, most prostitutes had a real chance of becomimg reintegrated into society ... Since public opinion did not view them with disgust, and since they were on good terms with priests and men of the law, it was not too difficult for them to find a position as servant or wife...Marriage was definitely the most frequent end to the career of communal prostitutes who had roots in the town where they have publicly offered their bodies".*

Hierdie is 'n sprekende bewys dat verskillende kulture, op morele gebied verskil as dit by die evaluering van die prostituut kom.

#### 4.3.4.1 Die Zoeloe-gemeenskap

Die Zoeloe-gemeenskap word as voorbeeld van 'n Afrika-kultuurgroep se houding teenoor seksuele gebruike, voorgehou. By baie inheemse volkere is die basiese stamgewoontes taamlik eenders, daarom word volstaan met slegs die insluit van inligting oor hierdie gemeenskap. Magwaza (tydens die kongres oor *"Seksuele oortreding teen kinders"*, 1994) het oor kultuurwette en tradisies gepraat. Die kwessie van hoe onmagtig die tradisionele Zoeloevrou is, is hier te berde gebring. Magwaza is van mening dat die jong verstedelikte swart vrou voor 'n groot dilemma te staan kom. Vanuit haar stamtradisie en kultuur is sy as *'kind'* op geen regte aangewys nie. Haar ouers tree vir haar op, en in die geval waar sy

verkrag sou word, is dit nie sy wat kompensasie verdien nie, maar haar familie. Die oortreder moet dan sorg vir middele, hetsy finansieël of in goedere, om die familie se eer te herstel, die sogenaamde *'cleansing rites'*. In die lig van bogenoemde is dit vir die moderne jong vrou onverstaanbaar dat sy geen reg het op haar liggaam nie. Indien sy verkrag sou word deur 'n nabye familielid, sou sy ook nie die reg hê om 'n klag te lê nie. Indien die familielid deur stamtradisies aangewys is as haar substituut-vader (indien haar biologiese vader oorlede is) mag hy aanspraak maak op haar seksuele gunste.

Hier is dus 'n voorbeeld van kultuurbotsings wat verwarring ten opsigte van seksuele rolle veroorsaak. Hierdie verwarring bring mee dat vroulike lede van hierdie kultuurgroep seksueel *"ontredderd"* is, en dit kan promiskuïteit en seksuele losbandigheid in die hand werk. Hierdie gedrag kan baie maklik lei tot prostitusie.

### 4.3.5 Bemagtiging van die vrou

Deur die loop van tyd het die Westerse vrou nog altyd die onderspit moes delf waar dit gaan oor mag. Die vrou het wel mag gehad in die maritale bed, en het terdeë van hierdie magsposisie gebruik gemaak; maar daarbuite was geen sprake van gelyke regte ten opsigte van politieke mag, of gelykheid in enige ander sosiale strukture nie. Uiteraard het sy van slinkse, verleidelike maniere gebruik gemaak om haar sin te kry - sy het eers teen die begin van die hierdie eeu amptelik as *'suffragette'* begin betoog vir algehele gelykheid. Later het die feministiese beweging ontstaan, en die vrou is bemagtig. 'n Uitvloeisel hiervan is dat vroue self wil besluit oor die beroep van prostituut, oor hoeveel seks werd is vir wie, en wanneer. Ten einde die magsposisie, al dan nie, van die vrou te verduidelik, gaan hierdie bespreking so 'n entjie terug in die geskiedenis:

### 4.3.6 Die vrou se posisie in die samelewing

Die Egiptiese samelewing in die tyd van Ramses II het geen offisiele huweliksluiting-seremonie gehad nie, en dus ook geen egskeidingprosedure nie. Daar was dus geen wetlike verbintenis van die kant van die staat nie, nog minder van religieuse kant af. So 'n verbintenis was as 'n private, familie-aangeleentheid beskou (Ahmed, 1992, p. 32). Alhoewel vroue

volgens hierdie stelsel dus vry was, was hulle posisie in die samelewing onreëlmatig en teenstrydig. Hulle is verbied om administratiewe poste te beklee in hierdie manlik oorheerste gemeenskap, maar mans was beslis nie vrouehaters nie. Die doel van 'n huwelik, al was dit nie 'n wettige *"transaksie"* nie, was nie slegs om 'n nageslag te verseker nie, maar ook vir 'n gesamentlike leefwyse: om as gesin te funksioneer en die plesier en gerief te ervaar wat so 'n verhouding of verbintenis bied.

Die posisie van die vrou het geleidelik verswak en teen die tyd van Augustinus, Origen en Tertullian het hierdie kerkvaders die vrou as volg beskryf (Ahmed, 1992, p. 36):

> ***"...inferior, secondary, defined entirely by her biology and useless to man - and worse, as causing sensual temptation, corruption, and evil..."***

Augustinus veral, het baie gepeins waarom die vrou ooit gemaak is:

> ***"...that he had created her neither as man's companion, for another man would have been more appropriate..."***

en voeg by:

> ***"...I fail to see what use woman can be to man, ...if one excludes the function of bearing children"***

Tertullian gaan verder:

> *"You are the Devil's gateway. You are the unsealer of the forbidden tree. You are the first deserter of the divine Law. You are she who persuaded him whom the Devil was not valiant enough to attack. You destroyed so easily God's image, man. On account of your desert, that is death, even the Son of God had to die"*
>
> *-(Ahmed, 1992, p. 36).*

So sterk het die invloed van Hellenisme van die Meditereense streek gegeld op die militêre, politieke en kulturele gebied dat vrouehatery ook in die samelewing gehandhaaf is. Griekse en Romeinse skrywers meld ook dat vroulike kindermoord 'n algemene praktyk was.

In die Midde-Ooste het toestande vir die vrou versleg, veral toe die Islam meer gevestig geraak het. Die vrou het haar plek totaal verloor totdat sy verplig was om deur middel van manipulasie, gif en leuens - die wapens van magteloosheid - 'n plek vir haar en haar kinders te probeer bekom. Dit was veral die geval van byvroue in die Oosterse harems. In hierdie tyd het die wette van sommige stadstate voorsiening gemaak vir poligamie en die lewe in veral die harems was vir die vroue laer af op die hiërargiese struktuur, baie onseker, beide op materiële gebied en op emosionele gebied. Ongewilde vroue is summier uit die weg geruim, sommige is verdrink deur die ewig-swygende eunug.

In die Midde-Oosterse Abbasiëde-gemeenskap het, teen ongeveer een eeu n.C., die praktyk van die verkoop van mans, maar veral vroue voorgekom. Dit was so algemeen aanvaar asof 'n mens maar net nog 'n handelskommoditeit is wat te koop aangebied word. Handelaars het vroue gekoop, opgelei in allerhande kunsies om die man te behaag, en dan verkoop as slawe, byvroue of nog vroue in 'n harem. Die vrou het dus slegs bestaan as seksobjek (Ahmed, 1992, p. 36 e.v.). Dit is dan ook nie vreemd dat Abbasiëde-vaders gevrees het vir hul dogters en vroulike familielede nie. Een vader, wat sy dogter aan die dood afgestaan het, skryf

> *"...we live in an age ... when he who weds his daughter to the grave has found the best of bridegrooms"*
>
> *- (Ahmed, 1992, p. 95).*

In die feudale tydperk is die vrou hoogstens beskerm met wetgewing omdat sy die man se eiendom en die moeder van sy kinders was. Sy het geen regte gehad nie omdat sy geen politieke mag gehad het nie. Die ridder se perd was meer belangrik as sy vrou. Daar was in die twaalfde eeu 'n tydelike toegeneëntheid teenoor vroue, maar aangesien soveel faktore teen die vrou se onafhanklikheid ingewerk het, kon alles nie opeens afgeskaf word nie. Fisiese swakheid was nie meer van belang nie, maar die vrou se onderdanigheid aan die man

was bruikbaar vir die samelewing (de Beauvoir, 1972, p. 122 e.v.) 'n Regskode van die Middeleeue het die Franse vrou die reg tot enige posisie of siviele status ontsê; eiendom en besittings het regtens aan die hoof van die familie behoort. Die hoof van die familie was natuurlik 'n man. Ander lande in Europa het regskodes volgens die Kanonnieke, Romeinse of Germaanse Wette aanvaar - almal ongunstig vir die vrou. In al hierdie lande was die gevolge van die kuise vrou se verslaafdheid aan haar familie, gekoppel aan die *"voor-uitgang"* van prostitusie. Die prostituut is hipokrities op die rand van die samelewing gehou, maar het 'n belangrike rol gespeel in die samelewing. Die Christendom het hulle verwerp, maar aanvaar as 'n noodsaaklike euwel. In die vroeë Middeleeue was sedes so bandeloos dat prostitute nie nodig was nie. Slegs toe die monogame huwelik gevestig is, het die man sy seksuele plesier by die prostituut gaan soek.

Charlemagne, Charles IX van Frankryk en Maria Theresa het almal geprobeer om prostitusie af te skaf. Die struktuur van die samelewing het prostitusie egter noodsaaklik gemaak. Schopenhauer (in de Beauvoir, 1972, p. 125) stel dit baie hoogdrawend:

> *"Prostitutes are human sacrifices on the altar of monogamy..."*

terwyl Lecky (de Beauvoir, 1972, p. 125) as volg redeneer:

> *"Supreme type of vice, they are the greatest guardians of virtue".*

Vroue was beskryf as lui, koketterig en uitlokkend. Veral die kerkvaders was groot vyande van vroueregte. Hulle het die blaam op die huwelik geplaas. Die Kerk het die huwelik ingestel, maar dit was nie beskore vir die kerklike elite nie - hier is die kontradiksie wat die oorsaak van die *"geveg-om-die-vrou"* was. Kerkvaders het in smaadskrifte die tekortkomings van vroue beklemtoon, hulle opponente het geprobeer om die vrou se superioriteit te bewys. Dwarsdeur die eeue het die twis voortgegaan totdat die eerste vrou in die vyftiende eeu haar gansveerpen opgeneem het ter verdediging van haar geslag. Christine de Pisan het 'n lewendige aanval op die kerkvaders gedoen, en die feit gestel dat as meisietjies, net soos seuns, die geleentheid tot opvoeding het, sal hulle die subtiliteite van alle

kunsvorme net so goed kan verstaan as seuntjies. Hulle is dus potensieel op intellektuele vlak gelyk, maar gedepriveerd ten opsigte van ontwikkeling.

Die rol van die vrou en haar gepaardgaande seksualiteit het dramatiese veranderinge deur die eeue ondergaan, van individuele vryheid en gelykheid met die man tot onderdrukte en beperkte rolle in ander tydperke. Tussen kulture verskil die rolle ook en beïnvloed dan die seksuele rol van die vrou in die bepaalde gemeenskap. Die vraag wat hieruit voortspruit, is of 'n morele kwessie soos prostitusie in 'n heterogene kultuurgemeenskap deur wette beheer moet word. Dis duidelik dat seksuele gebruike en taboe's op kultuur gebaseer is. Wie se kultuur moet nou in wetgewing weerspieël word? Moet kulturele taboe's nie deur die betrokke kultuur **self** deur sosialisering en sosiale sankies beheer word nie, eerder as deur wetgewing wat algemeen geldend is nie?

## 4.4 SOSIALE PERSPEKTIEWE OP SEKSUALITEIT

Seksualiteit word ook in persoonlike verhoudings deur die gemeenskap as tweeledig beskou. Mans wil nie dat hulle eie vrouens enigsins uitlokkend optree nie; sy moet kuis en beskeie voorkom. Aan die ander kant word vroulike seksualiteit beklemtoon in bykans alle vertakking van reklame. Hoe moet die vrou haar eie seksualiteit waarneem - sy wil aantreklik en aanloklik wees, maar die man laat haar dit nie toe nie.

Jolin (1994, p. 69 e.v.) maak melding van hierdie geskil of twispunt wat deur hedendaagse feministe aanhangig gemaak word. Mans beskou vroue al eeue lank uit twee hoeke. Die een is dat die vrou kuis en maagdelik moet wees, en moet met slegs een seksmaat verkeer; dit is die vrou met wie hy trou. Die ander kant is dat die *'ander vrou'* beskikbaar moet wees vir sy seksuele behoeftes, buite die huwelik of 'n monogame verhouding. Hierdie vroue - die prostitute - word spreekwoordelik eenkant geskuif deur die samelewing en daar gehou vir die man se plesier.

Hedendaagse feministe beklemtoon dat die sosiale en ekonomiese magte wat mans toelaat om vroue eenkant te hou al te veel na manlike chauvinisme en ongelyke regte in die volste sin van die woord klink. Die vraag is hoe om dit te verander.

Die feministe is tot nog toe onmagtig om vraagstukke soos die volgende op te los:

- Is dit seksuele of ekonomiese ongelykheid wat vroue verhoed om totale gelykheid te bekom;
- Sal die beskerming van die vroue teen manlike oorheersing vroue se keuses beperk;
- Is vroue (en prostitute) slagoffers of entrepreneurs?

In Gelsthorpe & Morris (1990, p. 145 e.v.) skryf Edwards dat eendersdenkende feministiese bewegings of organisasies nie bestaan nie. Daar is ook nie 'n feministiese kriminologie of feministiese benadering tot wetgewing nie. Verskille in konseptualisering van die verhouding tot die wette van 'n staat bestaan, en verskillende sienings aangaande die geskikte wyses waarop met die probleem van vrouemisdadigheid omgegaan moet word, bestaan. Edwards se argument is dat feministe wat veg vir dekriminalisering van sekere misdrywe, en wat vra vir versterkte regsintervensie vir sekere misdade by vroue, nie in twee rigtings dink nie. Hierdie is nie 'n teenstrydigheid nie, inteendeel. Edwards kwoteer Taylor wat die volgende stelling gemaak het:

> *"Nowhere is the contradictory character of law, as an oppressive instrument of a particular social interest as well as an immediately important area of struggle, more apparent than* ***in the relationship of the law to women"***
> *- (Gelsthorpe & Morris, 1990, p. 146 e.v.).*
> - (eie beklemtoning).

### 4.4.1 Sosiale aard van seksuele verkeer

Foucault (in Bell, 1993, p. 15) meen seksualiteit is sosiaal gekonstrueer. Hierdie perspektief bepaal dat seksualiteit nie deel is van die liggaam nie, nog minder 'n natuurlike geneigdheid. Seksualiteit word binne 'n gemeenskap gevorm en deur die gemeenskap bepaal. Foucault (in Bell, 1993, p. 16) weerspreek die geskiedenis van seksualiteit soos dit gewoonlik voorgehou word. Die geskiedenis neem seksualiteit vanaf die tyd toe seks vrylik gesien en bespreek was, deur 'n tyd van onderdrukking gedurende die bekrompenheid van die negentiende eeu

toe seks weggesteek en beperk was tot die huweliksbed, tot die teenswoordige tyd waar seksualiteit weer eens bevry is. Foucault (in Bell, 1993, p. 17) sê seksualiteit was *nie* werklik in 'n periode van onderdrukking nie, maar 'n periode van ontploffings rondom die redevoering oor seks. Hierdie ontploffings in die redevoering is nie slegs op literêre gebied nie, ook op mediese en psigologiese gebied wou almal *"weet van seks"*. Mense in Westerse samelewings praat van seksualiteit as 'n natuurlike deel van hulleself, dit is die sleutel tot die kern van menswees; seksualiteit word beskou as die oorsaak van die mens se probleme. Volgens Foucault (in Bell, 1993, p. 20), is 'n werkbare hipotese as volg:

> *"The society that emerged in the nineteenth century - bourgeois, capitalist, or industrial society, call it what you will - did not confront sex with a fundamental refusal of recognition. On the contrary, it put into operation an entire machinery for producing true discourses concerning it. Not only did it speak of sex and compel every one to do so; it also set out to formulate the uniform truth of sex. As if it suspected sex of harbouring a fundamental secret .... As if it was essential that sex be inscribed not only in an economy of leasure but in an ordered system of knowledge ... Thus sex gradually became an object of great suspicion".*

Clinard (1974, p. 497) sê seksuele verkeer, meer as enige ander vorm van menslike gedrag, word omring deur allerhande tipes formaliteite en beperkinge. Deur die jare heen is die seksuele daad beskou as 'n natuurlike deel van menslike bestaan; benewens die fundamentele doel tot voortplanting, is dit van die genotvolste van alle menslike ervarings. Of so behoort dit altans te wees. Weens die wye verskeidenheid van persoonlike voorkeure as gevolg van individuele smake en belangstellings moet omsigtigheid aan die dag gelê word met aannames en verduidelikings rondom seksuele afwykings. Seksuele afwykings is dus 'n moeilike probleem om te definieer of te analiseer. Davis, soos aangehaal deur Clinard (1974, p. 497) verklaar dat seksuele norme van ander norme verskil slegs ***"by virtue of what they regulate"*** maar dit het belangrike implikasies.

Ten eerste is die seksuele dryfkrag baie kragtig en kan dit nie uitgewis word nie. Tweedens kan die seksdrang uitermate hoeveelhede situasionele of emosionele kondisionering verduur.

Hierdie potensiaal vir kondisionering word gekompliseer deur die feit dat seksuele bevrediging direkte samewerking van 'n ander persoon verg, gesien binne die *'normale'* beskouing waar seks tussen twee instemmende volwassenes plaasvind (Clinard, 1974, p. 497 e.v.).

Seksuele gedrag binne 'n sosiale konteks kom op 'n wye kontinuum voor. Daar is baie soorte seksuele gedrag wat, solank dit deur die deelnemende partye so aanvaar word, as normaal en reg beskou kan word. Norme en sosiale sanksies kan gedrag afkeur, maar as daar instemming tussen deelnemende partye is, behoort daar nie ingemeng te word nie. So voel prostitute oor hulle werk. Wat volgens ooreenkoms tussen die prostituut en haar kliënt aanvaar word, die geld wat geruil word, is reg - die prostituut wil die reg hê om self te besluit wat sy sal aanvaar - die tipe gedrag, sowel as die vergoeding.

**Wetgewing** bepaal dat wanneer twee persone in die huwelik verbind word, daar wedersyds instemming tot seksuele verkeer sal wees. Hierdie is inderdaad nie 'n verpligting nie, maar tog word dit algemeen aanvaar. Optrede wat direk deur die wet verbied word, is byvoorbeeld seksuele verkeer tussen naby familielede, soos 'n vader en sy dogter of kleindogter, of seks tussen mens en dier (bestialiteit). Hier geld die reël dat inmenging deur wetgewing slegs behoort te wees wanneer daar skade of onreg aan 'n persoon of persone gedoen kan word. Lötter (1995, p. 8) verwys na Hart wat die kwessie van *"harm to others"* geopper het. Hiervolgens kan moraliteit net afgedwing word indien immorele gedrag tot 'n ander se nadeel is.

Lecky (in Russell, 1958, p. 117) dui aan dat die rol van prostitute in sekere samelewings hoog geag word. Lecky sê prostitute is die beskermers van die heiligheid van die huwelik en die onskuldigheid van vroue en dogters. Die behoefte aan 'n prostituut ontstaan by die baie mans wat ongetroud is, of weg van hulle vrouens, en hierdie mans is nie geneë om selibaat te bly nie. Ordentlike vroue is nie beskikbaar vir seks nie, veral in 'n konvensioneel kuise gemeenskap - daarom stel die samelewing 'n sekere klas vrou beskikbaar vir manlike behoeftes. Die prostituut is ideaal geskik hiervoor - sy is beskikbaar, sy kan weggesteek word - die man wat haar besoek het, gaan terug huis toe, na sy vrou, kinders, en sy kerk, en

sy eerbaarheid bly in takt. Die prostituut is egter die sosiale uitgeworpene, die randeier - so was dit in vroeëre tye en so is dit tans nog.

Lecky se argument word versterk deur dié van Havelock Ellis (in Russell, 1958, p. 122). Baie mans kan nie totale bevrediging binne die beperkinge, fatsoenlikheid en welvoeglikheid van 'n konvensionele huwelik ervaar nie, en hierdie mans beskou 'n geleentheidsbesoek aan 'n prostituut as uitlaatklep, sonder enige emosionele bande.

Weens die feit dat die vrou (huweliksmaat) van 'n man gerespekteer en fatsoenlik is, kan die man by die prostituut sy fantasieë uitleef. Sy gedrag wyk ook af van die normale seks wat hy met sy vrou het - die prostituut is hiervoor ook beskikbaar. Hierdie fantasieë kan soms gewelddadig wees, soms pseudo-gewelddadig soos in die geval van masochisme en sadisme.

Sommige gemeenskappe aanvaar seksuele geweld (Harvey & Gow, 1994, p. 73). In gemeenskappe in die Andes-gebergtes is fisiese konfrontasie tussen man en vrou algemeen aanvaarbaar, amper soos in Westerse gemeenskappe waar jongmense dikwels in fisiese kontak met mekaar verkeer, wat uitloop op 'n vriendelike stoeiery om kontak te bewerkstellig, veral waar twee mense van die teenoorgestelde geslag tot mekaar aangetrokke voel. Soos die berg-gemeenskap se mense ouer word, word hierdie fisiese kontak meer intens, en word dit ook by seksuele toenadering toegepas. Daar word na seksuele geweldadigheid verwys as 'n uitdrukking van seksuele begeerte. Veral die man in die Andes-gemeenskappe beskou fisiese aanranding deur die vrou - *'Andean love'* (amor andino) - as gemotiveer deur 'n begeerte na seks, en verwelkom dit.

### 4.4.2 Sosiale aard van prostitusie

Die sosiale aard van prostitusie en die waardes en oortuigings oor watter strukture die sosiale betekenis van prostitusie in ons gemeenskap voorskryf, berus op 'n paar aannames (Shrage, 1989, p. 353).

- Ten eerste, glo die meeste mense in samelewings wat op die Westerse beskawingsbeginsels gebaseer is, in die natuurlike voorkoms van kragtige emosionele seksuele begeertes, maar dat dit sosiaal onderdruk word.
- Ten tweede word geglo dat mans van nature geskik is om 'n dominante sosiale rol te vertolk.
- Ten derde, daar word aanvaar dat kontak met manlike genitalieë skadelik is vir vroue.
- Vierdens is daar die aanname dat 'n persoon se seksuele voorkeure of bedrywighede die persoon etiketteer as daardie *'tipe'* persoon; soos maagdelik, homoseksueel, prostituut, ensovoorts.

Om Shrage se argument te versterk, die volgende aanhaling van Schopenhauer (in Shrage, 1989, p. 352 e.v.):

> *"The* ***sexual impulse*** *in all its degrees and nuances plays not only on the stage and in novels, but also in the real world, where next to the love of life, it shows itself the strongest and most powerful of motives, constantly lays claim to half the powers and thoughts of the younger portion of mankind, is the ultimate goal of almost all human effort, excerts an adverse influence on the most important events, interrupts the most serious occupations every hour, sometimes embarrasses for a while even the greatest minds, does not hesitate to intrude with its trash interfering with the negotiations of statesmen and the investigation of men of learning, knows how to slip its love letters and locks of hair even into ministerial portfolios and philosophical manuscripts, and no less devises daily the most entangled and the worst actions, destroys the most valuable relationships, breaks the firmest bonds, demands the sacrifice sometimes of life or health, sometimes of wealth, rank and happiness, nay robs those who are otherwise honest of all conscience, makes those who have hitherto been faithful, traitors; accordingly to the whole, appears as a malevolent demon that strives to pervert, confuse, and overthrow everything".*

Inderdaad maak Schopenhauer hier 'n *"monumentale"* stelling - daar is beslis waarheid in sy evaluering van die sterkte van die seksuele dryfkrag wat in die Westerse samelewing ervaar, maar onderdruk word. Omdat hierdie impuls van irrasionele aard is, is dit so dat prostitusie sal voortbestaan totdat alle mense seksuele toegang het tot alle ander mense, en tot die seksdrang bevredig is. In 'n samelewing waar nie totale seksuele gelykheid bestaan nie, is dit natuurlik dat die behoefte aan seks gekanaliseer gaan word in seks waar geld ter sprake is, of soos Ericsson (in Shrage, 1989, p. 353) dit noem, *"mercenary sex"*. Ericsson bepleit 'n ongereguleerde seks-industrie, wat spontaan aan die behoeftes van menslike natuur voldoen. Volgens antropoloë is hierdie 'n voorbeeld van kulturele gesonde verstand - waar seksuele toegang vir almal beskikbaar is.

Die behoeftes rondom seksuele bevrediging word ook deur kultuurgewoontes beïnvloed. Vergelyk byvoorbeeld die Dani, 'n primitiewe groep in Nieu-Guinee, se gewoontes met diè van ander groepe. Keider (in Shrage, 1989, p. 353) beskryf dat die normale prosedure by hierdie groep 'n vyfjaarlange tydperk van onthouding is, nadat 'n baba gebore is. Hierdie lae vlak van seksualiteit is 'n kulturele fenomeen, en nie deur biologiese faktore beïnvloed nie.

Die hoë vlak van seksualiteit in die Westerse samelewing is dus ook 'n kulturele fenomeen. Shrage sluit haar argument af met die gedagte dat ons kulturele rasionalisasie van prostitusie net is wat dit is - 'n kulturele rasionalisasie (Shrage, 1989, p. 354). Shrage maak die stelling dat prostitusie nie 'n sosiale misstap of afwyking is nie, maar die gevolg van gevestigde oortuigings en waardes wat deel vorm van alle sosiale instansies en praktyke. Prostitusie het nie unieke strukture, legalisties of andersins nodig nie. Al wat nodig is, is vir feministe om daarin te slaag om persepsies, oortuigings, praktyke en stelsels wat vroue onderdruk, te verander (Shrage, 1989, p. 360 e.v.).

Aangesien die aard van seksuele verkeer kultureel bepaal word, moet prostitusie dan nie ook aanvaar word as 'n *"normale"* sosiale verskynsel wat voortspruit uit die sosiale aard van die samelewing waarin dit voorkom nie? Indien dit só gesien word, kan kriminalisering daarvan dan nog as geregverdig beskou word?

## 4.5 DIVERSE SIENINGS RONDOM SEKS

Harvey & Gow (1994. p. 105) vind dat seks baie betekenisse kan hê. Seks is 'n plesier vir beide man en vrou, maar ook moontlik gevaarlik vir beide, veral onder die verkeerde omstandighede. Dit is prettig, maar ook dodelik ernstig as seks tot gevolg het dat die vrou te veel kinders het by te veel mans. Hieronder word seks as prokreatiewe aktiwiteit bespreek, dus om kinders te baar, en verderaan ook as rekreatiewe aktiwiteit, dus om te ontspan en die ontmoeting te geniet.

### 4.5.1 Diverse funksies van seks

Russell (1958, p. 31 e.v.) sê dat vanaf die tyd toe vaderskap *'ontdek'* is, was seks van groot belang, ook op religieuse gebied. Dit is seker nie vreemd nie, want religie hou verband met alles wat misterieus is. Vrugbaarheid, of dit nou die oes op die lande is, of by 'n veekudde, of by die mensdom, is belangrik. Die mens was primêr ingestel om vir die beste te beding - en om die voortbestaan van die spesie te verseker. In die geval van seksualiteit het die mens besef dat alle seksuele verkeer nie vrugbaar is nie, daar word tog nie 'n vrou swanger gemaak met elke seksdaad nie. In Antieke Tye is daar veel klem gelê op vrugbaarheid - vrugbaarheid by die vrou het beteken dat vrugbaarheid van die grond sal verbeter. Menslike vrugbaarheid was uiters wenslik in primitiewe gemeenskappe en om dit te verseker, was daar baie religieuse en magiese seremonies.

In Antieke Egipte was die seksuele element van religie nie uit oorsprong fallies nie. Die klem het gelê op die vroulike genitalieë. Die vroulike genitalieë was veronderstel om te wees soos die porseleinskulp (kauri); gevolglik is aan dié skulp magiese magte toegesê en is dit later as ruilmiddel gebruik. Geleidelik het die klem op falliese verering geval en die maan, gesien as manlik, was beskou as die vader van alle kinders. Falliese verering of aanbidding het deur die Middeleeue voortgeduur tot by die koms van die Protestantisme wat dit probeer uitwis het. Geleidelik het die fassinering met seks uitgebrei tot die heilige prostitute - gerespekteerde vroue het na die tempels gegaan en het gemeenskap gehad met die priesters of 'n verbyganger, sommige van die priesteresse was ook *'heilige hoere'* - die

uitgangspunt was om vrugbaarheid van vroue deur die goedguns van die gode te verseker of vrugbaarheid van die oeste deur magiese intervensie (Russell, 1958, p. 35).

Baie geloofsgroepe soos die Jode en Esseners het seks egter as onrein beskou. Selfs die Romeinse Ryk het geneig na asketisme. Selibaatskap het ontstaan toe priesters en priesteresse in diens van gode, beskou was as met hierdie gode getroud te wees, en gevolglik moes hulle, hulle onthou van seks met gewone mense. Vandag nog word nonne beskou as die bruide van Christus.

Mans aanvaar dikwels dat alle lojaliteit en liefde van hulle vroue aan hulle behoort, en wanneer vroue emosioneel en seksueel aangetrokke voel tot ander mans, was dit moreel verwerp. Die ideale vrou, volgens Shakespeare (in Russell, 1958, p. 36)

> *"is one who submits to her husband's embraces from a sense of duty, but would not think of having a lover, since sex in itself is disagreeable to her and is only endured because the moral law commands that it should be".*

In die Christen-etiek, volgens Paulus, word gemeenskap, ook binne 'n huwelik, beskou as 'n struikelblok in die poging om gered te word. (1 Kor. 7 : 32-34, soos aangegee in Russell, 1958, p. 41). Dit is egter moontlik dat getroude mense gered kan word, maar seks bly 'n dodelike sonde. Ten spyte hiervan beveel Paulus aan, in sy oorbekende woorde:

> *"...laat hulle trou; want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand" -*
> *1 Kor. 7 : 9 (1933-vertaling).*

Selfs in afgesonderde gemeenskappe bly die fasinering met seks steeds voortbestaan. In gemeenskappe in die Andes-gebergte word die behepteid met seks verder uitgebrei as hierdie mense seks met eet vergelyk (Harvey & Gow, 1994, p. 82 e.v.). Andiese etnograwe het die verband tussen seks en eet uitgewys waar seks as beide destruktief en produktief beskou word. In 'n seksuele verhouding word die maats wederkerig gevoed. Om seksueel te verkeer met familielede volgens hierdie metafoor, beteken om op jouself te teer, of op jou familie, en bloedskande word derhalwe as 'n ernstige oortreding beskou.

Selfs in die kunste is verwysing na seks algemeen. Heins (1993, p. 140 e.v.) noem dat in Griekse kuns, sowel as Afrika-mitologie gereeld voorbeelde gevind word waar bosgode uitgebeeld word met 'n erektiele fallus gereed is vir seks. In ander vorme van kuns word seks ook dikwels eksplisiet uitgebeeld. Soms kan dit as pornografies van aard beskou word, maar dit as dit *as "kuns"* beskou kan word, is dit aanvaarbaar. Indiese eroties-religieuse beeldhoukuns beeld byvoorbeeld Hokusai se *'Droom van in Visserman se vrou'* uit waar 'n seekat besig is om 'n vrou te streel met al sy tentakels; Rubens, die Vlaamse kunstenaar skilder baie erotiese tonele; Rembrandt skilder 'n non en 'n monnik in 'n koringland, besig om seks te hê.

Deesdae is die Amerikaanse *"pin-up"* baie gewild. In sommige gevalle word daar na sekere uitbeeldings van seks as smaakvol, kunstig en *'upper-class'* verwys, sogenaamde erotika. By baie mense is dit toelaatbaar en word verwag om gaande te raak daaroor, om dit te *'verstaan'*. In teenstelling is pornografie stout, lelik en onaanvaarbaar. Hierdie onderskeidings is baie subjektief en 'n regter het in sy uitspraak gesê

> *"one person's literary masterpiece may be another's smutty trash"*
>
> *-(Heins, 1993, p. 139).*

Baie boeke wat gepubliseer word, is ook deurspek met obsene beskrywings wat as gevolg daarvan verban was - in Antieke Tye, en ook vandag. Voorbeelde hiervan is Aristophanes se Lysistrata, Rabelais se Gargantua, Chaucer se Canterbury Tales, Boccaccio se Decamaron. Ook skrywers soos Honoré de Balsac, Oscar Wilde, John Steinbeck, William Faulkner, F. Scott Fitzgerald se werk is as obseen beskou en verbied (Heins, 1993, p. 27). Soos met so baie publikasies gebeur, word die verbod later opgehef, en dan verkoop die boeke soos die spreekwoordelike soetkoek. Sodra die verbod op hierdie werke opgehef word, word die werk op literêre gebied baie hoër aangeslaan as voorheen. In baie samelewings is daar dus 'n duidelike beheptheid met seks waar te neem. 'n Teenstrydigheid word ook hier waargeneem - soms is beheptheid met seks vuil, vulgêr en afkeurenswaardig, soms is dit eroties en aanvaarbaar - die betekenis van die konsep is inderwaarheid in die *"eye of the beholder"*.

### 4.5.2 Seks as prokreatiewe aktiwiteit

Die ou kerkvaders het seks slegs gesien as toelaatbaar vir reproduksie, en om die voortbestaan van die mensdom te verseker. Hulle keur enige beelde of woorde af wat seksuele plesier kan verhoog (Heins, 1993, p. 143).

Seks as 'n kreatiewe instink is noodsaaklik vir die instandhouding van die menslike ras. Die krag of sterkte van seks kan as die edelste beskou word, of dit kan manifesteer in alles wat skandelik en veragtelik en afkeurenswaardig is, soos in die geval van verkragting. Rubin (1946, p. 34) is van mening dat die ontwikkeling van die brein deur evolusie en beskawing die seksinstink gekompliseer het. Byna niks het van die brutale taktiek van die oermens oorgebly nie. Hedendaags is vrees een van die metgeselle van seks. Dit was waar in die tyd toe Rubin sy stelling gemaak het, maar ook vandag as mens die vrees van MIV-besmetting in gedagte hou. As mens in ag neem dat geruïneerde lewens en die dood dikwels volg vir diegene wat deur hul seksuele impulse beheer word, is ongeïnhibeerde seks seker nie die veiligste manier om te ontlaai nie.

Harvey & Gow (1994, p. 104) beskryf die ernstige aard van *'making a child'* in die Xinguano-gemeenskap. Dit is 'n komplekse proses wat baie meer as net seksuele gemeenskap behels. Om kinders te maak, moet die ouers tye van onthouding deurmaak, moet hulle let op hulle dieet, tye van intense seksuele aktiwiteit beleef, vis vang en broodwortel voorberei, alles om die kind te voed en te laat groei. Die ouers word ook deur hul ouers deeglik voorberei vir die verantwoordelikheid wat op hulle skouers rus om die kinders op te voed.

Seks om die ras in stand te hou, het ook verskeie momente beleef, veral waar dit gaan om rasverbetering (*'eugenics'*) In die voorwoord van Rubin (1946, p. v, e.v.) skryf Winfield Pugh, 'n mediese dokter as volg:

> *"For many years a veil of hypocrisy has surrounded everything associated with sex or eugenics and mere mention of such a word as 'venereal', was sufficient to arouse consternation far and wide. We Americans still have*

*with us many ideas inherited from our Pilgrim Fathers; particularly regarding all matters akin to sex and disease. These antiquated notions stick like leeches and in many localities greatly interfere with attempts at control of baneful maladies, or hinder other scientific progress".*

Pugh (in Rubin, 1946, p. v, e.v.) noem dat die opgroeiende generasie weier om dogmas van hul ouers te aanvaar bloot omdat hul voorouers so geglo en gedoen het. Die jeug wil meer weet, en dring daarop aan om meer te weet as wat hul voorouers geweet en aanvaar het. As dit in 1946 waar was, is dit in 1997 nog meer van toepassing. Jong mense, wat in die hedendaagse oop en vry gemeenskap alles van alles kan weet, dring daarop aan om meer te wete te kom oor veral sekere morele aspekte van seksualiteit.

In die huidige politieke bestel waar kleur en kultuur nie meer so belangrik is nie, is morele kwessies veral vir jongmense belangrik. Kok (op 'n seminaar) meld dat al hoe meer van sy kliënte vra dat sekere riglyne duidelik uitgespel word. Toenemend wil sy kliënte eers hoor wat die aanvaarde riglyne is voordat hulle self besluit; in terapie wil van hierdie kliënte dat riglyne vir hulle uitgespel word - hulle kan dan daarvolgens hulle gedrag rig.

Rubin (1946, p. 28) verduidelik eugenetika as volg:

*"a science which concerns itself mainly with the improvement of the human race".*

'n Wetenskap dus wat te doen het met oorerwing en die aanpassing en verandering om die nageslag ten beste te laat ontwikkel. Eugenetika is ook 'n belangrike faktor in prokreatiewe seks. Rubin (1946, p. 30) sê die begeerte tot prokreasie is dikwels sterker as die oorlewingsfaktor. In die dierewêreld kan die spinnekop as voorbeeld dien. Die mannetjie is by sekere spesies kleiner en swakker as die wyfie maar al benader hy die web van die wyfie met angs en bewing, is die drang tot prokreasie groter as hierdie angs. As hy gelukkig is, kan hy met sy lewe daarvan afkom nadat hy die wyfie bevrug het, maar in die meeste gevalle is die wyfie vinniger as hy en sal sy elke druppel vog uit sy liggaam suig. By mense is die

drang na voortplanting nie so sterk nie, maar die seksuele daad om voortplanting kan nie onderskei word van die seksuele daad vir plesier nie.

Die mens is ook die enigste spesie wat seks vir genot en plesier bedryf in teenstelling met dierespesies wat bloot *"paar"* met die doel om voor te plant. Seks word nog altyd beskou as die grootste krag in die heelal (Rubin, 1946, p. 33).

Watter rol speel prostitusie in seks as prokreasie? Bring dit nie die moontlikheid van seks met begeerlike maats, wat dikwels taboe is weens sosiale klas, ras, morele oortuiging en so meer, binne bereik van die individu nie? Hierdie seksmaats kan weens die kulturele taboe's nie vir prokreasie-seks oorweeg word nie, maar word nogtans begeer. In 'n moderne samelewing word seks ter wille van prokreasie deur al die moontlike vorms van kontrasepsie geskei van ander seksuele aktiwiteite. Is die argument teen prostitusie vanuit hierdie perspektief nog sterk genoeg vir wetgewing?

### 4.5.3 Seks as rekreatiewe aktiwiteit

- Seks as ontspanning?
- Seks as tydverdryf?
- Seks as stokperdjie?

**Inderdaad ja** - gesien in die lig van die beheptheid met seks en veral die vroulike liggaam. Haas geen reklame kan meer gemaak word as dit nie 'n seksuele ondertoon het nie, en in prikkeltydskrifte word eksplisiete foto's duidelik en kleurvol aangebied. Seks word ook in video- en rolprente blatant aangebied.

Tydens die kommunistiese bewind in baie lande was daar die verbod op prikkeltydskrifte en pornografiese materiaal om die dekadensie wat met kapitalisme geassosieer is, te beperk. In meer konserwatiewe lande het die wetgewer sensuur toegepas om die seks-industrie te beperk. In Suid-Afrika, met die koms van 'n nuwe staatsbestel, is baie van die konserwatiewe strukture besig om te verdwyn. Kultuurverskille maak ook dat sekere aktiwiteite wat

deur sommige mense of groepe aanvaar word, vir ander afstootlik is. Hoe nou gemaak met wetgewing, of sensurering van veral seksuele praktyke?

Kan wetgewing, op grond van die morele oortuigings van 'n minderheidsgroep, toegelaat word om sekere aktiwiteite te verbied - wat van die regte van andersdenkendes wat hierdie aktiwiteite wil uitvoer?

Seks is sedert die seksuele-rewolusie in die vyftigerjare baie op die voorgrond. Artikels in populêre tydskrifte bespiegel oor sekstegnieke, oor kwantiteit, oor vlakke van orgasmiese ervarings - die publiek word oorstroom daarmee. Vandat die Kinsey-verslag (sien Hoofstuk 2, 2.7.2 vir meer inligting oor hieroor) gepubliseer is, reeds in die vroeë vyftigerjare, het seks 'n *"populêre wetenskap"* geword. Masters & Johnson (volgens Elmer-Dewitt, Time International, 1994, p. 54) het wenkbroue laat lig, en weer laat sak, toe hulle erken het hulle studie dalk bevooroordeeld was. So gretig is publikasies om meer oor seks te skryf dat Elmer-Dewitt (Time International, 1994, p. 54) die regte bekom het om die opspraakwekkende Chicago-verslag verslag te publiseer, vòòr die uitreiking daarvan. Die skrywers van die verslag, sê die doel van die ondersoek was om seks in 'n nuwe lig te sien,

> *"We all have this image, first presented by Freud, of sex as a riderless horse, galloping out of contol. What we are saying here is that sex is just like any other social behavior: people behave the way they are rewarded for behaving"*
>
> *- (Elmer-Dewitt, Time International, 17 Oktober 1994, p. 59).*

In dieselfde tydskrif meld die hoofartikel dat alreeds in 1970, na die Masters & Johnson-verslag, seks beskryf is as

> *THE MOST MYSTERIOUS, MISUNDERSTOOD AND REWARDING OF HUMAN FUNCTIONS"*
>
> *- (Elmer-Dewitt, Time International, 17 Oktober 1994, p. 4).*

Seks, as rekreatiewe aktiwiteit, geniet soveel aandag, en het 'n lonende bedryf op sigself geword het. Waarom word slegs die één deel van die seks-industrie met wetgewing beheer. Die ander deel van die industrie, pornografie en ander verwante aktiwiteite, word ter wille van *'vryheid van keuse'* gedekriminaliseer. Is prostitusie nie ook 'n keuse wat vrywilliglik uitgeoefen word nie?

## 4.6 DIE SEKS-INDUSTRIE

Dit is inderdaad nie verkeerd om te praat van 'n seks- industrie nie. Hierdie industrie is enorm van omvang, en die geld wat gegenereer word, beloop miljoene rande - maar die werklike bedrag is onbepaalbaar. Die finansiële impak van prostitusie, pornografiese videos en tydskryfte, masseersalonne, gesellinklubs, prikkel- onderklere, sekshulpmiddels, boutiques vir volwassenes, middels om die vrou aantreklik te maak, en om die man viriel te maak, maak deel uit van die oorkoepelende term *'kommersiële seks'*.

### 4.6.1 Die nuttigheid van pornografiese materiaal

Hawkins & Zimring (1991, p. 187) vertel dat Montaigne reeds vier honderd jaar gelede opgemerk dat daar 'n eienaardige paradoks voorkom by die alledaagse gebruik van woorde soos *doodmaak, beroof, verraad* wat uiterste geweld behels, maar woorde wat betrekking het op die genitalieë

> *"....we dare not speak of [it] without shame".*

Volgens Hawkins & Zimring, (1991, p. 187) vra Legman waarom hierdie absurde teenstelling:

> *"Is the creation of life really more reprehensible than its destruction?*
>
> *- (Legman in Hawkins & Zimring, 1991, p. 187).*

Rondom dieselfde vraag vra Gorer (Hawkins & Zimring, 1991, p. 187 e.v.) waarom literatuur oor moord soos speurverhale en misdaadverhale, nie as korrup en depriverend

beskou word nie. Hoekom word sulke onderwerpe nie beskou as sou dit onvolwasse en swak ontwikkelde (in die sin van swak morele oortuigings) lesers inspireer om oor sulke dade te fantaseer en dit daarna te pleeg nie. Inteendeel, moordlektuur word beskou as opbouend en gesond, dit prikkel die vernuf van die leunstoelspeurder en in Engeland het mense vanuit hoogaangeskrewe professies erken dat die lees van speurverhale hul gunsteling tydverdryf is.

> ***Bepeinsing en mymering oor moord is gesond;***
> ***bepeinsing en mymering oor seksuele genietings is nie.***

Volgens Gorer (Hawkins & Zimring, 1991, p. 188) sal niemand 'n moord gaan pleeg nadat hy 'n speurverhaal verslind het nie, maar

> *"..there is a grave danger that people will commit illegal sexual acts because they read pornography."*

Met hierdie argument, en gedagtig aan Kok se bevinding dat mense riglyne ten opsigte van aanvaarbare seksuele gebruike soek, is dit nie nou tyd om hierdie vraagstuk of kwessie van prostitusie in die oë te kyk en 'n standpunt in te neem om die kwessie te besleg nie? So baie teenstrydighede geld by prostitusie, so baie is reeds geopper - kan beleidsmakers en -toepassers nog huiwer om standpunt in te neem?

### 4.6.2 Kommersiële seks

Pornografie, net soos prostitusie, is geklassifiseer as *'kommersiële seks'*. Die Webster-woordeboek (soos in Hawkins & Zimring, 1991, p. 62 e.v.) gee die oorsprong van die woord pornografie aan as komende uit die Grieks, ***pornographos***, *"writing about prostitutes"*.

In 'n studie oor prostitusie in Boston (Hawkins & Zimring, 1991, p. 62) word bevind dat alhoewel beide pornografie en die besit of handel dryf daarin en ook prostitusie wat uitlokking en die bedryf van bordele insluit, onwettig en strafbaar is. Sekere areas in Boston staan bekend as die *"Combat Zone"*. Hierdie area is bekend vir die beskikbaarheid van

onwettige goedere en dienste. Die area word spesiaal aanbeveel vir *"soldiers and sailors on leave, or tourists and locals"* om daarheen te gaan vir aksie - in hierdie geval, met seksuele ondertone.

Die Meese-kommissie (sien Hoofstuk 2, 2.7.3), verwys na *"Tenderloin"*, 'n area in Boston wat ongeveer sewentien stadsblokke beslaan wat as 'n rooiligdistrik bekend is. In hierdie gebied word prostitusie beoefen te enige tyd van die dag of nag, winkels wat pornografiese materiaal verkoop en lokale wat seksfilms vertoon, is feitlik heeldag en nag oop.

Hoe bring mens die kloutjie by die oortjie - wat sal gebeur as *"downtown areas"* adverteer dat mense daarheen moet gaan as hulle aksie wil sien: aksie soos moord, roof, aanranding, ens. Laasgenoemde is tog ook misdade - hoe word dit toegelaat dat seksuele wanpraktyde *"geadverteer" word"* - prostitusie en aanverwante aktiwiteite word wel deeglik geadverteer. Weliswaar adverteer die prostituut nie haar uitstaande eienskappe nie, maar onder die dekmantel van *'escort agencies'*, gesellinne, masseersalonne, ens. adverteer sy definitief en stel haar tot diens van diegene wat seksuele bevrediging verlang.

**Pornografiese materiaal word dikwels as instruksiehandboeke deur prostitute gebruik.** Een prostituut het getuig dat al die prostitute in haar groep deur pornografiese materiaal ingelyf is in die bedryf - dit word as hulle **teksboeke** gebruik om na te boots en om die fyner kunsies van uitlokking en die ontlok van seksuele begeertes gebruik. Prostitute het die invloed van pornografiese materiaal hoog geag. Dus, pornografiese materiaal is 'n belangrike faktor in die opleiding van die prostituut.

Pornografie en prostitusie het nog 'n verband, volgens die Meese-verslag. Diegene wat optree in pornografiese films en videos word beskou as *"pornografiese modelle"* maar vorm in der waarheid 'n subkultuur van prostitute,

> *"It seems abundantly clear from the facts before us that the bulk of commercial pornographic modeling, that is, all performances which include actual sexual intercourse, is quite simply a form of prostitution. ... Every court which has examined the questions from this standpoint has agreed,*

*reasoning that where persons are paid to have sex it is irrelevant that the act is for display to others"*

*- (Hawkins & Zimring, 1991, p. 63 e.v.).*

Ook Itzin (1992, p. 65) besef die rol wat pornografie by kommersiële sekswerk speel, veral by die ongelykheid en uitbuiting van die vrou, en soms ook kinders. Hier word die vrou ekonomies en seksueel uitgebuit. Die pornografie-industrie betrek die armste en weerbaarste vrou, eksploiteer die swart vrou en Derde Wêreld-vrou. Pornografie en prostitusie lyk na 'n geleentheid vir die werkersklasvrou om glans en opwinding wat hulle meen hieraan verbonde is, te ervaar. Pornografie beklemtoon die onderdanigheid van die vrou, seksualiseer geweld en legitimeer geweld teen vroue. Dit vererger ook die seks-objektiwiteit en seks-stereotipering van die vrou - dit bied die man die geleentheid om na vroue te kyk, en dra die boodskap oor dat dit is wat vroue is, wat hulle wil hê en hoe hulle behandel wil word. Hier kan moontlik sprake wees van dubbele maatstawwe. Soos reeds hierbo genoem is, is pornografie nou in Suid-Afrika, behalwe vir enkele maatreëls, gedekriminaliseer. Waarom dan die ander deel van die seksindustrie, naamlik prostitusie, op die wetboeke hou?

Aan die ander kant kan die vraag gevra word hoe pornografie en prostitusie die *"gelykwaardigheid"* van die vrou beïnvloed. Mag die skade wat deur die seks-industrie aan die stryd om vroue gelykheid aangerig word, geïgnoreer word? Beleidmakers sal hierdie opponerende standpunte deeglik moet oorweeg as besluite oor dekriminalisering van prostitusie geneem word.

Tot dusver is die rol wat pornografie speel in die onderdrukking van die vrou nog nie genoegsaam erken nie, maar grootliks geïgnoreer. Die ekonomiese gelykheid van die vrou is afhanklik van die feit dat die seksuele onderdrukking nog nie aangespreek is nie, nog minder is 'n regsmiddel bepaal wat hierdie aspek van seksuele ongelykheid sal aanspreek (Itzin, 1992, p. 69).

## 4.7 KONTEMPORêRE PERSPEKTIEF OP VROUE-SEKSUALITEIT EN PROSITUSIE

Vandat feministiese-bewegings sterk standpunt ingeneem het oor die ongelykheid tussen man en vrou, het ander perspektiewe na vore gekom.

Volgens Thomas (Shoemaker, 1990, p. 250) is die jongste teorieë oor vroulike persoonlikheid en vroulike misdadigheid of afwykende gedrag 'n kombinasie en uitbreiding van die idees van Lombroso en Freud. Vroue is basies anabolies en mans is essensieel katabolies, en hiermee bedoel Thomas (Shoemaker, 1990, p. 250) dat vroue 'n geneigdheid toon om te akkumuleer of terug te hou, soos byvoorbeeld liggaamsvette en liggaamsvloeistowwe. Mans in teenstelling hiermee, neig tot die vrylaat van liggaams-stowwe. Vroue is volgens hierdie denkwyse meer passief en meer in staat om uit 'n aangebore ingesteldheid aan te pas by die hantering van stres. Mans, wat meer energiek is, is minder in staat om teen biologiese kompleksiteite of omgewingstres weerstand te bied. Die inherente aard van die man neig tot beide *"the hero and the criminal"* en die vrou is meer behep met moraliteit, stabiliteit en gedragsgelatenheid of berusting (Shoemaker, 1990, p. 250-251). Thomas (in Shoemaker, 1990, p. 250) beweer dat mense volgens vier basiese wense of begeertes reageer. Hierdie vier begeertes is onderskeidelik

***nuwe ervarings, sekuriteit, respons en erkenning.***

Waar dit dan by vroulike gedrag, en volgens die strekking van hierdie skrywe dus prostitusie, kom, is die jong vrou in die begin aangetrek deur die begeerte om nuwe ervarings en opwinding te beleef - en dit doen sy deur haar enigste *"kapitaal"* - haar seksualiteit - te manipuleer en daarmee te eksperimenteer. Thomas postuleer dat hierdie behepheid met opwinding en sogenaamde pret veral manifesteer by die jong vrou in die laer klas wat hy karakteriseer as amoreel, wat haar seksuele kapitaal vir persoonlike opwinding en tasbare gewin aanwend.

Die hoofdoel van suksesvolle heteroseksuele vroue is gewaan om die volgende te wees: om die man te behaag, 'n huwelik en moederskap. Om 'n man se aandag en belangstelling te trek

en te behou, is 'n essensiële deel van die proses. Tot 'n sekere mate hang haar voortbestaan daarvan af dat sy haarself so vroulik en aantreklik as moontlik sal maak (Itzin, 1992, p. 61 e.v.).

Die mees algemene manier vir vroue om inligting te kry oor hoe om suksesvol vroulik te wees - 'n suksesvolle seks-objek, eggenoot of moeder - is deur voorstellings of uitbeeldings. Beelde van wat die stereotipe van vroulikheid is, kom uit kinderboeke, die media (die gelukkige, tevrede vrou wat haar wasgoed witter-as-wit gewas het, die tandepasta-ma), en letterkunde (die allesopofferende Moeder Courage, die *'sterk'* vrou wat alles feil het vir haar gesin en enigiets sal trotseer), en natuurlik die romantiese heldin wat die held se hart steel. Hierdie geslagsgeoriënteerde instelling verteenwoordig weer eens *"manlike dominansie"* en "vroulike onderdanigheid". Nog 'n beeldvormer is vroue-tydskrifte. Hierdie publikasies konsentreer op inligting oor vroulikheid (artikels soos *"hoe om jou man te behaag"*, *"die pad na sy hart"*, *"sestig maniere om jou man gelukkig te hou"* verskyn gereeld), en verskaf spieëlbeelde van vroue - openbare beelde van vroulikheid waarmee vroue hulself kan vergelyk, en hoe mans vroue kan beoordeel.

Itzin (1992, p. 63 e.v.) sê vroue is so gekondisioneer om tot die stereotipe te konformeer dat hulle nie meer bewus is van wanvoorstelling en mishandeling nie - hulle verbeel hulself dat hulle die toestand geniet! Sodra 'n persoon (in hierdie geval 'n vrou) geforseer word, of uit eie wil instem om deel te hê aan haar mishandeling (as ondergeskik aan die man) is dit 'n meganisme van oorlewing en handhawing van selfrespek en waardigheid om so 'n posisie te verdedig. *"Ek doen dit. Ek hou daarvan. Daar is niks mee verkeerd nie. Ek word betaal vir wat ek doen".*

Vroue in die kommersiële seks-industrie verduidelik hoe hulle die status quo verdedig het: totdat hulle ekonomiese alternatiewe aanvaar het. Hierdeur het hulle emosionele ondersteuning verkry en kon die uitbuiting as sulks verduur, by monde van 'n vorige prostituut:

> *"Oppressed people develop a sixth sense with which we anticipate the next move of an enemy in order to try to be successfully out of the way or in the most acceptable pose ... This strategic lie attempted to turn my degradation*

> *into something more human. Confronting how I've been hurt is the hardest thing that I've had to do in my life" - aldus Toby.*
>
> *- (Itzin, 1992, p. 63).*

McNeill (in Femina, 1996, p. 29) in 'n onderhoud met 'n vrou wat tans as prostituut werk, haal haar aan:

> *"I am not a victim. I'm empowered. I work when it suits me. I do what I please. I'm planning to write a book. There is almost nothing I feel I can't achieve". - aldus Linda.*

Miskien is die verskil juis in die feit dat Toby nie meer 'n prostituut is nie, maar Linda nog steeds.

Oor prostitusie skryf Clinard (1974, p. 506) dat dit universeel voorkom en meestal onaanvaarbaar is. Die voorkoms daarvan en die reaksie daarop fluktueer, maar die definisie bly taamlik konstant. In baie lande is dit nie prostitusie wat onwettig is nie, maar uitlokking wat die misdaad is waarvoor die prostitute gestraf word. Baie vroue is promisku, maar hulle is nie prostitute nie - hul seksuele verhoudings het 'n element van toegeneendheid al is dit dan van verbygaande aard. Die prostituut in teenstelling, verkoop haar *"sexual relations"* met 'n element van onbetrokkenheid.

Prostitusie, vir sover dit wetgewing betref, is *"seksuele verkeer teen betaling"*.

Daar moet dus 'n handelstransaksie aangegaan word tussen twee persone, die prostituut en haar kliënt. Hulle kom ooreen oor die soort vergoeding, en die aktiwiteit wat in ruil vir geld aangebied gaan word.

Davis in Clinard (1974, p. 506) gaan sover om te sê dat die poging wat 'n samelewing aanwend om seksuele uitdrukking te beperk tot 'n langdurige verhouding binne die huwelik en die versorging van kinders, of om seksuele verkeer met liefde te probeer verbind, skep juis *'n ideale geleentheid vir prostitusie.* Die sekuriteit wat die vrou verkry deur haar

bereidwilligheid om binne die huwelik te bly, maak van haar 'n prostituut - sy verdien haar *'brood'* deur seks.

Volgens Clinard (1974, p. 506) sal diegene wat seksuele verskeidenheid verkies, om watter rede ook al, dit soek by die prostituut. Seksuele drange is van belang binne 'n samelewing, en die bevrediging van hierdie drange is vir menige ongetroude persoon onmoontlik, soms ook vir die getroude persoon, daarom die besoek aan die prostituut, met geen verdere verbintenisse nie.

Daar bestaan 'n inkongruensie in ons moderne samelewing wat bogenoemde betref. Seks, of wat soms na verwys word as vrye liefde, word nie deur die samelewing aanvaar nie; tog is die reklamewêreld oorhoops met die menslike liggaam (vroeër was dit net die vroulike liggaam wat sensueel bo-oor 'n stoof gedrapeer is om die stoof te adverteer, maar tans word die man met sy glinsterende bultende spiere en blou dagoud-baard, heel dikwels in reklame gebruik). Die menslike liggaam word met alles in verband gebring, van motors tot seeppoeier tot sjokolade. Die persoon wat nie toegang het tot 'n seksuele verhouding nie, ervaar ook seksuele opwekking, maar die enigste uitweg is 'n besoek aan die prostituut en dit is onaanvaarbaar in die huidige opset.

Prostitute, volgens Clinard (1974, p. 509) is 'n nodige kommoditeit wat beskikbaar is vir die bevrediging van wydsoortige behoeftes maar dikwels beperkte bronne. Omrede prostitusie dus funksioneel in 'n samelewing bedryf word, is die beroep van die prostituut soos enige ander beroep. Daar is die ekonomiese en kulturele oorwegings wat geld soos in enige saketransaksie. 'n Goeie ekonomiese transaksie behels die verkoop van dienste aan enigiemand wat daarom vra, en daarvoor kan betaal. In die geval van prostitusie behels dit die verkoop van seksuele voorregte vir geldelike oorwegings. As sy voltyds werk is hierdie beroep heel dikwels baie lonend.

Clinard (1974, p. 508) vind houdings teenoor prostitusie wat varieer oor jare heen, en varieer van land tot land. Die houding en sosiale status van die prostituut wissel na aanleiding van drie faktore:

- of die prostituut 'n mate van diskriminasie in die keuse van haar kliënte beoefen;
- of sy haar verdienste aanwend vir 'n sosiaal aanvaarbare doel;
- of die prostituut haar seksuele rol kombineer met ander meer aanvaarbare werk.

Die kontemporêre perspektief kan saamgevat word in die siening dat die vrou belangrik is in die samelewing. Hierdie standpunt kan nie genoeg beklemtoon word nie, maar is dit nodig dat die vrou gedegradeer word tot 'n seks-objek?

### 4.7.1 Invloed van feministiese bewegings

Negentiende-eeuse feministe in veral die Verenigde State van Amerika het 'n spreekbuis verskaf vir vroue om oor prostitusie te debateer (Jolin, 1994, p. 73). Toe, soos nou, was daar 'n tweeledigheid te bespeur. Sommige het gesê prostitusie moet uitgewis word omrede dit bydra tot manlike promiskuïteit. Ander het gepropageer dat prostitusie gewettig word as uitdrukking van vroulike seksualiteit buite die huwelik.

> *"To say that you are a feminist usually evokes preconceived notions of identity, role or behavior ... you are popularly assumed to be an aggressive, man-hating and banner-waving woman. To say that you are adopting a feminist perspective in an academic discipline or a feminist methodology in research usually leads to puzzlement, claims that there is no such thing or accusations of bias, one-sidedness, over-involvement and the like"*
>
> *- (Morris in Barak, 1994, p. 228).*

Barak (1994, p. 229) verklaar dat feminisme die belangrikheid van mag beklemtoon, en ook die belangrikheid van begrip vir die breër sosiale konteks van die realiteit van menslike ervaring. Feminisme verskaf gereedskap om die dinamiese aard van die sosiale werklikheid te analiseer. Om menslike bestaan as 'n voortdurende ontwikkelende proses te sien, beklemtoon ook die belangrikheid van sosiale verandering.

Die belang van die feministiese standpunt in 'n onderwerp soos hierdie kan gesien word deur te kyk na die aspekte van feministiese navorsing en praktyk binne kriminologie wat Barak (1994, p. 215) uitlig :

- Die fokus op geslag as kern-begrip vir hedendaagse lewenstyl;
- Die belangrikheid van mag in die verandering van sosiale verhoudinge;
- Sensitiwiteit vir die wyse waarop sosiale konteks menslike gedrag bepaal;
- Sosiale realiteit moet verstaan word as 'n proses; en
- Toewyding aan sosiale verandering as kritieke deel van die feministiese siening en die toepassing daarvan.

Itzin (1992, p. 58) sê onomwonde dat in alle samelewings word vroue onderdruk as gevolg van hulle geslag. Hierdie onderdrukking variëer volgens verskillende kulture, maar al word mag op watter manier ook vertolk, vroue het dit nie. Binne hierdie seksistiese sisteem is manlike oppergesag of heerskappy so geïnstitusionaliseer dat mans as 'n groep, toegang en beheer het oor die ekonomiese, sosiale, seksuele en politieke voorregte - en vroue het dit nie.

Wat die seksuele betref, is die vrou ondergeskik aan die man in die sin dat sy op vele terreine van die seksuele as die passiewe maat bejeën word - veral deur die man. Dink maar aan woorde of begrippe soos penetrasie, die sogenaamde normale posisie van seksuele verkeer, die geykte uitdrukking dat die man haar *"neem"* dat hy haar *"plesier"* verskaf, die Engelse uitdrukking *"having his way with her"*. Die vrou is geëmansipeerd en bevry in baie opsigte, maar die tyd het dalk aangebreek dat die vrou se rol wat die seksuele betref, ook moet verander.

Met die wettiging van prositusie en die lisensiëring of regulering daarvan, gee dit elke vrou die vryheid om self 'n besluit te neem of sy haar liggaam wil gebruik as seksobjek al dan nie, in die beoefening van 'n beroep wat haar eie keuse is. Net soos die verpleegkundige, die sekretaresse, die klerk, wat haar dienste aanbied teen betaling, wil die prostituut ook hierdie opsie uitoefen, en self besluit.

Feministe het in 'n poging om hierdie kwessie die hoof te bied, uitgekristaliseer in twee breë groeperinge aangaande die rol van prostitusie in die vrou se strewe na gelykheid. Hierdie twee groepe presenteer as volg:

- GROEP 1 - vroue wat emansipasie van manlike seksuele oorheersing beklemtoon as die primêre kwessie in die prostitusie-debat. ***Hulle beskou die prostituut as die slagoffer.*** - SEXUAL EQUALITY FIRST (SEF-groep)

- GROEP 2 - vroue wat vryheid van keuse as primêre kwessie beklemtoon. ***Hulle beskou die prostituut as 'n werker.*** - FREE CHOICE FIRST (FCF-groep)

  - (Jolin, 1994, p. 76).

Jolin (1994, p. 76 e.v.) verklaar verder dat die kriminalisering van prostitusie deur beide hierdie groepe feministe afgeskiet word op grond daarvan dat kriminalisering die ongelykheid van vroue intensifiseer en verdere diskriminasie aan die hand werk. Volgens die beleid (die van kriminalisering van prostitusie) moet die prostituut benewens haar sosiale marginalisering, met die stigma van die fisiese, psigologiese en ekonomiese las van ***misdadiger*** saamleef.

Teoretisering oor prostitusie spreek nie die aktuele probleme aan wat die vroue ervaar nie. Ten spyte van baie strategieë, riglyne, bespiegelinge en beredenerings, is die toestand tans:

**PROSTITUTE IS MISDADIG MAAR DIE KLIëNT IS NIE**

Veral die straatprostituut ervaar daagliks die rieële las van viktimisering en onwaardige behandeling. Dit is ironies wanneer in gedagte gehou word dat die SEF (Sexual Equality First)-groep juis vroue wil beskerm teen viktimisering.

Totdat 'n vrou se seksuele gedrag haar eie keuse is, en haar dus gelyk maak aan die man, sonder enige stigma - en nie afbreuk doen aan haar waarde of dit verhoog nie - sal prostitusiewettiging gepaardgaan met kontroversie.

### 4.7.2 Stigting van prostitute-organisasies

Soos reeds uitgewys is, het die vrou se regte in die bespreking van prostitusie, telkens ter sprake gekom. Aanvanklik was sy sonder enige regte, maar geleidelik het die vrou haarself ten opsigte van regte geposisioneer sodat sy algaande beheer oor haar eie sake kan kry. Die kwessie van prostitusie was nog altyd een wat *'geveg'* is deur mans in beheer van sake - polities, wetgewend, moralisties en op welke gebied ook al die kwessie beredeneer is. Dit was 'n ongelykheid want die vrou was die een wat as misdadig beskou is indien die reg sy loop sou neem, en die man (haar kliënt) is deur die reg geïgnoreer - in die meeste gevalle.

Die ongelykheid bly voortbestaan as die man die een is wat gereeld die prostituut besoek, en hy nie vervolg word nie; terwyl die prostituut die sosiale blaam dra van *'slegte vrou'*, uitgewekene in die samelewing, die randeier, en sy is maar net die een wat die diens verskaf.

Prostitute het al jare lank hierdie ongelykheid besef, en besluit om self sake in eie hande te neem. Hiervolgens het verskeie prostitute-organisasies ontstaan, waarvan die mees bekende, COYOTE is. COYOTE is die akroniem vir CALL OFF YOUR OLD TIRED ETHICS, en het in San Fransisco ontstaan. COYOTE is in 1973 gestig deur Margo St. James, 'n voormalige prostituut. Hierdie organisasie het as doelwit om wetgewing wat prostitusie bemoeilik, uit te wys en te probeer verander. Daar het mettertyd nog baie ander prostitute-organisasies ontstaan, almal met dieselfde doel, naamlik die dekriminalisering van prostitusie. So bedrywig het hierdie organisasies geraak en hul lidmaatskap het so uitgebrei dat die jaar 1974 selfs verklaar is as *"74, Year of the Whore"*, en 'n *"World Whores' Congress"* is in Amsterdam gehou in 1985, en nog een in Brussel in 1986 (Jenness, 1990, p. 410). Sedertdien is talle organisasies gestig met min of meer dieselfde doelstellings, naamlik om die status van die prostituut te verhoog tot die van wettige werker, en om die stigma aan prostitusie te verwyder.

Bykans al hierdie organisasies beywer hulle vir beter regte vir prostitute, en die repudiëring van alle wetgewing wat prostitusie kriminaliseer. COYOTE in besonder, streef na die volgende:

> *"the repeal of all existing prostitution laws, the reconstitution of prostitution as a credible service occupation, and the protection of prostitutes' rights as legitimate workers".*

Jenness (1990, p. 403) verduidelik verder dat COYOTE aanspraak daarop maak dat meeste van die probleme geassosieer met prostitusie herlei kan word na die verbod op prostitusie en die sosiale stigma aan sekswerk.

Om die prostitute se argumente beter te verstaan, ag die navorser dit nodig om die volgende aanhaling te gebruik soos deur St. James (in Jenness, 1990, p. 405):

> *"A rather profound misconception that people have about prostitution is that it is 'sex for sale', or that a prostitute is selling her body. In reality, a prostitute is being paid for her time and skill, the price being rather dependent on both variables. To make a great distinction between being paid for an hour's sexual services, or an hour's typing, or an hour's acting on a stage is to make a distinction that is not there".*

Dolores French, 'n prostituut en stigter van COYOTE, Florida voeg by:

> *"Since most people can have sex without going to jail, there is no reason except oldfashioned prudery to make sex for money illegal"*
>
> *- (Henken, in Jenness, 1990, p. 405).*

Varma (1979, p. 157) sê prostitusie is onsterflik omdat dit sosiale, ekonomiese, etiese en politieke sisteme oorleef het. Vanaf die vroegste tye is daar reeds melding gemaak van prostitusie in die opgetekende wette van verskillende lande. In baie was daar geen regulering aangaande prostitusie nie, maar die prositute van daardie tye is *"verduur"* as sou hulle bestaansreg gehad het.

## 4.8 SAMEVATTING

Met hierdie toeligting oor die seksualiteit van die vrou, en ook die man, omdat die twee onafskeidbaar is, word die gedagte aan die leser gelaat dat geen konsensus nog bereik is nie - en die vraag word gevra of daar ooit konsensus sal wees. Is die inherente verskille by mans en vroue nie té groot om ooit algehele gelykheid te verseker nie.

Gelykheid waar dit kom by professionele status, bemagtiging by en deur die regstelsel is seker nie vergesog nie, maar gelykheid op seksuele gebied? Die twee geslagte verskil juis waar dit die meeste saakmaak, naamlik op seksuele gebied.

Die wetgewer, wat per slot van sake uit individue bestaan, moet die finale besluit neem oor wetgewing. Hoe lede van die wetgewer beïnvloed is deur kultuurverskille en diverse normatiewe voor- en afkeure, kan hulle besluitnemingsproses laat kantel na die een of ander kant toe.

Om hierdie diversiteit te ondervang, is die groep navorsingsdeelnemers vir die empiriese gedeelte, met oorleg gekies. Beide manlike sowel as vroulike respondente is ingesluit in die studie. Daar is ook respondente vanuit verskeie kulture, geloofs- en politieke oortuigings, sowel as van verskeie professionele dissiplines. Uit die literatuur blyk dit dat verskille inderdaad bestaan. Die empiriese studie kan net meer lig werp op hierdie diversiteit.

5

# PERSPEKTIEWE OP KRIMINOLOGIESE ASPEKTE VAN PROSTITUSIE

## 5.1 INLEIDING

As in gedagte gehou word dat in Suid-Afrika, soos in baie ander lande, nog steeds wette is wat prostitusie verbied, behoort die houding en benadering van individue binne die gemeenskap tot die wetsoortredende aspek van hierdie fenomeen, ook aangespreek word. Weliswaar word bestaande wette nie oral ewe streng toegepas nie, dus beteken dit dat prostitute soms gestraf word en soms nie. Hoe beleidmaking aangepas en verander word, hang noú saam met houdings teenoor die fenomeen, en waar die een beleidmaker byvoorbeeld die morele aspek beklemtoon, sou 'n ander een meer klem wou lê op die gesondheidsrisiko. 'n Pragmatis sou te alle tye streng volgens die letter van die wet wou optree, maar is dit haalbaar?

Daar is diegene wat aanspraak maak op die toenemende reg op eie besluitneming, en voer die argument aan dat prostitusie soos enige ander werk gekies kan word en nie deur wetgewing verbied of veroordeel mag word nie. Moraliste veroordeel prostitusie op grond van verlaging van morele standaarde. Baie ander argumente is al aangevoer in die debatvoering oor die *"reg of verkeerd"* van prostitusie. Hierdie navorsing is gemik op perspektiewe van beleidmakers en -toepassers, en onder hulle is diegene wat vanuit verskillende dissiplines prostitusie duld of veroordeel. Hierdie hoofstuk wil 'n verdere dimensie van prostitusie aanspreek, naamlik die kwessie of prostitusie as misdaad, al dan nie, beskou kan word.

Uit die literatuurstudie word verskeie aspekte toegelig - die houding van die breë gemeenskap jeens die wetsoortredende aspek word bespreek, maar ook die aspek van die persone wat uit vrye wil en keuse hierdie beroep gekies het. Afhangend van die houding en oortuiging van die beleidsmaker, gaan hierdie aspekte die uiteindelike keuse van behoud of verandering van die status quo bepaal.

Oor prostitusie skryf Perkins (1991, p. 1) dat

> *"TOO MANY PEOPLE HAVE HAD TOO MUCH TO SAY ON A SUBJECT THEY ARE MUCH TOO IGNORANT ABOUT".*

Bostaande aanhaling som dalk die hele kwessie van prostitusie in 'n neutedop op. Eeue lank al word die kwessie bespreek deur wetgewers, teoloë, filosowe, polisie, kriminoloë, psigiaters en sosiaal-wetenskaplikes. Hiermee saam het die gewone man ook sy bydrae gelewer. In verreweg die meeste gevalle is opinies uitgespreek sonder dat die spreker of skrywer ooit kennis gemaak het met 'n prostituut om haar opinie, mening, begeertes, drome, ideale, wensdenkery, kortom, haar hele menswees te deurgrond. Dit is sekerlik baie maklik en veilig om vanuit 'n ivoortoring, of 'n leunstoel, 'n mening te lug.

Perkins (1991, p. 2) sê sy het voordat sy haar navorsing begin het, gedink prostitute is luidrugtige, onbetroubare, swaar gegrimeerde *'terte'.* In werklikheid is die teenoorgestelde waar: hulle is moeders wat bekommerd is oor hulle kinders, hulle kom nie almal uit gebroke huise of uit 'n agtergrond van jeugmisdaad en kinderfoltering nie, en meeste van hulle volg

nie 'n promiskue leefwyse buite hulle beroep nie. Al wat hulle verskillend maak van ander vroue is die keuse van 'n beroep. Sommige meen hulle werk baie hard vir hulle geld, en daar is werkverwante stres en geestelike uitputting aan hierdie werk verbonde. Hoeveel ander beroepe het nie dieselfde nadele nie?

> *"The jobs vary in intensity and sometimes I feel very exhausted and I don't feel like doing another job. I wouldn't do it unless I could give it all my attention and be as alert as I should. If I don't have that strength any more then I finish for the day" - Marie.*
>
> *- (Perkins, 1991, p. 8).*

Sonder dat in ag geneem word dat hierdie woorde afkomstig is van 'n prostituut, hoeveel ander beroepsvroue, en -mans, het nie dieselfde sentimente oor hulle spesifieke werk nie?

Die siening van die prostitute-kollegiaat verskil na gelang van hoe die prostitute hul beroep beoefen. Daar is verskeie prostitute-organisasies wat stemming maak vir die afskaffing van wetgewing, ander verkies dat owerhede hulle bedrywighede ignoreer, en daar is sommige wat in die bedryf is wat regulering voorstaan. Hierdie aspekte word hieronder bespreek in 'n poging om nog 'n dimensie van prostitusie toe te lig.

## 5.2 PROSTITUSIE AS MISDAAD

Soos reeds genoem in hoofstuk 3, bepaal Suid-Afrikaanse wetgewing tans dat prostitusie steeds 'n oortreding is. Of die wet streng toegepas word, of soms glad nie, hang van baie omstandighede af. Die prostitute self beskou prostitusie glad nie as misdaad nie. Hulle is van mening dat indien twee volwasse persone tot 'n vergelyk kan kom, en die ooreengekome kontrak nagevolg word tot bevrediging van beide partye, is die transaksie suksesvol afgehandel. Die heersende regstelsel het hiervolgens geen reg tot inmenging nie. Wat nou van die morele kwessies? Die meeste kerke gaan van die standpunt uit dat prostitusie 'n sonde is. Dit benadeel huwelike, lei tot losbandigheid, en tot *'besoedeling van die liggaam'* - voeg hierby die toenemende gevaar wat verskeie seksueel-oordraagbare siektes inhou en

die vraag ontstaan of prostitusie dan nie om hierdie redes uitgewis, verbied of verhoed behoort te word nie.

Die realiteit is egter dat die uitwissing of afskaffing van prostitusie maklik voorgestaan kan word, maar is die toepassing van so 'n beleid haalbaar?

### 5.2.1 Teenstrydigheid tussen woord en daad

Donatien, Marquis de Sade was 'n berugte libertyn en seksploiteerder. Daar was bykans geen grense aan sy spektakels rondom seksuele uitspattighede nie. Hy het romanse en ambisie met flair gekonsolideer; sy amoreuse aspirasies het geen perke geken nie, so ook nie sy amperse aanbidding vir enigiets wat met weelde en oordaad te doen gehad het nie. Hy is streng grootgemaak in 'n Jesuïete-skool waar lyfstraf maklik en dikwels toegedien is. Lever (1993, p. 63) meen dat die veelvuldige dragte slae wat de Sade hier ontvang het, moontlik kon bydra tot sy plesier in die verskaffing van pyn (later genoem sadisme) en ook die ervaring van pyn (masochisme). Die gewaarwording en emosie rondom pyn kan lei tot seksuele bevrediging.

Selfs hierdie berugte vroue-eksploiteerder op die gebied van seksuele aktiwiteite, het wel deeglik 'n onderskeid gemaak in sy optrede teenooor sekere kategorieë van vroue. Hy het van prostitute verwag om gewillig en instemmend te wees tot enigiets. De Sade se houding teenoor prostitute was om hulle almal met die grootste minagting te bejeën ten spyte daarvan dat hy sy lyfbediende gereeld en baie dikwels die strate ingestuur het om prostitute te kry vir bevrediging van sy perverse voorkeure.

De Sade het van die *'common whore'* verwag dat sy enige instruksie van hom sou volg, so nie het hy haar met die dood gedreig. Na 'n sessie van seksuele uitspattigheid is sy verwerp as minder werd as 'n *'sou'*, die kleinste Franse muntjie van daardie tyd (Lever, 1993, p. 160 e.v.).

De Sade se houding teenoor prostitute het al die digotomie oor prostitusie en prostitute uitgewys. Hierdie teenstrydigheid teenoor prostitusie word ook op ander terreine gevind.

Prostitusie word deur die kerke veroordeel, maar op straat word die bedryf voortgesit; wetgewing verbied prostitusie, maar die wetstoepassers kyk anderpad waar dit by die toepassing van wetgewing kom.

Brown (in Gelsthorpe & Morris, 1990, p. 49) meen daar is 'n verskil tussen misdaad (*"criminal acts"*) en kriminaliteit (*"predisposing factors that lead to crime"*). Die afleiding kan gemaak word dat prostitute (vroue) gemotiveer word deur seksuele kriminaliteit. Vergelyk ook Lombroso se klassifikasie van misdade in Lombroso (1968, p. 365 e.v.). As die betekenis van die woord kriminaliteit gesien word in die lig van die verduideliking hierbo, sal dit beteken dat vroue gepredisponeer is om misdade te pleeg wat seksuele konnotasies het.

Katz (1988, p. 4) sê om 'n kriminele daad te pleeg, (en omdat prostitusie as 'n misdaad beskou word) moet die oortreder deur 'n essensiële mag of motivering gedryf word om te doen wat sy doen. Die verlokkende mag van misdaad, kan deur ekonomiese status, portuurgroep-beïnvloeding, konflikte en genetiese samestelling voortgestu word. Om te glo dat 'n persoon skielik voortgedryf word tot misdaad sonder enige onafhanklike veranderlike in sy agtergrond is om te glo in towerkrag. Gedetermineer deur buite-magte het hulle nie beheer oor hulle morele bewussyn nie. Die gevoelens of bewustheid van gedetermineer of bepaal deur invloede uit die omgewing, is alledaags.

Hoewel daar vandag talle ander teorieë oor die veroorsaking van misdaad in die kriminologie aanvaar word, is die vraag oor determinisme en indeterminisme in misdaadveroorsaking nog relevant. Dit is 'n sleutelargument in die vraag of 'n daad gestraf kan word as misdaad en of dit *'behandel'* moet word soos 'n siekte, hetsy op persoonlike of sosiale vlak (Brown, in Gelsthorpe & Morris, 1990, p. 40 e.v.).

### 5.2.2 Prostitusie as onvermydelike keuse

McLynn (1989, p. 101) verklaar dat prostitute in die pre-Viktoriaanse tyd en ook in die negentiende eeu nie 'n keuse gehad het tussen 'n bestaansvlak op die broodlyn en 'n ander, hoër sosiale hiërargie nie. Prostitusie was die ENIGSTE werk wat 'n vrou kon doen om te

bestaan, op die broodlyn of nie. Dit wil nou nie veronderstel dat alle vroue van daardie tyd prostitute was nie, maar die vroue wat binne 'n sekere sosiale stand gebore is, met min alternatiewe om finansieël te oorleef, het hierdie as die enigste uitweg beskou.

Teen die middel van die negentiende eeu het talle filantrope begin om navorsing te ondersteun wat dieper inkyk in die Viktoriaanse samelewing. Daar was diegene wat 'n sosiale gewete begin ontwikkel het en opheffingswerk wou doen - ook diegene wat bloot die verskillende sosiale strata wou uitwys en beklemtoon.

Oënskynlik het dié samelewing rustig voortgegaan in 'n omgewing waar hoë morele kodes gehandhaaf was, met streng norme en sosiale reëls wat voorgeskryf was vir iemand wat in hierdie samelewing opgeneem wil word. Ander soorte sosiale situasies het egter in die minder gegoede dele van veral die groter stede hoogty gevier. In dele van London was sosiale probleme soos seksuele losbandigheid, dronkenskap, sedelike verval, armoede en algemene misdadigheid 'n geweldige probleem (Zedner, 1991, p. 55).

Baie skrywers van navorsingsverslae het die misdadigheid van veral vroue toegeskryf aan die vernietigende effek van swak opvoeding. Vroue, eenmaal *'beskadig'*, het nie die geestesgoedere gehad om uit die moeras op te staan en weer oor te begin nie. Ouers wat nie die nodige religieuse opvoeding, morele onderskraging, en fisiese ondersteuning kon bied nie, was die oorsaak dat vroue in misdaad verval (Zedner, 1991, p. 56). Die sosiale afkeur van hierdie *'slegte vroue'* is ook deur skrywers soos Charles Dickens beskryf. In Oliver Twist is die fiktiewe Nancy 'n hawelose misdadiger en prostituut, in hierdie toestand ingedwing deur armoede, verwaarlosing en geen geleentheid om haarself te red uit hierdie situasie nie. Die stigma aan haar misdadigheid, en die afkeur waarmee sy haarself bejeën, is tipies van daardie tyd (Zedner, 1991, p. 57).

Die ideaal van vroulikheid het voorgekom in die stereotipe waar die vrou en moeder aseksueel was, en hoë morele standaarde gehandhaaf het. Sy het haar heeltyds besig gehou met haar gesin en haar huis, en met goeie werke. Hierdie epitomie van vrouwees is te alle tye in korrekte gedragswyse openbaar: die van die onderdanige, onskuldige, saggeaarde, selfopofferende altruïstiese vrou, wat besig is om ander te versorg en te bemoeder, en met

noukeurigheid toesig te hou oor haar huishouding. Die Viktoriaanse middelklas het 'n eiesoortige moraliteit gehandhaaf wat tradisionele religieuse en morele waardes uitgeleef het (Zedner, 1991, p. 13 e.v.).

Mort (Zedner, 1991, p. 18) praat van *"moral environmentalism"* wat fokus op seksualiteit as die sleutel tot 'n middelklas moraliteit. Viktoriane het die krag van manlike seksuele aptyt besef, maar wou dit beperk deur seksuele losbandigheid af te keur en seksuele kuisheid te propageer. Die hoë prys wat geplaas is op vroulike kuisheid was bedoel om manlike seksualiteit te beperk tot prokreasie binne 'n huwelik.

Die deugdige vrou se antitese was die samevatting van vroulike verderf - die gevalle vrou: ontmaagd, onkuis, gedegradeer as een wat almal met wie sy in aanraking gekom het, besoedel. Die vrou het so laag gedaal deur seksuele wangedrag, dronkenskap en kriminaliteit en sy het deur met hierdie gedragswyse voort te gaan, die respek van die *'ordentlike mense'* verbeur. Hierdie vroue het alle streng sosiale etiketsreëls oorboord gegooi en was onaanvaarbaar vir die res van die samelewing. Hulle besoedeling van die samelewing word goed geïllustreer in die volgende aanhaling van Craig (in Zedner, 1991, p. 19). Dit kom uit 'n notule van 'n jaarvergadering van die Social Science Association, gehou in 1859.

> *"One third of the convicts of the kingdom are women, but that is a shallow calculation. Women are more often the accomplices of crime, its aiders and abettors, than its actual perpetrators. Then also they are the victims of crimes, and the seducers to crimes, which do not come within the power of the law, while inflicting the deadliest wounds on society; and over and above their own lives of crime, they become the mothers of criminals".*
>
> \- eie kursivering.

Of dit waar is of nie, die breë sosiale waardesisteem het hierdie stereotipe van die slegte vrou so aanvaar. Misdaad was baie algemeen in die laat negentiende eeu, en teen 1860 is besluit om prostitute, rondlopers en boemelaars van die totale misdaadsyfers uit te sluit. Hierdeur

het die persentasie van vroulike misdadigers drasties gedaal. Verreweg die meeste vroulike oortreders wat aan die polisie bekend was, was egter prostitute (Zedner, 1991, p. 19).

### 5.2.3 Prostitusie as vroulike misdaad

As in terme van vroulike misdade gedink word, is die eerste gedagte dikwels dat vroue hoofsaaklik vir twee soorte misdade verantwoordelik is, naamlik gifmoorde en prostitusie (Pienaar, in Die Kerkbode, 1991, p. 66 e.v.). Gifmoordenaresse het dikwels staat gemaak op haar moederlike, versorgende rol om die misdaad te pleeg, in teenstelling met die prostituut. Die prostituut is allesbehalwe sorgsaam en bemoederlik - sy is verleidelik, listig en uitlokkend. Sy misbruik haar seksualiteit, aantreklikheid en vroulikheid om die man te oorheers en te intimideer. Toulouse-Lautrec se skilderye, Dumas se heldin in *"Die dame met die Kamelias"*, en Verdi se verleidelike courtesane Violetta is almal voorbeelde van vroue wat met tipese listigheid die mans om hulle pinkies draai. Meer onlangs het die rolprent *"Pretty Woman"* miljoene rande by die loket verdien - die tema: 'n prostituut verlei 'n ryk man, hulle trou en leef lank en gelukkig saam (Pienaar, in Die Kerkbode, 1991, p. 66 e.v.).

Die geskiedenis is vol van talle voorbeelde waar vroue hulle seksualiteit gebruik, of misbruik het, om koninkryke te laat val. Of die vrou se oorredingsvermoë so sterk is, en of die man so maklik oorreedbaar is en ten prooi val, is nie die kwessie hier nie, maar dat vroue hulle vroulikheid misbruik, kan nie weggeredeneer word nie.

In die streng betekenis van die woord is bogenoemde sekerlik nie prostitusie nie. Prostitusie is uitgewys as 'n aktiwiteit waar seks-vir-geld uitgeruil word, dus is verleidelikheid en flirtasie om 'n magsposisie te bekom, seker nie prostitusie nie. Die verband kan egter nie uit die oog verloor word nie - die vrou gebruik haar seksualiteit as *'handelsmiddel'*. Dit is prostitusie!.

'n Voorval wat opgeteken is deur Aristophanes, gaan oor wat vroue in die tyd van die Peloponesiese Oorlog vermag het - nie met konvensionele wapens nie, maar slegs hulle seksualiteit. Hierdie oorlog is in 404 v.C. gevoer deur Sparta teen Athene. Die oorlog was baie lank en uitgerek, en die vroue was moeg om sonder hulle mans alleen klaar te kom. Die

vroue het, onder leiding van Lysistrata, (sy was die vrou van 'n Atheense veldheer) besluit om alle seksuele verkeer van hulle mans te weerhou totdat die oorlog beëindig is. Die vroue het voet by stuk gehou en die oorlog is beeïndig. Wat hier plaasgevind het, was in der waarheid, seks in ruil vir vrede. Sekerlik ook 'n soort prostitusie? Volgens die definisie wat deurgaans gebruik word, inderdaad JA (Stiglmayer, 1994, p. xvii).

### 5.2.4 Argumente by wetgewing oor prostitusie

In Nederland word prostitute pragmaties aanvaar as 'n sosiale feit. Ten spyte hiervan is dit stigma van *"hoer"* net so reëel en vernietigend as in ander lande. Sommige feministe wil sien dat prostitusie gekontroleer en nie slegs verdra of verduur nie. Hierdeur kan die werksomstandighede en bestuur daarvan verbeter. Volgens hulle sal wettiging van prostitusie, en om dit as wettige vorm van werk te beskou, die kwessie van sosiale isolasie en ontkenning van menseregte aanspreek (Plant, 1993, p. 57).

Ander navorsers meen dat dit 'n belangrike punt is om die konteks te voorsien vir kritiek van die rasionaal om prostitusie te onderdruk via die strafreg. Die volgende vier regverdigings word soos in Jagwanth et al (1994, p. 142 e.v.) uitgelig:

- **Voorkoming van die misdaad**
  - kriminalisering van prostitusie word soms verduidelik op grond van prostitusie wat ander misdaad genereer, soos roof, aanranding, dwelm- en alkoholmisbruik - die verbod op prostitusie sal hierdie misdade verminder. Die teendeel is egter waar; deur prostitusie en verskeie ander verwante misdade te kriminaliseer, het misdaad toegeneem.

- **Voorkoming van verspreiding van veneriese siektes**
  - in die Viktoriaanse era was dit 'n grondige argument wat uitgeloop het op die uitvaardig van die Wet op Aansteeklike siektes in Suid-Afrika van 1868. Die veldtog om hierdie wetgewing teen te staan, was so hewig, gegooi oor die boeg van inbreuk maak op persoonlike waardigheid en verontwaardiging dat die Kaapse Parlement die wet in 1872 herroep het. In 1883 het die redakteur van

Die Volksblad begin met agitasie om dit weer ingestel te kry, en ten spyte van teenkanting is wetgewing tans vervat in die Wet op Openbare Gesondheid van 1919.

Die ontdekking van penisillien en antibiotikum het meegebring dat die verspreiding van veneriese siektes nie meer as argument gebruik is nie. Deesdae, egter, met die gevaar van besmetting met die MI-virus is die argument weer sterk. Dit is nie weg te redeneer dat prostitusie veneriese siektes kan versprei nie, maar geen empiriese bewyse bestaan dat die onderdrukking van prostitusie 'n einde sal bring aan die verspreiding daarvan nie.

- **Voorkoming van openbare steurnis**
  - dit kan nie weggeredeneer word dat die verskynsel van prostitusie toestande, wat as 'n openbare steurnis geklassifiseer kan word, ontlok nie. Voorbeelde hiervan is tippelary in die openbaar, *"kerb-crawling"* van die prostituut, haar souteneur en die kliënte. Hierdie *"openbare steurnis"* of ergernisse kan baie maklik beheer word deur dit te verbied soos in Brittanje, of deur 'n sisteem van sonering (areas, soos die rooilig-areas is uitsluitlik daar vir prostitusie). Hierdeur is dit onnodig om prostiusie totaal te verbied deur wetgewing.

- **Omdat dit immoreel is**

Die oorwegende argument vir die verbod op prostitusie is dat prostitusie vir baie mense die gebruik van 'n persoon se liggaam vir kommersiële doeleindes is, met die enigste doel om 'n ander persoon seksuele bevrediging te verskaf. Dit is verkeerd en onregverdigbaar. Verskeie redes word aangegee:

> ***Romantiek***: - daar is die bewering, veral van die kerk se kant, dat prostitusie (seks-in-ruil-vir-geld buite 'n huweliksverhouding) sonder enige romantiese liefde is, en ook onprokreatief. Dit is dus 'n oortreding van sosiale en morele norme. Dit is 'n baie ou beswaar wat deesdae nie meer opgaan nie, want kontrasepsie is vrylik beskikbaar, en daar is geen logiese argument om prostitusie as immoreel te beskou nie.

*Degraderend*: - prostitusie is immoreel en degraderend vir die persoon, so word geargumenteer. Prostitusie stel vroue bloot aan verskeie risiko's ten opsigte van hulle persoon en hulle gesondheid. Volgens Carl Marx (in Jagwanth et al, 1994, p. 145) is prostitusie 'n uiterste vorm van kapitalistiese degradering. Indien hierdie argumente aangevoer word om prostitusie te verbied, is dit 'n vorm van paternalisme. Om te sê prostitute moet gered word, daarom word hulle in die gevangenis gesit tot hulle eie voordeel, is paternalisties.

*Seks-vir-geld*: - morele argumente is dat prostitusie mense behandel as objekte om mee handel te dryf. Immanuel Kant (Jagwanth, et al, 1994, p. 146) verduidelik dat om toe te laat dat 'n persoon wins maak deur haar liggaam beskikbaar te stel om 'n seksuele behoefte te bevredig, om die liggaam te gebruik om 'n ander se aptyt te bevredig; is om haar gelyk te stel aan 'n biefstuk wat geëet word om 'n intense honger te stil. Kant (in Jagwanth et al, 1994, p. 147) redeneer as volg:

- Dit is verkeerd om die morele persoonlikheid te vervreem;
- Prostitusie is die vervreemding van die liggaam;
- Liggaam en persoonlikheid is dieselfde;
- Dus veroorsaak prostitusie vervreemding van die morele persoonlikheid;
- Gevolglik is prostitusie verkeerd.

Die antwoord op so 'n redenasie is dat die verkoop van die liggaam nie noodwendig beteken dat die persoon se morele persoonlikheid vervreemd raak nie. 'n Persoonlikheid is tog nie die fisiese persoon nie.

Die liggaam en die morele persoonlikheid is nie dieselfde nie. Kant (in Jagwanth et al, 1994, p. 147) wil dat die morele persoonlikheid die vermoë het om rasionele keuses te maak. Persoonlike outonomie is goed; dus sal outonomie aangaande seksuele aangeleenthede ook goed wees. Indien daar dan outonomie is, is dit ook reg dat die persoon kies met wie sy seksueel wil verkeer. Hiervolgens is die besluit om kommersiële seks te beoefen juis die uitvoering van 'n outonome keuse.

Benewens dit, is daar ook ander beroepe waar die fisiese liggaam die ruilmiddel is, byvoorbeeld modelle en sportmanne. Die feit dat prostitusie so lank reeds bestaan, dui aan dat dit 'n diens moet wees waarvoor 'n werklike sosiale behoefte bestaan. Die vrou wat 'n prostituut word, lewer slegs 'n diens. Prostitute oefen slegs hulle fundamentele mensereg uit as hulle prostitusie kies as hul beroep. Om hulle dit te ontsê, is oortreding van menslike vryheid en menswaardigheid (Jagwanth et al, 1994, p. 147).

In 'n ander argument oor die sosiale en morele aard van prostitusie, meen West (1987, p. 10) dat dade van prostitusie - seksuele dade vir geldelike gewin - sosiale afkeur veroorsaak, maar is in baie lande nie op sigself 'n oortreding nie; wel die aktiwiteite wat nie losgemaak is van die normale besigheid van prostitusie nie, soos uitlokking, adverteer vir self en ander, en die gebruik van 'n spesifieke lokaal om as bordeel te funksioneer. Dit is misdade, strafbaar deur die regstelsel van meeste lande. Dit is ook 'n misdaad indien 'n derde persoon sou baat vind by hierdie bedryf. Op sigself is meeste van hierdie aktiwiteite egter aanvaarbare besigheidspraktyk, solank die net nie met prostitusie gekoppel is nie.

West (1987, p. 269) maak melding van die Howard League-werkgroep wat spesifiek ingegaan het op seksuele misdade. Hierdie werkgroep het nie die kwelvraag aangaande die regulering van prostitusie beoordeel of probeer oplos nie, maar die kontensieuse saak aangaande die kriminalisering van aktiwiteite onlosmaaklik verbonde aan prostitusie soos adverteer, uitlok, bestuur en winsmaak uit prostitusie as teenproduktief beskou. Hierdie rand-bedrywighede word deur prostitute self as 'n las beskou. Diegene wat teen die wettiging van prostitusie en bordele is omdat meer vroue dan tot die beroep sal toetree, verontagsaam die werklike feite. Wettiging van 'n perseel beteken dat sulke persele beter gereguleer kan word, dat koverte bedrywighede soos gesellinklubs, masseersalonne en sommige modelagentskappe gesien sal word vir wat dit werklik is en dat rooilig-areas in elk geval reeds bestaan.

West (1987, p. 99) sê psigoanaliste maak melding van die onbetrokke, vry aard van infantiele seksualiteit, soos deur Freud genoem, die *polymorphous perverse phase*. Vogelman (1990, p. 45) noem dat Freud geglo het mans het 'n sterker biologiese drang na seks omdat hulle alleen verantwoordelik is vir reproduksie! Chauvinisties of nie, mans se biologies-

gedetermineerde aggressie laat hulle toe om vroue te forseer om seks te hê. Freud se verduidelikings oor seksuele verskille in gedrag en houding verhoog die pessimistiese konseptualisering oor vroue en die positiewe aannames oor mans. Freud, volgens Vogelman (1990, p. 48), gaan voort met die siening dat die man gesond is en die vrou patologies. Deutsch, 'n sielkundige wat in die post-Freudiaanse tyd gewerk het oor seks-verskille tussen mans en vroue (in Vogelman, 1990, p. 48), maak die stelling dat alle vroue 'n onderdrukte begeerte het om verkrag te word. Hiermee saam maak sy die aanname dat vroue tog ook seksueel geprikkel raak, dalk net so gou as die man. Ander feministe soos de Beauvoir en Millet (in Vogelman, 1990, p. 48) betwis hierdie stelling - in die woorde van Millet wat sê Freud vergeet dat vroue gebore word in 'n manlike dominante kultuur wat hard probeer om sy waardes te verabsoluteer.

Oor prostitusie sê Vogelman (1990, p. 79) dit verskerp die persepsie dat vroue objekte is wat gedegradeer en misbruik kan word in 'n verhouding tussen twee mense, die kliënt en die prostituut. Tussen al die ander redes deur wat mans aanvoer oor hoekom hulle van prostitute gebruik maak, is die belangrikste rede die behoefte om mag en beheer uit te oefen. Die transaksie is fundamenteel die van die kliënt wat beheer oor die prostituut *'koop'*. Rosenblum (in Vogelman, 1990, p. 80) haal 'n prostituut aan, as sou sy die volgende gesê het:

> *"What they're buying, in a way is power. You're supposed to please them, follow orders. Even in the case of masochists, who like to follow orders themselves, you're still following his order to give him orders".*

Vogelman (1990, p. 80) bespreek prostitusie in verhouding tot die vrou se sosiale posisie. Die prostituut se rol word gesien as soos die van 'n eggenote (wife). Emily Conybeare, 'n Suid-Afrikaanse vrou skryf reeds in 1892 dat die vrou wat vir geldelike gewin, status en stabiliteit trou, haarself net soos die prostituut gedra; soos Marro (in Vogelman, 1990, p. 80) sê, die enigste verskil tussen vroue wat hulself verkoop vir prostitusie en die wat hulself verkoop in 'n huwelik, is die lengte van die kontrak!

Vogelman (1990, p. 80) verskil van diegene wat sê elke vrou is 'n prostituut. So 'n standpunt ignoreer die feit dat baie vroue totaal in beheer van hulle lewens is, so ook hulle seksualiteit, en verder dat die nie-prostituut nie deur die samelewing, soos die prostituut verneder en verlaag word nie. Prostitute word van ander vroue onderskei in hulle spesifieke kwesbaarheid tot manlike geweld. Die kliënt se behoefte om mag uit te oefen, ontaard soms in geweld en die prostituut het haar uitverkoop aan sy wil. Sou sy weier, verbreek sy die kontrak met haar kliënt. In teenstelling sê Vogelman (1990, p. 83) dat sommige prostitute tog 'n mate van beheer uitoefen en in sommige gevalle self besluit oor wat sy sal toelaat en wat nie. Nog 'n verskil tussen die prostituut en ander vroue is dat hulle nie juis kan aanspraak maak op 'n hoë mate van sosiale status en respek nie.

Bromberg (1965, p. 35) sê prostitusie moet in terme van die kodes, maatstawwe en gevare en die psigologiese en sosiale status van die beoefenaars daarvan, bestudeer word. Prostitute kan neuroties, psigoties, skisoïed wees, of slegs oneties. Hulle kan geassosieer wees met die wêreld van misdaad, maar kan ook neig na 'n wêreld van gekultiveerdheid en verfyndheid. Vanuit die standpunt van die reg, is prostitusie 'n vergryp of misdaad. Volgens Guttmacher (in Bromberg, 1965, p. 351) is prostitusie egter 'n sosio-ekonomiese probleem, eerder as 'n psigologiese een.

Miskien is die mees ooglopende en logiese rede vir prostitusie tog die ou bekende argument van ekonomiese oorlewing. Die argument beïnvloed baie mense se houding teenoor prostitusie. Juis om hierdie rede, is die algemene houding teenoor prostitusie nie so afkeurend soos wat uit al die argumente daarteen verwag sou kon word nie. Hierdie prostitusie-vraagstuk kan as volg verduidelik word:

Volgens Low (1982, p. 4) was die toestande in die Negentiende Eeuse Londen gunstig vir prostitute. Hulle was die tipiese onversorgde *'straatvrou'*, en het vir 'n baie klein bedrag, of slegs 'n drankie hulself geprostitueer. Die kliënte was dikwels matrose, werkslui en leeglêers. Die areas van Whitechapel, Drury Lane en Covent Garden was berug vir die hoë voorkoms van prostitusie wat hier plaasgevind het. In daardie tyd is 'n register gehou met name van persone wat hulself onderhou het deur kriminele ontwettighede of immorele belange (Low, 1982, p. 25). Uit 'n totaal van 115 000 name wat in hierdie register

voorkom, was daar 50 000 vroue wat hulself onderhou het deur prostitusie. Amper die helfte van die misdadigers was dus prostitute wat beteken het dat die aanvraag geweldig hoog moes gewees het. In 'n samelewing waar werk skaars was, is dit nie logies dat prostitusie sou gedy nie?

## 5.3 PROSTITUSIE AS GESTIGMATISEERDE BEROEP

Satz (1995, p. 63) vra die volgende:

> *"What justifies taking an asymmetric attitude towards markets in our sexual capacities? What, if anything, is problematic about a woman selling her sexual as opposed to her secretarial labor?"*

Inderdaad, wat is verkeerd hiermee? Is dit slegs uit konserwatiewe sosialisering en opvoeding dat mense meen prostitusie is verkeerd? Het mense eie opinies, menings en houdings oor prostitusie, in teenstelling met die wat *'oorgeërf'* word vanuit geloofoortuigings, wetgewing of kultuurbeïnvloeding?

Satz (1995, p. 67 e.v.) meen dat volgens drie perspektiewe, naamlik die ekonomiese, essensiële en egalistiese, kan die verkeerdheid van prostitusie bewys word. Die ekonomiese benadering moet ook kostes van prostitusie in ag neem soos skuldgevoelens, siektes, ontrouheid en morele kostes. Dit is benewens die werklike finansiële koste wat skadelik kan wees as 'n broodwinner geld op prostitusie spandeer in plaas van sy gesin versorg. Die essensiële benadering bevestig dat prostitusie 'n nadeel of skade konstitueer - daar is 'n intrinsieke eienskap van seks wat die gebruik van prostitusie verkeerd maak. Die egalistiese benadering beklemtoon 'n oorsaaklike verband van die ongelykheid tussen man en vrou. Selfs al word hierdie argumente geopper en bewys as waar te wees, meen Satz (1995, p. 67) nie dat 'n verbod op prostitusie dit sal uitwis nie. Deur die voortbestaan van prostitusie word 'n vorm van ongelykheid tussen die geslagte geperpetueer. As mense dan bekommerd is oor prostitusie, moet energie, tyd en aandag bestee word aan alternatiewe modelle van gelykmakende verhoudings tussen man en vrou.

Segal & McIntosh (1992, p. 9) sê vroue wat vir die seks-industrie werk, word gestigmatiseer deur ander. Hierdie sekswerkers het die saak vir hulleself uitgemaak hoekom hulle hierdie werk doen - die grootste negatiwiteit is nie in hulle werksituasie nie, maar die vrees vir vervolging, onvoldoende gesondheidsdienste, en die sosiale stigma aan hulle beroep.

Daar is diegene wat glo prostitusie bevorder die persepsie van vroue as 'objekte' om te degradeer en te misbruik, in die verhouding tussen twee mense, in hierdie geval, die prostituut en haar kliënt, waar die kern gaan om manlike dominansie. Tussen die veelvuldige redes hoekom mans prostitute besoek, is die behoefte om 'n magsvertoning te lewer. Mans beskou die transaksie as fundamenteel die van 'n verbruiker wat van aangebode dienste gebruik maak.

Verder is dit ook 'n geval waar die man mag koop, soos reeds genoem.

Prostitute het dikwels ook lae sosiale aansien en word met min respek behandel. Baie van hulle is tevrede met hulle werk, maar daar is bevind dat die werklike wens van baie van hulle is om op te hou met prostitusie weens die degraderende aard daarvan. Wettiging van prostitusie kan nog meer bydra tot die onderdrukking van die vrou:

> *"My horror at the idea of legalised prostitution is not that it doesn't work as a rape deterrent, but that it institutionalises the concept that it is a man's monetary right, if not his divine right, to gain access to the female body, and that sex is a female service that should not be denied the civilised male ... Indeed, until the day is reached when prostitution is totally eliminated, the false perception of sexual access as an adjunct of male power and privilege will continue"*
>
> *-(Brownmiller, in Vogelman, 1990, p. 81 e.v.).*

Vitaliano, James & Boyer (1981, p. 468) het in 'n navorsingsvoorstel prostitute gebruik *"... as a population that traditionally has been classified as sexually deviant"*.

Die doel van hierdie navorsers was om uit te vind of 'n vrou se vroeë seksuele ervarings 'n belangrike impak het op haar self-agting as adolessent wat dan weer haar lewenstyl as volwassene kan beïnvloed. Vyf faktore hou verband met 'n seksueel-deviante volwasse-lewenstyl soos die van die prostituut:

- Molestering of bloedskande voor die eerste ervaring van geslagsgemeenskap;
- Ouderdom van eerste koïtus;
- Die samelewing se reaksie op die eerste koïtus, of etikettering;
- Verdere verhoudings met die eerste seksmaat;
- Geforseerde of gedwonge eerste koïtus.

Tradisioneel word 'n vrou se eerste seksuele ervaring, as dit baie vroeg in haar lewe voorkom, met heelwat negatiwiteit beskou. Die baie jong adolessent kan baie probleme na haar eerste koïtus ervaar: swangerskap, geslagsiektes, 'n promiskue etiket en verwerping deur portuurs en/of ouers. Hierdie gebeure kan haar stigmatiseer en haar selfbeeld beïnvloed. Die bevinding van hierdie ondersoek (Vitaliano et al, 1981, p. 470) was dat meer prostitute seksuele misbruik en negatiewe seksuele etikettering rapporteer het as die kontrolegroep, wat uit vroue-misdadigers bestaan het. Die ekonomiese status tydens adolessensie was ook betekenisvol in verhouding tot die totale aantal negatiewe seksuele ervarings wat deur die prostitute gerapporteer is (Vitaliano et al, 1981, p. 470 e.v.). Volgens hierdie navorsing het die jong meisie se lewensomstandighede veel te make gehad met haar keuse van die beroep van prostituut. Van vroeg af moet die jong vrou bewus wees van haar andersheid en dit alleen kan aanleiding gee dat sy gestigmatiseer voel, en die stigma kan haar gedrag en keuse verder beïnvloed.

Die stigmatisering van vroue wat die aanvaarde stereotipe van die vroulike rol verbreek, word nie slegs deur mans gedoen nie. Vroue deel ook in hierdie proses. Die stigmatisering van die prostituut en haar verwerping deur ander vroue van die gemeenskap is 'n baie goeie voorbeeld waar die een groep vroue 'n ander groep verwerp. Sodra 'n vrou se rol as prostituut openbaar gemaak word, sal die ander vroue (nie-prostitute) enige vorige verbintenis verbreek en verdere kontak vermy. Die ander vroue se reaksie demonstreer die belangrikheid van die sosiale *'gehoor'* in interaksie met diegene wat afwykende gedrag toon,

en diegene wat nie afwykende gedrag toon nie. Die nie-prostituut se reaksie kom uit hul morele oortuigings of uit hul respek vir wet-en-orde (Dominelli, 1986, p. 71). Daar is egter nog 'n rede. Die fatsoenlike en betaamlike vrou moet haar en haar gelykes se goeie naam beskerm, anders word hulle ook gestigmatiseer. Prostitusie kan ook die stabiliteit van die goeie vrou se huwelik bedreig en daardeur die goeie vrou se toekomssekuriteit benadeel.

'n Prostituut as 'n buiteperd, of randeier, of gemarginaliseerde, kan ook geteister word deur drukgroepe wat misbruik wil maak van hulle (die prostitute) se swak posisie. Prostitute kan ook verduur word, soos in die geval waar die polisie diskresie gebruik om sommige in hegtenis te neem, en ander nie. Hierdie is 'n manifestasie en versterking van die prostitute se magteloosheid. Soos Liazos (in Dominelli, 1986, p. 71) sê:

> *"one tolerates only those one considers less than equal, morally inferior, and weak; those equal to oneself, one accepts and respects".*

Om prostitute te relegeer tot 'n posisie wat hulle magteloosheid verskerp, is die kern van 'n samelewing se beperking op die prostitute se aktiwiteite. Prostitute word met minagting bejeën deur die breë samelewing wat hulle wil skei van die fatsoenlike vroue (Dominelli, 1986, p. 72).

Met bostaande in gedagte, kan die argument deurgetrek word dat die prostituut geëtiketteer word as misdadig. Haar betrokkenheid met prostitusie stigmatiseer haar. Wat ook al die rede van haar keuse is, kan dit dalk na aanleiding van die etiketteringsteorie verklaar word. Hierdie teorie word vry algemeen in die kriminologie gebruik waar dit kom by konseptualisering van begrippe. Die prostituut het inderdaad 'n etiket as "slegte vrou" deur die simboliek wat aan haar beroep kleef.

## 5.4 PROSTITUSIE AS GESONDHEIDSRISIKO

Die eerste persoon in die Verenigde State van Amerika wat volgens amptelike verslae deur die MI-virus besmet is, was 'n vroulike prostituut. Meer resent, die eerste Russiese sterfgeval wat toegeskryf kan word aan besmetting met die MI-virus, is ook 'n vroulike

prostituut (Plant, 1993, p. 7). Sonder teenspraak kan algemeen aanvaar word dat die twee hoofmetodes van verspreiding van die MI-virus, penetrerende seksuele kontak is, asook binne-aarse dwelmgebruik. Daar is genoeg bewyse dat sommige prostitute ook dwelmgebruikers is, en dit maak hulle, tesame met hulle veelvuldige kliënte, die hoogste potensiële risiko-groep vir die verspreiding van die virus.

Daar is ander navorsers wat versigtig is om hierdie veralgemening te maak - sommige het nog nie uitsluitlike bewyse kon lewer dat prostitusie per se primêr verantwoordelik is vir die verspreiding van die MI-virus nie.

Hierdie aspek kan nie met gesag behandel word nie, aangesien die navorser geen deskundigheid hiermee wil impliseer nie. Dit lê ook buite die begrensing van hierdie navorsing. Wat egter waar is, is dat binne die vraagstuk rondom prostitusie wat in hierdie navorsing behandel word, dit nodig is om hierna te verwys.

Die vraag kan gevra word of die verspreiding, of die nalaat om voorsorg te tref dat die virus versprei, nie as misdadig gesien moet word nie, daar dit inderdaad tot iemand se dood kan lei. Gedagtig aan die verklaring wat deur Cloete & Stevens (1990, p. 27) aangebied word as die juridies gedefinieerde begrip van misdaad:

> *"'n wederregtelike doen of late wat strydig is met 'n verbod- of gebodsbepaling en wat van owerheidsweë strafbaar is"*

kan nie anders geredeneer word nie as dat die prostituut nalaat om voorsorg te tref teen die verspreiding van die virus, veral as sy bewus sou wees van haar eie besmetting, sy skuldig is aan 'n misdaad, in die sin dat sy vir die dood van 'n ander persoon verantwoordelik kan wees. As sy reeds met die virus besmet is, is sy nalatig in die opsig dat sy die kliënt blootstel aan besmetting.

Aan die anderkant, as die kliënt en die prostituut beide aanspraak maak op die Handves vir Menseregte, en die reg op eie besluitneming wil uitvoer, kan die wet nie die daad verbied omdat dit potensiële gevaar inhou nie. Huband (in Africa Report, 1991, p. 69 e.v.) skryf oor toestande in Abidjan, wat beskou word as die kernpunt in Afrika waarvandaan die virus

toestande in Abidjan, wat beskou word as die kernpunt in Afrika waarvandaan die virus versprei het. Abidjan is 'n bedrywige hawestad wat baie besoekers lok. Baie van hulle is gereelde besoekers aan die rooilig-areas van die stad. *"Maria"*, 'n jong prostituut, oorspronklik van Belgrado is deeglik bewus van die gevare van vigs-verspreiding. Haar werk word daagliks vir haar al hoe moeiliker; daar is prostitute wat aandring op die gebruik van 'n kondoom deur haar kliënt; ander prostitute is glad nie so kieskeurig nie, solank hulle net betaal word vir hulle dienste. Maria verduidelik dat veral Moslem-kliënte weier om kondome te gebruik. Hulle verweer is dat dit teen hulle geloof is. As sy aandring op die gebruik van 'n kondoom, neem die Moslem-kliënt aan dat sy reeds besmet is met die virus, of enige ander veneriese siekte, en sal dan na 'n ander prostituut gaan. Sodoende sal Maria haar kliënte, én inkomste verloor, en sal sy 'n slegte reputasie kry, wat sal maak dat kliënte haar vermy. Maria verplig dus geeneen van haar kliënte om 'n kondoom te gegruik nie. Die *"Queen Mother van Koumassi"*, 'n afgetrede prostituut wat as madame (en biegmoeder) optree vir 'n aantal jong prostitute sou graag wou dat alle prostitute daarop aandring dat kondome gebruik word, dan sal die kliënte die toestand ook so moet aanvaar, maar dit is egter net wensdenkery. (Sien die relevante bespreking oor wetgewing in Hoofstuk 3, 3.2.9).

Huband (in Africa Report, 1991, p. 70) dui ook aan dat vigs die grootste oorsaak van sterftes by volwasse mans in die Ivoorkus is. Prostitute is hoogs besmet, tot soveel as 50% van alle prostitute in Abidjan. Die inwoners, besoekers en immigrante in Abidjan is nie geneë om hulle gedrag te verander nie, en gaan voort asof daar nie 'n probleem bestaan nie (Huband, in Africa Report, 1991, p. 70).

Volgens hierdie inligting, en hier word die toestand van slegs een Afrika-staat genoem, kan dit sekerlik vrylik aanvaar word dat die verspreiding van enige seksueel oordraagbare siektes in sommige gevalle deur prostitusie vererger word. Voorsorgmaatreëls om die verspreiding te voorkom, word nie deur alle prostitute en hulle kliënte getref nie.

Een rede vir die relatief stadiger toename van die MI-virus in Suid-Afrika was die mate van isolasie as gevolg van verskeie faktore, waarvan die politieke isolasie sekerlik as faktor genoem kan word. Dit het meegebring dat minder buitelandse besoekers, wat reeds besmet is, hier by prostitute aangemeld het. Hierdie voordeel word egter vinnig uitgewis en sedert

1990 het beskikbare syfers getoon dat al meer gevalle van MI-besmetting voorkom (Wilson & Lavelle, 1993, p. 668). Die snel-toenemende verstedeliking, trekarbeiders, die toestroming van swart vroue (reeds besmet met die virus) na tradisionele wit areas, armoede en seksuele ongelykheid is blykbaar van die redes vir die verspreiding van seksueel oordraagbare siektes in sub-Sahara Afrika. Risikogroepe in die streek sluit in prostitute, hul kliënte, langafstandvragmotorbestuurders, soldate, trekarbeiders, mobiele groepe en diegene wat alreeds besmet is met seksueel oordraagbare siektes.

Wilson & Lavelle (1993, p. 669) noem dat in 14 stede in 7 Afrikalande deur middel van intervensie, 'n totaal van 24 000 prostitute bereik is. As in gedagte gehou word dat prostitute moontlike verspreiders van die MI-virus en ander seksueel oordraagbare siektes kan wees, kan dit beteken dat grootskaalse verspreiding reeds plaasgevind het.

Indien Suid-Afrika dringende, omvangryke intervensie wil toepas, is beleidsbinding en hervorming noodsaaklik. Wettiging en/of plaasvervangende regulering van prostitusie kan as 'n prioriteit beskou word. Effektiewe landswye intervensie onder prostitute kan nie begin alvorens prostitusie wettig verklaar word nie. Slegs dan kan die prostituut vrywillig aanmeld vir mediese ondersoeke, sonder die moontlikheid van vervolging. Openbare gesondheidsvoordele kan verkry word, en nog belangriker, ondersteuning aan prostitute soos reeds in verskeie stede toegepas, kan uitgebrei word. 'n Pleidooi word deur Wilson & Lavelle (1993) gelewer vir die samewerking tussen die Suid-Afrikaanse regering, vakbonde, buite-parlementêre partye en privaatsektor-organisasies om prostitusie te wettig en te organiseer deur die ko-ördinering van intervensie veral tussen prostitute, kliënte, trokbestuurders, militêre personeel en individue in stede met meer as 50 000 inwoners. Hierdie prosedure kan dalk help om verdere MI-besmetting te bekamp (Wilson & Lavelle, 1993, p. 669).

Nader tuis, is navorsing gedoen deur Marcus, Oellermann en Levin (1995). In hierdie uitvoerbaarheidstudie het die navorsers gekonsentreer op die verspreiding van vigs in die Kwa-Zulu-Natalse Middellande. Veral vragmotorbestuurders wat prostitute oplaai wat langs die snelweë werk, of by oornagpunte is betrek in hierdie studie. Hierdie soort prostitute word beskou as die grootste verspreiders van seksueel oordraagbare siektes.

Volgens hierdie navorsers is daar in Suid-Afrika 'n geraamde 1,2 miljoen mense wat MI-positief toets, en ongeveer 700 nuwe besmettings elke dag. In die area waarop gekonsentreer is, is die bevinding dat kommersiële sekswerkers met wie onderhoude gevoer is tydens hierdie ondersoek, almal aandui dat sekswerk 'n oorlewingstrategie is. Baie van die vroue is moeders, sommige is geskei, sommige was nooit getroud nie. Hulle werk om geld te verdien om hul families te onderhou. Armoede in hierdie dele van Kwa-Zulu-Natal is endemies en daar is nie 'n moontlikheid dat armoede hier uitgewis sal word nie. Die korrekte aanname is dus dat sekswerk nog lank die grootste bron van inkomste vir baie sal wees (Marcus et al, 1995, p. 5).

Fisiese mobiliteit is van primêre belang by hierdie soort sekswerk. Die vroue is afkomstig uit die plattelandse gebiede en soek werk in onbekende stedelike gebiede. Optelpunte in Pietermaritzburg is geïdentifiseer. Volgens Pickering (in Marcus et al, 1995, p. 7) is ongeveer 94 % van die vroue in Gambië voortdurend in transit. Die Weekly Mail (in Marcus et al, 1995, p. 7) verwys ook na joernalistieke navorsing oor sekswerkers in die Gauteng-area wat van elders kom. Die mobiliteit van die sekswerker verhoog die moontlikheid van verspreiding van seksueel oordraagbare siektes. Die mobiliteit van hulle kliënte (veral die vragmotorbestuurders wat oor lang afstande, en ver van hulle tuistes is) veroorsaak dat daar 'n groter verspreiding van seksueel-oordraagbare siektes is, wanneer hierdie mans teruggaan na hulle seksmaats tuis en siektes wat deur kontak met besmette prostitute opgedoen is, verder versprei word. Marcus et al (1995, p. 13) meld dat 41% van die bestuurders aangedui het dat hulle seks het as hulle werk (tydens die ritte heen-en-weer om vrag af te lewer); 18% het aangedui dat hulle seks met meer as drie verskillende seksmaats gedurende die week wanneer die ondersoek gedoen is, gehad het; en 67% van die steekproef van bestuurders het aangedui dat hulle nooit 'n kondoom gebruik tydens hierdie sessies nie.

In hierdie ondersoek (Marcus et al, 1995) word verwys na *"ukujika, the act of giving a guy access to your body in exchange for money"*. Hiervolgens, dus prostitusie in die volste sin van die woord. Die vrou klim by die man in die vragmotor, en word by die volgende punt afgelaai. Dit is gewoonlik oornagplekke vir vragmotors, waar min geriewe beskikbaar is. Soms word die vrou bloot langs die pad afgelaai. Uiteraard is daar gedurig die gevaar van

aanranding of selfs moord op die prostitute, en dan ook die teistering deur die polisie. Indien hulle in hegtenis geneem word, betaal hulle die opgelegde boetes van ongeveer R500 en klim op die volgende vragmotor!

Jenness (1990, p. 414) noem dat die vigs-epidemie die mees resente en mees dramatiese verandering in die politieke siening van verskeie prostitute-organisasies veroorsaak. Nie alleen is die epidemie 'n gesondheidsrisiko vir prostitute nie, maar dit is ook 'n sosiale en wetlike bedreiging. So ernstig beskou sommige owerhede die situasie dat die Kaliforniese Departement van Gesondheid prostitute-organisasies betrek by ondersoeke na die rol wat prostitute speel in die verspreiding van die virus.

Plant (1993, p. 81) noem dat in 'n studie wat in Liverpool gedoen is onder vroulike prostitute, sommige van hulle erken het dat hulle soms tot dertig kliënte per dag bedien. Slegs vyf-en-twintig vroue is betrek by hierdie studie, maar as 'n berekening gemaak word dat hierdie 25 vroue vir ongeveer 25 dae per maand werk, vir 11 maande van die jaar, met 'n gemiddeld van 15 kliënte per dag, is die totaal meer as 103 000. Voeg daarby dat die kliënte van die prostitute nog seksueel verkeer met hulle wettige eggenotes of vriendinne, of ander prostitute, en maak dan 'n verdere berekening om die aantal kere wat 'n siekte oorgedra kan word, te bepaal. Bogenoemde is maar een stad se syfers!

## 5.5 PROSTITUSIE AS GEVAAR VIR DIE GEMEENSKAP

Indien nie een van die twee partye wat instem tot seks as slagoffer beskou kan word nie, vra Geis (1979, p. 4) of daar nie 'n ander slagoffer is nie. Die slagoffer van misdade soos homoseksualiteit, prostitusie, aborsie en dobbelary kan dalk die samelewing wees, gesien as die entiteit wie se welstand bedreig word as gevolg van sulke dade. Unwin (in Geis, 1979, p. 4) meen dat byna alle beskaafde samelewings, soos die Babiloniërs, Atheners, en Romeine, ontstaan het uit 'n toestand van *"absolute monogamie"*. Unwin (in Geis, 1979, p. 4) sê dat enige menslike samelewing vry is om te kies of hy seksuele vryheid wil toelaat of nie. Prostitusie is nie in die volle sin 'n slagofferlose misdaad nie, maar eerder 'n konsensuele misdaad. Prostitusie veroorsaak skadelike of nadelige gevolge vir individue in 'n

samelewing: vir diegene wie deel neem aan hierdie dade, diegene wat indirek geraak word soos eggenotes en kinders, maar ook vir die samelewing as geheel.

Geis (1979, p. 6) kwoteer Devlin wat meen 'n samelewing word meer dikwels van binne af gerysmier word as deur eksterne druk. Daar is disintegrasie as geen moraliteit bestaan nie en die geskiedenis bewys dat die verslapping van morele bande dikwels die eerste stadium van disintegrasie binne 'n gegewe samelewing is.

In die Suid-Afrikaanse konteks waar soveel kulture tans opgeneem word in die breë samelewing, kan daar sprake wees van 'n verslapping van morele standaarde. Waar morele standaarde heel dikwels in die verlede deur die kerk voorgeskryf en deur wetgewing toegepas is, word wette tans gewysig om alle kulture en kultuur-georiënteerde gebruike toe te laat. Voorbeelde van wetgewing wat verander is, is die skrapping van die Ontugwet, en die afskaffing van die Wet op Groepsgebiede en die omstrede Aborsiewet, wat aborsie op aanvraag wettig, soos gerapporteer in Die Volksblad, 1 November 1996. Hierdie wetgewing is intussen aangepas, en aborsie is aanvraag beskikbaar.

Die Wolfenden-verslag (Geis, 1979, p. 182) het na byna 'n dekade van werksaamhede, aanbevelings gemaak dat openbare tippelary van prostitute strenger beheer word, en dat diegene wat op die inkomste van prostitute leef, gestraf moet word. Die verslag maak geen melding dat die Britse staatsbeleid verander behoort te word om prostitusie te wettig nie. Die gedagte is slegs dat die skadelike en onwelvoeglike verskynsel uit die strate van Britse stede weggeneem word, want dit is afstootlik vir die gewone burger.

Weer eens is hier sprake van ambivalensie teenoor prostitusie. Dit is *'afstootlik'* vir 'n groot deel van die bevolking, maar dit kan nie verwyder of uitgewis word nie, want te veel mense maak gebruik van die dienste wat die prostituut lewer.

Geis (1979, p. 190) meen die algemene gevoel is dat wanneer daar vroue is wat gewillig is om seksuele dienste vir geldelike gewin aan te bied, prostitusie sal gedy. Literatuur is nie volop wat betref die verskillende maniere waarop 'n samelewing hierop reageer nie. Geis (1979, p. 190) se groot probleem is die min studies oor loopbaan-patrone van prostitute -

ook die min inligting om te bepaal wat die impak van verskilllende definisies van prostitusie is op die sosiale gesondheid en integriteit van gemeenskappe in verskillende lande.

Geis (1979, p. 190) sê prostitute wissel van die lae klas straatvrou tot die courtesan wat haar gunste aan edelmanne en koninklikes aanbied. Antieke Rome het prostitute oogluikend geduld, maar tog vereis dat hulle hul hare kleur. Die Grieke het die hetairae hoog aangeskryf. Demosthenes (in Geis, 1979, p. 190) sê die hetairae was vir plesier, byvroue vir elke dag se gebruik en eggenote het wettige kinders gebaar. Die Ou Testament het 'n ferm standpunt teen prostitusie ingeneem met die gedagte dat die slegte vrou se losbandigheid 'n bedreiging vir die Hebreeuse teokrasie was. Salomo het teen prostitusie gewaarsku (Spreuke 29:3) en in Levitikus 19:29 is die goeie dogter verbied om 'n prostituut te word (DIE BYBEL, 1983-vertaling). Vroeë Christen-skrywers het prostitusie as 'n noodsaaklike euwel beskou.

Later het die obsessie met kuisheid ontstaan in 'n era toe byna elke klooster in 'n bordeel ontwikkel het. Augustinus het geglo dat prostitusie verkeerd is, maar dat daar erger onheil of boosheid is, en dat om prostitusie te verbied, die totale bestaan van die samelewing bedreig gaan word:

*"suppress prostitution and capricious lusts will overthrow society"*

Thomas Aquinas (Geis, 1979, p. 191) sê prostitusie is soos vuilheid in die see of in die rioolpype van die paleis. Neem die rioolpype weg en die hele paleis word besoedel- neem prostitusie weg en die wêreld is besoedel met sodomie. (Sodomie word hier gebruik in die konteks van *"teën natuurlike ontug"* (Odendal et al, 1979, p. 1023).

Henriques (in Geis 1979, p. 191) verklaar sy onvermoë om tot 'n gevolgtrekking te kom of die wettiging van prostitusie enigsins 'n verandering sal meebring. Die London Times vra in 'n resensie oor Henriques se boek, Prostitution in Europe and the New World, die volgende:

> *"Is prostitution a response to repression? Does legislation against sexual immorality provoke the evil it seeks to control? Or is human nature such*

*that only the forbidden is attractive and greater freedom merely encourages more esoteric sexual diversions? Dr. Henriques inevitably realises questions of this kind but does no more than hint at the answers, though he provides plenty of evidence to support both sides of the argument".*

Die aanbeveling dat diegene wat leef op die inkomste van 'n prostituut (die souteneur en die madame) swaarder gestraf moet word as wat die geval was, veral in Viktoriaanse Engeland, is in die Wolfenden-verslag gemaak. Dit is egter nie hierdie persone wat prostitusie veroorsaak nie, maar eerder die prostituut èn die kliënt.

*"At present time, entertainments of a suggestive character, dubious advertisements, the sale of pornographic literature, contraceptives and 'aphrodisiac' drugs (sometimes all in one shop), and the sale of alcoholic liquor in premises frequented by prostitues, all sustain the trade, and in turn themselves profit from it"*

*- (Geis, 1979, p. 186).*

Indien prostitute sou wou betoog dat hulle beroep gewettig word, is die kanse dat hulle stemme gehoor gaan word, baie skraal. Gewoonlik, wanneer wetgewing deur druk van 'n belangegroep verander word, is die belangegroep heel dikwels 'n groep behorende tot die deel van die samelewing wat invloedryk is. Prostitute hoort duidelik nie tot so 'n groep nie. Aangaande die wettiging van prostitusie vra Geis (1979, p. 181) hoe 'n swak en ontburgerde minderheid (soos prostitute wat eintlik geen aansien in 'n samelewing het nie) hul belange en behoeftes verander kan kry deur middel van wetgewing. Ander konsensuele misdade het slegs baat gevind deur stemmingmakery van invloedryke groeperings soos moraliste, in 'n samelewing. In die lig van bostaande, kan prostitute as 'n groep ooit daarin slaag om wetgewing verander te kry, indien hulle wil?

Sutherland & Cressey (1966, p. 368) sê die positivistiese skool van kriminoloë ontken die doktrine van vryheid van wil en probeer om misdaad in terme van oorsaaklike verhoudings te verklaar. Hieruit spruit die denkrigting dat misdaad soos enige natuurlike fenomeen is en as sulks beskou moet word. Hiervolgens word die effektiwiteit van bestraffende reaksie

> *that only the forbidden is attractive and greater freedom merely encourages more esoteric sexual diversions? Dr. Henriques inevitably realises questions of this kind but does no more than hint at the answers, though he provides plenty of evidence to support both sides of the argument".*

Die aanbeveling dat diegene wat leef op die inkomste van 'n prostituut (die souteneur en die madame) swaarder gestraf moet word as wat die geval was, veral in Viktoriaanse Engeland, is in die Wolfenden-verslag gemaak. Dit is egter nie hierdie persone wat prostitusie veroorsaak nie, maar eerder die prostituut èn die kliënt.

> *"At present time, entertainments of a suggestive character, dubious advertisements, the sale of pornographic literature, contraceptives and 'aphrodisiac' drugs (sometimes all in one shop), and the sale of alcoholic liquor in premises frequented by prostitues, all sustain the trade, and in turn themselves profit from it"*
>
> *- (Geis, 1979, p. 186).*

Indien prostitute sou wou betoog dat hulle beroep gewettig word, is die kanse dat hulle stemme gehoor gaan word, baie skraal. Gewoonlik, wanneer wetgewing deur druk van 'n belangegroep verander word, is die belangegroep heel dikwels 'n groep behorende tot die deel van die samelewing wat invloedryk is. Prostitute hoort duidelik nie tot so 'n groep nie. Aangaande die wettiging van prostitusie vra Geis (1979, p. 181) hoe 'n swak en ontburgerde minderheid (soos prostitute wat eintlik geen aansien in 'n samelewing het nie) hul belange en behoeftes verander kan kry deur middel van wetgewing. Ander konsensuele misdade het slegs baat gevind deur stemmingmakery van invloedryke groeperings soos moraliste, in 'n samelewing. In die lig van bostaande, kan prostitute as 'n groep ooit daarin slaag om wetgewing verander te kry, indien hulle wil?

Sutherland & Cressey (1966, p. 368) sê die positivistiese skool van kriminoloë ontken die doktrine van vryheid van wil en probeer om misdaad in terme van oorsaaklike verhoudings te verklaar. Hieruit spruit die denkrigting dat misdaad soos enige natuurlike fenomeen is en as sulks beskou moet word. Hiervolgens word die effektiwiteit van bestraffende reaksie

ontken en die behandelingsreaksie ondersteun. Gelyklopend met die siening van misdaad as natuurlike fenomeen, is die gedagte dat hierdie fenomeen beheer word deur die begrip wat aan die onderhawige prosesse toegesê word. Volgens hierdie denkwyse is dit dus nie nodig om die prostituut te straf nie, maar eerder om die samelewing so te verander dat haar dienste nie meer nodig sal wees nie.

Hibbert (1963, p. 262) sê dat prostitusie nie meer so 'n ernstige misdaad is nie. Inderdaad, in Engeland is dit glad nie meer 'n misdaad nie, maar die prostituut is steeds 'n sosiale uitgewekene, soos 'n misdadiger. Afgesien daarvan dat sekere seksuele impulse soms tot moord, verkragting, bestialiteit en bloedskande lei, lei die begeerte na seksuele opwinding tot die ontstaan van *"vice rackets"* en *"vice centres"* wat op hulle beurt weer lei tot meer misdade, seksueel van aard of anders.

Afgesien van die beperkings wat vroue het as gevolg van hul gebrek aan fisiese krag meen Hibbert (1963, p. 262) dat vroue minder geneig tot kriminaliteit is as mans omdat hulle heel dikwels die man kan beweeg om die misdaad te pleeg, eerder as dat vroue meer deugsaam is as mans. Daar is die Viktoriaanse siening dat die vrou net soveel misdaad beplan, maar dat sy dit doen deur op die ridderlikheid van die man staat te maak om die misdaad te pleeg, wat dan die gevaar loop om vervolg te word. Daar is sekere misdade wat deur die wet nie erken word as dat dit tradisioneel nie deur vroue gepleeg kan word nie, soos verkragting (vroue kan egter in spesifieke gevalle van verkragting aangekla word, en dan veral as medepligtige) maar die belangrike feit hier is dat vroue wat andersins as 'n misdadiger beskou kan word, 'n posituut kan word en binne die wet kan funksioneer. Die mees voor die handliggende rede waarom vroue prostitute word, is seker die ekonomiese rede. Vroue wat eens kelnerinne of fabriekswerkers was, neem hierdie nuwe beroep aan. Vroue, volgens Hibbert (1963, p. 262) word geleidelik in die beroep opgeneem, dikwels nadat 'n mislukte, onbevredigende verhouding met 'n man beëindig is.

Prostitusie is 'n gemarginaliseerde misdaad volgens Lea & Young (1993, p. 27), met 'n beperkte omvang wat die prostitute en hulle kliënte betref. Lea & Young (1993, p. 27) vra of aangaande die marginaliteit van misdaad of die voorkoms van misdaad in die algeneem nie oordryf of vergroot word nie. Hulle stel die moontlikheid van gemarginaliseerde misdaad -

misdaad wat nie 'n bedreiging is vir sekere groepe in sekere sosiale kategorieë nie. Prostitusie val sekerlik in hierdie kategorie, want slegs 'n beperkte groep mense maak hulle skuldig aan hierdie aktiwiteit. Volgens Lea & Young (1993, p. 27) is daar 'n merkbare ooreenkoms tussen die karaktereienskappe van oortreders en slagoffers wat oortree binne hierdie afgebakende marginaliteit - asof die spreekwoord van soort soek soort hier van toepassing kan wees.

Lea & Young (1993, p. 27) sê misdadigers teer op mekaar - die kliënt van die prostituut, so wel as die souteneur wat van die prostituut se verdienste lewe, en ten laaste die prostituut wat geld verdien uit 'n bedryf wat nie deur die breë samelewing goedgekeur word nie.

Buite hierdie groep, volgens Lea & Young (1993, p. 27) wat op mekaar aangewese is wat die hele scenario van prostitusie insluit, is die *'ander mense'*; die groter deel van die bevolking wat in 'n toestand van morele paniek verkeer in terme van die morele verval wat plaasvind wanneer prostitusie toegelaat word.

Die bostaande is sekerlik waar van seksuele oortredings - en veral prostitusie. Die kliënt van die prostituut het tog sekerlik dieselfde oortuigings as die prostituut self oor die morele aspek daarvan, die risiko wat hulle altwee neem aangaande seksueel oordraagbare siektes en dat geeneen van die twee enige skuldgevoelens oor die daad, of die gee of ontvang van die geldelike beloning het nie.

Lea & Young (1993, p. 26) sê misdaad is nie alleen beperk tot sekere groepe nie, maar ook tot sekere areas. So ook die geval van prostitusie - daar is in sommige stede die bekende rooilig-areas; ander Amerikaanse stede het sekere areas, soos byvoorbeeld 'n hele paar straatblokke, afgebaken sodat prostitusie daar vrylik bedryf kan word. In Bloemfontein is gesellinklubs in sekere areas van die middestad; Kaapstad en Durban se gebiede lê naby die hawe, Amsterdam het sy Walletjies, Berlyn se Reperbahn, London sy Soho-distrik. Wat hierdie afbakening betref, is dit duidelik dat prostitusie nie in alle dele van 'n stad openlik geduld word nie.

Is die invloed van prostitusie, wat beperk word tot sekere groepe en gebiede, dan so 'n groot gevaar vir die gemeenskap dat die kriminalisering moet voortduur?

## 5.6 REGVERDIGBAARHEID VAN PROSTITUSIE

Volgens streng konserwatiewe sienings van baie mense in 'n gegewe samelewing is prostitusie seker nie regverdigbaar nie. Wat van die sedelike verval, die morele aftakeling, die verspreiding van seksueel oordraagbare siektes, en al die argumente teen prostitusie waarteen moraliste en andere binne 'n gemeenskap voortdurend waarsku.

Tog is daar 'n ander kant van die saak (Dominelli, 1986, p. 72). Prostitusie kan as *"beskermer"* van die huwelik gesien word. Om 'n onderskeid te tref tussen prostituut en nie-prostituut is essensieël vir die behoud van een van die sleutelinstellings in die samelewing: die kerngesin. Buite-huwelikse verhoudings bedreig die bestaan van die gesin, teenoor 'n besoek aan 'n prostituut wat relatief emosieloos en minder gevaarlik is, en waar geen verhouding ter sprake is nie.

Dominelli (1986, p. 72) sê egter dat hierdie situasie ietwat van 'n kontras weerspieël. Die samelewing is nie perfek nie, en die huwelik en gesin funksioneer nie volgens die ideaal nie. Prostitusie maak voorsiening vir verskillende mense met verskillende smake/voorkeure wat nie binne 'n huwelik bevredig kan word nie. Deur hierdie rol te vervul van beskikbaar te wees vir 'n verskeidenheid van seksuele voorkeure en begeertes, versterk prostitute sekere instellings soos die huwelik en die gesin.

Mcintosh (in Dominelli, 1986, p. 75) skryf as volg oor die verband tussen die ondergeskikte posisie van die vrou en haar seksualiteit:

> *"women's socio-economic dependence ... leads them to use sex as a means to an end rather than treat it as an end in itself. The more active sexuality of men, positively seeking pleasure and achievement, is but a part of the general dominance of men over women".*

Prostitute gebruik nie seks soos die fatsoenlike vrou om sosiaal gesanksioneerde doelwite deur die huwelik te bekom nie. Met 'n huweliksluiting het die fatsoenlike vrou die mag om haar toekoms te verseker, al is dit binne die riglyne van ondergeskiktheid. Radikale feministe argumenteeer dat 'n huwelikskontrak 'n vorm van wettige prostitusie is, omdat die fatsoenlike vrou haarself verkoop volgens voorgeskrewe sosiale norme.

Jenness (1990, p. 416) verduidelik die primêre beginsels waarvan die prostitute-organisasie COYOTE uitgaan:

- Prostitute word nie geforseer om die beroep te volg nie, meer dikwels word die beroep vrywilliglik beoefen;
- Prostitusie is werk, en moet as sulks beskou word, en daarom gerespekteer word, met ander woorde, gedestigmatiseer word;
- Om 'n prostituut te weerhou om te werk in toestande van haar eie keuse, is 'n oortreding van die bepalings van die Handves vir Menseregte.

Jenness (1990, p. 417) bepleit die gebruik van woorde soos seks as werk, en prostitute as sekswerkers. Hierdeur kan die sosiale probleem van prostitusie losgesny word van die historiese assosiasie van sonde, misdaad en onwettige seks.

Ook Plant (1993, p. 39) noem dat deur dekriminalisering van prostitusie en die hantering daarvan as 'n wettige vorm van werk, kan die sosiale isolasie en ontkenning van prostitute se menseregte teëgewerk word.

Die lyk dus asof die bedryf van prostitusie geregverdig kan word, afhangende van die basiese paradigma waaruit geredeneer word. Veral die feministe en die prostitute self voel dat die beroep geregverdig is.

## 5.7 KAN PROSTITUSIE UITGEWIS WORD?

Om die rasionaal te probeer verklaar en verduidelik of prostitusie onderdruk of uitgewis kan word deur middel van die toepassing van die strafreg, is dit eerstens belangrik om uitsluitsel te kry op die vraag of prostitusie in die eerste plek 'n misdaad is. Daar is baie uiteenlopende argumente daaroor - weer eens sprekend van die digotomie as dit by prostitusie kom. Dieselfde argument soos reeds geopper is, geld hier. Sommige meen daar is geen sprake van misdadigheid by prostitusie nie; die kwessie van sonde is nog nie uitgeklaar nie; as daar nie 'n slagoffer is nie, is dit nie misdaad nie; so kan die redenasie in die rondte gevoer word, sonder enige vordering tot eenstemmigheid en 'n oplossing vir die voorkoms daarvan.

Ten spyte van wetlike, religieuse en morele interdiksies bly prostitusie steeds voortbestaan (Vito & Holmes, 1994, p. 337). Dit is reeds uit die bestudering van die verskillende lande se wetgewing duidelik (in Hoofstuk 3 word hierdie kwessies aangeroer).

Hepburn (1993, p. 1370 e.v.) vra wat dekriminalisering of legalisering van prostitusie sal meebring. Teoreties kan dit meebring dat prostitute meer georganiseerd sal saamwerk, meer beheer sal verkry oor kliënte, dienste en fooie. Dit kan ook die verskaffing van mediese dienste fasiliteer. Aan die ander kant is die realiteit dat prostitusie in die strate voortgaan, veral diegene wat 'n dwelmbehoefte moet finansier. Die onderliggende armoede en sosiale probleme soos dwelmafhanklikheid wat gelei het tot prostitusie in die eerste plek, sal prostitusie se voortbestaan verseker.

Prostitusie sal voortbestaan omdat 'n afname in aanvraag onwaarskynlik is, maar die voorkoms van prostitusie kan verlaag as die prostituut se behoefte om haar dienste te verkoop, afneem. Alternatiewe werksgeleenthede en die uitwissing van sosiale patologie moet primêr aangespreek word. Die inhegtenisneming van prostitute sal prostitusie nie verminder nie, en die prostitute sal harder moet werk om die boetes te betaal. Volgens Hepburn (1993, p. 1370 e.v.) is die beëindiging van die onwettigheid van prostitusie noodsaaklik en baie wenslik. Die afskaffing sal wel help om die stigma uit te wis. Hepburn (1993, p. 1370) meen dat, al is die afskaffing van wetgewing van prostitusie so dwingend

noodsaaklik, is daar min rede vir optimisme oor die impak wat dit op die vermindering van die prostitusie sal hê, gegewe die huidige tendense in die geskiedenis van sosiale beheer.

'n Bykomende faktor oor die vraag of prostitusie uitgewis kan word, is dat dit deur die eeue in talle samelewings bly voortbestaan het. Soos reeds uitgewys, het prostitusie verskeie swaaie van die spreekwoordelike pendulum oorleef. Vanaf die ontugtige vroue wat gestenig was, die invloedryke courtesan aan koninklike howe, die verguisde verspreider van sifilis, die straatvrou, die foonsnol, die gesellin en die masseuse, is prostitute deur volgehoue pogings van kerkvaders, moraliste en gemeenskappe aan vervolging blootgestel.

Prostitusie word beoefen in die mees beskaafde sosiale strukture tot die mees onbeskaafde primitiewe gemeenskappe. Die monetêre vergoeding is dikwels nie fisiese munte nie, maar 'n wye verskeidenheid van belonings word aangebied, en geneem. In verreweg die meeste gevalle word die vraag deur die man bepaal, en die aanbod deur die vrou voorsien (Sion, 1977, p. 24 e.v.).

Flexner (1969, p. 46) meen die aanbod is oraloor meer as die spontane vraag, maar dat die vraag subtiel aangewakker word. Op 'n besoek aan Parys deur die navorser is bevind dat in die Pigalle, 'n bekende rooilig-area van daardie stad, bordele strategies geplaas word langs nagklubs waar naakvertonings gelewer word, plekke waar pornografiese films vertoon word, sekswinkels, uitstallings van pornografiese tydskrifte en kroeë en restaurante. Hierdie plekke is primêr daar om 'n seksuele aptyt aan te wakker, en die bordele is gerieflik naby.

Flexner (1969, p. 61) voel die aanbod moet uit drie oogpunte gesien word:

- Die oorsprong daarvan,
- Die volume, en
- Die reaksie op die vraag.

Waarin lê die kern van die voortbestaan van prostitusie? Miskien kan die volgende bespreking oor die seksuele behoefte, 'n verklaring bied.

### 5.7.1 Die seksuele behoefte

Seksuele prikkels bestaan alreeds by geboorte. Die krag daarvan is gedetermineer deur die intensiteit, kontinuïteit en duur van seksuele stimuli. Mense word voortdurend blootgestel aan seksuele prikkels wat fisies, fisiologies of psigologies kan wees, of enige kombinasie hiervan. Fisiese stimulering word veroorsaak deur byvoorbeeld aanraking; fisiologiese stimulasie kan verhoog word deur hormonale wisseling van afskeidings van die endokrine kliere; en psigologiese opwekking word verhoog deur die assosiasie met objekte van vorige seksuele ervaring. Hierdie stimuli veroorsaak seksuele versteurings en neuro-vaskulêre spanning. Seksuele prikkeling soek ontlading en as dit nie gebeur nie, kan fisiologiese ongemak volg, en soms wanfunksionering by sekere individue. Hierdie wanfunksionering kan op verskeie maniere manifesteer soos irritasie, angstigheid, algemene ontsteltenis en spanning. Seksuele ontlading deur middel van 'n orgasme is dikwels die enigste manier om verligting te bring (Sion, 1977, p. 25).

### 5.7.2 Verskille in seksuele opwekking by man en vrou

Kinsey (in Sion, 1977, p. 25) sê dat verskeie verskille by seksuele opwekking tussen mans en vroue uitgewys kan word. Vroue reageer net so vinnig en intens as mans op fisiese stimuli; mans reageer meer geredelik en op 'n wyer verskeidenheid van psigologiese stimuli, soos foto's van naakte vroue. Meeste vroue word nie soveel soos mans psigolosie gestimuleer, deur voorwerpe wat met seks geassosieer word nie. Vroue fantaseer ook minder as mans oor seksuele verwagtings. Dit moet in gedagte gehou word dat die Kinsey-verslag reeds in 1948 verskyn het. In latere studies, gepubliseer in 1973, is bewys dat Kinsey vroue onderskat het as dit by seksuele opwekking kom waar erotika ter sprake is.

'n Algemeen aanvaarde feit is dat mans groter begeertes het vir 'n groter frekwensie om meer dikwels en meer gereelde seksuele verkeer. Hierdie verskille word gewaan as afkomstig te wees van biologies-gedetermineerde verskille. Dalk is dit verdedigbaar in patriargale strukture in die Westerse beskawing. In Malinowski (1957, p. 24 e.v.) en ook in Sion (1977, p. 26) word verwys na die totale seksuele vryheid van die Trobrianders van Nieu-Guinee. In hierdie matriargale samelewing is daar geen verskil in die seksuele aktiwiteite

van mans en vroue nie - hulle geniet totale gelykheid in seksueel-verwante sake. Sion (1979, p. 26) voel tog dat 'n mate van seksuele verskille wel voorkom - in 'n gewone seksuele verhouding tussen man en vrou by hierdie primitiewe gemeenskap, is dit tog tradisioneel dat die man 'n klein geskenkie vir die vrou bring, selfs Malinowski (in Sion, 1977, p. 27) verklaar

*"the gift is an essential part of the transaction"*

Hierdie gewoonte toon dan ook dat dit dui op die vestiging van die begrip dat die Trobrianders besef dit is die man wat seksuele bevrediging die nodigste het en dat die vrou hom 'n guns bewys om die geskenk te aanvaar en haar te onderwerp aan sy seksuele begeertes.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat, indien mans groter seksuele opwekking ervaar, en hulle seksmaats nie daartoe wil instem nie, sal die aanvraag na prostitute om in hierdie behoeftebevrediging te voorsien, voortbestaan.

### 5.7.3 Kan prostitusie afgeskaf word?

Soms word met *'afskaffing'* bedoel dat prostitusie self afgeskaf (abolished) behoort te word. In effek beteken dit egter dat wetgewing, regulering en lisensiering in verband daarmee, afgeskaf moet word. Dit beteken dat prostitusie, soos ander private ondeugde (alkoholmisbruik, dwelmmisbruik, dobbel) nie meer as 'n misdaad beskou word nie - die misdadigheid kom slegs as gevolg van sekondêre aktiwiteite rondom hierdie ondeugde. 'n Paar voorbeelde is aanranding en verkragting by die prostituut, strafbare manslag as gevolg van bestuur onder die invloed van alkohol, en ander misdade wat gepleeg word binne die dampkring van genoemde ondeugde. Flexner (1969, p. 288) voel dat geen verskil in stede voorkom waar prostitusie gereguleer of nie-gereguleer word nie. In beide gevalle het afskaffing geen of min rimpeling op die oppervlak veroorsaak, en gaan die bedryf voort soos voor die afskaffing.

As al bogenoemde argumente in ag geneem word, is dit duidelik dat die bedryf van prostitusie nie uitgewis kan word nie. Die natuurlike verskille tussen man en vrou, die geslagsverskille in die benadering tot seks, kultuurverskille, en seker die belangrikste aspek, die van persoonlike voorkeure en behoeftes, veroorsaak dat seks vir verskillende mense verskillende betekenisse het. Dit bring mee dat wat vir een persoon geld, nie vir die ander een sal geld nie. Een deel van die manlike bevolking sal geen beswaar vind in 'n besoek aan die prostituut nie, en hulle sal dit kan regverdig deur klem te lê op hulle seksuele behoeftes. 'n Ander deel sal prostitusie nie aanvaarbaar vind nie, en sal die hele bedryf ignoreer. Hiervolgens is dit logies dat elke samelewing 'n kompromie sal moet aangaan om die *"noodsaaklike euwel"* van prostitusie te akkommodeer.

### 5.7.4 Aanbod en aanvraag

Sion (1977, p. 28) vind in die Westerse beskawing die welbekende feit dat mans meer promisku is as vroue. Dit mag wees dat dit toegeskryf kan word aan kulturele, sosiale en morele druk wat strenger is vir die vrou as vir die man. Veel eerder is daar 'n direkte verband tussen biologiese en psigologiese verskille tussen man en vrou. Die man raak makliker seksueel geprikkel deur enige vrou, selfs 'n onaantreklike prostiuut. Vroue daarenteen, se begeertes hang af van die onmiddellike teenwoordigheid van tasbare of sigbare stimuli.

Sion (1977, p.28) verwys na die aanvraag vir seksuele bevrediging wat deur die man geskep word. Vir verskeie redes kan hierdie aanvraag of behoeftes nie altyd deur 'n vrou van dieselfde sosiale status verskaf word nie. Morele kodes keur nie seksuele verkeer goed tussen individue wat nie in die eg verbind is nie, dus sal die man wat nie bevrediging kry by sy eggenote nie, dit elders soek. So sal ook soldate, matrose of reisigers wat nie die geleentheid het om 'n vrou die hof te maak nie, van die prostituut se dienste gebruik maak. Ter inligting word die gebruik genoem van vroeëre leërmagte wat op militêre veldtogte gegaan het en vergesel was van 'n groep vroue om in hulle seksuele behoeftes te voorsien.

Die status van prostitute in 'n bepaalde omgewing hang ook daarvan af of seksuele verkeer beperk of vry is (Sion, 1977, p.28). As seksuele aktiwiteite onderdruk word, versterk dit die

gesinseenheid. Prostitute word afgesny van die res van die gemeenskap en daar is min sosiale mobiliteit vir prostitute. In 'n vryer en meer toegeeflike samelewing is gesinsbande losser, prostitusie is nie so prominent nie, sosiale mobiliteit van prostitute is nie so beperk nie, en die volume van prostitusie verminder. Sion (1977, p. 29) kom tot die slotsom dat seksuele vryheid prostitusie sal benadeel. Die gevolg blyk te wees dat strenger morele oortuigings en minder *"vrye liefde"* prostitusie sal laat toeneem. Dit strook met Pienaar (in Die Kerkbode, 1991, p. 66 e.v.) se siening wat verwys na vroeër jare toe Suid-Afrikaanse gemeenskappe erg konserwatief was. Ten spyte van die eng en veroordelende benadering tot prostitusie, was die aantal bordele in een spesifieke area, naamlik Johannesburg, in die tyd waarvan Pienaar (1991, p. 66) praat, uitermate hoog, relatief tot die aantal inwoners van daardie area.

## 5.8 WAT Sê DIE PROSTITUTE OOR HULLE BEROEP

In Nederland is die kwessie van prostitusie as beroep op die spits gedryf met die aanvaarding van 'n stigtingsakte of handves op die eerste kongres van prostitute, die *"International Committee for Prostitutes' Rights World Charter and World Whores' Congress Statements"*. Die handves word as bylaag aangeheg.

### 5.8.1 Die regte van prostitute

Die handves wat deur die prostitute opgestel is, bepaal dat prostitute op burgerregte aanspraak behoort te kan maak soos enige ander persoon, in enige ander beroep, en ook die reg moet verkry om as prostituut te werk. Kortliks behels die handves die volgende:

- Alle wette aangaande volwasse prostitusie moet gedekriminaliseer word; ook wette wat vryheid van beweging beperk;
- Alle menseregte en burgerlike vryheid soos vryheid van spraak moet gewaarborg word;
- Prostitute moet self kan besluit waar hulle wil werk en woon; 'n komitee moet ingestel word waar prostitute hulle klagtes kan indien;
- Alle mans EN vroue moet opgevoed word om gereelde mediese ondersoeke te ondergaan, met die oog op seksueel oordraagbare siektes. Aangesien verpligte mediese

ondersoeke gebruik was om prostitusie te probeer beheer, en aangesien volwasse prostitute meer bewus is van seksuele gesondheid is verpligte ondersoeke slegs vir prostitute onaanvaarbaar;

- Intervensie is nodig waar kinders in gevaar staan om as prostitute gewerf te word;
- Prostitute moet dieselfde staatsvoordele kry as ander burgers, afhangende van die verskillende regulasies in verskillende lande;
- Steundienste vir werkende prostitute en her-opvoedingsprogramme vir prostitute wat die bedryf wil verlaat, moet ingestel word;
- Prostitute moet belasting betaal soos enige ander werker;
- Ondersteuningsprogramme om sosiale houdings, wat prostitute stigmatiseer, te verander, moet ingestel word. Opvoedingsprogramme moet ontwikkel word wat die publiek inlig oor die deurslaggewende rol van die kliënt; en nog die kliënt, nog die prostituut mag gekriminaliseer, of verdoem word op grond van morele oortuigings.

Plant (1993, p. 203) kom met hierdie stelling:

> *"..prostitutes are not problems. They are people. Prostitution is an ancient and very well-established occupation. It is fostered by a huge demand and by a multiplicity of social, psychological, and economic factors".*

Prostitute is in die algemeen nóg onkundig, nóg onverantwoordelik (Plant, 1993, p. 198 e.v.). Alhoewel baie van hulle uit 'n minder-gegoede agtergrond kom en as prostitute werk omdat hulle min skolastiese opleiding het, konformeer hulle nie aan 'n enkele stereotipe nie. Hulle verskil ten opsigte van hulle sosio-ekonomiese agtergrond en ten opsigte van werks-etiek en in algeneme lewensstyl, net soos enige ander deursnee werker van enige ander beroep. Shrage (1989, p. 348) meen die term *"prostituut"* is dubbelsinnig; dit beskryf beide die persoon wat seks verskaf op 'n kommersiële basis en diegene wat hulle talente op grondvlak gebruik vir beloning.

### 5.8.2 Aard van wetgewing

Volgens Perkins (1991, p.67) is die grootste bron van kommer by prostitute die wette wat hulle bedryf reguleer. Dit is benewens die ander kwessies soos gesondheidsrisiko, geweld tydens hulle werk, sakeverhoudings en belasting. Die geskil rondom die wettiging van prostitusie is in die meeste lande lank reeds deur die prostituut verloor en dit raak hulle private lewens sowel as hulle openbare lewens. Wetgewing kan hulle forseer om

- Klandestine werkplekke te soek en dus hulle inkomste te verminder
- Dit kan intervensie van georganiseerde misdaad bevorder
- Dit kan hulle verplig om van souteneurs gebruik te maak om hulle teen arrestasie te beskerm
- Dit kan hulle betrek by polisie-omkopery deurdat hulle polisiemanne betaal om hulle nie te arresteer nie, en les bes,
- Dit gee hulle kriminele status sonder enige vorige oortreding.

Prostitute is ook besorgd oor die kwessie van hulle aandadigheid aan die *'misdaad'*, terwyl die kliënt in baie lande nie aangekla kan word nie. Flexner (1969, p. 107) meen

> *"... if prostitution is a vice, both parties are vicious; if it be a crime, both parties are criminals".*

Dit word inderdaad nie deur baie lande so toegepas nie. Uit die geskiedenis van prostitusie is straf nooit aan beide deelnemers toegemeet nie. Daar is ook 'n onderskeid gemaak tussen die laerklas prostituut en die courtesan, of in moderne tyd, die straat-prostituut en die foonsnol. Regverdigheid en gelykheid het nie hier gegeld nie. Solank as wat die samelewing georganiseer was in een van manlike oorheersing, kon die vrou alleen die blaam gedra het by hierdie oortreding. Deesdae, met die strewe na algehele gelykheid tussen man en vrou, is die kwessie weer van groot belang.

### 5.8.3 Aard van die misdaad

As prostitusie dan steeds tot misdaad verklaar word, watter soort misdaad is dit - vir die prostituut self is daar weliswaar geen sprake van misdaad nie - sekerlik vir die kliënt ook nie. Prostitusie is 'n onderlinge ooreenkoms tussen twee instemmende volwassenes. Daar is 'n situasie van gewillige verbruiker en gewillige verskaffer. Dus, kan daar sprake wees van 'n misdadiger, en 'n slagoffer? Soos die bedryf tans gehandhaaf word, is daar glad geen slagoffer nie, want slagoffers is diegene wat skade ly deur die misdaad wat gepleeg is. Vir sover die slagofferlose misdaad aangaan, val prostitusie beslis hieronder in die sin dat prostitusie as konsensuele seks beskryf word, dit wil sê 'n daad deur wedersydse goedkeuring en instemming van twee volwasse persone.

Barlow (1993, p. 304) het gevind dat 1,2 miljoen manlike en vroulike prostitute heeltyds of deeltyds werksaam was in die Verenigde State van Amerika. Dit is die hoogste in enige Westerse land, en bygesê in 'n land waar prostitusie in alle state behalwe Nevada verbied is. In lande soos Duitsland, Holland en Denemarke word vroulike prostitute meestal deur die polisie met rus gelaat solank hulle net hulle beroep beoefen in die spesiale stadsareas daarvoor geoormerk. In sekere Amerikaanse state pleeg die manlike kliënt geen misdaad nie, dus lê die risiko van arrestasie geheel en al op die vrou. Hier word ook verwys na die SAPA-berig oor prostitusie in Duitsland, waar dieselfde geld: die vrou is skuldig, maar haar kliënt nie.

Waarom is dit dat prostitusie onwettig is, maar terselfdertyd word dit toegelaat? Die mees voor die handliggende rede is dat diegene wat verantwoordelik is vir wetgewing meestal mans is en dus potensiële kliënte. Morele ordentlikheid is slegs lippetaal, die vrou is dan daar om in die man se behoeftes te voorsien! In werklikheid is prostitusie slegs nog 'n manifestasie van die eksploitasie van die vrou. Dit is dus nie verbasend nie dat die vrou - die prostituut - altyd die fokuspunt is, sy is mos die dedviant, die misdadiger (Barlow 1993, p. 305).

### 5.8.4 *"No bad women, only bad laws"*

Hierdie navrante aanhaling kom uit Perkins (1991, p. 351). Dit som die gevoel van die meeste prostitute in 'n neutedop op. Hulle voel hulle is nie slegte vroue nie, aangesien hulle nie die samelewing of hulleself benadeel nie. Hulle werk in die seksbedryf en is nie verskillend van ander vroue nie. Prostitute beskuldig wette gebaseer op sosiale miskonsepsies vir hulle onderdrukking. Vir prostitute word hulle saak vererger deur die konflikterende sienings wat in die onlangse tyd gepubliseer was. Perkins (1991, p. 351) meen dat die een groep skrywers 'n sosiale agtergrond van gesinsgeweld blootlê en seksuele molestering in die kinderjare bloot beskou as die oorsaak dat 'n vrou haar tot prostitusie wend. Die ander groep beklemtoon vroue van gewone sosiale stand wat hulle seksualiteit uitleef in sekswerk. Ten spyte van kontrasterende menings toon albei groepe die prostituut se posisie aan as slagoffer van 'n ongevoelige samelewing.

Die eerste groep sien die vrou as besoedel en prostitusie as 'n arena van voortgesette geweld en misbruik. Die tweede groep sien die vrou as geviktimiseer deur 'n manlik georienteerde ekonomiese sisteem en dat die prostituut die beroep kies om te oorleef.

Prostitute in Sydney (Perkins, 1991, p. 361) het met wetgewers saamgewerk en die volgende aanbevelings gemaak om straattippelary te reguleer.

> die wetsterme moet neergelê word dat geen tippelary toegelaat word binne 'n afstand van 100 meter van 'n huis, skool, hospitaal of kerk nie - slegs as hierdie geboue steeds in gebruik is. Om geweld teenoor straatvroue teen te werk, moet gelisensieerde plekke aangewys word waarheen hulle hul kliënte kan neem, soos huise wat gehuur word vir hierdie spesifieke doel
>
> - (Perkins, 1991, p. 361).

Nog verdere aanbevelings behels die stigting van 'n regulerende liggaam om lisensies uit te reik, om die persele te inspekteer, en toe te sien dat alle voorwaardes in die regulerende statute nagekom word.

Hierdeur meen die prostitute, word die angel uit hulle penarie gehaal, en moet die wetgewer die verantwoordelikheid dra van *"slegte wette"* wat nie die situasie behoorlik opsom nie (Perkins, 1991, p. 362).

### 5.8.5 Prostitute se gevoel oor dekriminalisering

Hieroor het die vroue uiteenlopende menings. 'n Klein groep meen prostitusie moet gewettig word om die ooglopende redes soos dat arrestasies, hofsake en vonnisse sal verdwyn - daarmee ook die stigma van prostitute as misdadigers. Ander meen prostitusie moet nie gedekriminaliseer word nie, want sommige kliënte verkies die element van avontuur aan die deelname van onwettige dade en sal nie meer seks koop as dit gewettig word nie; ander meen meer vroue sal tot die beroep toetree wat groter kompetisie sal meebring met dalende inkomste (Schurink en Levinthal, 1983, p. 162).

## 5.9 SAMEVATTING

Volgens verskeie bronne en ook openbare menings is die kwessie van kriminaliteit van prostitusie nog glad nie opgeklaar en duidelik nie. Histories kon die argument nie besleg word of sekere aktiwiteite, soos prostitusie, gesien moet word as sonde, ondeug of onsedelikheid, 'n siekte of bloot as 'n saak van persoonlike keuse nie (Goode, in Jenness, 1993, p. 16). Tans word groot gewag gemaak om prostitusie as slagofferlose misdaad te tipeer. Om as slagofferlose misdaad te klassifiseer, spesifiseer die wet dat individue slagoffers is van hulle eie gedrag - individue word gelyktydig gesien as slagoffer en misdadiger (Jenness, 1993, p. 17). Wetgewing rondom slagofferlose misdade word beskou as daar gestel vir die beskerming van 'n samelewing in die algemeen. Daarom word dit dikwels beskryf as *'misdade teen die natuur'*, misdade teen die staat of misdade teen morele standaarde. In die geval van prostitusie word wetgewing gerig om die samelewing te beskerm teen die negatiewe effek van seks-vir-geld (Jenness, 1993, p. 18).

Volgens Jenness (1993, p. 31) is die huidige tendens om prostitusie as sosiale probleem te verklaar, gegrond op twee algemene riglyne. Die een argument van die debat word gevoer vanuit die oogpunt van die reg; die ander argument is afkomstig vanuit die morele

hervormingsaksie, veral aangeroer deur feministiese sienings. In die Verenigde State van Amerika word twee tipes wetgewing aangaande die beheer van prostitusie toegepas:

- Wette wat leegleêry, met die oog op die pleeg van 'n daad van prostitusie, verbied;
- Wette teen die aanbied of instem tot 'n daad van prostitusie;

Wetgewing verbied ook enige aktiwiteit in verband met prostitusie soos tippelary, koppelary, die verhuur van 'n perseel met die oog op prostitusie, en die oorreed van enigeen, veral minderjariges, met die doel tot prostitusie (Jenness, 1993, p. 33).

Ander skrywers argumenteer rondom die bestaan van 'n onregmatigheid by prostitusie - waar sommige mense prostitusie sien as 'n mindere behoefte wat by sommige mans bestaan, sien ander dit as 'n normale gedragswyse by mans. Die verbruikers in alle gevalle is verreweg meer as die verskaffers, maar indien prostitusie bekend raak, sal die verbruiker met simpatie bejeën word, terwyl die verskaffer gesien word as immoreel en verantwoordelik vir die vergryp. Hierdeur word prostitusie gestigmatiseer en word teen die prostituut gediskrimineer.

Camerer (Gedenklesing, 1996, p. 14) meld dat Pres. Mandela in sy inhuldigingstoespraak die versekering gegee het van algehele gelykheid vir alle Suid-Afrikaners - ongeag kleur, ras, geslag. Camerer haal Pres. Mandela aan:

> *"freedom cannot be achieved unless women have been emancipated from all forms of oppression. To this end we have acknowledged that the objectives of our RDP will not be realised unless we see in visible and practical terms that the condition of women in our country has radically changed for the better. My Government is committed to a reallocation of resources to ensure the achievement of this objective"*
>
> *- (Camerer 1996, p. 14/15).*

Camerer noem ook dat Cedaw (United Nations Convention on the Eliminating of all forms of Discrimination against Women) taamlik streng regulasies vir deelnemende state stel. Een daarvan is die onwettigheid van diskriminasie teen vroue, gedefinieer as

> *"treating women and men differently in any way if this different treatment prevents women, whether married or single from exercising their human rights and fundamental freedom on the basis of equality between women and men"*
>
> *- (Camerer 1996, p. 7).*

Nog een van Cedaw se doelstellings fokus op die verpligting van deelnemende state om te verseker dat vroue wat prostitute is, nie uitgebuit word nie (Camerer, 1996, p. 8).

Indien die vrou dan net so gelyk soos die man beskou moet word in 'n demokratiese staatsbestel, hoe rym dit dat die prostituut sosiaal gestigmatiseer word en aangekla kan word van misdaad, maar dat die kliënt onskuldig is. Beide die kliënt en die prostituut is tog betrokke by dieselfde aktiwiteit.

Die Grondwet van Suid-Afrika (Artikel 119) bepleit ook 'n Kommissie op Geslagsgelykheid wat hom beywer om die wetgewer te adviseer, aanbevelings te maak met betrekking tot enige wette of voorgestelde wetgewing wat geslagsgelykheid en die status van die vroue raak.

Op grond van bostaande toeligting oor verskeie wetsaspekte van prostitusie, en ook die toenemende bewuswording van 'n groeiende menseregte-kultuur, bly die kwessie oor prostitusie steeds relevant, en is 'n ontknoping miskien nie voor die hand liggend nie.

Prostitute-organisasies beywer hulle vir beroepstatus, sonder stigma, sonder gesondheidsrisiko, sonder misdadigheid, en hulle kan dalk daarin slaag om die beroep te normaliseer. Kan beleidsmakers dan voortgaan om die kwessie van prostitusie steeds met handskoene te benader - of sal wetgewers nie verplig voel om standpunt in te neem nie? Na watter kant toe die pendulum swaai, sal sekerlik dan afhang van heersende norme en

standaarde, en hoe sterk 'n verenigde gemeenskap, of indien dit sovèr sou gaan, die kieserskorps, daaroor sou voel.

# 6 PERSPEKTIEWE OP DIE PROSTITUUT

## 6.1 INLEIDING

In die laaste hoofstuk van die literatuuroorsig word die prostituut in oënskou geneem. Met hierdie inligting raak die leser vertroud met die persone waarom dit in die eerste plek gaan, naamlik die prostituut. Inderdaad is hierdie oorsigtelike toeligting, want ***perspektiewe van beleidsmakers en -toepassers*** is die hoofdoel van hierdie navorsing. Dit is egter nodig om die omstandighede en die profiel van die prostituut te bekyk - uit watter agtergrond kom sy, hoeveel skoling het sy gehad, wat is die vlak van intelligensie by die prostituut, en hoe voel die prostituut self oor dekriminalisasie, regulering en die hantering deur wetstoepassers. 'n Bespreking volg oor die prostituut se betrokkenheid by hierdie beroep, redes vir haar toetrede, haar fisiese en geestesgesondheid, toestande wat haar loopbaan kan beïnvloed, en die duur van haar loopbaan. Die tragiese beïndiging van sommige prostitute se loopbane, word deur Flexner (1969, p. 23/24) weergegee:

> *"Prostitutes disappear rather than die..."*

Nêrens is in die bronne wat deur die navorser bestudeer is, ooit melding gemaak dat prostitute geraadpleeg is aangaande wetgewing nie. Prostitute maak 'n aansienlike bydrae tot sekere lande se ekonomie, soos die uitgebreide seksbedryf wat veral in sommige Oosterse lande voorkom; daarom is dit nie heeltemal verkeerd om te redeneer dat prostitute, die werkers wat by hierdie bedryf betrokke is, ook insette in regulering, dekriminalisering of watter maatreël ook al ingestel word, behoort te verkry nie. As bostaande in gedagte gehou word, is die gegewens wat hierop volg, 'n logiese voortvloeiing daarvan. Die profiel van die prostituut kan bydra tot verdere toeligting van hierdie kwessie.

## 6.2 GESKIEDENIS VAN DIE PROSTITUUT

Lombroso, die vader van die kriminologie, het in 1895 beweer dat die meeste prostitute fisies onaantreklik was, sommige met *'flagrante fisiese defekte'*. Lombroso het prostitute in die algemeen gesien as oorgewig as gevolg van die gebruik van kwik-derivate teen veneriese siektes, of die gemaklike lewe wat die prostituut lei. Prostitute was, volgens Lombroso, 'n atavistiese groep, dus 'n minderwaardige produk van die evolusieleer. Die polisie wat prostitute gearresteer het, het hulle ook so gevind: oorgewig, kort, met slegte tande, letsels op die vel en ongekamde hare (Geis, 1979, p. 173).

Russell (1958, P. 116 e.v.) sê prostitusie was nie altyd as afkeurenswaardig en verborge beskou nie. Die oorsprong was inderwaarheid verhewe. Die eerste prostitute was priesteresse toegewy aan 'n god of godin - as sy 'n verbygaande vreemdeling ter wille was, het sy 'n taak van verering gepleeg. Sy was behandel met respek en alhoewel mans haar gebruik het vir seksuele bevrediging, het hulle haar vereer. Christene het hierdie praktyk veroordeel as wellustig, ontugtig en heidens en van oorsprong volgens die listigheid van Satan. Tempelprostitute het verdwyn, en prostitusie het verander in 'n kommersiële instelling met die oog op wins. Die prostituut het nie juis hierby gebaat nie, want sy was nog dikwels feitlik 'n slaaf, maar diegene wat haar *"besit"* het, het die meeste wins gemaak.

Prostitute van die Babeloniese Ryk, moes in die tempel van Isthar sit, en enige vreemdeling wat 'n silwer muntstuk aanbied, toestemming gee tot seks. Pogings is aangewend om 'n klemverskuiwing, van diens aan die gode tot sekulêre praktyk om die vrou haar

maagdelikheid te ontneem, te laat plaasvind. Daar is aangeneem dat maagdelikheid gevaar inhou vir die man, in watter mate is nie duidelik nie. Die ontmaagding (*'defloration'*) van jong meisies het ontwikkel in die ***jus primae noctis***, spesifiek toegesê aan die landheer of die priester.

Onder die Jode was die verbod op vrye seks gemik op die suiwerheid van die ras en uitbouing van die geloof. Prostitusie met vreemde vroue is toegelaat, maar Joodse vaders mag nie hulle dogters toegelaat het om prostitute te word nie. Die Ou Testament wemel van bewyse dat prostitusie toegelaat was in Palestina, maar hierdie vroue was verbied in plekke van aanbidding in Jerusalem en mog slegs langs die paaie beweeg het. Die baie voetgangers wat daarlangs gestap het, was dikwels gewillige kliënte (Encyclopaedia Brittanica, 1970, p. 644).

Onder die Semitiese nasies het die Hebreërs die tempelprostitute verbied as godslasterlik en hierdie moralistiese benadering is deur die Christenkerke en destydse gelowiges oorgeneem. Die Christene se posisie met betrekking tot seksuele verkeer, waaarna Augustinus verwys het as 'n genitale roesemoes (*'genital commotion'*) was dat dit slegs binne 'n huweliksverbintenis mag plaasvind. Kerkvaders het nie druk uitgeoefen om prostitusie te verbied nie, want, so het hulle geredeneer, alhoewel dit immoreel is, was dit ook 'n noodsaaklike euwel. Weer eens Augustinus wat in die vierde eeu voor Christus hierdie doktrine beskryf as:

> *"What can be called more sordid, more void of modesty, more full of shame than prostitutes, brothels, and every evil of this kind? Yet remove prostitution from human affairs, and you will pollute all things with lust..."*

Eeue later, in 1869, sê die Viktoriaanse historikus W.E.H. Lecky:

> *"The supreme type of vice, she is ultimately the most efficient guardian of virtue. But for her, the unchallenged purity of countless happy homes would be polluted. ... On that one degraded and ignoble form are concentrated the passions which might have filled the world with shame.*

> *She remains ... the eternal priestess of humanity, blasted for sins of the people".*

Die prostituut, hoewel gedegradeer en haar aktiwiteit of beroep verag, het volgens hierdie siening steeds 'n belangrike rol gehad om te speel. Prostitute het die eerbare, rein vrou se reputasie beskerm.

In Europa, gedurende die Middeleeue en later, was prostitusie, alhoewel dit afgekeur was, verduur. Die gier van passie was beskou as 'n noodsaaklike euwel (Encyclopaedia Brittanica, 1970, p. 644 e.v.) Die Christelike geloof het kuisheid gepredik, asook die heiligheid van die huwelik en die eerbied vir die monogame status daarvan. Augustinus het geredeneer dat veelvuldige vroue teen die aard van die huwelik is:

> *"for more woman than one can be made pregnant by one man, whereas a woman cannot (at the same time) be made so by more men than one"*
>
> *- (Encyclopaedia Brittanica, 1970, p. 645).*

Teen die tyd dat Martin Luther sy inkpot teen die muur gegooi het om sy onmag teen sy eie tekortkominge en die sondige natuur van die mense te beklemtoon, het sy invloed en die Calvinistiese inslag 'n sterker standpunt ingeneem. Prostitusie is onverwyld afgekeur as immoreel en die onderdrukking daarvan en uitwissing gegrond op Christelike waardes is gepropageer. Prostitute was volgens die Protestantse Kerk, sondig en geen *"verskoning"* vir hulle gedrag was aanvaarbaar nie.

In die vroeë geskiedenis van Engeland is daar op tipiese morele ambiguïteit gereageer. Hoewel hulle nie die kontinentale stigmatisasie aanvaar het nie, is prostitusie ook nie absoluut verbied nie. Daar was geen noemenswaardige wetgewing oor hierdie kwessie nie (behalwe 'n halfhartige poging van Koning Hendrik VIII), en dit was nie 'n misdaad om 'n prostituut te wees of om 'n prostituut te nader vir besigheid nie. Eers in 1839 was dit onwettig om in die strate te drentel met die oog op tippelary of prostitusie. Die prostituut was aanvaar as deel van die samelewing, maar dit waarvoor sy staan, naamlike seksuele losbandigheid, was ongewens en afkeurenswaardig.

Volgens Thio (1995, p. 190) is prostitusie *nie* die eerste beroep wat ooit gevolg is nie. In der waarheid het die beroep van prostitusie, in die konteks van die *'gevalle vrou'* wat haar dienste vir geld verruil, nie so lank gelede nie, ontstaan. In die verlede is die tempelprostitute, en ander vroue wat beskikbaar was vir seksuele verkeer, nie betaal vir hul dienste nie. Die tempelprostitute het bloot in ruil vir onderdak, kos en klere in die tempels gaan werk en geen geld verdien vir hul dienste nie. Ander vroue was beskikbaar vir seks op aanvraag, maar daar was nie sprake van betaling nie, wel soms vry inwoning vir die vrou by die man wat haar kon onderhou, vandaar seker die term *"houvrou"*.

In London se berugte East End het die prostituut van die vorige eeu, haar dienste aangebied vir enigeen wat vir haar 'n drankie kon koop, of vir haar huisvesting vir die nag kon betaal in die sogenaamde *'boarding houses'* of *'doss houses'* (Rumbelow, 1988, p.40).

Weisser (1979, p. 66) verwys na 'n interessante verskynsel in sekere Europese stede wat 'n tipiese *"onderwêreld"* gehad het, met spesifieke areas wat vir spesifieke misdade bekend was. In Madrid was die Lavapies-area bekend vir diefstal. In Parys was die area ***cour des miracles*** so gevaarlik en ondeurdringbaar dat 'n weermagdivisie in 1667 ingeroep was om die area te vernietig. Die meeste misdaad-areas het ontstaan deurdat die stadsvaders, in openbare belang, die sogenaamde rooilig-areas toegelaat het. Teen daardie tyd het niemand nog die verhouding tussen munisipale owerhede en bordeelhouers uitgepluis nie. Die blote bestaan van ontugbuurte het onwettige seksuele aktiwiteite oogluikend goedgekeur en het seks as nog 'n diens aan die samelewing daargestel. Prostitusie het groot getalle verbygangers en talle hawelose vroue gelok. Tog het stadsvaders hul oë toegemaak as hulle 'n wins kon maak deur die instandhouding van munisipale bordele, soos in Medina del Campo (Noord-Italië). Teen 1624, het die stadsraad in Toledo die nodige fondse beskikbaar gestel vir die herbou van 'n bordeel wat afgebrand het - weliswaar buite die stadspoorte, maar tog onder sy beheer, en ter aanvulling van die staatskoffers (Weisser, 1979, p. 86 e.v.).

### 6.2.1 'n Kulturele perspektief

Vanuit verskillende kulture word prostitute verskillend geëvalueer. Die werksomgewing, kliënte en ook soms die motivering tot prostitusie speel 'n rol. Die term *"prostituut"* is dus nie 'n enkelvoudige, maklik-verklaarbare term wat deurlopend eenders vertolk kan word nie. Die courtesan het heel dikwels opleiding gehad in die beeldende kunste en was goed onderlê in die fyner nuanses van onderduimsheid, konkelary en manipulasie (Clinard, 1974, p. 508). Hierdie vroue was dikwels welgestelde magtige vroue met groot invloed op menige koning, edelman of politikus met ambisie en hoë aspirasies. As voorbeeld kan die vroue aan die Franse Hof net voor die Franse Rewolusie, genoem word.

As die rol van die courtesan vergelyk word met dié van die straatprostituut is dit duidelik dat daar 'n groot verskil is. Tans kom hierdie rolverskille nog steeds voor, soos by die gewone straatvrou, en die meer eksklusiewe foonsnol.

Om die verskille in persepsuele denke toe te lig, word hier gebruik gemaak van 'n soort prostitusie wat in Thailand voorkom.

#### 6.2.1.1 'n Enkele voorbeeld van kulturele vooroordele teenoor prostitute in Boeddhistiese Thailand

Verskeie bronne is beskikbaar oor die unieke verskynsel in Thailand, soos Odzer (1994) en Barry (1995). Hier is weer die ambivalensie wat keer op keer na vore kom waar dit gaan oor prostitute en prostitusie.

Thailand is 'n land van ontsettende armoede, veral in die plattelandse gebiede. In die stede is daar meer rykdom na 'n snelle ontwikkeling as gevolg van industrialisasie. Muecke (1992, p. 891 e.v.) het bevind dat volgens Boeddhistiese oortuigings is dit baie noodsaaklik om die toestand van **nirvana** te bereik. Om dit te bekom, is dit nodig dat *'goeie karma'* geskep word. Prostitusie word in die Boeddhistiese geloofsideologie anders gesien as deur Christene. 'n Persoon kan sy karma verander deur goed te doen. Barry (1995, p. 182/3)

meen prostitusie is *"...the result of imperfect karma"*. Vroue kan die gevolge van hulle oortredings neutraliseer deur *"merit making"*. Hierdeur kan die karma verbeter word. *"Goeie karma"* is nodig sodat die gode die persoon goedgesind sal wees, en in die volgende lewe 'n beter sosiale posisie aan haar sal gee. Uit die armste plattelandse families gaan 'n dogter, soms meer as een, na die stede om te gaan *'werk'*. Hierdie werk is in die meeste gevalle die van 'n prostituut. Met die geld wat sy verdien, 'koop' sy goeie karma, vir haar en vir haar familie. Sy stuur die meeste van haar verdienste aan haar agtergeblewe familie sodat hulle 'n beter huis, 'n rysveld, en verbruikersgoedere kan bekom. Deur vir haar familie te sorg, verbeter sy hulle posisie, asook haar eie. Sy koop dus die gode se guns en verseker haar posisie in die volgende lewe.

Tradisioneel word geglo dat mans karmaties meer verhewe is as vroue. Die graad van ekonomiese rykdom is ook 'n goeie indikator van 'n persoon se karma-status; dus is die koninklike familie en monnikke hoog aangeskryf in die karma-hiërargie. Hiervolgens is die prostitute dan baie laag op die ranglys, want hulle kom uit arm families. Daar word ook waarde geheg aan die hoeveelheid van lyding en swaarkry wat 'n persoon deurgaan. Prostitute, wat swaarkry as gevolg van armoede, eensaamheid, fisiese pyn en misbruik, verbale mishandeling, gewone siektes, seksueel oordraagbare siektes, en stigmatisering, het gevolglik 'n voorsprong bo ander vroue. Tesame met die geld wat hulle aan hulle families gee, kan hulle besonder baie meriete verdien. Hulle kan verdere verdienstelikheid bekom deur besoeke te bring aan die tempels met geskenke en om geld beskikbaar te stel vir die ordening van 'n broer as monnik.

Monnikke ontken soms dat meriete verdien kan word deur prostitusie, maar verduidelik dat die gesindheid van die prostituut, en die bedoeling van haar meriete-verwerwing belangrik is. **As sy 'n prostituut is, uitsluitlik om ander te help en om meriete te verdien vir haar en haar familie, is dit aanvaarbaar. As sy 'n prostituut is net vir haar eie plesier, is haar meriete-verwerwing heelwaarskynlik nie goed genoeg om die teenwig van prostitusie te balanseer nie.**

Die gesin waaruit die prostituut kom, is meestal verarm, en soms verkoop die ouers hulle dogters om skuld uit te wis. Die jong vroue het min skolastiese opleiding. In teenstelling

met die jong mans wat hulself kan verbeter deur 'n loopbaan van monnik of soldaat te volg, kan die jong vrou feitlik niks anders as prostitusie oorweeg nie. Daar is egter gevalle aangemeld waar die vroue uit eie keuse, en uitsluitlik vir eie geldelike gewin, prostitute word. Waar die vroue soms ook te min verdien om enigsins 'n bydrae aan die familie te maak, word hulle erg gestigmatieer.

In die tradisionele Thai-kultuur het die vrou 'n lang geskiedenis van verantwoordelikheid vir die ekonomiese instandhouding van die gesin, en die dra van die gesin se beursie. By laer sosio-ekonomiese sektore het die vrou tradisioneel verwerkte voedsel verkoop om die inkomste aan te vul, nou verkoop die dogters seks; vandag se prostituut gaan voort met die tradisie om die gesin te versorg, maar die klem val op 'n ander winsmakende kommoditeit! (Muecke, 1992, p. 891 e.v.).

Die simboliese betekenis wat aan prostitusie geheg word, verskil dus. Gedagtig aan die uitgangspunt van simboliese interaksie waarop hierdie navorsing gebaseer is, is dit tekenend van die semanties-gelaaide konsep van *"prostituut"*. Enersyds is sy verantwoordelik vir die onderhoud van haar gesin, en dus 'n gewaardeerde familielid, andersyds is sy die verguisde vrou (in ander gemeenskappe) waaroor nie gepraat word nie, maar sy bly nog 'n prostituut!

### 6.2.2 Moderne perspektiewe op die prostituut

Hier teen die einde van die twintigse eeu is die openbare persepsie van prostitute meestal dié van die swaar- gegrimeerde vrou, meestal met gebleikte hare, kort rokkies en leer stewels wat teen lamppale aanleun en tussen die dralende rook van hulle sigarette, hul voornemende kliënte konfronteer. Hierdie prentjie is dikwels korrek, veral van die straatprostituut wat laat-aand in die strate rondbeweeg.

Sion (1977, p. 13 e.v.) verklaar dat prostitusie 'n belediging vir die mens se sin vir welvoeglikheid is. Die mens se houding tot seksuele aktiwiteite word grootliks bepaal uit kulturele oorsprong. Sion is die volgende mening toegedaan:

> *"There is no question of attributing human sexual morality to instinctive repugnance arising in the course of nature. The repugnances that we have are divergent and learned, the outcome of training which in itself is traditional. If they were inborn they would display more or less the same pattern in all peoples, which they do not".*

Hierdie aangebore verskille is 'n kernbelangrike gedagte waar 'n kontensieuse kwessie soos prostitusie toegelig word. Seksuele tradisies en gewoontes in die Westerse beskawing is breedweg gebaseer of gevestig op Bybelse of Christen-leerstellinge. Vir baie eeue het die Christelike Kerk 'n groot premie geplaas op maagdelikheid en kuisheid, en terselfdertyd seks afgekeur. Prostitusie was nog meer afkeurenswaardig, behalwe vir enkeles soos Augustinus, wat seksuele verkeer verduur het.

Die stigma aan prostitusie het tog ietwat vervaag gedurende hierdie eeu. Die wêreld-verskynsels van twee groot oorloë, aantasting van menseregte, die geweldige vordering op natuurwetenskaplike gebied en die emansipasie van die vrou het 'n meer verdraagbare houding hierteenoor laat ontstaan. Die algemene gedagte dat buite-huwelikse seks en hoereerdery immoreel is, volgens Inglis (in Sion, 1977, p. 16)

> *"has not entirely disappeared; since the war it has largely been replaced by the idea that sexual relations outside marriage need not be wrong, let alone wicked, in themselves - provided that they are contained; that they do not break up a home, or spread venereal disease".*

Volgens Schurink & Levinthal (1983, p. 162) blyk dit dat prostitute, ongeag of sy tevrede is met haar werk, deur middel van een of ander tegniek probeer om die stigma wat aan haar beroep kleef, te verwerk. Navorsing wys dat twee redenasies dikwels as deel van die rasionalisasietegniek gebruik word:

- Prostitute lewer 'n noodsaaklike diens aan die gemeenskap;
- Prostitute se morele oortuigings is superieur gemeet aan gewone mense.

Thio (in Schurink & Levinthal, 1983, p. 162) meen hierdie is die basiese elemente van die ideologie van prostitusie.

Opsommend kan gesê word dat perspektiewe verander het deur die geskiedenis, en dat dit verskil in kultuurkonteks. Hoewel dit morele verval verteenwoordig, word sommige prostitute aanvaar, terwyl ander gestigmatiseer word.

## 6.3 KLASSIFIKASIE VAN PROSTITUTE

Wetgewing op prostitusie het deur die eeue dikwels net sekere soorte prostitusie probeer beheer. Die verskillende soorte prostitute het 'n direkte invloed op die soort bepaling of toepassing van reëls en regulasies wat in wetgewing vervat word. Die openbare opinie oor prostitute is dikwels ook eensydig, gerig slegs op die meer opsigtelike straatprostituut. Beheer en toesig oor byvoorbeeld gesellinklubs en soortgelyke instansies of ondernemings, is minder streng, omrede talle ingeboude skuiwergate bestaan. Dit is egter belangrik dat, indien die pleeg van prostitusie, dus seksuele kontak, volgens wet ontoelaatbaar is, alle vorme van prostitusie oor dieselfde kam geskeer behoort te word. Sou dit nie gebeur nie, sal wetgewing nie doeltreffend en konsekwent toegepas kan word nie.

Indeling of klassifikasie van prostitutute word in twee afdelings behandel. Die eerste is van enkele modelle van organisatoriese indelings; die tweede afdeling gaan om enkele *"soorte"* prostitute wat onafhanklik funksioneer. Dit is te verstane dat betrokkenheid by hierdie indelings redelik labiel is, die prostituut is redelik vry om haar eie *"werkkring"* te bepaal.

### 6.3.1 Organisatoriese indeling

Een indeling of klassifikasie kom van Vito & Holmes (1994, p. 337 e.v.):

- STREETWALKERS : Hierdie straatprostitute loop die hoogste risiko om gearresteer te word. Hulle werk op straat, en is dus geweldig kwesbaar vir aanranding, verkragting, nie-betaling deur 'n kliënt en roof. Elkeen het haar spesifieke area, of *'stroll'* waarin sy haar kliënte werf. Soms werk sy vir 'n souteneur, maar soos sy ouer word, moet sy haar

*'stroll'* afstaan aan 'n jonger, mooier vrou. Hulle is gewoonlik uit 'n laer klas, en deur die souteneur ingelyf in die bedryf.

- BAR GIRLS : Hierdie meisies verkry hulle kliënte in kroeë en tavernes, in samewerking met die bestuur van die ondermening. Die bestuur sal die prostitute se drank afwater (want sy moet sober bly om te werk), 'n buitensporige bedrag vra vir die drankie en dan die rekening vir die kliënt gee om te betaal. Die kroeg maak geld uit die duur drank, en die prostituut verdien haar deel uit seksuele dienste gelewer. Prostitute wat in hotelkroeë werk, vorm deel van 'n netwerk bestaande uit die hoteljoggie, sekuriteitswagte en soms die bestuur.

- **BORDELE** : Hierdie plekke, bestuur deur die Madame, gewoonlik 'n afgetrede prostituut, huur die prostitute en deel hulle uit aan die kliënte. Bordele is nie meer so gewild soos aan die begin van die eeu nie, en is grootliks vervang deur masseersalonne.

- MASSEERSALONNE : Hierdie ondermening is dikwels bloot 'n front vir prostitusie. Die masseuse sal die kliënt *'masseer'* teen 'n vasgestelde bedrag. Addisionele dienste is beskikbaar teen addisionele fooie.

- RAP SESSION BOOTH : Dikwels is hierdie 'rap'-sessie-kraampie in 'n boekwinkel vir volwassenes, bedoelende 'n boekwinkel waar pornografiese materiaal verkoop word. Die kliënt ontmoet 'n prostituut in 'n klein kleedhokkie, en mag onderhandel vir seks. 'n Variasie is waar die prostituut agter 'n glasvenster sit en hoe meer geld die kliënt aanbied, hoe meer kledingstukke verwyder sy. Die kliënt kry seksuele bevrediging deur masturbasie.

- FOONSNOLLE : Hierdie is die aristokrate van alle prostitute - sy is eksklusief en baie duur, lewe in weelde, soms verslaaf aan dwelms. Hierdie prostitute het 'n selektiewe groep kliënte, soms uit die sosiale elite. Die kliënte se name word dikwels in 'n *'swart boekie'* aangeteken, en soms gebruik sy hierdie handige boekie met sy lys name om kliënte af te pers.

- **GESELLINDIENSTE** : Wettige gesellindienste voorsien aan die kliënt 'n metgesel vir sosiale funksies. Soms is dit ook 'n front vir prostitusie. Die aktiwiteite van sommige prostitute reik ver verby seksuele verkeer; hulle steel en beroof die kliënte.

Die indeling van Vito & Holmes is in der waarheid nie streng *"organisatories"* in die volste sin van die woord nie, maar dit dui tog op 'n indeling van verskillende soorte prostitute wat op verskillende wyses funksioneer.

Hieronder word 'n formele organisatoriese indeling gemaak. Daar is sekerlik ander indelings wat ook geregverdig kan word deur ander aspekte van die verskynsel van prostitusie te beklemtoon. Oor die algemeen blyk dit dat daar nie juis sprake is van 'n enkele stratifikasie waarbinne hulle beweeg nie - soos die Bell Desk-prostituut wat 'n straatprostituut word - alles hang af van die fisiese toestand en voorkoms van die vrou, hoe aanvaarbaar sy vir kliënte is, en ook die aantal prostitute wat in 'n spesifieke area werk.

Schurink & Levinthal (1983, p.155) meen dat die mees volledige analise van prostitusie in terme van organisatoriese eienskappe gedoen is deur Miller. Volgens Miller (in Schurink, & Levinthal, 1983, p. 154) is die beroep van prostitusie kompleks en veelsoortig. Dit is georganiseer in 'n verskeidenheid van sosiale rolle en verhoudings wat orde en betekenis gee aan die lewens van sowel die prostitute as diegene wat saam met hulle 'n subkultuur vorm. Ander wat op die rand van hierdie subkultuur staan, is byvoorbeeld taxibestuurders en souteneurs. Miller (in Schurink & Levinthal, 1983, p. 155) onderskei tussen vier soorte of tipes werkrolle wat prostitute beklee, afhangende van veranderlikes soos kliënte se behoeftes wat sy kan aanvaar of weier, en organisatoriese affiliasie, soos die prostituut se affiliasie met strukture soos bordele, masseer-salonne en gesellinklubs.

**TIPE 1** - Hierdie is die nie-eksklusiewe, onafhanklike prostitute - beide mans of vroue. Hulle kry hul kliënte in kroeë, op straat en in hotelle en aanvaar alle betalende kliënte.

**TIPE 2** - Hierdie is eksklusiewe, onafhanklike prostitute - die groep is die *elite-groep* van prostitute. Hulle bied hulle dienste aan 'n klein groep eksklusiewe kliënte

TIPE 3 - Hierdie groep is die nie-eksklusiewe, organisatories-geaffilieerde prostitute. Hulle werk in laerklas bordele en ook in masseersalonne.

TIPE 4 - Hierdie is die eksklusiewe, organisatories geaffilieerde prostitute. Hulle werk slegs in meer eksotiese bordele en vir uiters welgestelde kliënte wat hul dienste verlang.

### 6.3.2 Enkele ander nie-organisatoriese indelings

Benewens die indelings wat hierbo genoem is, is daar nog verskeie ander *"soorte"* prostitute wat op verskillende plekke op verskillende maniere funksioneer. Hierdie groepe prostitute is geensins georganiseer, of verbonde aan enige groepering nie. Die blote feit dat hulle op verskillende maniere prostitusie pleeg, verseker dat hulle in 'n spesifieke groep ingedeel kan word. Slegs enkele van die mees uiteenlopende soorte word bespreek.

#### 6.3.2.1 *"In transit"* prostitute

'n Impakstudie wat gedoen is in die Natalse Middellande (Marcus et al, 1995) het hierdie vorm van prostitusie bekend gestel. Volgens hierdie studie is prostitute algemeen teenwoordig in kroeë en restaurante langs die hoofweë in die sub-Sahara Afrika. Sommige van hulle is fisies teenwoordig langs die snelweë, waar hulle soos rylopers duimgooi om opgelaai te word. Omdat Suid-Afrika nou verbonde is aan die internasionale padvervoersisteem, is daar 'n uitgebreide sosiale netwerk van prostitute werksaam op die roetes wat gewoonweg deur die vragmotorbestuurders gebruik word. Die prostitute het kontakte reg deur die kontinent en beweeg gemaklik tussen verskillende groepe vragmotorbestuurders. Sommige ry saam met die vragmotor en sy bestuurder en stop langs die pad, soms laai hy haar af, wagtend vir 'n volgende vragmotor, maar soms neem die bestuurder haar na die volgende restaurant of oornagplek.

#### 6.3.2.2 *"Bell desk prostitusie"*

Reichart & Frey (1985, p. 516 e.v.) bespreek hierdie soort prostitusie wat in hotels floreer. Hoteljoggies is baie belangrike personeellede in talle van die groter hotels. Hulle is

normaalweg die eerste personeellid van 'n hotel wat gaste ontvang en die bagasie versorg; en die laaste personeellid wat weer met die bagasie behulpsaam is as die gaste vertrek. Om hulle karige inkomste aan te vul, is hulle te vinde vir vele gunsies om aan die kliënte te bewys, teen betaling natuurlik. Taxibestuurders, motorverhuurders, restauranteienaars, teaterbesture en reisagentskappe betaal die joggies 'n fooi om gaste te werf. Die hoteljoggies tree dan as 't ware as souteneurs vir hierdie prostitute op.

Die joggiekapteins het 'n lys van vroue wat in die omgewing werk, en wat beskikbaar is vir gaste. Sommige prostitute meld self aan by die joggies en versoek dat hulle name op sy lys geplaas word.

Daar is natuurlik gevaar verbonde aan hierdie dienste wat gelewer word - die gas kan 'n lid wees van die plaaslike polisie of hy kan 'n geweldenaar wees wat wil wraak neem op alle prostitute of 'n dief wat wil steel of roof. Die prostitute, in samewerking met die joggies het spesiale maatreëls om hulleself te beskerm.

6.3.2.3 **Straatprostitusie**

Die *"soort"* prostituut wat hier bespreek word, is die een wat kliënte werf deur in strate te beweeg. Hierdie gedeelte word ingesluit om in die eerste plek nog 'n soort prostituut bekend te stel, maar ook om die gekompliseerdheid van die bedryf van prostitusie, aan te toon. Teen hierdie soort prostituut, naamlik die straatprostituut, die *'street-walker'*, die *'hooker'*, of watter benaming sy ook al gekry het, word meestal konsekwent opgetree. Sy verteenwoordig die gewete van die gemeenskap, want sy is baie sigbaar in die strate, en die *'gemeenskap'* voel dat sy ongewens is, en daar moet teen haar opgetree word.

Straatprostitusie word algemeen beskou as die laagste vorm van prostitusie. Hierdie vroue werk soms vir 'n souteneur en moet dan 'n gedeelte van hulle verdienste aan hom afstaan. Soms werk hulle op hul eie, en enige inkomste is vir eie gewin. Uiteraard is hulle dan vir lang tye op straat, in 'n poging om 'n kliënt se oog te vang. Hierdie vroue kan ook aan hulle kleredrag uitgeken word - in die meeste gevalle met oordrewe grimering, kort rokkies en 'n uitlokkende houding. Hierdie soort werk is ook baie gevaarlik, want die prostituut klim

gewoonlik saam in die kliënt se motor om soms in die motor seksueel te verkeer, of om na die vrou se gehuurde kamer te gaan, of soms na 'n hotelkamer wat die kliënt gehuur het. Sy het dus geen beheer oor wie die kliënt is nie, en sy is uitgelewer aan sy wense en voorkeure.

#### 6.3.2.4 Prostitute wat hulle dienste adverteer

Benewens die *'soorte'* prostitute wat hierbo genoem word, is dit tog interessant om met hierdie soort van kliëntewerwing kennis te maak. Sion (1977, p. 65) meld dat uitnodigings aan voornemende kliënte deur middel van advertensies op verskeie maniere geskied. Hierdie advertensies word opgeplak op kennisgewingborde by die ingang van 'n geboue wat deur prostitute bewoon word.

Op hierdie handgeskrewe advertensie verskyn slegs die naam van die vrou, en dat sy 'n *'model'* is, en die verdieping waarop haar kamer is. Die voordeur van die gebou is gewoonlik oop, en op die spesifieke verdieping waar die prostituut woon, is daar 'n rooi liggie wat die plek aandui.

In prostitute-adreslyste en advertensiepamflette verskyn inligting soos name en adresse, en die tipe van seksuele dienste wat elkeen bereid is om te lewer. Sommige het ook naakfotos van die prostitute en die advertensies wissel van volblaaie tot kleintjies met ongeveer 30 (dertig) woorde. Volgens Sion (1977, p. 67) het prostitute wat hulle dienste só adverteer nie noodwendig hulle goeie naam en sosiale status verloor nie. Baie van hierdie vroue is huisvroue, of om die moderne woord te gebruik, tuisteskeppers. Hulle is getroud, sommige het kinders en werk soms ook deeltyds in ander beroepe.

Benewens die advertensies op deure en in strooibiljette, is daar ook diegene wat adverteer in winkelvensters en op uitstalborde. Hier is die advertensies dikwels in *'kode'*, om die werklike aktiwiteite te verberg. Sion (1977, p. 70) noem verskeie, byvoorbeeld:

- *"Dusky dolls for sale"* ... dit beteken gekleurde vroue is beskikbaar;
- *"Private tuition in French and German"* ... die vrou bied 'n verskeidenheid van seksuele aktiwiteite aan;

- *"Young titled lady has vacancies for pupils"* ... beskikbaar vir masochistiese aktiwiteite - waar die kliënt betaal om met stokke, swepe en toue gekasty te word.

Nog 'n vorm van adverteer vir dienste is die klein, geklassifiseerde advertensies wat in dagblaaie verskyn. Daar word soms geadverteer deur die gesellinklubs, wat die meisies by die naam noem, en klem lê op sekere fisiese aspekte. Sommige prostitute werk alleen. Hulle meld dan in die advertensies die spesiale tegnieke waarop hulle konsentreer, en dit lok die kliënt.

## 6.4 PROFIEL VAN DIE PROSTITUUT

Ten einde die profiel van die prostituut saam te stel, is dit nodig om uit te vind hoekom sy hierdie keuse uitgeoefen het. Verskeie redes word aangegee. Een belangrike aspek is die invloed wat deur die gemeenskap teenoor prostitusie, en prostitute gehandhaaf word. Die prostituut is tog geïntegreer in haar gemeenskap en haar kultuur. Die gemeenskap waarin sy leef, is dié een wat die wette maak waaraan sy gehoorsaam moet wees, en uit die gemeenskap kom haar kliënte.

### 6.4.1 'n Prostituut uit vrye wil, of gedetermineerd

**Is sommige vroue gedetermineer om 'n prostituut te word?**
Dit is 'n vraag wat 'n groot impak het op die beheer van prostitusie. Indien *"determinisme"* beteken dat dit onmoontlik is om anders op te tree, soos dit inderdaad deur die wetenskap aanvaar word, kan wetgewing prostitusie nie beheer nie, en die prostituut nie verbied om te werk nie. Dit is dus belangrik dat gelet word op die profiel van die prostituut, en dat aspekte soos toetrede tot die beroep, psigiese en fisiese aspekte van die prostituut, haar gewoontes en die verloop van die prostituut se loopbaan aangespreek word.

Schurink (1994, p. 8) sê dat verskillende omstandighede mense dryf tot prostitusie soos kindermolestering, bloedskande, verkragting, arm en gebroke huise, maar daar is diegene wat hierdie beroep uit vrye wil betree. Prostitusie is vir hulle slegs vir die geld wat hulle daaruit maak, en dat hierdie beroep hulle meer vryheid, gerief en wins bied as enige ander beroep.

Alhoewel die uitgangspunt nie is om 'n verklaring te bied hoekom prostitute hierdie beroep kies nie, maar oor die wettiging daarvan is dit tog nodig geag om te verduidelik dat sommige van hierdie vroüe deur omstandighede daartoe gedwing word, vandaar die deterministiese uitgangspunt.

Determinisme, volgens Odendal et al, (1979, p. 144) is die leer wat nie glo in 'n vry menslike wil nie; dus : noodwendigheidsleer. Hiervolgens dan die mening van baie navorsers dat prostitute deur omstandighede gedwing word om daardie beroep te volg.

Om deterministe meer wetenskaplik te defineer, die volgende aanhaling uit Mouton & Marais (1990, p. 47):

> *"What we mean when we say that a person has been caused to act in a certain way is that he has been given a reaon for acting in that way and that he has acted for that reason. When the same reason produce similar actions in different people, we do not have to believe that these elements are linked by causal laws. Similar conditions give rise to similar actions because people appraise their common situations similarly and because the desires they have or have produced in them incline them toward making similar choices"*
>
> *- (Simon, in Mouton & Marais, 1990, p. 47).*

Die gedagte hier is dat prostitute hulle beroep kies, en as die aanhaling hierbo letterlik vertolk word, beteken dit dat hierdie vroue 'n rede moet hê waarom hulle so verkies.

Of 'n persoon gedetermineer is tot hierdie beroep, en of toetrede is as gevolg van 'n reeks gebeure van vroeg af in die meisie se lewe, bly seker 'n ope vraag. Dalk is dit 'n geval van 'n patologie in die gesin, defektiewe sosialiseringsmeganismes, miskien fisiese en psigiese verwaarlosing, vroeë kennismaking met seks, 'n eie mislukte huwelik, of werkloosheid as gevolg van min skoling. Al hierdie redes kan as verklaring dien hoekom die vrou uiteindelik oorgaan tot prostitusie.

Bryan (in Sykes & Cullen, 1992, p. 328) se studie oor prostitusie toon aan dat die aanleer van hierdie gedrag in twee interafhanklike dimensies plaasvind; die een filosofies en die ander persoonlik. Die filosofiese dimensie behels die opneem van 'n waardestruktuur waarin die prostituut as 't ware in die skoene van prostitusie gaan staan, en dan leer dat mense, en veral mans, korrup is, en dat alle sosiale verhoudings net vir die skyn is en prostitusie nie slegter of beter is as ander werk nie. Haar persoonlike aanname van die beroep leer sy deur persoonlike interaksie met ander prostitute, kliënte en souteneurs. Die prostituut leer die kliënt ken as iemand wat bereid is om vir dienste gelewer, te betaal, en sy leer die ander prostitute ken as slim (om haar beroep te beoefen) en betroubaar, omdat tussen prostitute 'n hegte band gevorm word. Oor 'n tydperk en met voortdurende interaksie leer sy nuwe persepsies aan, en rasionaliseer sy haar toetrede tot die beroep.

Van Rensburg (1988, p. 1 e.v.) meen dat alle menslike handeling 'n oorsaak het; hy ontken dat 'n mens 'n vrye wil en keuse oor **enigiets** het. Hiervolgens is daar nie sprake dat die prostituut gedwing word nie, sy moet 'n rede hê hoekom sy hierdie beroep kies.

Schurink & Levinthal (1983, p. 155 e.v.) vind die volgende in 'n studie onder prostitue:

> *"Prostitusieteorieë kan weens die klem op agtergronds- of omgewingsfaktore as deterministies bekou word. Resente studies bevraagteken hierdie teorieë op grond daarvan dat vroue nie noodwendig weens hul swak agtergrond tot prostitusie 'gedryf' word nie, maar dit dikwels vrywillig as beroep kies".*

Eysenck (1977, p. 22) redeneer dat alle menslike gedrag aangeleer is. Daar bestaan nie juis gronde vir 'n teenargument nie - slegs die mees basiese refleksgedrag soos die onbeheersde rondswaai van arms en bene van die pasgebore baba is instinktief. In die geval van die prostituut, is die milieu waarin sy grootword, haar gesinsopset, belangrike persone in haar lewe, en haar portuurs alles oorsake waarom sy haar keuse om prostituut te word, uitoefen. In die omgewing waarin sy opgroei, heel dikwels in 'n gesin waarin die moeder verskeie verhoudings (wettig of nie) met verskillende mans handhaaf, waar verskeie groeperings van mense saamwoon, soos stiefgesinne en/of loseerders, en uitgebreide familielede, is vrye seksuele verkeer heel dikwels die norm.

Bateman (Readers' Digest, 1994, p. 37) maak melding van 'n spesifieke geval van kindermolestering waar die vader en 'n 28-jarige halfbroer 'n meisie van kleins af seksueel misbruik het. Die teenwoordigheid van verskeie mans in haar huis maak dat sy van jongs af *'gewoond raak'* aan seksuele aktiwiteite van haar rolmodelle en die natuurlike uitvloeisel hiervan is dat sy self betrokke raak. Hier is 'n klassieke geval waar die jong meisie die aanvaarde norm in haar huis waarneem, en dit haar eie norm maak.

Seksuele promiskuïteit is nie 'n misdaad nie, maar 'n sonde, aldus Eysenck (1977, p. 134). Seksuele promiskuïteit is teenstrydig met sosiale moraliteit wat meestal in konserwatiewe gemeenskappe gehuldig word, en omdat die meer ekstroverte persoonlikheid die meeste misdaad pleeg, is dit te wagte dat die mees ekstroverte persoon ook seksuele misdade sal pleeg. Bogenoemde siening stem ooreen met die opvatting dat die jong vrou wat van kleins af geleer het van die rolmodelle in haar onmiddellike omgewing, dat sy haar seksualiteit kan 'verkoop' om aandag te kry, meer dikwels tot prostitusie toetree.

Hester & Eglin (1992, p. 4) verwys na Sutherland se siening

> *"a person becomes delinquent because of an excess of definitions favourable to violation of the law over definitions unfavourable to violation of the law."*

In die geval van die jong vrou wat reeds aangeleer het om positief teenoor seksuele verkeer te reageer, soos uit haar kinderjare, en die sosialiseringsproses wat sy deurgemaak het, is prostitusie 'n natuurlike, aanvaarbare tydverdryf, met nog 'n finansiële voordeel daarby.

Bosch (1990, p. 296) verwys ook na Eysenck se teorie oor misdaadverklaring. Hy bevestig dat kondisionering die basis is van die leerproses en gaan van die veronderstelling uit dat misdadige gedrag soos enige ander gedrag aangeleer word. Dit is die resultaat van 'n wisselwerkingsproses tussen oorgeërfde persoonlikheidseienskappe en omgewingstoestande. Derhalwe is dit 'n persoonlikheids-teorie omdat dit beide oorerwing en omgewing in ag neem.

In die geval van die meisie wat van kleins af *'ingelyf'* word in seksuele bedrywighede, deur die spesifieke soort aandag van die mans wat in haar onmiddellike omgewing is, is haar kanse dat sy prostitusie as loopbaan sal kies, dus groter.

Dan is daar die meisies wat klaarblyklik uit eie vrye wil prostitute word, bloot om die *"kicks"* wat aan die soort leefwyse verbonde is. Hierdie meisies word prostitute omdat hulle hou van die ongebondenheid, die gemaklike werktye, en natuurlik die geld. Die blyk 'n groot aantrekkingskrag te wees. Perkins (1991, p. 251 e.v.) meen dit is die meisie se eie keuse, en soos sy enige ander beroep kies, kan sy prostitusie kies, en daarmee saamleef.

Die ekonomiese aspek van prostitusie kan geweldige implikasies vir wetgewing inhou. Wetgewing kan slegs doeltreffend toegepas word as deterministiese oorsake uit die omgewing weggeneem word, of as die rasionele keuse, dat dit gaan om geldelike gewin, nie meer gunstig is nie.

Ten laaste is daar natuurlik ook die siening van die *"vader van kriminologie"*, Cesare Lombroso (1968, p. 186) wat die fenomeen van prostitusie toeskryf aan *"...certain organic and hereditary tendencies ..."*, en kwoteer Locatelli as volg:

> *"When I compare the data brought together in technical writing, with the results of my own experience, I am convinced that those authors have fallen into error who allege that the principal cause of prostitution is abandonment, or the misery into which many of the young girls of the proletariat are plunged. Prostitution, in my opinion, like theft, springs from vicious natural tendencies of certain individuals. Lack of education, adandonment, poverty, and bad example can be considered at most secondary cause, just as family care and instrucion may serve as salutary checks upon evil tendencies. The tendency of prostitution proceeds from a fundamental lack of the sense of modesty, which often manifests itself at the same time as the absence of all sexual feeling, for many of these unfortunates are of an apathetic temperament. They are automatons, who concern themselves with nothing and have almost no feeling; in their many*

> *and fleeting relationships they show no preference. If they show favor to some particular lover, they do it, not from sympathy, but because it is the custom of their accosiates, they show themselves as indifferent to homage as to the most brutal abuse".*
>
> \- eie beklemtoning.

Weliswaar nie Lombsoso se eie siening nie, maar hy stem heelhartig met Locatelli saam as hy (Lombroso) beklemtoon:

> *"[their] ... striking resemblance to the criminal, with whom apathy, insensibility, violent and transitory passion, and idleness are dominant characteristics"*
>
> \- *(Lombroso, 1968, p.186/187).*

Lombroso (1968, p. 186) het die eienskappe wat die prostitute het, as oorsaaklik gewaan.

'n Kwessie wat na vore kom, is weer eens die simboliese betekenisse wat aan konsepte gegee kan word. Wat is die semantiese verskil tussen *rede* en *oorsaak?* **Oorsaak** (Odendal et al, 1979, p. 789) word verklaar as dit waardeur iets teweeggebring word, en **rede** word verklaar as oorsaak (Odendal et al, 1979, p. 883). Nou ontstaan die vraag wat het daar plaasgevind in die meisie se lewe wat haar toetrede tot prostitusie veroorsaak het.

### 6.4.2 Toetrede tot prostitusie

Waarom en wanneer vroue prostitute word, is een vraag wat al deur baie navorsers gevra is, en deur baie beantwoord is vanuit net so baie dissiplines. Daar is diegene wat van mening is dat armoede, swak opvoedingspeil, swak sosialisering, kindermolestering, genetiese eienskappe, en 'n legio ander redes, die oorsaak is. Dit is interessant dat die redes wat die vroue self aangee hoekom hulle prostitute is, baie verskil van die opinies wat sosioloë, sielkundiges, psigiaters, medici en teoloë uitspreek.

Kneeland (1969, p. 103) het in sy ondersoek onder meer as 1 000 prostitute, gevind dat baie van hulle vorige beroepe beoefen het, soos onderwyseresse, tiksters, werkers in die handel en

nywerheid en as bediendes. Hierdie vroue het prostitusie nie beskou as 'n beroep nie, vandaar die feit dat die helfte van hulle hulself beskou as werkloos, voor en nadat hulle prostitute geword het. Die redes wat hierdie vroue aangegee het hoekom hulle prostitute geword het, wissel baie. Geen enkele oorsaak kan uitgesonder word nie. Daar is breedweg vier hoofoorsake:

- Oorsake in verband met gesinslewe
- Oorsake in verband met huwelikslewe
- Persoonlike redes
- Ekonomiese redes.

- Kneeland, 1969, p. 103

Die grootste probleme met gesinslewe was verwaarlosing en misbruik deur ouers, onbegrip, immoraliteit van verskeie lede van die gesin of familie, en armoede. Tydens die prostituut se huwelikslewe het haar man haar soms gedwing om tot die beroep toe te tree, brutaal teenoor haar opgetree, kon nie vir haar finansiëel sorg nie, of hy het haar verlaat. Persoonlike redes is veelvuldig en diffuus:

*'I was ruined anyway, and I did not care what became of me'*
*'I loved the excitement and good time, easy money..'*
*'I was tired of drudgery as a servant'*

- Kneeland, 1969, p. 104

Wat ekonomiese druk betref, het die laagsbesoldigde beroepe wat die vroue gevolg het, tot gevolg gehad dat hulle die beroep van prostitusie betree het.

Geis (1979, p. 180) maak melding van nog 'n ander groep vroue wat prostitute word. Hy noem hulle ***"duel world" prostitute.*** Hierdie vroue kom uit 'n middelklas agtergrond, en regverdig hulle prostitute-rol as 'n selfopofferende noodsaaklikheid om hulle hulpelose afhanklike familielede te onderhou. Sommige onderhou hulle werklose mans en kinders, of 'n bejaarde moeder en beweer dat hierdie familielede nie weet hulle is prostitute nie. Sommige van hulle is nie meer getroud nie, maar onderhou hulle kinders uit vorige huwelike, of buite-

egtelike kinders. Hulle identifiseer sterk met die familielede wat deur hulle onderhou word. Die rede vir prostitusie is om diegene naby hulle te onderhou.

Die motiewe waarom prostitute toetree tot die beroep, is volgens Sykes & Cullen (1992. p. 211) die volgende:

- Die soeke na seksuele variasie;
- Bevrediging wat as pervers beskou kan word;
- Seks vry van enige verbintenis nadat die daad gepleeg is.

Oor hoekom prostitute tot die beroep toetree, verskil navorsers wie se werke geraadpleeg is, geweldig baie. Sommige meen dat agtergrond en opvoeding 'n rol speel, dalk die swak kaarte wat deur die geluksgodin uitgedeel is, swak ekonomiese toestande; maar daar blyk geen enkele uitstaande rede te wees wat deur almal aanvaar word nie. Sommige voel dat alhoewel dit waar is dat van die vroue deur dreigemente van souteneurs gedwing word om te werk, word baie nie deur enige dwang of oorreding by hierdie beroep betrek nie. Die meeste word geleidelik betrek, en dit behels 'n aanvanklike eksperimentering op die seksmark, dalk die aanleer van tegnieke en die gewoondraak aan die subkultuur. Hoe dit ook al sy, vir baie vroue is prostitusie 'n gevaarlike bedryf, met aanranding, onaanvaarbare kliënte, en soms lewer dit maar 'n klein finansiële bydrae tot hulle onderhoud. Indien hulle fisies aangerand en/of verkrag word deur hulle kliënte kan die prostitute nie juis staatmaak op hulp en ondersteuning van die polisie nie (Geis in Sykes & Cullen, 1992, p. 212).

Hoewel ekonomiese voordele 'n rede tot die beroep is, is ook hierdie aspek nie sonder skakerings nie. Risiko en beloning varieer grootliks volgens die posisie van die prostituut op die ranglys van haar professie. Is sy 'n straatvrou is haar posisie inderdaad bedremmeld. Sy moet noodwendig baie kliënte per dag ter wille wees, want sy kan nie aanspraak maak op hoë fooie nie; 'n groot deel van die inkomste gaan dalk aan die souteneur; omdat hulle openlik in die straat tippel, is hulle ook diegene wat die maklikste deur die polisie gearresteer kan word. Aan die ander kant van die pool is die gesofistikeerde foonsnol: aantreklik, goedversorg, smaakvol geklee en sy verkry kliënte deur haar antwoordmasjien of telefoon (Sykes & Cullen, 1992, p. 212).

In 'n ondersoek gedoen deur Silbert & Pines (1983, p. 285 e.v.) word na die moontlikheid gekyk of vroeë seksuele eksploitasie 'n invloed kan hê op die vrou se toetrede tot prostitusie. In hierdie navorsing is 'n spesiale meetinstrument ontwerp om hierdie studie uit te voer. Die *"Sexual Assault Experiences Questionnaire"* is ontwerp om inligting en agtergrond te gee, oor die geskiedenis van seksuele aanranding tydens volwassenheid, en die geskiedenis van seksuele aanranding tydens kinderjare en toekomsplanne. Tweehonderd straat-prostitute het aan hierdie projek deelgeneem.

Die resultate wys dat 60% van hierdie proefpersone seksueel uitgebuit was deur gemiddeld twee mans elk. Hierdie gemiddelde syfer het gevalle ingesluit wat deur tot elf mans uitgebuit was. Die ouderdomme van eerste uitbuiting wissel van 3 - 16 jaar; persone wat die uitbuiting of molestering gepleeg het, was biologiese vaders, surrogaat-vaders, stiefvaders, die moeder se vriend, broers en ander bekendes. Slegs 10% is gemolesteer deur vreemdes. Na hierdie vroeë eksploitasie het die meisies weggeloop van die huis, voordat formele skoolopleiding voltooi het. Die psigologiese toestand van die meisies was meestal depressief, met 'n swak selfbeeld, en verhoogde skuldgevoelens. Probleme soos promiskuïteit, seksuele wanfunksionering en homoseksualisme is ook in hierdie studie gevind.

Volgens hierdie studie dus, blyk die vroeë kontak met seksualiteit, veral wanneer die meisie fisies en psigies nie gereed is vir seks nie, 'n oorsaak kan wees vir toetrede tot prostitusie.

Die gevolgtrekking kan uit bostaande inligting gemaak word dat feitlik net soveel prostitute as wat daar is, soveel redes is daar vir toetrede tot hierdie beroep.

#### 6.4.2.1 Redes vir toetrede

Uit Marcus et al, (1995, p. 6) se studie blyk dit dat armoede een van die grootste redes vir toetrede tot die beroep van prostitusie is. Aangehaal uit Bisilliat & Fiéloux (in Marcus et al, 1995, p. 6):

> *"... prostitution is ... one of the strategies for survival that women themselves, or their families are led to adopt because of the increasing poverty of the rural milieu, the drying up of the labour market, and low salaries for women. Indeed, the incomes of washerwomen, waitresses, peddlers, and all those who live from these small trades, are not enough to pay for the support of a household, especially if a single salary must defray all expenses".*

Flexner (1969, p. 33) is van mening dat die rede vir prostitusie

> *"... is everywhere purely mercenary, everywhere rapacious, everywhere perverse, diseased, sordid, vulgar, and almost always filthy".*

Vroue wat eers in hulle twintigerjare prostitute word, maak 'n rasionele keuse met die doel om 'n spesifieke projek, hetsy om 'n vakansie, 'n motor, studies, skulddelging, te finansier. Sommige is suiwer op finansiële gewin ingestel, ontevrede met hul huidige inkomste. In die geval van prostitusie het hulle geen opleiding nodig nie en geen ander opsie is vir hulle oop nie. Volgens persoonlike onderhoude met prostitute het baie van hulle tot die seksindustrie toegetree met die uitsluitlike doel om meer geld te verdien.

Uit Barlow (1993, p. 309) kom die gedagte dat hierdie vroue nie slegs die gereg en straf trotseer nie, maar werkverwante risikos sluit ook in siektes, beserings, diefstal en uitbuiting. Hoekom word vroue dan prostitute? Barlow noem 'n reeks - **van geforseerde toetrede tot prostitusie deur ongure karakters wat van enige manier gebruik maak soos ontvoering, afdreiging, geforseerde dwelmafhanklikheid.** Die mees resente denkrigting is dat die vroue vrywillig besluit om die beroep te beoefen. Vroue voel soms dat hulle geen keuse het nie en dat prostitusie afgeforseer is deur omstandighede waaroor hulle geen beheer het nie. Een van die redes is dikwels finansiële onsekerheid.

Volgens Estebanez (in Plant, 1993, p. 188 e.v.) is vroeë verlating van haar ouerhuis, institusionalisering van die meisies, vroeë seksuele belewenisse, lae skolastiese opleiding en lae intelligensie, en verlies van sosiale ondersteuning as rede aangevoer waarom hierdie meisies prostitusie as beroep aanvaar. Die vroue beskou 'n tydperk van min of meer ses jaar

as 'n tydperk wat moet verloop voordat sy prostitusie as *"beroep"* kan aangee. Vir diegene wat prostitusie vir minder as twee jaar beoefen, is dit slegs 'n oorgangstadium na 'n meer permanente beroep. Sommige van hulle kies dan prostitusie, maar sommige sal ook 'n ander beroep kies.

### 6.4.2.2 Ouderdom van toetrede

Volgens Woolston begin prostitute van vroeg af al met hulle bedrywighede (Woolston, 1969, p.39). Sy ondersoek het aangedui dat sommige op ouderdom ses jaar reeds in 'n seksuele misdaad betrokke was. Die jong meisietjie van ses jaar kan heel waarskynlik nie die daad inisieer nie, maar dit is 'n misdaad omdat wetgewing enige seksuele verkeer met 'n minderjarige verbied. Die meeste prostitute begin hulle loopbane rondom die laat tienderjare, vroeë twintigerjare. Hul professionele loopbane duur 'n gemiddeld van ses jaar. Daar is egter uitsonderings waar 'n loopbaan van tien tot vyf-en-twintig jaar geduur het (Woolston, 1969, p. 41).

Volgens Perkins (1991, p. 257) tree die meeste meisies tussen 16 en 25 jaar tot die seksindustrie toe. Die uiterstes van die kontinuum is so vroeg as 12 jaar, en so laat as 35 en soms ouer. Die jonger toetrede kan toegeskryf word aan 'n promiskue leefwyse, met vroeë koïtus.

Een het gesê sy het op 'n baie vroeë ouderdom begin om verbygaande mans te soen, in ruil vir 'n suigstokkie (Kneeland, 1969, p. 187). Baie raak seksueel aktief voor ouderdom dertien. Die algemeen-aanvaarde feit is dat die vroeë bekendstelling aan seksuele aktiwiteite, wanneer die meisie nog nie emosioneel ontwikkel en ryp is om seks te hanteer nie, tot losbandigheid en later prostitusie kan lei.

In hierdie navorsing word nie ingegaan op kinderprostitusie nie. Wette in verskillende lande het baie bepalings oor hoe hierdie kwessie gehanteer behoort te word, maar oor die algemeen word aktiwiteite met seksuele konnotasies, soos kinderprostitusie, kinderpornografie, en

ander verwante bedrywighede wat minderjariges insluit, deur redelike streng wetgewing verbied. Dit op sigself verhoed nie dat hierdie aktiwiteite plaasvind nie, maar feitlik in alle lande word kinders beskerm deur spesiale wetgewing. Hierdie aspek is 'n terrein wat nog nie voldoende deur navorsers opgevolg is nie, en het beslis aandag nodig.

### 6.4.2.3 Regverdiging vir toetrede

Verskeie redes word verstrek waarom prostitusie as werk oorweeg word. Prostitute probeer deur middel van rasionalisasie om regverdiging te kry vir haar optrede. Die volgende aspekte word deur sommige aangegee as primêre rede waarom sy prostitusie beoefen.

In Die Volksblad (5 Augustus 1994) is 'n berig aangehaal wat uit Varsity, die studenteblad van die Universiteit van Kaapstad kom. Die aanname word gemaak dat baie studente in gesellinklubs in Kaapstad werk. Een student wat studeer vir haar meestersgraad, met 'n middelklas-agtergrond sê sy verdien *'ekstra sakgeld'* deur as gesellin te werk. Sommige van die meisies verdien tussen R200 en R300 per aand. Die keuse is heel dikwels, volgens Akers in Barlow (1993, p. 310) nie tussen hongersnood of prostitusie nie, maar meer dikwels tussen 'n laags-besoldigde werk met lae status, maar agtenswaardig en die relatiewe hoë inkomste van prostitusie, al is die werk onwettig en nie fatsoenlik nie.

Een belangrike faktor wat telkens te voorskyn kom, is dat die prostituut wat seks op 'n vroeë ouderdom ervaar het, haar gunstig stem jeens prostitusie. 'n Vroeë kennismaking met seks maak dit makliker vir die vrou om seksuele aktiwiteite as normaal te aanvaar, ook met vreemdelinge. Gunstige gevoelens oor prostitusie wissel, maar die volgende is algemeen, volgens Jackman & Bryan (in Barlow, 1993, p. 310):

> *"prostitution is no worse than any other kind of job"*
> *"the prostitute is necessary, for without her marriages would fail, some men would have to commit rape to get laid"*

*"the prostitute gives men what their wives and lovers won't"*

Perkins (1991, p. 251) meen dat soveel pogings al aangewend is om die vraag oor die rede tot toetrede te probeer beantwoord, en net soveel konflikterende opinies oor die onderwerp is uitgespreek, maar min is bereik. Volgens Perkins (1991, p. 253) het James ook bevind dat 'n vroeëre, ***negatiewe*** seksuele ervaring 'n moontlike pre-determinerende faktor kan wees.

Wanbegrippe bestaan oor die motivering om 'n prostituut te word. Volgens Perkins (1991, p. 254, e.v.) is die prostitute-stereotipe 'n konstante beeld van die *'slegte vrou'* in die meeste gevalle waarneembaar by ander vroue wat nie prostitute is nie. Die algemeenste redes wat in Perkins se studie aan die lig gekom het, is die volgende, **volgens die persepsies van nie-prostitute:**

- Eensaamheid.
- Soeke na liefde, toegeneentheid.
- As gevolg van 'n lae selfbeeld.
- Om mans te straf deur hulle te laat betaal vir seks .
- Nimfomanie.
- Gesublimeerde of ontkende lesbiërisme.
- Onbeheerbaarheid as kind/adolessent.
- Groepsdruk.
- Manipulasie deur 'n souteneur.
- Om hul dwelmgewoonte te finansier.
- Om baie geld te maak.
- Finansiële krisis (werkloosheid/armoede).
- Wegvlug van verveling tuis.

Dieselfde studie kwoteer ook die **werklike motivering deur prostitute,** as volg (ook in volgorde van belangrikheid):

- Werkloosheid.

- Om 'n gesin te onderhou.
- Om 'n man te onderhou.
- Om 'n dwelmprobleem te finansier.
- Om meer geld te verdien.
- Om opwinding in 'n saai lewe te vind.
- Vir seksuele opwinding/eksperimentering.
- In die soeke na 'n liefdesverhouding .
- Om nuuskierigheid oor prostitusie te bevredig.
- Om 'n spesifieke projek (studie/skuld/vakansie te finansier).

Soos blyk hieruit, verskil die siening van die nie-prostituut en die prostituut in aansienlike mate (Perkins, 1991, 257).

Een enkele feit het egter vorendag gekom in Perkins (1991) se uitgebreide studies en navorsing: om 'n prostituut te word is dit nodig dat die vrou iemand - vriend, polisieman, prostituut - moet ken wat met prostitusie verbind kan word, voordat sy tot prostitusie toetree. Sy het gevolglik met die industrie geassosieer, en kennis daarvan opgedoen alvorens sy 'n prostituut geword het.

**Daar is op 'n seminaar oor kinderprostitusie, gehou deur die Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing, Pretoria (10 Maart 1995) melding gemaak van 'n ander manier hoe 'n jong meisie 'n prostituut word.**

Die prinsipaal van 'n huis vir hawelose jong mense, prostitute en dwelmslawe (The House) het vertel van 'n jong meisie wat in haar skoolklere op pad huis toe was. Sy is jonk en mooi, en 'n verbyganger het haar genader met 'n voorstel vir seks-teen-betaling. Vroeër het sy en haar enkel-ouerma reeds 'n onderonsie gehad oor die meisie se versoek om 'n paar jeans, wat die ma nie kon bekostig nie. Die bedrag wat die man genoem het, was genoeg om vir haar jeans betaal, maar die meisie het met die eerste voorstel weggehardloop. Die volgende dag het nog 'n man 'n voorstel gemaak, en sy het die een seksdaad opgeweeg teenoor 'n nuwe

paar jeans; sy het haar jeans gekry, en sy was vasgevang in die besef dat seks vir haar geld beteken.

Uit die bronne wat bestudeer is, blyk dit dat die motivering om 'n prostituut te word, baie uiteenlopend is. Dit is ook betekenisvol dat die persepsies van prostitute en nie-prostitute verskil wat betref die motivering.

### 6.4.3 Voorkoms van die prostituut

Clinard (1974, p. 509) verduidelik dat spesifieke riglyne daargestel is om prostitute van ander vroue te onderskei. Prostitute is met sekere simboliese haarstyle of klerestyle geassosieer. Sommige het hulle hare rooi of geel gekleur. In die spesifieke areas waar die meeste bordele saamgegroepeer was, is die prostitute uitgeken aan hulle flambojante kleredrag, uitspattige haarstyle, swaar grimering en luiddrugtigheid. Sommige het ook drank in oormaat gebruik en was dikwels dronk in die openbaar. Soos blyk uit die verskil in persepsies van prostitute en nie-prostitute, is dit belangrik dat gelet moet word op die voorkoms van die prostituut.

Corbin (1986, p. 209) skilder nie 'n mooi prentjie van die prostituut in negentiende eeuse Frankryk nie. Josephine Butler, 'n voorstaander van die afskaffing van wetgewing, beskou Frankryk as die vader van regulasies - en een van die strukture wat hulle graag wou reguleer, was prostitusie. Die belangrikste argument vir regulering was om die openbare moraliteit te beskerm, en om jong meisies se onskuld en vroulike fatsoenlikheid te beskerm teen ondeugde. 'n Reeks van beelde en persepsuele skemas het die sosiale aanvaarding van Franse beleid teenoor prostitusie moontlik gemaak:

- Prostitute (op Frans, ***putain***) se liggaam ruik sleg. Sy verteenwoordig nie morele verrotting nie, sy is letterlik 'n verrotte vrou;
- Prostitute laat toe dat die gemeenskap by haar *'ontlaai'*, en so die samelewing suiwer van vuilheid;
- Die *'verrotte'* liggaam van die prostituut simboliseer 'n makabere vergelyking met 'n lyk. Dieselfde persone (purveyors) wat leweransiers was vir lyke aan die *'disseksie teaters'* van die negentiende eeu in Frankryk, werf vroue as prostitute;

- Prostitute simboliseer en verpersoonlik die siekte wat dui op besmetting van die sosiale struktuur, naamlik sifilis;
- Die laaste beeld van Corbin dui op die integrasie van die prostituut in 'n ketting van vroulike liggame uit die laer klasse wat die instinktiewe begeertes van hoërklas-mans ter wille is. Dit kom uit die gebruik dat die laerklasvrou (die bediende in herehuise) die kind toiletgewoontes aanleer, wat die meester van die huis ontvang, en soms die jong adolessent inisiëer in seksuele aktiwiteite. Die gevolg is die prostituut (laerklas) is beskikbaar vir die bourgeoisie (hoërklas).

Volgens Corbin (1986, p. 213) suggereer hierdie sisteem van beelde, op sy beurt, 'n reeks beginsels wat die houding teenoor prostitusie verklaar:

- Prostitusie moet verdra word;
- Prostitusie moet geïsoleer en begrens word - toegelaat in sekere areas, ens.;
- Prostitusie moet weggesteek word - in 'n poging om dit te beheer, moet die bordeel onder streng beheer wees, en prostitusie gereguleer word;
- Prostitusie moet georganiseer word - die bordeel moet as uitlaatklep funksioneer;
- prostitute moet gereeld medies ondersoek word.

Die indruk word gelaat dat prostitute oor die algemeen nie juis aantreklik is nie, maar nogtans is daar baie van hulle op straat, en op ander plekke waar hulle daagliks hierdie werk doen.

### 6.4.4 Fisiese toestand van die prostituut

Volgens navorsing deur Bingham (Woolston, 1969, p. 53) het prostitute verskeie siektetoestande vertoon soos seksueel oordraagbare siektes, tuberkulose, spinale curvature en skildklier afwykings. In verreweg die meeste gevalle (ongeveer 70%) het die vroue sifilis of gonorree of beide gehad.

Kneeland (1969, p. 199) bevind 'n groot getal prostitute, soveel as 90%, simptone van seksueel oordraagbare siektes het.

Perkins (1991, p. 314) maak melding van verskeie seksueel oordraagbare siektes wat by prostitute gevind is, soos gonorree, sifilis, hepatitus B, sproei en genitale vratte. Om die moontlikheid van swangerskap te oorkom gebruik verreweg die meeste een of ander vorm van kontrasepsie, die meeste hiervan 'n voorbehoedpil.

Verdere siektetoestande (Perkins, 1991, p. 322) deur ander navorsers bevind is moegheid, emosionele spanning, wanvoeding en beserings as gevolg van hulle lewenstyl; ander navorsers verwys na oorwerk, kroniese depressie en bekkenpyn as herhaalde toestande waarvoor prostitute behandel word.

Oor die toenemende gevaar van besmetting met die MI-virus kan nie met gesag gerapporteer word nie. Dit is beslis ook 'n terrein wat verdere aandag behoort te kry. Dit is net nodig om te meld dat prostitute, as groep, een van die grootste verspreiders van hierdie virus beskou word - dit wil andersyds nie veronderstel dat alle prostitute met hierdie virus besmet is nie.

### 6.4.5 Geestestoestand van die prostituut

Woolston (1969, p. 59) bevind dat 'n groot persentasie (26,1%) prostitute swaksinnigheid getoon het, en byna net soveel (26.1%) het defektiewe karaktereienskappe getoon.

Oor die geestestoestand van die prostitute, het Kneeland (1969, p. 195 e.v.) bevind dat hulle nie in staat was tot introspeksie of self-ontleding nie. Die medewerkers hier het aan die prostitute gevra vir 'n rede vir hulle toetrede: uit 279 vroue is 671 verskillende redes gegee. Die grootste verrassing was dat baie min direkte ekonomiese redes aangegee het. Navorsers het verwag dat die vroue verskoning sou maak vir hulself en die mees voor die hand liggende rede is haar onvermoë om haarself andersins te onderhou, vandaar die beroep van prostitusie. Hier is ook velerlei gevalle van drankmisbruik, dwelmmisbruik, rook en soms aldrie tegelyk, aangeteken. Daar was gevalle van tuberkulose en epilepsie.

Die meeste prostitute in daardie ondersoek (Kneeland, 1969, p. 197) was volgens die standaard Binet-toets geklassifiseer as swaksinnig (feeble-minded), sommige met die verstandsouderdom van so laag as 5 jaar.

Davis (1993, p. 211) delf diep in die psige van die prostituut in as sy vra:

> *"How does a woman avoid prostituting **herself** (and retain the ability to feel) while working as a prostitute?"*
>
> \- eie beklemtoning.

Prostitute het 'n vindingryke, komplekse psigiese proses om hulself te beskerm teen instulping en vernietiging deur die kliënt. Die prostituut verhuur dele van haar liggaam, maar sy behou haar gedagtes, haar siel, haar denke. Om haar integriteit en haarself te beskerm, moet sy duidelike grense bepaal - sy mag nie toelaat dat haar kliënt enige persoonlike gevoelens aanwakker nie. Sommige prostitute beperk die vryhede wat sy die kliënt toelaat, gebruik *"werk-skuilname"*, dra uitspattige grimering, pruike en sogenaamde *"prostituteklere"* - amper asof sy haarself voorberei vir werk as prostituut met hierdie voorsorgmaatreëls. Haar private lewe wil sy ten alle koste beskerm en weghou van haar openbare lewe. Hierdie sisteem van verdegigingsmeganismes help om afstand te behou tussen die emosionele private lewe van die prostituut, in teenstelling met die onbetrokke openbare lewe van die prostituut (Davis, 1993, p. 212).

### 6.4.6 Familiegeskiedenis van die prostituut

Woolston (1969, p.61) wys daarop dat sekere geestestoestande, soos *'feeble-mindedness'* oorerflik is en dat die toestand wat dan by die prostituut gekry is daaruit gespruit het dat die toestand ook by haar voorouers voorgekom het. Nie alleen is die biologiese oorerwingsmateriaal van baie van hierdie vroue ongunstig nie, ook hulle huislike omgewing is nie van hoogstaande gehalte nie. Baie het net een ouer, met gevolglike skrale ouerlike toesig, 'n groot mate van verwaarlosing en ongelukkige huislike omstandighede. Hierdie negatiewe toestande dryf haar heel dikwels na die strate en in die arms van ongure karakters.

Die grootte van die gesin is ook dikwels die oorsaak dat sy die ouerhuis vroeg verlaat. In sommige gevalle was daar tot tien of meer kinders. Katz (1988, p. 244) maak melding van hoe maklik 'n souteneur 'n meisie wat in 'n swak omgewing, met swak behuising woon, en baie broers en susters het, kan oorreed om haarself te prostitueer. Hy hoef haar net uit te neem vir ete, en beloftes van 'n beter bedeling te maak, en sy sal daarvoor val.

Meer belangrik nog as die getal gesinslede wat versorg moet word, is die min middele tot die ouers se beskikking as gevolg van hulle mindere intelligensie en dan die lae vlak van skolastiese opleiding. Derhalwe is daar werkloosheid en gevolglik, min finansiële middele om in die behoeftes van die gesin te voorsien. Baie van die moeders van die gesinne het laagsbesoldigde betrekkings beklee en was vir lang ure afwesig van die huis.

Kneeland (1969, p. 174) is van mening dat die beroep van die vader nie veel te doen het met sy morele waardes nie, maar dit help om hom in sosiale posisie in sy samelewing te plaas, en bepaal die tuiste wat hy kan voorsien vir sy vrou en kinders. Die meeste vaders in hierdie studie was ongeskoolde arbeiders en ambagslui met 'n baie klein persentasie professionele persone. Die grootte van die gesin is ook belangrik - meeste prostitute kom uit groot gesinne, die dogters word uitgedryf as gevolg van oorbevolking in die huis.

Wat die beroep van die moeder betref, is haar posisie besonder belangrik vir die jong opgroeiende dogter. Sy voel die verlies van haar moeder as dié lang ure weg van die huis is en haar in die sorg van mense laat wat sy nie ken nie. In die meeste gevalle het die moeder buitenshuis gewerk, meestal ook as ongeskoolde arbeider (Kneeland, 1969, p. 182, e.v.).

Parent-Duchatelet (in Flexner, 1969, p. 63) het gevind die meeste Paryse prostitute, wat in sy studie betrek was, se vaders ook ambagsmanne was.

Bevindings soos hierbo genoem is nie baie resent nie, maar die afleiding kan tog gemaak word dat die prostituut se familie meestal as patologies beskou kan word, behorende tot die disfunksionele groepering, met min skolastiese opleiding en middels.

### 6.4.7 Opvoedingspeil van die prostituut

Verreweg die meeste van die prostitute in Woolston (1969, p. 61 e.v.) se studie het skool verlaat op 'n vroeë ouderdom. Gevalle waar prostitute hoogs opgelei is in een of ander vaardigheid of beroep, is inderdaad raar. Die grootste rede vir die vroeë skoolverlating is onbetrokkenheid en traak-my-nie-agtigheid aangaande skoling en opleiding, en omstandighede soos armoede en die noodsaaklikheid om geld te verdien, wat maak dat prostitute vroeg reeds 'op straat' is. Die meeste neem dan enige werk wat hulle kry aan, veral waar geen of min opleiding nodig is soos in fabrieke, in woonhuise as oppassers, skoonmakers of as winkelassistente. Prostitusie is dan ter aanvulling van die karige lone wat hulle in hierdie werksituasies verdien.

Kneeland se studie (1969, p. 184), weliswaar al effens verouderd, toon dat sommige prostitute nie kon lees of skryf nie, amper die helfte het nie primêre skoolopleiding voltooi nie, en slegs een uit die streekproef is tot 'n universiteit toegelaat. Verreweg die meeste prostitute het vroeër as huisbediendes gewerk, of in fabrieke, of klerke in afdelingswinkels.

Kneeland (1969, p. 184) bespreek ook prostitute se inkomste. Natuurlik het werklike syfers vanaf 1969, toe sy verslag gepubliseer is, tot nou toe, geweldig verander. Tog is dit so dat prostitusie baie keer meer lonend is as enige ander werk. Sommige prostitute het met hulle verdienste die gesin onderhou, of dalk haar souteneur-eggenoot.

Schurink & Ndabandaba (1991, p. 34 e.v.) het in sy steekproef wat uitsluitlik uit swart prostitute bestaan het, gevind dat die meeste van die vroue Gr. 6 geslaag het; sommige het wel Gr. 10 behaal.

Die prostituut het weliswaar geen hoër-onderwys nodig om haar beroep te volg nie, en hierdie feit word telkens deur navorsing bevestig. Die prostituut is dikwels ook deur omstandighede verplig om die skool voortydig te verlaat, vandaar die lae vlak van onderwyspeil wat bevind word by prostitute.

### 6.4.8 Gewoontes van prostitute met betrekking tot drank en dwelmmiddels

Woolston (1969, p. 57) verwys ook na die gewoontes van prostitute en toon aan dat die meeste buitengewoon baie alkohol gebruik het, sommige dwelmmiddels en sigarette, sommige het aldrie in buitengewone hoeveelhede gebruik.

Ook Schurink & Ndabandaba (1991, p. 34 e.v.) het bevind dat baie van die swart prostitute alkohol taamlik vryelik gebruik; onder ander rassegroepe is bevind dat veral wit en bruin prostitute dagga gebruik, maar min swart prostitute.

Perkins (1991, p. 174 e.v.) het die volgende bevind in 'n studie waarin prostitute, gesondheidswerkers, en universiteitstudente vegelyk is. Slegs die inligting wat betrekking het op prostitute word hier vervat.

- Prostitute trou baie vroeër, en meer dikwels as die vergelykende groepe vroue;
- Het selde meer as drie kinders;
- Het byna altyd kinders;
- Het meestal slegs 'n laerskoolsertifikaat;
- Se vaders se beroepe wissel van besturende direkteur tot ongeskoolde arbeiders;
- Behoort merendeels aan 'n Christelike Kerk;
- Bestempel hulle verhoudings met hul moeders meestal as **baie goed** en **taamlik goed**;
- Beskou hul ouers as **gelukkig getroud;**
- Is meestal oudste of naasoudste kinders;
- Woon meestal by vriende of deel 'n woonstel;
- Se verhouding of huwelik duur nie langer as 10 jaar nie.

Perkins (1991, p. 296 e.v.) verwys ook na ander navorsers wat nog inligting oor die sosiale of professionele lewens van prostitute het. Hierin is vervat dat prostitute dikwels onbeheerbaar was as kind, dat hulle as volwassenes vir misdade soos winkeldiefstal, dwelmoortredings, bedrog, en natuurlik, prostitusie, aangekla word. Baie van die prostitute is dwelmgebruikers (Perkins, 1991, p. 303) soos uit verskeie navorsingsprojekte blyk. In een

projek is bevind dat 69 % prostitute verslaaf was aan dwelms. Volgens die navorsers (in Perkins, 1991, p. 304):

> *"Boredom, frustration, lack of opportunities for employment, emotions in everyday relations, peer pressures, all play their part in making young women conform to the experimentation with drugs that goes on in various youth cults. In the end prostitution is the only work that will supply the necessary money".*

Volgens Perkins (1991, p. 305 e.v.) begin prostitute in sommige gevalle op so jonk as 10 jaar rook. Hulle gebruik dwelms somtyds reeds op 12 jaar en jonger.

### 6.4.9 Duur van haar professionele loopbaan

Flexner (1969, p. 23) dui aan dat prostitute aan die einde van hulle loopbane eerder verdwyn as doodgaan. Sommige tree in die huwelik, sommige kry 'n ander betrekking, diegene wat in die bedryf bly, word die slawe van jonger vroue en sommige bestuur bordele. Die tragiese is dat sommige, oud en afgeleef, verwaarloos en verweer, hulself steeds prostitueer vir baie min geld onder die brûe van Berlyn of die donker agterstrate van Whitechapel (London).

Omdat prostitusie heel dikwels gepaard gaan met drank (waar veral die prostitute wat in kroeë werk die voornemende kliënt moet inspireer tot 'n paar drankies, ook vir haarself) raak hulle gou dranksugtig en sodra sy verslaaf is, het sy meer geld nodig om haar drank te koop. Dieselfde geld ook waar prostitute met dwelms in aanraking kom. Hierdie verslaafde prostitute is al meer afhanklik van haar kliënte om in haar behoeftes te voorsien, sy verloor beheer oor haarself en beland letterlik *"op straat"* - nie meer aantreklik en goed versorg nie, waar sy dan die prooi word van 'n gewetenlose souteneur.

Barlow (1993, p. 310) sê suksesvolle prostitute is skaars. Die nuweling moet self soek vir kliënte, sy moet leer om haarself te vrywaar van siektes, van arrestasie, kompetisie en moet

leer om in die bedryf staande te bly. Daar is ook sprake van 'n 'vakleerlingskap' (volgens Bryan in Barlow, 1993, p. 310).

Die aanvanklike toetrede geskied deur middel van persoonlike kontak, hetsy deur 'n ander prostituut of 'n pimp en vandaar word hulle *'opgelei'* deur ander in die bedryf. Hierdie is inderdaad eerder wenke as opleiding, want die ouer prostituut sal sekerlik nie al die kunsies wat sy oor 'n lang tyd aangeleer het, maklik verklap nie. Sekere reëls wat algeneem aanvaar word, is byvoorbeeld om die geld eers te kry voordat seksuele verkeer plaasvind, om nie verlief te raak op die kliënt nie, om nie onnodige interaksie, wat tot emosionele betrokkenheid kan lei, toe te laat nie; en om fisies en geestelik gesond te bly.

Die aanvanklike aantreklike, jong prostituut, wat in groot aanvraag was, se professionele lewe is nie lank nie. Die beroep van prostitusie is inderdaad nie sonder *"occupational hazards"* nie, en die eise van voortdurende oormatige seks, werkstres, gesondheidsrisiko's, aanverwante praktyke soos drank- en dwelmmisbruik, veroorsaak dat sy nie 'n lang professionele loopbaan kan voer nie.

### 6.4.10 Terminering van haar professionele loopbaan

Perkins (1991, p. 286) het die volgende positiewe aspekte van prostitusie in volgorde van belangrikheid gelys:

- Die geld wat verdien word
- Persoonlike vryheid wat dit toelaat
- Buigbare werksure
- Om haarself te verstaan
- Die uitdaging wat die werk bied
- Opwinding
- Kameraadskap van ander werkers
- Seksuele bevrediging
- As 'n egoversterker
- 'n Geleentheid om mans te ontmoet

Hierteenoor, het Perkins (1991, p. 290) die volgende negatiewe aspekte genoem:

- Seks met mans van wie hulle nie hou nie
- Seks met vreemdelinge
- Verveling
- Probleme met die baas
- Probleme met die polisie
- Probleme met kliënte
- Geweld
- Onenigheid tussen die werkers
- Helfte van inkomste aan die huis (bordeel)
- Sosiale stigma aan prostitusie

Hiervolgens is daar bykans eweveel voor- as nadele verbonde aan hierdie beroep. Die vraag is wanneer, en hoekom, die prostituut besluit dat sy genoeg gehad het, en dan ophou met haar prostitusie-bedrywighede. Min inligting is hieroor beskikbaar, die algeneme gevoel is dat wanneer die prostituut nie meer in aanvraag is nie, as sy nie meer aantreklik genoeg is om die oog van voornemende kliënte te vang nie, of as sy siek is weens dwelms, oormaat drank en fisiese sovel as psigiese uitputting; dan sal sy die beroep verlaat. Die opsies wat vir haar oop is, is in elk geval nie veel nie. Indien sy slim genoeg was, kon sy finansiële voorsiening gemaak het, maar klaarblyklik dink min van hulle werklik oor die toekoms. Die prostitute se houding is dat die bobbejaan nie agter die bult gehaal moet word nie.

## 6.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n profiel van die prostituut gegee. Sommige van die bronne waaruit inligting geneem is oor die redes, die ouderdom van toetrede, familiegeskiedenis, ens. is ietwat verouderd. Daar is ook min inligting oor die redes hoekom, en wanneer die prostituut haar bedrywighede termineer. Dit is 'n leemte, en ander navorsers kan dalk meer hieroor probeer uitvind.

Die profiel van die prostituut is hier bespreek, met klem op 'n geskiedkundige oorsig. Kultuurverskille is aangeroer, want dit werp lig op die onderwerp van simboliek en semantiek aangaande prostitusie. Aspekte soos die soorte prostitusie wat bestaan is aangespreek, omdat dit wetgewing, en die toepassing daarvan kan beïnvloed.

Tot dusver is besin oor prostitusie en prostitute oor 'n breë front - ter agtergrond en inligting aan die leser. Wanneer die menings van beleidmakers en -toepassers aanstons bespreek word, is die bedoeling dat die leser voldoende ingelig is oor hierdie onderwerp om ook standpunt in te neem in die debat oor moontlike verandering van beleid, of die handhawing van bestaande wetgewing. Die veronderstelling is dat die leser, as lid van die kieserskorps, as lid van 'n gemeenskap, as lid van 'n professionele dissipline, as aanhanger van 'n spesifieke kulturele, politieke, ekonomiese of sosiale dimensie, genoegsame inligting kan verkry uit hierdie navorsing om 'n goed-oorwoë en wel-deurdagte opinie uit te spreek.

Met hierdie bespreking oor die prostituut is Deel II van die navorsing afgehandel. In Deel III word die metode wat gevolg word om die empiriese gedeelte af te handel, sowel as die resultate en enkele aanbevelings, bespreek.

# DEEL III

7. Metodologie
8. Data-analise
9. Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings

# 7 METODOLOGIE

## 7.1 INLEIDING

Die rasionaal rondom die keuse van die gebruik van die spesifieke navorsingsmetode wat gevolg is, word in hierdie hoofstuk verduidelik. Die benaderingswyse wat gevolg word is dié van 'n kwalitatiewe benadering. As teoretiese uitgangspunt word simboliese interaksionisme gebruik en in die ontleding van data, analitiese induksie. Hierdie gedeelte sluit 'n verduideliking in oor die ontwikkeling van die navorsingsmetode, en hoe hierdie navorsing daarop gebaseer is. Daar word ook aandag gegee aan die verloop van die navorsingsproses deur te verwys na die onderhoudskedule, die keuse van navorsingsdeelmeners, die proses van die onderhoudvoering en die natuurlike geskiedenis van die navorsing.

## 7.2 SIMBOLIESE INTERAKSIONISME

Die rol van die navorser in die navorsingsproses as objektiewe waarnemer wat deur 'n deduksie tot gevolgtrekking kom, word deur navorsers soos Curran & Renzetti (1994) in sekere omstandighede bevraagteken. Hulle voel die navorser kan nie onafhanklik van die navorsing funksioneer nie, en die navorsing self bind die navorser en fenomeen wat nagevors word saam.

Simboliese interaksie, gekoppel aan 'n kwalitatiewe navorsingstegniek is 'n voorbeeld van hierdie tipe navorsing, beide wat betrokkenheid van die navorser betref, en as 'n metode om die navorser en die fenomeen saam te bind.

### 7.2.1 Sentrale uitgangspunte van simboliese interaksionisme

Om die konsepsuele raamwerk van simboliese interaksie te verduidelik, het de Klerk (1977, p. 1 e.v.) drie uitgangspunte uitgestippel.

**Eerstens** dien simboliese interaksionisme *"die beginsel ... [dat] die individu en die samelewing nie onafhanklik van mekaar begryp kan word nie".* Dit dui dus op die vanselfsprekendheid dat die individu en die samelewing interafhanklik is. Hiervolgens kan dus geredeneer word dat die perspektiewe van die individu oor 'n spesifieke onderwerp onlosmaaklik is van die milieu waarin die individu beweeg.

**Tweedens** onderskryf simboliese interaksionisme dat die aard van die mens uit sosiale interaksie ontstaan.

**Derdens** hou simboliese interaksie verband met die aard van menslike handeling - *"... menslike gedrag moet gesien word as gemotiveer deur 'n refleksiewe, betekenisvolle interaksieproses tussen individue"* (de Klerk, 1977, p. 3).

Simboliese interaksionisme is mikrososiologies, sê Smith & Manning (1982, p. 33). Dit organiseer die verbeeldingswêreld en metodologie sodat dit effektief gereproduseer kan word in perspektiewe wat die sosiale prosesse orden. Mense funksioneer volgens sekere attribute wat nie genegeer kan word nie. Hier is drie fundamentele eienskappe wat geld:

- Mense kan simbole wat hulle gebruik interpreteer sonder om daarop te reageer;
- Mense is simboliese objekte - hulle oordeel, wysig en verander as sosiale entiteite;
- Perspektiewe ontwikkel uit wisselwerking tussen sosiaal saamgestelde self en sosiaal saamgestelde omgewing (Smith & Manning, 1982, p. 35).

Smith & Manning sê *"[s]ymbolism encapsulates, recapitulates, and rehearses"* (1982, p. 35).

Hiervolgens kan gesê word dat simboliese interaksie bestaande konsepte, wat dit in die eerste plek skep, kan hervorm, herbou en hersien. Dit is met hierdie konsepte in gedagte dat die fenomeen van prostitusie toegelig word. Anders as in kwantitatiewe navorsing waar die leefwêreld van die individuele navorsingdeelnemers dikwels verlore gaan, word dit juis in hierdie kwalitatiewe metode ondervang. Dit word gedoen deur die sienswyses van beleidsmakers en -toepassers, in interaksie met hulle spesifieke omgewing, op 'n spesifieke tydperk te versamel.

Persoonlikheidseienskappe, sosio-ekonomiese status, fisiese omgewing en ander faktore kan sinvol gebruik word om menslike gedrag te verstaan, maar hierdie en ander konstrukte is slegs relevant vir sover dit die definieringsproses beïnvloed. Simboliese interaksie

> *"...does not deny that there are rules and regulations, norms, and belief systems in society ...[but] it does suggest that they are important in understanding behavior only if people take them into account. Further it is suggested that it is not the rules, regulations, norms or whatever that are crucial in understanding behavior, but how these are defined and used in specific situations"*
>
> *-(Bogdan & Biklen, 1992, p. 34).*

Die simboliese interaksionis verwerp dus die positivis se ontwikkeling van 'n hipotese alvorens die ondersoek gedoen is, sowel as vooropgestelde kategorisering. Ondersteuners van simboliese interaksionisme glo dat ontdekking slegs gemaak kan word deur die oog van die rolspeler. Die werkswyse van kwantitatiewe metodes is dus tog volgens die kwantitatiewe/ posivistiese benadering.

### 7.2.2 Analitiese induksie

Om 'n fenomeen te bestudeer volgens 'n induktiewe metode, sou beteken dat die teorie of aanbeveling eers ontwikkel nadat sistematiese observasie deur middel van analise ontleed is (Curran & Renzetti, 1994, p. 3).

As daar van analitese induksie gepraat word, beteken dit volgens Smith & Manning (1982, p.27), die ontwikkeling van universele stellings wat die essensiële eienskappe van die fenomeen wat bestudeer word, vervat. Dit is die uitlig van verskynsels wat die gebeure veroorsaak, of daaragter lê. Denzin & Lincoln (1994, p. 39) beskryf analitiese induksie as *"...a nonexperimental qualitative sociological method that employs an exhaustive examination of cases in order to prove universal, causal generalizations".*

Denzin & Lincoln (1994, p. 39) beskou analitiese induksie as die begin van 'n ontvoogdings-beweging in etnografiese metodologie.

In hierdie navorsingsprojek is waarneming eers gedoen deur middel van 'n literatuurstudie wat verskeie aspekte van wetgewing oor prostitusie toelig. Die tweede deel behels waarneming deur middel van die onderhoude wat gevoer is. Hierdie onderhoude het die menings van beleidsmakers en -toepassers ondervang, gemaak vanuit hulle posisie as deskundiges oor die prostitusiekwessie.

## 7.3 KWALITATIEWE NAVORSINGSMETODIEK

Gedagtig aan die relatiewe onduidelikhede rondom kwalitatiewe navorsing, word die volgende uit Van Maanen (1983, p. 7) aangehaal:

- **Qualitative Researcher**: *"Many people these days are bored with their work and are ..."*
- **Quantitative Researcher**: *"What people, how many, when do they feel this way, where do they work, what do they do, why are they bored, how long have they felt this way, what are their needs, when do they feel excited, where did they come from, what parts of their work bother them most, which ..."*
- **Qualitative Researcher**: *"Never mind."*

Hierdie anekdote is 'n beskrywing van die kontroversie rondom die twee benaderingswyses van navorsing, naamlik kwalitatiewe, teenoor kwantitatiewe navorsing. Die blote feit dat die twee sprekers in twee kampe verdeel is, spreek vanself. Die feit dat beide mekaar in die rede val, dus dat die een nie die ander een voldoende geleentheid gee om klaar te praat nie, is nog 'n opsigtelike punt, en ten laaste, die antwoord van die kwalitatiewe navorser, *"[n]ever mind"* is soms die gevoel wat 'n navorser wat van hierdie tegniek wil gebruik maak, ervaar wanneer hierdie navorsingstegniek beplan of bespreek word.

Kwalitatiewe navorsers kry inderdaad soms nie die kans om klaar te praat nie!

Reeds in die vroeë twintigerjare het lede van die Chicago-skool, sosiologiese studies op 'n kwalitatiewe wyse gedoen. Op antropologiese gebied het Malinowski, wat onder die Trobriand-eilandbewoners navorsing gedoen het, hierdie metode baie suksesvol gebruik. Die indruk word soms gelaat dat kwalitatiewe navorsing in primitiewe, agtergeblewe gemeenskappe die enigste manier is om etnografieë te publiseer. Dit is 'n nuttige en bekende metode in antropologiese studies, maar nie beperk tot hierdie vakwetenskape nie, en het ook in ander vakwetenskappe ontwikkeling ondergaan. (Denzin & Lincoln, 1994, p. 1).

'n Kwalitatiewe benadering beteken dat binne die spesifieke veld van navorsing, 'n deurkruising van dissiplines, velde en objekte, komplekse interafhanklike terminologie, konsepte en aannames gemaak word. Denzin & Lincoln (1994, p. 1 e.v.) maak melding van 'n deurkruising van vyf historiese momente wat tans gelyktydig funksioneer. Richardson (in Denzin & Lincoln, (1994, p. 1) is van mening dat die huidige moment omvat word binne 'n nuwe gevoeligheid of vatbaarheid, waarvan die kern is:

> *"...doubt that any discourse has a priviliged place, any method of theory a universal and general claim to authoritative knowledge".*

Die kwalitatiewe navorsingsmetode kan verband hou met verskeie ander metodes soos veldnavorsing, etnografiese navorsing, interpretatiewe benadering, en gevalle studie (Ferreira, Mouton, Puth, Schurink & Schurink, 1988, p. 1). Hierdie sinonieme beteken dat die navorsing plaasvind binne natuurlike konteks, dat dit beskrywend van aard is, en dat dit verwys na pogings om die alledaagse menslike handelinge in interaksie binne 'n menslike samelewing, te deurgrond.

Smith (1981, p. 5) meen alle sosiale navorsing behels begrip en verstaan van sosiale betekenisse; hoe sterker beweeg word na algemeen-aanvaarde betekenisse en weg van eksperimenteel aanvaarde betekenisse, hoe meer kernagtig is die **self** in die proses. Deur die **self** word betekenisse gefiltreer; deur die **self** te plaas as objek, word dit die gereedskap waarmee data versamel word. Data word versamel terwyl die **self** gehandhaaf word - en hierdie proses vind plaas deur interaksie . Smith (1981, p. 7 e.v.) verwys na drie belangrike aannames vir die gebruik van kwalitatiewe navorsingsmetodes:

1. *"[c]lose detailed observation"* - die navorser moet die navorsingdeelnemers ken om te sien en te hoor wat hy doen en sê - met die mikpunt om gedrag te verstaan;
2. *"microsociological focus"* - hier fokus die navorser op die simboliese wêreld van die navorsingdeelnemers;
3. *"low-level abstraction"* - die navorser weerhou hom daarvan om modelle, algemeen-geldende teorieë te vorm.

Schurink (1992(a), p. 417) lys die vernaamste aspekte van kwalitatiewe navorsing as volg:

- Dit is induktief;
- Holisties;
- Begaan oor die uitwerking op die navorsingdeelnemers het;
- Trag om mense se eie verwysingsraamwerk te begryp;
- Skort hul eie opvattings, perspektiewe en vooroordele op;
- Beskou alle perspektiewe as belangrik;
- Humanisties;
- Beklemtoon die prosesuele dubbelsinnige en dinamiese aard van menslike gedrag;
- Benadruk die geldigheid van navorsingsbevindinge;
- Beskrywend;
- Kan alle situasies en mense hiervolgens bestudeer; en
- Bowenal, dit is 'n kuns.

In hierdie navorsingsprojek is gepoog om bostaande aspekte te ondervang, om sodoende te voldoen aan die vernaamste vereistes van die kwalitatiewe metodiek.

Die doel van hierdie navorsing is dus om menings van deskundiges binne hulle sosiale konteks in te win. Die beste manier om hierdie doel te bereik, is om van die kwalitatiewe metode van navorsing gebruik te maak. Menings oor prostitusie sou nie baat by kwantitatiewe berekenings nie - die weldeurdagte menings van uitgesoekte deskundiges is meer belangrik as hoeveel navorsingsdeelnemers wel deelneem.

Nog 'n belangrik aspek vir oorweging is die erkenning van die uiteenlopende perspektiewe oor prostitusie, gegrond op verskillende persepsies van die navorsingsdeelnemers wat beleidmakers kan beïnvloed. Binne hierdie konteks is die vraag of prostitusie 'n kwessie is waaroor nòg die kerk of staat, nòg enige ander struktuur soos gesondheid of moraliteit of kultuur, enige seggenskap behoort uit te oefen, of is prostitusie 'n fenomeen wat aan die individu oorgelaat behoort te word?

### 7.3.1 Die konsep *"kwalitatiewe navorsing"*

Om kwalitatiewe navorsing behoorlik te definieer en te deurgrond, word sterk gesteun op die omvattende werk van Denzin & Lincoln se boek *"Handbook of Qualitative Research"* (1994). In hierdie bron word die ontwikkeling van kwalitatiewe navorsing uiteengesit as sou die oorsprong wees by filosowe soos René Descartes en Immanuel Kant. (Denzin & Lincoln, 1994, p. 62). Volgens Denzin & Lincoln redeneer Descartes (1968 sic) dat die naturalistiese filosofie op die *'certainty and self-evidence'* van wiskunde behoort te fokus, met ander woorde, rasionele denke. Kant (Denzin & Lincoln, 1994, p. 63) veronderstel dat persepsies meer is as ***sien.*** Menslike persepsie kom nie slegs by wyse van die sinne nie, maar ook van die geestesgoedere wat inkomende indrukke organiseer. Menslike kennis is ten laaste gebaseer op begrip; 'n intellektuele toestand wat meer is as slegs 'n gevolg van ervaring.

Denzin & Lincoln (1994, p. 2) beskryf die navorser wat hierdie metode gebruik as 'n ***bricoleur***, komende van die verduideliking van Levi-Strauss, 'n professionele doen-dit-self persoon. Die ***bricoleur*** produseer dan 'n ***bricolage***, 'n saamgestelde aaneengeslote reeks oefeninge om 'n oplossing te bied vir 'n probleem in 'n konkrete situasie. Die kwalitatiewe navorser as ***bricoleur*** gebruik alle beskikbare strategieë, metodes en empiriese materiaal as meetinstrument van sy metodologiese nering. Indien dit nodig is om nuwe meetinstrumente te ontwerp, sal die navorser dit doen. Die finale keuse van navorsingstrategieë berus op die vrae wat beantwoord moet word, en die vrae berus op die konteks waarbinne die navorser beweeg. Die ***bricoleur*** behoort goed onderlê te wees om 'n verskeidenheid van take te kan uitvoer, van onderhoud tot waarneming, tot interpretsaie van persoonlike en historiese dokumente, tot intensiewe introspeksie (Denzin & Lincoln, 1994, p. 2). Een belangrike feit wat hier pertinent deur Denzin & Lincoln genoem word, is dat die ***bricoleur*** wydbelese moet wees, en kennis behoort te dra van verskeie verklarende paradigmas. Die ***bricoleur*** moet ook besef dat navosers *"stories vertel"* - hierdie stories word soms gedefinieer as paradigmas, en die produk

> *"...of the bricoleur's labor is a bricolage, a complex, dense, reflective, collagelike creation that represents the researcher's image, understandings, and interpretations of the world or phenomenon under analysis"*
>
> *- (Denzin & Lincoln, 1994, p. 3).*

### 7.3.2 Historiese oorsig van kwalitatiewe navorsing

Om die metode van kwalitatiewe navorsing te verduidelik, volg hier 'n kort historiese oorsig. Daar word melding gemaak van *"The five Moments of Qualitative Research"*, soos vervat in Denzin & Lincoln (1994, p. 7 e.v.). Elkeen word kortliks verduidelik om die verloop en ontwikkeling van kwalitatiewe navorsing toe te lig, sodat die navorsingsmetodologie van hierdie projek binne konteks geplaas kan word:

EERSTE MOMENT: Hierdie is die **tradisionele periode**, beginnende by die draai van die eeu, en eindig by Wêreld Oorlog II. Die navorsers skryf objektiewe verslae van veldervarings wat die positivistiese paradigma onderskryf. 'n Voorbeeld van navorsing wat in hierdie tyd gedoen is, is die klassieke studie van Malinowski onder die Trobriand Eiland-bewonders, gedurende 1914-1918.

**TWEEDE MOMENT:** Hierdie fase word die **modernistiese fase** genoem , 'n moment van *"creative ferment"*. Sosiale realisme, naturalisme en alledaagse etnografiese beskrywing was voorgehou as die mees effektiewe paradigma. Hierdie periode strek vanaf die na-oorlogse jare tot aan die begin van die sewentigerjare. Kwalitatiewe navorsers het nuwe interpretatiewe teorieë teëgekom, en onderneem studies van belangrike sosiale prosesse, insluitende afwykende gedrag en sosiale beheer. Die mees uitstaande werk van hierdie tyd is Becker se *"Boys in White"*. Becker probeer hier om kwalitatiewe navorsing so eng en nougeset moontlik te maak, net so rigoristies soos kwalitatiewe navorsing. Hierdie word ook genoem die ***"Golden Age"*** van **rigoristiese kwalitatiewe** analise, wat hierdie soort navorsers as kulturele romantici ontmasker. Die uitgewekenes word as helde

gesien, die skurke en skelms se waarde word verhoog, ten aansien van die hoofstroom in die samelewing wat genegeer word.

DERDE MOMENT: Die derde fase, wat by benadering strek vanaf 1970 tot 1986 het reeds 'n versameling paradigmas, metodes en strategieë ontwikkel. Dit sluit onder andere die volgende in: simboliese interaksie, positivisme, fenomenologiese etnometodologie. Toegepaste kwalitatiewe navorsing het status verwerf, en die politiekery rondom kwalitatiewe navorsing was onder bespreking. Geertz (in Denzin & Lincoln, 1994, p. 9) definieer die begin en einde van hierdie moment met die publikasie van twee boeke, *"The Interpretation of Cultures"* en *"Local Knowledge"*. Sosiaal-wetenskaplikes wend hulle tot humanisme vir modelle, teorieë en metodes van analise. Geertz (in Denzin & Lincoln, 1994, p. 9) noem dat die grense tussen sosiale wetenskappe en humanisme vervaag het, in wat hy noem "blurred genres". Die naturalitiese, post-positivistiese en konstruksionistiese paradigmas het oorheers tydens hierdie moment.

VIERDE MOMENT: Uit die vae **verwarreling** van die vorige fase, ontstaan 'n krisis in die voorstelling, of aanbieding. In die verslagskrywing probeer die veldwerker om 'n morele en wetenskaplike outoriteit te wees. Kwessies rondom geldigheid, betroubaarheid, objektiwiteit word weer problematies. Interpretatiewe teorieë, in teenstelling met *'grounded theories'* is meer gewild. Die dubbele krisis ontstaan by die voorstelling en legitimiteit van kwalitatiewe navorsing - die eerste is of navorsers ervarings korrek kan voorstel, ten tweede gaan dit oor hoe geldig hierdie metode van navorsing is.

VYFDE MOMENT: Die vyfde moment is die huidige, gevorm en gedefinieer deur die dualistiese krisis van die vorige moment. Teorieë word nou aangebied as *"tales of the field"*, volgens Van Maanen (in Denzin & Lincoln, 1994, p. 11). Die narratiewe vorm word gebruik, en volgens Denzin & Lincoln (1994, p. 576) geld die volgende:

> *"Qualitative research is an interdisciplinary, transdisciplinary, and sometimes counterdisciplinary field. It cross-cuts the humanities, the social sciences and the physical sciences. [It] is many things at the same time. ...Its practitioners are sensitive to the value of the multimethod*

*approach. They are committed to the naturalistic perspective and to the interpretive understanding of human experience...[It] embraces two tensions at the same time. On the one hand, it is drawn to a broad, interpretive, postmodern, feminist, and critical sensibility. On the other hand, it can also be drawn to more narrowly defined positivist, post-positivist, humanistic, and naturalistic conceptions of human experiences and its analysis."*

Die navorsingsmetodiek wat hier gebruik word is inderdaad vervat in al hierdie historiese momente van kwaliatatiewe navorsing soos dit oor 'n aantal jare ontwikkel het. Die klem word egter geplaas op die vyfde moment, die sogenaamde *"tales of the field"* van van Maanen (in Denzin & Lincoln, 1994, p. 11). Die *'verhale'* waarvan die afleidings gemaak gaan word, is in die narratief opgeneem. Die navorsingdeelnemers is toegelaat om, in antwoord op vrae soos deur die navorser gestel, hulle eie *"storie"* te vertel.

Hierdie narratiewe styl is by uitstek geskik om die mening en gevoel van die navorsingdeelnemers te deurgrond. Die leefwêreld van elke navorsingdeelnemer is betree, en deur sy agtergrond, ervaring en die interaksie met die fenomeen van prostitusie, kan hy 'n bydrae maak wat beleidmakers en -toepassers kan beïnvloed.

### 7.3.3 Vergelyking tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

Becker (in Denzin & Lincoln, 1994, p. 5) meen dat *kwalitatiewe* navorsing tog van *kwantitatiewe* navorsing verskil. Kwalitatiewe navorsing gebruik verskeie genres, soos etnografiese prosa, historiese narratiewe, outobiografiese of biografiese materiaal, eerste-persoon onderhoude, lewensgeskiedenis, en nog vele ander. Kwantitatiewe navorsing maak weer gebruik van matematiese modelle, statistiese tabelle en grafieke en skryf dikwels in onpersoonlike, derde-persoon trant.

Menings oor 'n prostitusiebeleid word deur 'n narratiewe styl beter verwoord en daarom is die metode van kwalitatiewe navorsing in hierdie geval, as meer toepaslik beskou.

#### 7.3.3.1 Begrondingsteorie

Verskeie navorsers beklemtoon die belangrikheid van 'n begrondingsteorie (in Denzin & Lincoln, 1994, p. 273 e.v. en Bogdan & Biklen 1992, p. 32). Volgens hierdie skrywers beteken **begrondingsteorie** 'n algemene metodologie vir die ontwikkelling van 'n teorie wat gegrond is op data wat sistematies versamel en geanaliseer is. Dit is hier waar kritici van kwalitatiewe navorsing probleme opper oor die geldigheid van hierdie begrondingsteorie, en ook oor die maatstawwe wat vir steekproeftrekking uit 'n populasie by hierdie metode gebruik word. Strauss & Corbin (1990, p. 252) meld dat in 'n navorsingsverslag wat gebaseer is op 'n begrondingsteorie, die leser self moet kan oordeel oor die komponente van die navorsingsproses wat gelei het tot die verslag. Kriteria wat vir die toetsing van die begrondingsteorie aangewend word is soos volg

- Word konsepte volgens die data begrond;
- Is konsepte sistematies verbind;
- Is daar 'n konseptuele verband tussen kategorieë;
- Is daar genoeg variasie ingebou;
- Word toestande wat die fenomeen onder die soeklig beinvloed, ingebou;
- Word die proses in aanmerking geneem;
- Is teoretiese bevindings betekenisvol.

Die navorser is in der waarheid besig om 'n bevinding te probeer staaf nadat ingesamelde inligting verwerk is, en Bogdan & Biklen (1992, p. 32) verklaar

> *"[y]ou are not putting together a puzzle whose picture you already know. You are constructing a picture that takes shape as you collect and examine the parts".*

Die navorser as meetinstrument moet ingestel wees om perspektiewe van navorsingsdeelnemers akkuraat weer te gee.

7.3.3.2 Toets vir betroubaarheid en geldigheid

Alle navorsing berus op reëls wat as kriteria dien om die geloofwaardigheid aan te toets. Om geloofwaardigheid te verseker kan die navorser hom op sekere teoretiese konstrukte beroep om dit te bewys. Athens (in Schurink, 1992(a), p. 420) noem dat by kwalitatiewe navorsing daar nie duidelik geformuleerde kriteria vir evaluering is nie. Dit wil nie sê dat kwalitatiewe navorsing nou gemeet moet word nie - daar moet eerder kriteria ingebou word om die geloofwaardigheid aanvaarbaar te maak. Marshall & Rossman (1989, p. 145) stel voor dat sekere konstrukte gebruik word wat aannames van die kwalitatiewe paradigma weerspieël.

By die **eerste konstruk** wil Marshall & Rossman (1989, p. 145) juis bevestig dat die sterkte van kwalitatiewe navorsing in sy **geloofwaardigheid** lê. In-diepte beskrywing van die opset, die proses, die sosiale groep of patroon van interaksie wat al die kompleksiteite van veranderlikes akkuraat vaslê, kan nie anders as geldig wees nie. Binne bepaalde parameters is hierdie navorsing geldig.

**Nog 'n konstruk** wat genoem word (Marshall & Rossman, 1989, p. 145) is dié van **oordraagbaarheid of veralgemening.** Die eksterne geldigheid kan bevestig word deur terug te verwys na die oorspronklike teoretiese parameters.

Die volgende **konstruk is betroubaarheid** (Marshall & Rossman, 1989, p. 146). Die navorser moet verantwoording doen vir veranderinge soos dit by die fenomeen onder die soeklig, voorkom. Die aanname wat by kwalitatiewe navorsing gemaak word, is juis dat verandering voortdurend plaasvind, en daarom moet betroubaarheid verseker word.

**Die laaste konstruk** is dié van **bekragtiging,** wat die tradisionele konsep van objektiwiteit saamvat. Deur te benadruk dat die studie nie herhaal kan word nie, word die evaluering verplaas na die data, en berus nie alleen by die navorser nie.

Kwalitatiewe navorsing moet die besware oor subjektiwiteit van die navorser in ag neem maar die navorser self moet die sterkte van hierdie metode beklemtoon en sekere kontrole inbou om dit te verseker.

Hierdie navorsing het in 'n groot mate, ingeboude konstrukte wat betroubaarheid en geldigheid waarborg. Met die nougesette wyse waarop die navorser omgaan met die data wat wel ingesamel is, word gepoog om 'n presiese weergawe daarvan aan te bied. Slegs waar aanbevelings gemaak word, is daar 'n mate van subjektiwiteit omdat die navorser die enigste instrument is wat ten tye van al die stappe teenwoordig is. Een faktor wat nie uit die oog verloor kan word nie, is dat met kwalitatiewe navorsing, die metode herhaal kan word. Wat egter nie dieselfde sal bly nie, is die response van die navorsingdeelnemers. Selfs al sou dieselfde vrae aan dieselfde navorsingdeelnemers gevra word, sou die response verskil. Die simboliese interaksie wat plaasvind kan geweldig beïnvloed word deur onlangse gebeure, persoonlike ervarings en reaksie op hierdie gebeure. Slegs met die presiese weergawe en puntenerige, nougesette verwerking kan die betroubaarheid van die onderhoude verseker word.

## 7.4 NAVORSINGSTEGNIEK

Hieronder volg die spesifieke tegniek wat gevolg is om hierdie navorsing te voltooi, met verwysing na die onderhoudvoering as instrument, die implementering van die navorsingsmetode, en die keuse van navorsingsdeelnemers.

### 7.4.1 Onderhoudvoering as navorsingstegniek

Kwalitatiewe navorsing berus in 'n groot mate op die insameling van data waar die navorser as navorsingsinstrument optree. Een van die maniere is om onderhoude te voer met sorgvuldige verkose navorsingdeelnemers. Dit is die metode wat hier gebruik is om die verlangde data in te samel.

#### 7.4.1.1 Keuse van ongestruktureerde onderhoude as meetinstrument

Verskillende soorte onderhoude kan gevoer word om inligting te verkry. In hierdie geval is besluit op die ongestruktureerde onderhoud. Hierdie metode en die rasionaal om dit gebruik, word hierna bespreek.

Ongestruktureerde onderhoudvoering kan op verskeie maniere gedoen word. Daar is die oop-end onderhoud, die ongestsruktureerde onderhoud volgens skedule en die in-diepte onderhoud (de Vos, Strydom, Fouche en Schurink, 1996, p. 46). Die metode van ongestuktureerde onderhoudvoering behels die navoser wat volgens temas, of vrae as riglyne, 'n skedule of onderhoudsriglyne voorberei, en dan die onderhoud met die navorsingdeelnemers voer. Die vrae of temas word nie 'n in spesifieke volgorde gevra nie, dit dien slegs as kontole om te verseker dat al die relevante onderwerpe gedurende die onderhoud aangeraak word.

Die navorsingdeelnemers is toegelaat om verdere inligting deur te gee nadat die vrae in die skedule afgehandel is, dus inligting bygevoeg wat nie direk in antwoord op 'n vraag na vore gekom nie. Die vrae in die skedule is ook so geformuleer dat die navorsingdeelnemers 'n goed deurdagte antwoord moet gee, in stede van slegs 'n enkele ontkennende of instemmende reaksie. Hierdie probleem is ondervang in die wyse waarop die vrae opgestel is.

Die een groot voordeel van die metode van ongestruktureerde onderhoudvoering, is die sistematiese, maar nie streng, rigiede stelsel, waarvolgens data ingesamel word. 'n Nadeel van hierdie metode is dat 'n hoogs-opgeleide en bedrewe onderhoudvoerder nodig is om hierdie onderhoute te hanteer, aldus Schurink (in de Vos et al, 1996, p. 46).

#### 7.4.1.2 Voorsorgmaatreëls vir suksesvolle onderhoude

Aangesien onderhoudvoering die belangrikste metode van data-insameling vir hierdie navorsing is, is baie aandag gegee aan die manier waarop hierdie onderhoude gevoer is. Berg (1995, p. 57) maak melding van tien opdragte of voorskrifte vir suksesvolle

onderhoudvoering. Die navorser het deeglik kennis hiervan geneem, aangesien die hele studie berus op hoe effektief die onderhoude gevoer word. Indien die onderhoude nie suksesvol afgehandel is nie, kan geen betekenisvolle gevolgtrekking en aanbeveling gemaak word nie. Berg (1995, p. 57) maak melding van *'ten commandments of interviewing'*, wat as volg toegepas is by hierdie projek:

1. **'n Onderhoud moet nooit direk na aankoms begin nie** - 'n paar minute aan die begin van die onderhoud is gebruik om die ys te breek en 'n warm, gemaklike atmosfeer te skep.
2. **Die doel moet te alle tye in gedagte gehou word** - die doel was om inligting te verkry oor die spesifieke onderwerp. 'n Kopie van die skedule is altyd gereed gehou om te raadpleeg en om te verseker dat genoegsame inligting verkry word.

3. **'n Natuurlike front moet voorgehou word** - die vrae is gememoriseer, en is opeenvolgend gevra asof dit vloei uit reaksie van die navorsingsdeelnemer. Ongestruktureerde onderhoude stel die onderhoudvoerder in staat om 'n mate van vryheid te gebruik.

4. **Die navorser moet probeer luister met 'n *'derde oor'*** - toepaslike nie-verbale response is gemaak, soos byvoorbeeld 'n instemmende kopknik. Deurgaans was die onderhoudvoerder bedag op enige emotiewe reaksie. Dit het die natuurlike vloei van die onderhoud in stand gehou.

5. **Voorkoms moet in gedagte gehou word** - dit het beteken dat 'n netjiese, meer formele voorkoms uitgedra moet word, maar *'power-dressing'* moet vermy word, want dit kan pretensieus en onnatuurlik voorkom.

6. **Die lokaal van die onderhoud is belangrik** - hier is die kantoor van die resondent gebruik. Die navorsingdeelnemers sou meer gemaklik in hulle eie omgewing wees; die navorser is die *"indringer"*. Hierdie aspek is ondervang deur vroeg vir die onderhoud op te daag, en met 'n *"derde oog"* die opset waar te neem.

7. **Daar moet gelet word op response** - in die meeste gevalle is daar nie slegs 'n JA of NEE-antwoord van navorsingdeelnemers gevra nie, hulle moes verduidelik, uitbrei, en enkele oomblikke van stilte is soms toegelaat voordat verdere vrae gevra is.

8. **Deurgaans moet gelet word op die gevoelens van die navorsingdeelnemers** - hulle is aangemoedig om hulle eie gevoelens, persoonlike menings teenoor professionele gewaarwordinge, en lewensbeskouing te opper.

9. **Ervaring en ondervinding bly die beste leermeester** - tydens die eerste onderhoud het die navorser ietwat ongemaklik en onervare gevoel, maar geleidelik het die onderhoudvoering makliker geword, in 'n groot mate het die sukses van die onderhoude ook afgehang van die erns en oortuiging van die resondente. Hulle was, indien so iets moontlik is, uitstekende navorsingdeelnemers. Die feit dat almal professionele persone was, wat die reg gehad het om namens 'n spesifieke groep of afdeling te praat, het hulle veilig laat voel om spontaan te reageer.

10. **Die navorser moet probeer om hartlik, vriendelik en waarderend te wees** - navorsingdeelnemers is bedank vir hulle tyd, inligting is gegee oor die aard en omvang van die navorsing indien hulle dit verlang het, en die onderhoud is afgesluit met beklemtoning van hulle waardevolle bydrae.

Berg (1995, p. 63) noem dat te alle tye gepoog word om bewustelik te luister (*'aware listening'*). Dit sou beteken dat semantiese kommunikasie nie die enigste simboliese interaksie kon wees nie, maar ook dat die houding, handgebare, aarseling, driftigheid en ontwyking waargeneem moet word. Deurgaans is die navorsingdeelnemers ook die geleentheid gegee om te praat. Berg (1995, p. 62) sê die ideaal is dat navorsingdeelnemers 80-90 % van die tyd moet praat. Andersom sou te veel tyd ingeneem word deur die onderhoudvoerder, en te min inligting sou verkry word.

Die navorser kan met vrymoedigheid bevestig dat navorsingdeelnemers baie *"gepraat"* het, wat gestaaf kan word deur die lengte van die transkripsies. Die aanvanklike reëling was

dat die navorser ongeveer een uur van die navorsingsdeelnemers se tyd in beslag neem. In die meeste gevalle was die onderhoude baie langer.

#### 7.4.1.3 Die navorser en die verkleurmannetjie-effek

Ongestruktureerde onderhoude om hierdie navorsing af te handel het nie alleen intense voorbereiding van die navorser geverg nie, maar ook tydens die onderhoud self, kon die navorser vir geen oomblik ontspan of in konsentrasie verslap nie. Die voorbereiding vir die onderhoud het benewens die logistieke reëlings, ook vereis dat die navorser vertroud moes wees met die inhoud van die skedule. Om telkens op die geskrewe skedule te kyk kon die onderhoud ongemaklik, styf en onnatuurlik maak. Daar is slegs aan die einde van elke onderhoud 'n geleentheid gevra om op die kopie te kyk en seker te maak dat alle vrae en kwessies aangespreek is.

Tydens die onderhoud was dit nodig om die navorsingdeelnemers te alle tye gemaklik en spontaan te laat reageer, maar tog ook sorg te dra dat die onderhoud, en die geskeduleerde vrae, volgens die beplande riglyne verloop. Sommige navorsingdeelnemers het van die geleentheid gebruik gemaak om verskeie ander raakpunte te opper, en om daarop kommentaar te lewer. Elke navorsingdeelnemer is heel aan die begin die geleentheid gegun om te *"vertel"* - om sy eie benadering tot die kwessie van wetgewing aangaande prostitusie te stel, of om sy eie werksomstandighede met betrekking tot hierdie onderwerp aan te roer. Hierdie openingsgeleentheid het elke onderhoud 'n unieke kleur gegee. Dit het verseker dat elke onderhoud 'n spesifieke pad geloop het want elke navorsingdeelnemer se subjektiewe siening en oortuigings, en persoonlike styl moes in ag geneem word. Hierdeur is die belangrike dimensie ondervang waar elke individuele deelnemer so min moontlik beïnvloed is deur die navorser. Die navorser kon dus die geleentheid benut om kennis te neem van die navorsingsdeelnemer se sienings.

Dit het gemaak dat die navorser telkens, tydens die onderhoud en ook daarna, 'n ander siening oor die hele aangeleentheid beleef het. Sienings oor die hantering van die kwessie het gewissel, en die probleme met wetstoepassing is uit verskillende hoeke toegelig, vandaar die gewaarwording van 'n *"verkleurmannetjie-effek"* (Bogdan & Biklen, 1992, p. 162).

Hierdie effek het nadele, maar daar is meer voordele aan verbonde. Dit het verseker dat die navorser voortdurend nuwe gedagtes en denkwyses moes inkorporeer, en voortdurend bedag moes wees op nuwe dimensies, as die navorsingdeelnemers uit hulle professionele, of persoonlike hoedanigheid praat. Die navorser het hierdie innoverende rigtingaanwysers besonder positief ervaar.

#### 7.4.1.4 *"Neersitisme"*

By kwalitatiewe navorsing word meesal gebruik gemaak van een-tot-een gesprekvoering. Die navorser as meetinstrument is ten nouste betrokke by die voer van die onderhoud, by die semantiese en simboliese betekenisse daaraan en ook by die vertolking daarvan. Die kwalitatiewe metodiek kan sekerlik nie geskei word die benadering van simboliese interaksionisme nie. Die rasionaal hieragter is om die woordprente, soos geskilder deur die navorsingdeelnemers, te omskep in ander woordprente, wat vir die leser meer toeganklik en verstaanbaar moet wees. Die uitgangspunt is om vir die leser te verduidelik hoe en wat die navorsingdeelnemers voel oor die onderwerp onder bespreking. Die tegniek van ongestruktureerde onderhoude is baie geskik vir spesifiek hierdie soort navorsing, want die navorsingdeelnemers word die geleentheid gegee om te praat, om gedagtes te opper oor sy of haar posisie teenoor die bestaande beleid, en oor die mooontlikheid van aanbevelings en oplossings vanuit sy leefwêreld en lewensbeskouing. Hierdie woordprent, soos geskilder deur 'n ander persoon (in hierdie geval die verskillende navorsingdeelnemers), moet omskep word sodat die navorser sekere patrone, style, kleure, tegnieke en strukture kan identifiseer. Vir die navorser en die leser moet hierdie woordprente duidelik en verstaanbaar wees. Albei (leser en navorser) moet dieselfde konsepsuele waarde aan begrippe heg - soos blyk uit die volgende anekdote uit Berg (1995, p. 180 e.v.):

> *"My children ... were eating alphabet soup ... [Kate] managed to capture several of the letters on her spoon ... to spell "KATIE". Alex ... exclaimed 'Me too'. Unfortunately, his letters spelled out 'XCYU', a unique spelling of 'Alex' or simply failure to sort the noodles from the soup in a fashion that made his noodles mean something to others".*

- eie beklemtoning.

Die navorser behoort dus in alle gevalle bewus te wees van die problematiek rondom die rangskikking van noedels in 'n verstaanbare begrip, dit wil sê, verstaanbaar vir die leser. Die uitgangspunt van enige skrywer, volgens Tuchman (in Denzin & Lincoln, 1994, p. 516) behoort dan ook te wees:

> *"... to hold the readers' attention ... I want the reader to turn the page and keep on turning to the end".*

Denzin & Lincoln (1994, p. 517) praat van 'n aaklige genre, die sogenaamde *"neersitisme"* (*'putdownism'*). Die is seker die genre waarbinne geen navorser wil beland nie. Daarom is dit die navorser se verantwoordelikheid om noulettend te sorg dat die inligting so lesersvriendelik en toeganklik moontlik aangebied word, sodat die werk eers aan die einde neergesit word.

### 7.4.2 Implementering van navorsingsmetode

Kwalitatiewe navorsing berus in groot mate op die insameling van data waar die navorser as navorsingsinstrument optree. Een van die maniere om inligting in te samel, is om onderhoude te voer met sorgvuldig uitgesoekte navorsingdeelnemers. In hierdie navorsing is die metode van **ongestruktureerde onderhoude** gebruik. 'n Skedule is wel opgestel, maar slegs om te verseker dat alle relevante vrae gevra word.

#### 7.4.2.1 Die onderhoudskedule

Berg (1995, p. 35) noem dat by onderhoudvoering dit belangrik is dat die spesifieke volgorde, frasering, vlak van taalgebruik om aan te pas by kulturele en etniese eienskappe, en die ouderdom van die navorsingdeelnemers in ag geneem moet word. Hiervolgens kan verskeie style van ondervraging gevolg word. Berg (1995, p. 35 e.v.) noem die volgende style: noodsaaklike vrae, ekstra vrae, weggooivrae en ondersoekende vrae. In die navorsing wat hier gedoen is, is slegs van twee style gebruik gemaak, naamlik die noodsaaklike vrae en dan ondersoekende vrae, of soos Berg dit noem, *"probing questions"*.

Noodsaaklike vrae is eksklusief gefokus op die kern van die studie. Die skedule wat gevolg is, het hierdie vrae ingesluit. Die skedule word as bylaag bygevoeg. In hierdie geval is dit essensiële vrae gerig rondom wetgewing soos dit nou is, en of dit verander moet word. Persoonlike gevoelens van die navorsingdeelnemers verskil soms van menings of gevoelens uitgespreek op grond van professionele betrokkenheid by die fenomeen onder bespreking. Hierdie aspek word in Hoofstuk 8 (8.5) bespreek.

Ondersoekende vrae is vrae wat voortgespruit het uit die antwoorde wat die navorsingdeelnemers aangebied het, en waar die navorser gevoel het dat meer inligting daaroor nodig is. Hierdie vrae is uiteraard nie op die skedule aangedui nie, maar het spontaan gekom as reaksie op stellings en menings wat deur die navorsingdeelnemers gegee is.

#### 7.4.2.2 Vrae in die onderhoudskedule

Die vrae in die onderhoudskedule is nie afsonderlik in kort, enkel sinne opgestel nie. Die sou beteken dat die onderhoude gestruktureer en rigied sou voorkom, en antwoorde sou dan deur 'n enkele JA of NEE gegee kon word. Die gehalte van die antwoorde moet verkieslik *'in-diepte'* wees, iets waaroor die navorsingsdeelnemer intens dink en voel.

In die onderhoudskedule is spesifiek aandag gegee aan die volgende:

- Die kwessie van beleidmaking, en
- Die kwessie van beleidstoepassing of -hantering.

Navorsingsdeelnemers het die geleentheid gekry om hieroor breedvoerig te antwoord, en die navorser het slegs ondersoekende vrae gevra as die antwoord nie voldoende was nie. Soms het die navorsingsdeelnemer effens afgewaal van die kernvraag, en is deur 'n ondersoekende vraag weer teruggebring na die oorspronklike vraag. Nadat hierdie twee aspekte na die mening van die deelnemer genoegsaam deurtrap is, is daar nog vrae oor drie sub-kategorieë gevra, naamlik:

- Persoonlike inligting oor die navorsingsdeelnemer;
- Die persoonlike mening van deelnemers oor prostitusie;
- Enige dokumentasie wat beskikbaar is aangaande hierdie kwessie, soos deur die deelnemer aangebied.

Persoonlike gegewens is gevra omdat dit belangrik is om inligting te bekom oor die navorsingsdeelnemer se beroep en hoe lank die persoon in sy huidige pos is, want dit het 'n invloed nie net op sy professionele mening nie, maar ook op sy persoonlike mening. 'n Jong, relatief onervare polisieman sal tog 'n ander siening as die veteraan huldig; die onervare maatskaplike werker het dalk nog glad nie met prostitusie te make gekry nie, en die jong predikant of medikus kan ook beïnvloed word deur sy gebrek aan ondervinding en betrokkenheid met die fenomeen.

Uit die aard van hulle werk, het die navorsingsdeelnemers 'n spesifieke mening gehuldig wat in ooreenstemmig is met die beleid soos uitgespel deur beleidmakers in daardie spesifieke beroep. In sommige gevalle het hulle persoonlike siening ooreengestem met die professionele mening, maar soms het die verskil. Die aanname kan gemaak word dat prostitusie 'n fenomeen is wat nie deur 'n enkele, ongekompliseerde ***'daarvoor'*** of ***'daarteen'***-standpunt afgemaak word nie.

Al die data wat tydens die onderhoude verkry is, kan nie gebruik word nie. Baie van die inligting is 'n herhaling van die antwoord, of 'n beklemtoning van wat reeds gesê is. Ander response hou weer nie direk verband met die vrae soos gevra nie, daarom word dit ook weggelaat.

#### 7.4.2.3 Stappe tydens die onderhoudsfase

Verskillende stappe is tydens die beplanning en die praktiese afneem van die onderhoude gevolg. Hierdie stappe, en die volgorde van die verskillende fases van die navorsing word vervolgens verduidelik:

STAP 1 - **Bekendstelling**

Die aanvanklike bekendstelling is per brief gedoen. Verskillende navorsingdeelnemers is genader volgens die selekteringsproses. Die navorsingdeelnemers is in die bekendstellingsbrief ingelig oor die navorsing, en die belangrikheid daarvan. Hulle is gevra of 'n onderhoud gereël mag word op 'n tyd wat hulle pas. Daar is gemeld dat die afspraak telefonies gemaak sal word. Twee navorsingdeelnemers het telefonies hulle bereidwilligheid om onderhoude toe te staan, te kenne gegee; een navorsingdeelnemers het per brief laat weet dat hy daartoe toestem. Die res van die navorsingdeelnemers het hulle bereidwilligheid verklaar met die telefoniese opvolggesprek. Tydens hierdie gesprek is die datum en tyd bepaal.

STAP 2 - **Die afsprake**

Om die afspraak met die navorsingsdeelnemer te bevestig, is die kantoornommer geskakel. Soms was daar 'n administratiewe beampte, 'n sekretaresse, of tydelike personeellid, of iemand van die navorsingsdeelnemer se huishouding wat die afspraak kon reël. In 'n paar gevalle is die afspraak met die navorsingdeelnemer self gemaak. Die navorser het versoek dat die afsprake gemaak word in die kantore van die navorsingdeelnemers. Een deelnemer het aangebied om na die navorser se kantoor te kom, maar hierdie aanbod is nie aanvaar nie. Die navorser wou sover moontlik, alle onderhoude in die kantore van die deelnemers voer.

Die eerste onderhoud was met die verteenwoordiger van die polisie gevoer. Die rasionaal is dat die polisie die persone is wat die eerste te make het met die prostituut wanneer sy in hegtenis geneem word - dit is dus die polisieman wat aanvanklik met hierdie vroue in aanraking kom, in die proses van wetstoepassing. Die navorser sou dan die geleentheid kry om die proses van polisiëring en wetstoepassing vanuit die invalshoek van die polisie te bekyk.

Na die onderhoud is 'n transkripsie daarvan gemaak, en ook 'n veldnota geskryf. Beide hierdie dokumente is op aanbeveling van die eksterne studieleier bygehou. Hierdie metode is gevolg, met die oog op die uitskakeling van hindernisse soos te veel onderbrekings deur

die navorser, in die rede val, of te veel aanleiding om die verlangde antwoord te kry. Dit is ook deur beide die eksterne en interne studieleier as werksmetode aanbeveel.

STAP 3 - **Individuele onderhoude met die navorsingsdeelnemers**

Een dag voor die geskeduleerde afspraak is telefonies bevestig dat die onderhoud nog voortgaan, soos gereël is. In een geval is die onderhoud vir dieselfde dag geskeduleer, op aandrang van die navorsingdeelnemer. Net een deelnemer het negatief gereageer, en die reeds gereëlde afspraak gekanseleer en ook te kenne gegee dat verdere kontak nie gewens is nie. Die rede vir die weiering van verdere deelname is aangegee as werksdruk wat dit onmoontlik maak. Een navorsingdeelnemer het te kenne gegee dat werksdruk maak dat die onderhoud korter as die aangevraagde een uur moet wees.

Die volgende riglyne is gevolg by die nakom van die afspraak:

- **Voorbereiding**: Die navorser het deeglik voorberei vir die onderhoud. Die skedule is gelees, en herlees, die bandmasjien en batterye is nagegaan, en genoegsame tyd is toegelaat vir parkering, en om betyds op te daag by die verskeie kantore of huise.

- **Aanmelding:** Die navorser het by die ontvangslokaal aangemeld. Soms is koffie aangebied, of 'n tydskrif om te lees. Die navorsingdeelnemers het in byna al die gevalle die navorser in die ontvangslokaal kon ontmoet, en na die kantoor geneem. Sommige het verskoning gemaak vir deurmekaar lessenaars, geraas, koue, en ander faktore wat hulle gemeen het, sou steur.

  Die navorser het weer eens die vertroulikheid beklemtoon en 'n dokument getoon wat bevestig dat die inligting vir navorsingsdoeleindes benodig word. Die navorsing-deelnemers is gevra om dit te onderteken om te bevestig dat die inligting wat verskaf word, wel vir die navorsing aangewend mag word. 'n Brief van die interne studieleier is aangebied, om te bevestig dat die studie amptelik en met goedkeuring van die studieleier gedoen word. In slegs een geval het die navorsingdeelnemer gevra dat 'n afskrif van die bande beskikbaar gestel word, alvorens die toestemming verleen word vir die gebruik

daarvan in die navorsingsverslag. Die bande sal afgelewer word sodra 'n kopie daarvan gemaak is. Toestemming is ook gevra vir die gebruik van die bandopnemer. In geen geval was daar enige onwilligheid of teenkanting teen die gebruik daarvan nie.

- **Die onderhoud**: Daar is kortliks verduidelik waarom die navorsing gedoen word, en wat die doel is. Na aanleiding van die inligting uit die literatuurstudie het dit geblyk dat by bewindsoorname, die nuwe wetgewer dikwels die wette oor prostitusie wysig. Die vraag was of dit ook nou hier in Suid-Afrika gaan gebeur. Navorsingdeelnemers het die geleentheid gekry om te praat vanuit hulle eie besondere lewensbeskouing en leefwêreld, en om die situasie soos hulle dit sien, toe te lig.

Die navorser het slegs wanneer navorsingdeelnemers klaar gepraat het, en klaarblyklik niks verder kon byvoeg nie, die rigting van die gesprek verander, of verder uitgevra as daar onduidelikheid is. In baie gevalle is die vrae soos in die vooropgestelde skedule, deur die navorsingdeelnemers beantwoord alvorens dit gevra kon word.

Hierdie prosedure is gevolg totdat al die vrae soos in die vooropgestelde onderhoudskedule, gevra is, en tot die bevrediging van die navorser beantwoord is.

- **Beëindiging van onderhoud**: In baie gevalle was die onderhoude langer as die aangevraagde (1) een uur. Nie een navorsingdeelnemer het die onderhoud self beëindig nie; een navorsingdeelnemer het 'n tweede onderhoud aangevra *"..... want ons is nog nie klaargepraat nie..."* Ander navorsingdeelnemers het aangebied om 'n verdere onderhoud toe te staan, of enige verdere vrae of onduidelikhede op te klaar, indien die nodigheid daarvan sou blyk.

By die afsluiting het die navorser die navorsingdeelnemers bedank vir die tyd afgestaan, en die toewyding waarmee hulle die vrae beantwoord het.

**STAP 4 - Datavaslegging**

So gou as wat dit moontlik was na die onderhoud, is 'n begin gemaak met die dadavaslegging deur 'n veldnota van elke onderhoud te skryf. Hierdie veldnota is die navorser se persoonlike belewenis van die onderhoud, die mate van frustrasie, stres, spanning of watter emosie ook al beleef is. Daar is ook melding gemaak van enige steuringsveranderlike soos geraas, 'n bedrywige kantoor, telefoon-oproepe, kortom, enige gebeurtenis wat 'n invloed op die onderhoud kon maak.

**STAP 5 - Transkripsie van onderhoude**

Volledige verbatim transkripsies is nie gemaak nie - daar is probeer om die kern, die essensie van die onderhoud was te lê en saam te vat, met uitstaande aanhalings, opmerkings of gedagtes wat woordeliks getranskribeer is. Hierdie wyse is gevind meer doelmatig te wees in die lig van die belangrikheid van die interaksie wat plaasgevind het tussen navorsing-deelnemers en navorser.

#### 7.4.2.4 Probleme ondervind tydens die onderhoudfase

Gedurende hierdie fase van die ondersoek het verskillende gebeurtenisse 'n mate van remming aan die verloop daarvan veroorsaak. In hierdie tyd het die Nasionale Party uit die Regering van Nasionale Eenheid onttrek en in die Vrystaatse Wetgewer het verskeie interne omwentelinge toegang tot die wetgewer moeilik gemaak. Dit was nodig om die opinie van lede van die wetgewer as navorsingdeelnemers te kry, maar in hierdie tyd het van die lede hulle nie bereid verklaar om 'n onderhoud toe te staan nie. Die navorser sou baie graag meer lede van die wetgewer wou betrek.

In hierdie tyd is die funksionering van die landdroshowe ook gestrem met dreigende stakings, wat ook daardie sektor minder toeganklik gemaak het vir onderhoudvoering.

Op persoonlike vlak het die navorser die oefening van onderhoudvoering besonder positief en opbouend gevind. Al die navorsingdeelnemers het geesdriftig en vol entoesiasme meegedoen; een het selfs geskakel, net nadat hy die bekendstellingsbrief ontvang het, om sy bereidwilligheid te verklaar om dadelik die onderhoud toe te staan. Sommige het dokumente, beleidskrifte en boeke gereed gehad; die meeste het hulle bereid verklaar om, indien daar probleme met die transkripsie (soos die gehalte van die band of onduidelike gedeeltes) sou wees, tot nog 'n onderhoud in te stem. Dit was vir die navorser 'n persoonlike verpligting om voorsorg te tref dat die navorsingdeelnemers 'n goeie indruk van navorsers van die plaaslike universiteit, van sosiale wetenskappe, en van kriminologie kry.

### 7.4.3 Die navorsingdeelnemers

Benewens die feit dat kosbare tyd van navorsingdeelnemers in beslag geneem is en dat dit sinvol benut moes word, asook die belangrikheid van genoegsame inligting uit elke onderhoud, is ernstig besin oor die keuse van die navorsingdeelnemers. Op grond van verskeie sektore wat gemoeid kan wees met die kwessie van prostitusie, die uitvoering van wetgewing daaroor, en beleidsmakers wat toekomstige wetgewing kan beinvloed, is die volgende kategorieë ingesluit: die polisie, provinsiale wetgewer, gesondheidsdienste, maatskaplike werk, kerke, justisie en filosofie.

#### 7.4.3.1 Keuse van navorsingdeelnemers

Curran & Renzetti (1994, p. 298) meld dat kriminoloë soms navorsing doen wat sensitief is, en wat gedrag (of in hierdie geval, menings) van gestigmatiseerde of verskuilde groepe bestudeer. Om die keuse in hierdie geval te maak

> *"...on the basis of the researcher's knowledge of or professional jugdments about the study population are called **purposive or judgmental** samples"*
>
> - (Curran & Renzetti, 1994, p. 299, eie beklemtoning).

Navorsingdeelnemers is gekies om verteenwoordigend te wees van die breë spektrum van beleidmakers en -toepassers. Daar is navorsingdeelnemers wat die polisie verteenwoordig, 'n landdros 'n filosoof, 'n maakskaplike werker, twee lede van die Vrystaatse Wetgewer, en vier navorsingdeelnemers het vanuit hulle verskeie kerkverband gepraat. Die twee lede van die Wetgewer is genader vanweë hulle verskillende politieke standpunte. Die rede vir die insluit van vier verskillende verteenwoordigers van verskillende geloofsoortuigings is omdat wette soos dit nog tans geld, gemaak is toe wetgewing nog sterk berus het op protestantse oortuigings, soos gestel deur die vorige regeringsbeleid.

#### 7.4.3.2 Anonimiteit van die navorsingdeelnemers

Aan al die navorsingdeelnemers is gevra of hulle name bekend gemaak mag word, en of hulle beswaar sou hê as hulle aangehaal word in die finale verslagskrywing. Een resondent wou nie dat sy naam gebruik word nie, en een het gevra vir 'n kopie van die bande wat opgeneem is, alvorens toestemming verleen word. Die navorsingsdeelnemers het in sommige gevalle intimiteite gedeel wat moontlik verleentheid kan veroorsaak. Die identiteit van die navorsingsdeelnemers is dus beskerm deur van kodes gebruik te maak. Slegs hulle professionele verbintenis is afleibaar van die kodering wat gebruik is; sonder hierdie professionele verbintenis sou sekere verklarings nie sin maak nie.

#### 7.4.3.3 Kategorisering van navorsingdeelnemers

Navorsingdeelnemers het basies uit vyf verskillende professionele katetorieë gekom. Die verskillende kategorieë word aangegee met die aantal navorsingdeelnemers uit elke groep:

KATEGORIE 1 - BELEIDSTOEPASSERS (3)

| | |
|---|---|
| Polisie | : 1 |
| Staatsaanklaer | : 1 |
| Prokureur-generaal | : 1 |

KATEGORIE 2 - GESONDHEID EN WELSYN (2)

Stadsgeneesheer : 1

Maatskaplike werker : 1

KATEGORIE 3 - RELIGIE (4)

Protestantisme : 1

Islamitiese-geloof : 1

Anglikaanse Kerk : 1

Rooms-Katolieke Kerk : 1

KATEGORIE 4 - ETIEK (1)

Filosoof : 1

KATEGORIE 5 - BELEIDSMAKER (2)

Plaaslike Wetgewer : 1

Lid van Opposisie : 1

Hiervolgens is die totaal van navorsingdeelnemers waarmee onderhoude gevoer is, dus twaalf.

Dit sekerlik beleefd en hoflik dat die navorser aanbied om die deelnemers te besoek, en daarom is die onderhoude almal in die kantoor of woonhuis van die navorsingdeelnemers gevoer. Die rasionaal hiervan is dat hulle dan meer op hulle gemak sal wees, en die navorser as *"indringer"* kon beskou. Dit het die navorser die geleentheid gegee om die leefwêreld van die navorsingdeelnemers in 'n baie klein mate te betree. 'n Bykomende voordeel was dat die besoek aan die kantoor of huis van die navorsingdeelnemers nog verder bygedra het tot die vorming van 'n geheelbeeld van die spesifieke persoon.

Deur 'n besoek aan die navorsingdeelnemers te bring, was die tydsfaktor ook in hulle guns want die werklike tyd wat in beslag geneem was, was slegs die duur van die onderhoud. Hulle kon nog steeds telefonies bereik word tydens die onderhoud, en indien dringende sake sou opduik, soos in een geval gebeur het, kon die onderhoud tydelik onderbreek word.

Uit die twaalf respondende waarmee onderhoude wat gevoer is, was vier vroue, uiteraard was die res (8) mans. Al hierdie persone het hulle onderskeie poste vir 'n redelike lang tyd beklee, sommige vir so lank as tien jaar. Dit was 'n belangrike pluspunt, want uit die aard van die saak sal 'n jong, redelik onervare polisieman of staatsaanklaer wat min of geen ondervinding het van hofsake rakende prostitusie nie, 'n minder deurdagte antwoord gee as 'n deurwinterde een. Navorsingdeelnemers is gekies op grond van die feit dat hulle alreeds vir 'n aantal jare die bepaalde pos of posisie beklee.

Dit het ook meegebring dat meeste navorsingdeelnemers in hulle vroeë middeljare of ouer is. Dit veronderstel glad nie dat jonger persone se menings nie net so waardevol is as dié van ouer persone nie. Van die navorser se kant was hierdie beslis 'n positiewe ervaring - met die inligting en wetenswaardighede deur eie ervaring opgebou, asook meer selfvertroue as wat 'n jonger persoon soms sou hê, kon die onderhoude meer sinvol, indien nie meer suksesvol nie, gevoer word. Dit word geensins hier gesuggureer dat jonger persone nie ook suksesvolle navorsers en onderhoudvoerders kan wees nie. In hierdie geval, waar die kwessie van prostitusie bespreek is, het dit geblyk dat die ouderdom van die navorser tog 'n positiewe effek gehad het. Al die gekeurde navorsingdeelnemers het gemaklike opgetree teenoor die navorser.

## 7.5 NATUURLIKE GESKIEDENIS VAN HIERDIE NAVORSING

Sommige navorsers maak gebruik van 'n *"natuurlike geskiedenis"* of joernaal wat die verloop van die studie weergee. Marshall & Rossman (1989, p. 131) stel voor dat 'n verloopdagboek ontwikkel word, of soos dit genoem word, *'a management plan'*. In hierdie geval is die plan van Marshall & Rossman, (1989, p. 130) gewysig om aan te pas by die aard van hierdie studie.

In die beginfase van hierdie navorsing is die navorser se werksmetode, naamlik die van kwalitatiewe navorsing, telkens deur kenners bevraagteken. Gaan dit wetenskaplik wees, is dit relevant, is dit verteenwordigend? Hoe gaan dit gedoen word, wie is die navorsingdeelnemers, hoeveel navorsingdeelnemers gaan betrek word, ens. Die navorser wou anders te werk gaan as bymekaar tel, bereken, matematiese voorstellings in tabelle en syfers weergee.

Die spesifieke aspek van prostitusie wat hier bespreek word, naamlik die faktore wat belangrik is by die moontlikheid van beleidsverandering, is nie so maklik om kwantitatief te bereken nie. Die uitgangspunt van hierdie navorsing is om menings in te win van diegene wat daagliks met hierdie aktiwiteite te make kry, dus die beleidsmakers en -toepassers. Hulle leefwêreld moet betree word, hulle vertroue moet gewen word sodat hulle bereid sal wees om opinies te lug oor die hantering van wetgewing van prostitusie.

In die loop van talle navorsingsprojekte is daar momente van moedeloosheid, frustrasie, spanning en magteloosheid. Hierdie faktore kan die vordering van die navorsing beïnvloed. Die regte invalshoek moes gevind word om seker te maak dat die leser ook die belangrikheid kan besef. Die navorser het gevoel die *"woordprentjie"* is baie duidelik. Die regte oordragingsmetode deur middel van simboliese interaksionisme, het soms ontbreek, en daarmee saam het entoesiasme soms getaan.

Hierdie navorsing is oor 'n langer tyd as wat beplan was, afgehandel. Dit word as 'n pluspunt beskou. Tydens die aanvangsfase was die wesenlikheid van 'n bewindsoorname nie 'n voldonge feit nie. Tydens die fase van die literatuurstudie het dit duidelik geword dat 'n bewindsoorname telkens veranderings by die toepassing van wetgewing oor prostitusie meegebring het. Die transformasieproses wat in Suid-Afrika plaasgevind het, kon dopgehou word, en 'n waarneming kon gemaak word oor beleidsverandering. Inderdaad het bewindsoorname, soos uit die literatuurstudie blyk, verandering meegebring. Indien dan nie so daadwerklik soos in ander lande nie, maar gesindhede het verander, veral by kwessies soos die doodstraf en aborsie-beleid. Die vraag is hoe belangrik prostitusie vir die wetgewer geag word? Vanuit 'n ander hoek gesien, hoe belangrik is prostitusie, in die lig van die stygende misdaad, toenemende werkloosheid, behuisingsnood, onderwysdebakels en korrupsie.

Die natuurlike geskiedenis, of die chronologiese verloop van die navorsing is as volg:

**1990:**

Hierdie navorsing het nie die normale, gelyk pad geloop nie. Inderdaad is navorsing nooit sonder omwentelinge, stuitpassies en draaie nie. Die navorser se belangstelling in wetgewing rondom prostitusie het reeds in 1990 begin.

In 'n poging om die wenslikheid van navorsing oor 'n prostitusiebeleid te kry, is 'n skrywe gerig aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (Wes-Kaaplandse Streekkantoor) met die doel om uit te vind of daar enige navorsing gedoen word in hierdie verband; en hoe relevant hierdie vraagstuk beskou word. Die antwoord was 'n baie positiewe JA oor die relevansie, en dat dit binne die raamwerk van 'n korporatiewe navorsingsprogram oor Bekostigbare Persoonlike Veiligheid sou val. Daar is aanbeveel dat navorsing hieroor in Bloemfontein gedoen kan word.

**1991:**

Gedurende 1991 is reeds 'n aanvang gemaak met 'n literatuurstudie. 'n Studieleier is aangewys en die navorser het intensief begin lees oor hierdie onderwerp. Die aanvanklike beplanning is gemaak met die eerste studieleier.

Dit word in sommige navorsingskringe, veral waar kwalitatiewe navorsing gedoen word, soms nie gerade geag om so vroeg alreeds met 'n literatuurstudie te begin nie. In hierdie geval het die navorser gevoel dat, gesien die wye verskeidenheid van wetgewingsaspekte wat heers - en omdat prostitusie seker in feitlik alle lande voorkom - dit nodig is om inligting te bekom oor wetgewing soos dit voorkom in verskillende lande. Aspekte oor die marginalisering van die prostitute, oor prostitute-organisasies wat probeer beding vir hulle lede, oor watter vroue hulleself prostitueer, en hoekom hulle dit doen is ook belangrik geag. Hierdie tydige aktiwiteit om soveel moontlik inligting te bekom, het later baie nuttig te pas gekom. Dit het die voordeel gehad dat kwessies wat in die literatuurstudie raakgelees is, geneem kon word in die onderhoudskedule. Die breë agtergrond wat die navorser verkry het met die vroeë literatuurstudie het ook gemaak dat prostitusie uit verskeie invalshoeke benader word en vooroordeel kon uitskakel.

1992:

Gedurende 1992 het die destydse studieleier te kenne gegee dat hy weens gesondheidsredes nie meer beskikbaar is nie. Die gang van hierdie navorsing is ietwat vertraag, en die student het ernstig besin oor die moontlikheid en/of wenslikheid om die navorsing te voltooi. 'n Ander studieleier moes aangewys word, en 'n geleentheid gegee word om die verloop van die navorsing te bestudeer, alvorens daarmee aangegaan kon word.

1993:

Gedurende 1993 is die huidige interne studieleier aangewys en die navorsing het weer eens momentum gekry. Daar is voortgegaan met die literatuurstudie, en die gedagte van kwalitatiewe navorsing het posgevat. Die navorser het begin dink in die rigting dat 'n kwantitatiewe studie te *'grof'* en *'onsensitief'* sou wees. Prostitusie is steeds 'n onderwerp waaroor mense nie maklik praat nie; die blote invul van 'n vraelys gaan nie die navorsing-deelnemerse se werklike lewensbeskouing oor hierdie kwessie ondervang nie, daarom die keuse van kwalitatiewe studie.

1994:

Gedurende September 1994 is die eerste voorlegging vir registrasie afgekeur op grond van 'n vraagteken oor die relevansie van hierdie navorsing. Daar is aanbeveel dat 'n mede-studieleier aangewys word, en ook spesifiek 'n persoon met deeglik kennis van hierdie onderwerp, asook kennis van kwalitatiewe navorsing. Teen die einde van hierdie jaar is die tweede studieleier genader vir deelname. Die interne studieleier wou die uitgebreide ervaring van die eksterne studieleier benut om spesifiek behulpsaam te wees met die empiriese gedeelte van hierdie navorsing. Die eksterne studieleier het ingestem om die empiriese deel te behartig. Hiervolgens is die beplanning vir die nuwe jaar gemaak.

1995:

Aan die begin van 1995 is 'n besoek gebring aan die tweede studieleier, en 'n nuwe voorlegging is gemaak, na samesprekings met beide studieleiers. Die huidige navorsings-voorstel is gefinaliseer, so ook die titel soos dit tans is. Gedurende Junie 1995 is 'n reeks besoeke gebring aan persone wat gemoeid is met prostitusie, asook aan lede van die provinsiale wetgewer. Al hierdie navorsingdeelnemers het die relevansie bevestig, en die

navorser aangemoedig om die studie deur te voer. Een navorsingdeelnemer het gevra hoe relevant 'n kwessie moet wees voordat dit *'relevant'* is. Die gevolgtrekking wat gemaak is, is dat diegene wat daagliks met prostitusie te make kry, dit inderdaad relevant beskou. Dit het die navorser die nodige aanmoediging en stukrag gegee, en daar is besluit om voort te gaan met hierdie navorsing.

1996:

Teen April 1996 is die hoofstukindeling gefinaliseer. Die literatuurstudie is afgehandel, en verwerk wat aan een studieleier voorgelê is. Daar is besluit dat een studieleier hoofsaaklik verantwoordelikheid aanvaar vir die literatuurstudie, en die ander studieleier vir die metodiek. Na samespreking met beide studieleiers is die empiriese gedeelte beplan en verfyn. Die onderhoudskedule is opgestel en die navorsingdeelnemers geidentifiseer. In April is kontak gemaak met die navorsingdeelnemers en hulle is versoek om 'n onderhoud toe te staan. Daarna is die afsprake gemaak, en gedurende Junie is die onderhoude gevoer. Die presiese verloop en werksmetode is reeds verduidelik. Die aanvanklike beplanning was om die onderhoude in so 'n kort tydperk as moontlik af te handel om kontinuïteit te verseker. Dit het in 'n groot mate gerealiseer, met slegs drie onderhoude wat weens omstandighede buite beheer van die navorser, eers in Augustus gevoer kon word.

Gedurende Julie is verdere beplanning gedoen, en veral klem is gelê op die hoofstukke oor die metodiek, en die analise van die onderhoude en die aanbevelings.

Die tweede helfte van die jaar is gebruik om die empiriese deel te skryf en gereed te kry vir voorlegging aan die studieleiers, en finale goedkeuring.

1997:

Die finale afronding van die navorsingsverslag het oor 'n langer tydperk gestrek as wat aanvanklik beplan is. Dit het die navorser meer tyd gegee om die hele proses in oënskou te neem, en tot die gevolgtrekking gekom dat die relatief lang tydperk wat verloop het, tot voordeel van hierdie navorsing is.

In hierdie geval kon die verloop van die transformasieproses in die Suid-Afrikaanse politiek waargeneem word. Tydens die bewind van die vorige Suid-Afrikaanse regering is wetgewing ingestel dat prostitusie 'n misdaad is. In die nuwe Grondwet van Suid-Afrika word sterk klem gelê op die reg van eie keuse, en die kultuur van beklemtoning van menseregte, dit wil sê die individu se reg op besluitmening oor eie aktiwiteite.

Deurlopend is die waarneming deur die navorser gemaak, dat waar 'n ommeswaai in regering, ideologie of morele kode plaasgevind het, dit die benadering tot prostitusie baie beïnvloed het. Die invloed van die regeringsverandering wat in Suid-Afrika plaasgevind het tydens die verloop van hierdie navorsingsperiode, kon ook in die onderhoudsfase ondervang word.

## 7.6 DIE IMPAK VAN DIE NAVORSING OP DIE NAVORSER

Gedurende die tyd toe onderhoude gevoer is, het die navorser die proses intens beleef en baie nou betrokke geraak. Elke afspraak is met 'n mate van onsekerheid benader want dit is 'n betreding van 'n individu se persoonlike ruimte en leefwêreld. Sommige van die navorsingdeelnemers aan die navorser bekend, en 'n ander benadering as dié wat geld wanneer die navorsingdeelnemers nie bekend is nie, moes gevolg word. In ander gevalle waar die navorsingdeelnemers nie aan die navorser bekend was nie, moes die navorser eers 'n vertrouensverhouding skep en was dit nodig om eers die korrekte *"aanvalstegniek"* te bedink alvorens met die onderhoud begin kon word. Die volgende indrukke het die navorser opgeval:

**Toewyding teenoor hulle werk:** In alle gevalle het hierdie toegewydheid duidelik na vore gekom. Al die navorsingdeelnemers het te kenne gegee dat die werk wat hulle doen, vir hulle bevrediging bied. Hierdie gesindheid het ook 'n positiewe invloed op die erns waarmee die vrae beantwoord is.

**Hoë vlak van denke:** Die navorsingdeelnemers het deurgaans die gesprek op hoë intellektuele vlak gehou. Die navorser het gevind dat die onderwerp van prostitusie soms

deur sommige ander (nie-navorsingdeelnemers) mense vermy word, maar die deelnemers het reguit op die vrae geantwoord, en die onderhoud op *"wetenskaplike"* wyse benader.

**Erns waarmee die onderwerp bejeën is:** Navorsingdeelnemers het die kwessie deurgaans met erns benader. Baie van hulle het gereed gesit met dokumentasie om hulle standpunt te ondersteun. Een navorsingdeelnemer het 'n unieke manier van voorbereiding getref: Geen voorbereiding nie. *"...I didn't in fact consult any documents before you came, I wanted this to be a completely open [interview] ... so I wouldn't be conditioned by something else..."* en voeg by *"...I think that the church will very soon have to make a statement about prostitution and your visit to me today has prompted me to actually place it on the agenda of the bishops' meeting, the synod, in September".* 'n Ander navorsingdeelnemer het te kenne gegee dat sy baie gedink het oor die onderwerp en besluit om ook uit haar eie geloofsoortuigings en lewensbeskouing te praat.

**Gemaklikheid van onderhoude:** Saam met die welwillendheid het ook 'n gemaklikheid na vore gekom. Navorsingdeelnemers was gemaklik met die bandopnemer en het die nie as bedreigend beskou nie; trouens een het gesê: *"...ek het mos met jou gepraat, en nie met die bandopnemer nie".* Geeneen het enige beperking geplaas op die gebruik van die materiaal wat op band opgeneem is nie. Nog 'n navorsingdeelnemer het gevra vir 'n kopie van die band waarop haar onderhoud opgeneem is. Geen navorsingdeelnemer het 'n voorlegging gevra alvorens die verslag geskryf kon word nie.

**Beskikbaarheid vir onderhoud:** 'n Interessante verskynsel was dat die een onderhoud, wat op aandrang van die navorsingdeelnemer oorgegaan het in 'n tweede, nie veel meer opgelewer het as tydens die eerste onderhoud nie. Dit navorsingdeelnemer se fisiese toestand op die dag van die tweede onderhoud was ongunstig, maar sy het nogtans aangedring op die onderhoud toe te staan. Die kortste onderhoud het net tien minute geduur, maar het besonder baie inligting opgelewer. Die navorsingdeelnemer het besondere werksdruk ondervind, met dreigende stakings van hofpersoneel en 'n algemene tekort aan ander sleutelwerknemers. Die afleiding kan gemaak word dat tyd nie 'n faktor is vir suksesvolle onderhoudvoering nie - kwaliteit is eerder die maatstaf. As die kwaliteit van die

vrae hoog is, en die vrae word duidelik gestel, is die antwoorde meestal ook van hoë gehalte.

Navorsingdeelnemers het deurgaans entoesiasties en behulpsaam voorgekom. Een rede sou wees dat verreweg die meeste van die navorsingdeelnemers geen onmiddelike bestuurshoof gehad het nie. Almal was in 'n posisie om self die besluit te neem om deel te neem aan die navorsing aangesien hulle self die hoof van die afdeling, departement, streek of area was. Nie een het nodig gehad om toestemming van 'n bestuurshoof of iemand hoër op in 'n hiërargiese struktuur aan te vra, of te verkry nie. Dit is die mening van die navorser dat hierdie feit gemaak het dat die inligting werklik *"uit die hart"* gekom het, wat meer substans gee aan die menings wat verkry is. Die dissiplines wat hulle verteenwoordig, en ook die posisie wat hulle beklee het, het gemaak dat hulle waardevry kon reageer. Almal het hulle menings openhartig gelug. Die algemene reaksie van die navorsingdeelnemers was 'n gretigheid om hierdie kwessie te probeer oplos, indien 'n oplossing moontlik sou wees.

## 7.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die metode wat gevolg is om hierdie navorsing af te handel, bespreek. Eerstens is die keuse van navorsingsmetodiek verduidelik, daarna is die metodes gedefinieer. Enkele gedagtes oor die gebruikmaking van die verskeie tegnieke wat aanvaarbaar en toelaatbaar is by kwalitatiewe navorsing, is verduideik. Die navorsingsmetodiek, waaronder die onderhoudvoering, die implementering van die navorsingsmetode asook die keuse van navorsingsdeelnemers is bespreek. Die natuurlike geskiedenis van die navorsing is ook aangeraak.

Die persoonlike ervaring en belewenis van die navorser is genoem, in 'n poging om die leser in te lig oor heersende toestande tydens die onderhoudfase, asook die omstandighede waarin die navorsingdeelnemers verkeer het. Sommige het onder moeilike omstandighede ingestem tot die onderhoud.

# 8 DATA-ANALISE

## 8.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk handel oor die analisering van inligting wat tydens die onderhoude verkry is. Die rasionaal van die spesifieke wyse waarop die response gekategoriseer is, word verduidelik. 'n Verdere afdeling van hierdie hoofstuk is die kodering van navorsingsdeelnemers, en die ontsluiting van gegewens. Navorsingsdeelnemers word slegs deur middel van 'n kode geïdentifiseer. Die identiteit van die navorsingsdeelnemers word deur die navorser beskerm. Daar word slegs gebruik gemaak van 'n kode om die dissipline waartoe die navorsingsdeelnemer behoort, aan die leser bekend te stel. In die meeste gevalle sou die antwoord die beroep bepaal, maar die kode soos uitgestippel, word deurgaans gebruik.

Tydens die onderhoude het geblyk dat van die navorsingsdeelnemers ter voorbereiding vir die onderhoud, self enkele bronne geraadpleeg het. Sommige het slegs gekwoteer uit pamflette of publikasies, terwyl ander die materiaal vir die navorser aangebied het. Die aard en omvang van hierdie bronne word kortliks bespreek.

'n Verskynsel wat baie duidelik uit die onderhoude geblyk het, is dat sommige van die navorsingsdeelnemers die kwessie van prostitusiebeleid, vanuit twee invalshoeke benader. Uit hulle professionele hoedanigheid word hulle daagliks gekonfronteer met verskeie dimensies van prostitusie, en is dit nodig dat hulle die realiteite daarvan in hulle hoedanigheid as beleidsmaker of -toepasser trotseer. Wanneer hulle egter die geleentheid gegee word om uit persoonlike oortuiging en uit eie lewensbeskouing te reageer, verskil hulle houding teenoor prostitusie heel dikwels. Hierdie aspek word ook kortliks toegelig.

## 8.2 BEGRIPSINHOUD VAN ANALISE

Die transkripsies en veldnotas is deurgewerk, gemerk en die gedeeltes soos aangedui, is opgeneem in die ontleding van die navorsing. Hierdie dokumentasie is, tesame met die bandopnames, as die basis geneem vir die skryf van hierdie hoofstuk. Tesame hiermee is die vrae in die onderhoudskedule voortdurend in gedagte gehou sodat nooit uit die oog verloor is wat die aanvanklike mikpunt was nie.

Berg (1995, p. 181 e.v.) noem sewe hoofelemente in geskrewe boodskappe wat belangrik is om die begripsinhoud van analise maklik te maak en te verklaar:

**woorde** - die kleinste eenheid, en is belangrik in die veelvuldige gebruik daarvan
**temas** - 'n kort sinnetjie of sinsnede met 'n onderwerp en predikaat
**karakter** - bedoelende 'n persoon of persone wat dikwels figureer
**paragraaf** - kan gebruik word as basis maar moet versigtig gehanteer word omdat verskeie konsepte daarin vervat kan word
**item** - verwys na 'n hele eenheid wat gebruik word, soos 'n boek, brief, toespraak of in hierdie geval, 'n onderhoud

**konsep** - hier word woorde in konsepsuele bondels of trosse saamgevoeg om 'n veranderlike te beskryf

**semantiek** - hier is die navorser bedag op die gevoelsinhoud van die woord of woorde. (Odendal, et al 1979, p. 953 verduidelik **semantiek** as volg: leer van die betekenis van taaluitinge)

In hierdie verslag is van verskeie van hierdie elemente gebruik gemaak om die werklike betekenis van response van navorsingsdeelnemers te verkry. Dit sal in die gedeelte oor onderhoudontleding geinkorporeer word.

Om die data waarmee gewerk gaan word, vas te lê, is verskeie tegnieke ingespan, soos volg: die opstel van die onderhoudskedule, die voer van die onderhoud, waartydens 'n bandopname gemaak is, die transkribeer van die bandopnames, en die byhou van veldnotas. Met die analisering van transkripsies van die onderhoude, en ook van die veldnotas wat gehou is, is van hierdie elemente gebruik gemaak.

## 8.3 ONTSLUITING VAN KODES

Kodes is gebruik om die identiteit van die navorsingsdeelnemer te bewaar. Oorspronklike data soos transkripsies van die bande is by die navorser verkrygbaar. Op versoek, en met die instemming van die betrokke navorsingsdeelnemer, kan die verlangde inligting bekendgemaak word.

### 8.3.1 Eerste breë kategorisering

Navorsingsdeelnemers is in die volgende kategorieë ingedeel:

**BELEIDSMAKERS**, bestaande uit 'n lid van die plaaslike wetgewer en 'n opposisielid; **KODE Bm (BELEIDMAKER)**

**BELEIDSTOEPASSERS**, wat die polisie, en persone van die kantoor van die staatsaanklaer en prokureur-generaal ingesluit het; **KODE Bt (BELEIDSTOEPASSER)**

GESONDHEID EN WELSYN, bestaande uit die stadsgeneesheer en die maatskaplike werker; KODE Gw (GESONDHEID EN WELSYN)

RELIGIE, insluitend verteenwoordigers van die N.G. Kerk, die Anglikaanse Kerk, Rooms-Katolieke Kerk en die Islamietiese geloof; KODE Rg (RELIGIE)

FILOSOFIE, verteenwoordig deur die filosoof. KODE Fs (FILOSOFIE).

### 8.3.2 Tweede verfyning van kategorieë

'n Verdere verfyning van die verskillende groepe is as volg gemaak:

* **GROEP EEN:** **BELEIDSMAKERS en BELEIDSTOEPASSERS** sou in een groep opgeneem kon word. Beide hierdie kategorieë se basiese uitgangspunte het te make met wetmatigheid, een van die kant van die beleidmaker en van die kant van die toepasser daarvan. Na hierdie groep word verwys as WETSTOEPASSERS.

* **GROEP TWEE:** **GESONDHEID en WELSYN** val ook in een groep, synde twee dissiplines wat te make het met die fisiese en sosiaal/maatskaplike welsyn van die individu. Hierdie groep word aangedui as die WELSYNWERKERS.

* **GROEP DRIE:** Die derde groep behels menings uitgespreek deur verteenwoordigers van die verskillende denominasies wat in hierdie navorsing betrek is. Hierby is die filosoof ook ingesluit. Vanuit hulle dissiplines wat te make het met die hoër-orde denke, wat veral gerig is op die morele en godsdienstige aspekte, word hulle saam gegroepeer. Hierdie groep word geïdentifiseer as MORALISTE.

### 8.3.3 Kodering

By elke verwysing of aanhaling, direk of omskryf, is 'n kode aangebring. Die kodering word as volg verduidelik:

**Bm.O1:1** sou dan beteken dat die bespreking afkomstig is van die kategorie van **BELEIDMAKER**, Onderhoud nr. 1, en bladsy 1 van die transkripsie.

Veldnotas is op dieselfde manier gekodeer; behalwe dat **Gw.V12:3** dan sou beteken dat die gedeeltes afkomstig is uit die kategorie van **GESONDHEID EN WELSYN**, Veldnota van onderhoud 12, bladsy 3.

Die onderhoude is genommer in die volgorde wat dit gevoer is: eerste onderhoud is nommer 1, tweede onderhoud is nommer 2, en twaalfde onderhoud is nommer 12.

## 8.4 INLIGTING UIT DIE ONDERHOUDE VERKRY

Die navorser het begin met die versamel van data toe 'n brief aan geselekteerde persone geskryf is om inligting oor die relevansie van die onderwerp te kry. Die aanvanklike navrae het gegaan oor die wenslikheid van verdere navorsing oor hierdie onderwerp. Daarna is inligting, soos verkry uit koerantberigte, populêre en vaktydskrifartikels, 'openbare menings', en televisie- en radioprogramme versamel om meer te wete te kom. Die formele literatuurstudie is tog in der waarheid ook 'n tegniek van data-insameling. Met die deurwerk van verskeie akademiese bronne is reeds 'n voorlopige analise gemaak. Kwessies soos uit die literatuurstudie het bepaal watter vrae ingesluit kon word in die onderhoudskedule. Elemente van belang is uitgelig soos dit uit die literatuurstudie opgeneem is.

Aspekte van die gevoelens oor prostitusie, soos deur die navorsingsdeelnemers weergegee, word hierna behandel. Soos dit uit die onderhoude na vore gekom het, is daar geen duidelike afbakening tussen beleidmaking, hantering en toepassing van die beleid nie - 'n beleid wat gemaak is, moet tog toegepas word, en as geen beleidsverandering gaan plaasvind nie, moet die status quo gehandhaaf word op 'n spesifieke manier. By die toepassing van beleid moet die beleid wat aanvanklik aangeneem is, op 'n aanvaarbare manier en tot bevrediging van almal wat daarby betrokke is, geïmplementeer word.

Ander vrae wat tydens onderhoude gevra is, en wat soos hierbo as sub-kategorieë aangedui word, word ook in hierdie afdeling behandel. Hierdie sub-kategorieë is die persoonlike inligting oor die navorsingsdeelnemers, dokumentasie wat beskikbaar gestel is, en laastens die atmosfeer van elke onderhoud soos deur die navorser ervaar is. Enkele verdere opmerkings van die navorser word ook bygevoeg.

Perspektiewe soos uit die onderhoude verkry, word vervolgens bespreek. Die indeling is volgens die vrae soos dit verskyn in die onderhoudskedule. Dit is breedweg in drie hoof-momente verdeel, naamlik inligting oor beleidmaking, beleidshantering en beleidstoepassing.

Met die opstel van die skedule is, soos reeds verduidelik, die vrae in breë kategorieë ingedeel. Die navorsingsdeelnemers het in sommige gevalle die vrae nie direk beantwoord nie. Die verlangde antwoord is verkry wanneer die navorsingsdeelnemer in 'n vorige antwoord uitgebrei het, en dan die verlangde antwoord verstrek het voordat die vraag direk gevra is. Dit was vir die navorser voldoende as die strekking of omskrywing die vraag beantwoord het, in teenstelling met 'n direkte verklaring of verduideliking.

### 8.4.1 Diverse kerngedagtes uit die onderhoude

Hieronder word 'n aantal aanhalings soos dit uit die transkripsies kon, aangebied. Hierdie aanhalings kom van die navorsingsdeelnemers wat in hulle professionele hoedanigheid met prostitutie te make het. Die leser kan hierdeur 'n goeie idee kry hoe beleidsmakers en -toepassers, maar ook diegene uit die verskillende dissiplines wat geraadpleeg is, voel oor hierdie kwessie.

Die aanhalings kom regstreeks uit die transkripsies van die onderhoude, en word aangedui volgens die koderingstelsel wat gebruik word.

**Bt.O1:4** *"...as die wet geskrap word, sal prostitusie afneem, dit is 'n sosiale onaanvaarbare ding, hy sal gekanaliseer word na plekke, na gebiede waar hy aanvaarbaar is en hy gaan verdwyn uit die onaanvaarbare areas. Die gemeenskap sal hom wegdruk ..."*

**Rg.O3:7** *"...deur die kerk met sy profetiese stem het die kerk hier 'n baie belangrike taak, oor die kerk individue so ver kan bring dat die individue dit [prostitusie] so afkeur dat die staat eintlik nie eers nodig het om wette daaroor te maak nie ... staat as't ware net ingryp as die openbare kanale vervuil word, of versuur word".*

**Bm.O5:1** *"...no justification for [prostitution] ...it is in general abhorrent, wrong, sinful, exploitive, dehumanising."*

**Bm.05:2** *"...[people] should not just condemn and reject. ...[n]ot victimise the victim, for the second time, whether it be male or female".*

**Rg.O6:1** *"... as far as we Moslems are concerned, prostitution is a very great sin, a major sin, and Islam does not allow prostitution under any conditions. No matter how poor a person can be, how necessary it becomes for a person ... we call it adultery, adultery and prostitution is the same, in Arabic we call it 'zinah'".*

(Hierdie navorsingsdeelnemer het, op 'n vraag of daar nie 'n ander woord in Arabies vir prostitusie is nie, ontwykend weggekyk. Hy het nie ontkennend geantwoord nie, slegs sy kop geskud. In die konteks van die gesprek kan die afleiding kan gemaak word dat so 'n woord wel bestaan, maar 'semanties gelaai' is en dus nie normaalweg gebruik word nie, veral nie in teenwoordigheid van 'n vrou en nie-Moslem nie).

**Fs.O7:3** *"...'n analise van die funksie van die staat ...as dit daar is om regte van mense te beskerm ... hoe hanteer hy daardie regte - dit help nie as ons 'n menseregtehandves het nie, dat ons reg op privaatheid het, reg op outonomie, en jy interpreteer hom so dat hy presies die teenoorgestelde is wat hy veronderstel is on te doen nie."*

**Bm.O8:2** *"ek sal nooit 'n wet kan steun wat prostitusie verbied nie, dan dryf jy hom ondergronds..."*

**Rg.O9:1** *"Prostitution is nothing less than sin, its nothing but sin, from that [comes] jealousy, violence".*

**Bt.O10:2** *"...ek is ten gunste van die dekriminaliseer van prostitusie ... dit is vir my 'n moraal, moraliteit wat deur wetgewing probeer afgedwing word ... die mans word nie vervolg nie, dis maar altyd die prostitute".*

**Bt.O11:8** *"...is dit billik, is dit reg, is dit nodig dat die polisie uit hulle pad moet gaan om mense te vang, te arresteer, voor die hof te skeep, en alles wat daarmee saamgaan, waar daar nie 'n klag gelê is deur enigiemand nie"*

**Gw.O12:4** *"...hoe gaan jy dit [wetgewing] afdwing ...jy gaan mense nie verander deur wetgewing nie. Mense word verander deur opvoeding, en nie deur 'n wet nie".*

**Gw.O12:9** *"...vat die wetgewing weg ... bring [prostitusie] op standaard, gesondheid-standaard, maak 'n ordentlike beroep [daarvan] en dan geleidelik sal die gemeenskap daaraan gewoond raak want die oomblik wat jy so 'n issue van maak ... dan is dit 'n polimiek, hierdie ou sê daarvoor, daai ou sê daarteen en ons sal in elk geval nooit almal daaroor saamstem nie".*

Inderdaad net so uiteenlopend as wat menings uit die geskrewe woord is, net so uiteenlend uit die gesproke woord (verwysend na die aantal aanhalings aan die begin van die verslag)!

### 8.4.2 Menings oor beleidmaking

Om menings van navorsingsdeelnemers te verkry oor die kwessie van beleidmaking, is die volgende aspekte aangeroer:

- Konsep van *"beleidmaking"*;
- Gevoelens oor beleidsverandering;
- Watter faktore kompliseer beleid oor prostitusie;
- Menings oor bestaande beleid;
- Menings oor beleidsopsies.

Vervolgens word die reaksie van navorsingsdeelnemers, soos uit die onderhoude, in die drie verskillende kategorieë weergegee.

8.4.2.1 Wetstoepassers (Groep 1):

**Bm.05:2** meen daar is **niks verkeerd met 'n kultuur van menseregte nie,** *"...but there are codes of ethics ... [h]uman beings don't live alone, we live in a society, community, [we] must survive ... my parents taught me that we are like the fingers of one hand, all are different, look [at the] hand, see how dependent on each other, ... you cannot say I am the thumb, I will do whatever I like ... codes of ethics for groups, for society, for the community ...* ***I do defend the rights of the individual, but the body of every human being is personal, private and sacred*** *... people who want carnal relations, about consenting adults, that's conscience, we are not animals".*

**Bm.08:2** meen sy sou nooit 'n **beleid kon steun wat prostitusie totaal verbied nie.** ***"[E]k sou [dit] in die eerste plek wou wettig, ... wou reguleer, prostituut moet registreer, gesondheidsvereistes, een maal per maand mediese ondersoek,*** *sodat die newe-effekte uitgewis kan word ...'n Christen sal nie so 'n beroep waag nie ...[maar 'n] Christen moet nie die oë sluit dat daar wel mense is wat dit doen nie; behoort verantwoordelikheid, binne wette verantwoording doen".* *'n Beleid wat hier voorgestel word, is dat dit moeiliker gemaak moet word om prostitute te besoek,* ***geen reklame moet daaraan gegee word nie.*** *"Prostitusie [word op 'n] skinkbord [aangebied], selfs masseersalonne, deel van gesondheidsklubs, loop uit op prostitusie ...".*

Volgens **Bm.08:4** is die nuwe regering sterk ingestel op die **menseregtekultuur.** Veral die swart vrou wil haarself meer bemagtig. Sy wil nie meer volgens tradisionele gewoontes wat geld in landelike gebiede, geen seggenskap oor haarself hê nie, maar wil in beheer wees. Die swart vrou is sterk ingestel op vroueregte en sal prostitusie nie as 'n bedreiging sien nie, aldus **Bm.08.** Sy sal, juis uit 'n kulturele oogpunt, nie so sterk oor seksuele losbandigheid standpunt inneem nie, dus beskou sy **prostitusie nie as 'n morele kwessie nie.** Vir **Bt.010:2** is daar geen alternatief as dat prostitusie **gedekriminaliseer** word nie. *"Dit is vir my 'n moraal, moraliteit wat deur wetgewing probeer afgedwing word".* Verder het die navorsings-

deelnemer ook melding gemaak van die ongelykheid wat bestaan tussen man en vrou; waar die prostituut aangekla kan word, maar die kliënt oortree geen wet nie.

**Bt.011:3/4** noem dat die plaaslike prokureur-generaal se kantoor die polisie opdrag gegee het om nie meer lokvalle te stel nie. In so baie gevalle word die saak nie tot skuldigbevinding gevoer nie, en baie tyd en geld word verkwis. **Die polisie het opdrag om slegs op klagtes te reageer.** In die geval waar prostitusie openlik op straat of in 'n openbare gebou bedryf word, sal die betrokkenes se klagte ondersoek word, en die nodige regstrappe sal geneem word.

Oor beleidsverandering het **Bt.011:5** twee benaderingswyses. Aan die een kant is *"... **dat wetgewing inderdaad op aandrang van die gemeenskap geskep word**". Aan die ander kant, is dit "... die regering, politici, of wie ook al, [wat] ingryp, en ... **dit is die regering se persepsie oor hoe die gemeenskap daar moet uitsien, daarom skep ons vir hulle hierdie wetgewing** ... [h]ulle weet nie wat vir hulle goed is nie en nou moet ons hulle op die regte pad hou deur middel van wetgewing, en ek dink dit is miskien baie meer waar die ontugwet om gegaan het, hy gaan nie so iets met wetgewing maklik platslaan nie".* Die probleem wat hier ontstaan is dat wanneer 'n dossier voor hom geplaas word, en wetgewing moet toegepas word, daar geen probleem is nie. Maar as 'n **morele kwessie**, waarteen sy eie oortuigings indruis, deur wetgewing toegelaat word, *"...dan sit ek doodeenvoudig met die toepassing daarvan".* In antwoord op 'n pertinente vraag van die navorser oor wat met prostitusie moet gebeur, sê die navorsingsdeelnemer *"...ek weet nie, dis 'n dilemma, want hierdie aanhaling (die aanhaling waarna verwys word is van Thomas Aquinas wat gesê het: "Rid society of prostitutes and licentiousness will run riot throughout. Prostitutes in a city are like a sewer in a palace. If you get rid of the sewer, the whole palace becomes filthy and foul") is absoluut in die kol ... **[d]it is iets wat jy nooit uitgeroei kan kry nie, prostitusie is so oud soos die Bybel, en ouer**".*

8.4.2.2 Welsynswerkers (Groep 2):

**Gw.012:10** is bewus van **kulturele verskille** waar sommige gemeenskappe buitehuwelikse seks en verskeie biologiese vaders vir hulle kinders, glad nie as verkeerd beskou nie. **As die vrou dan nog geld verdien, is dit tot almal in die spesifieke gesin se voordeel.**

8.4.2.3 Moraliste (Groep 3):

**Rg.03:6** is van mening dat *"...iewers [moet daar] 'n grens of 'n balans wees tussen ... die reg van die individu om sy privaatlewe te voer soos hy wil, binne die raamwerk van wet en orde, en aan die anderkant juis die openbare orde ..."* Hy voel dat alhoewel die *"...gebied grys is... is dit 'n terrein waarvan die staat hom nie sommer kan onttrek nie, veral nie as jy kyk by die ander voorbeelde waar die staat betrokke is nie".* **Die staat gaan nie die samelewing koester nie, en dit gaan mense sterk maak.** *"As ons doen wat die Here vra, sal ons gesond wees, stabiele mense wees, minder vatbaar vir geestessiektes, selfmoord. Daar behoort 'n "[k]ompromie, as Christelike eties, [tussen] gesondheidsdienste, maatskaplike struktuur, hulp van 'n pastorale terapeut, [te wees] ... [daar moet] druk op die owerheid [wees] om na ons te luister, prostitusie [te] reguleer, ... [sodat mense] uit eie vry wil keuses maak".*

Hierby sluit **Fs.07:2** aan met die gedagte dat *"... [ek] probeer al hoe meer appelleer op logiese beredenering, neem die uitgangspunt, die geluk van die mense ...* ***hoe kan jy geluk van mense waarborg*** *- geluk van 'n prostituut waarborg, [dit is] totaal ongeldig of jy moet legaliseer ...* ***die vraag is in watter konteks het God bedoel 'n mens gelukkig sal wees, vra in hoeverre kan jy dit verseker in jou gedragswyse".*** Die beleid wat hier voorgestel word, is dat mense **morele kwessies moet internaliseer, sodat prostitusie nie as opsie oorweeg word nie.**

**Rg.09:4** is van mening dat die Anglikaanse Kerk *"...****will very soon have to make a statement about prostitution and your visit*** *(die besoek van die navorser) today has prompted me to actually place it on the agenda of the bishops' meeting...".*

#### 8.4.2.4 Interpretasie

Na aanleiding van die response kan die gevolgtrekking gemaak word dat waar dit gaan oor beleidmaking, wat terselfdertyd ook die moontlikheid van beleidsverandering insluit, is daar geen eenvoudige oplossing nie, indien enige. Dit blyk dat die wetgewer nie alleen 'n besluit kan neem oor beleidsrigtings aangaande prostitusie nie. Die breë samelewing, met insette van verskillende strukture soos kultuur, kerk, en gesondheid behoort die kollektiewe verantwoordelikheid te neem as dit sou gaan oor beleidsverandering.

### 8.4.3 Menings oor die hantering van die beleid

Om menings te kry oor die hantering van beleid, hetsy bestaande beleid, of dan 'n veranderde beleid, is die volgende riglyne gestel:

- Regverdiging vir wetgewing oor prostitusie;
- Moet prostitusie gedekriminaliseer word;
- Moet prostitusie gereguleer word;
- Indien wel, deur wie.

Die volgende menings word uitgelig om hierdie vrae te beantwoord:

#### 8.4.3.1 Wetstoepassers (Groep 1):

**Bt.O1:4** wil dat **wetgewing oor prostitusie verval en glad nie gereguleer word nie.** Net so onwillig as wat mense is om wetgewing teen prostitusie na te kom, net so onwillig sal hulle wees om te registreer.

Probleme wat ondervind is met die toepassing soos tans word bespreek deur **Bt.O1:5**. Die polisie kan nie meer mannekrag 'vermors' deur aan mindere misdade aandag te gee nie. Die polisie *"...kry pak slae van orals af, die publiek kla ... die polisie is aangevat omdat hulle soveel moeite maak om 'n prostituut te vang..."*. Die polisie moet 'n *'ordentlike saak'* maak, *"...as mens baie tyd vat, en jy het 'n paar rand tot jou beskikking, kan 'n ou nog teen hulle*

*optree, maar dit is soveel moeite en wat is die uiteinde, helfte gaan nie eers hof toe nie, [prostitute] gee vals adresse aan, kan nie opgespoor word nie, hoe gaan jy haar in die hande kry".*

In die twee jaar wat **Bt.O10:1** sy werk doen, is slegs een saak oor prostitusie verhoor. Die boete wat opgelê is, was in die omgewing van R200. 'n Verkeersoortreding word soms gestraf deur die oplegging van 'n boete tot soveel as R1 500. Vergelyk dan die erns waarmee die oortreding bejeën word, gesien in die lig van die boete wat opgelê is. Gesellinklubs se meisies word beskerm deur die eienaar van die betrokke gesellinklub, en hy betaal dikwels haar boete, as skulderkenning of afkoopboete. Daarna is die prostituut vry om haar werk te hervat.

#### 8.4.3.2 Welsynswerkers (Groep 2):

**Gw.02** se grootste bekommernis is dat die wet bestaan. Dit **striem die optrede van die munisipaliteit om op te tree teen prostitute as groep**; as van die prostitute verwag word om gereeld te gaan vir mediese ondersoeke - want dan sou dit beteken dat ***"...ons prostitusie wettig - jy kan die onwettigheid nie binne die wet akkommodeer nie".*** Die gesondheidsdepartement kan nie regstreeks optree teen die prostitute nie. Daar kom wel enkeles na die stadsklinieke vir ondersoeke en gratis kondome. Hierdie navorsingsdeelnemer, **Gw.02:5**, se departement is in die proses om 'n *"PARTNER NOTIFICATION CARD"* te ontwerp. Hierdie kaart word aan prostitute uitgegee wat in die klinieke positief getoets het vir seksueel oordraagbare siektes. Die kaart moet dan aan al haar seksmaats gegee word, sodat hulle op hulle beurt weer kan kom vir toetse, en as hulle weer ander seksmaats gehad het, word die kaart verder versprei. Die kaart sal makliker uitgedeel word deur prostitute. Die alternatief sou wees dat prostitute hulle seksmaats moet meedeel dat hulle positief toets, en hierdie mondelinge mededeling sal vir baie moeilik wees; die kaart kan net oorhandig word, met geen verduideliking nie.

8.4.3.3 Moraliste (Groep 3):

Rg.03:7 *"...as die openbare opinie gevorm moet word deur die kerk met sy profetiese stem het die kerk hier 'n baie belangrike taak, omdat die kerk individue so ver kan bring, dat die individue dit so afkeur dat die staat einlik nie eers nodig het om wette daaroor te maak nie. Dat die staat as't ware net ingryp as die openbare kanale vervuil word, of versuur word".*

Oor die hantering sê **Rg.03:8**, *" ... [prostitusie] gaan ook om seksuele perversiteit, dit gaan om die sonde in die hart van die mens ... dit gaan om veel meer, Bybels gesien, as net 'n staatswet. Die staatswet is in elk geval tot bevrediging van die ou wat se beginsels reg is, wie se hart reg is, maar die ander ou gaan in elk geval dit opsoek".*

**Rg.04:2** spreek dit mening uit dat dit moeilik sal wees om prostitusie stop te sit, *"... [it] should only be kept under control. ...[c]ircumstances are different in different areas ... to threaten them with sickness, they can say they can take care of that aspect".*

Ook **Gw.012:3** het gemeld dat prostitute glad nie verder as van dag tot dag dink en beplan nie. **Siektes, ouderdom en ongeskiktheid vir hierdie werk is iets waaraan hulle verkieslik nie dink nie - dit kan later hanteer word, soos die toestand hom voordoen.**

8.4.3.4 **Interpretasie**

Hierdie vrae kon ook nie enkelvoudig beantwoord word nie. Die individuele verskille wat betref kultuur, godsdiens en internalisering van morele beginsels het 'n groot invloed op die benadering van hierdie fenomeen. Indien 'n wet steeds bestaan, sou dit 'n oortreding wees om dit nie toe te pas nie, daarom kan 'n veranderde beleid ten opsigte van prostitusie die saak beter dien. As prostitusie nie meer as oortreding beskou word nie, kan dit gereguleer word deur die inagneming van moraliteit, gesondheidsrisiko en etiese beginsels.

### 8.4.4 Menings oor die toepassing van die beleid

Response oor die toepassing van 'n beleid oor prostitusie is ontlok deur op die volgende klem te lê:

- Wie is die rolspelers in beleidstoepassing;
- Moet daar 'n beleid oor prostitusie wees;
- Indien wel, wie moet dit toepas, en hoe;
- Indien nie, wat word van prostitusie.

Hieronder is die reaksie van navorsingsdeelnemers in antwoord op die vrae oor toepassing van die beleid:

#### 8.4.4.1 Wetstoepassers (groep 1):

By die beantwoord van die vrae aangaande die toepassing van die beleid, is daar heelwat teenstrydighede wat opgeval het. Indien die bestaande beleid net so behou word, sou dit beteken dat beleidstoepassers, deur wetgewing, verplig is om die wet toe te pas soos dit op die wetboeke verskyn. Feitlik al die navorsingsdeelnemers sou verkies dat prostitusie gedekriminaliseer word, maar dat sekere reëls en regulasies ingestel word in 'n poging om prostitusie te beheer. Tog word die vraag gevra hoe reëls en regulasies opgestel word, deur wie, en hoe dit toegepas gaan word. Indien die regulasies oortree word, sou dit nie beteken dat daar weer eens sprake is van beleidsweerspreking of -oortreding nie? Daarmee saam is daar die probleem van die uitvoering daarvan.

Soos **Bt.011** aangedui het, het die plaaslike prokureur-generaal se kantoor opdrag gegee aan die polisie dat slegs op klagtes van die publiek gereageer word. Verskeie navorsingsdeelnemers het die mening gelug dat verskillende nuanses intree as dit by die toepassing van wetgewing kom. In sommige gevalle is prostitusie *'verskoonbaar'*, word dit deur sommige wetstoepassers geïgnoreer, word dit slegs onder seker omstandighede gestraf, en word dit toegelaat om ongesteurd in sekere geografiese gebiede voort te gaan. Daar bestaan dus reeds onreëlmatighede met die toepassing van die beleid oor prostitusie.

**Bt.O11:3** meld dat die publiek wel insae het om **wetgewing te verander**, maar dit gebeur so selde, dit is meestal die departementele personeel (Dept. van Justisie) wat besluit. **Daar is die gevalle waar die publiek se insette wetgewing kan beïnvloed**, soos gemeld deur **Bm.O8:5**, waar werkswinkels, ad hoc-komitees en openbare verhore gehou was met die kwessie oor dobbelary. **Die probleem** is dat baie min instansies of individue inderdaad reageer; dan val dit weer terug na die wetgewer wat self moet besluit.

Indien die bestaande beleid verander word, en prostitusie word wel gedekriminaliseer, kan op verskeie maniere opgetree word. **Bt.01.4** is van mening dat ... [wetgewing] heeltemal wegval... As hy [wetgewing] heeltemal gedereguleer word, of heeltemal weggevat word ... dan sal [hulle] hulleself uitwerk (hier verwys hy na die prostituut).

**Bm.05:1** voel ook dat geen regverdiging vir prostitusie aanvaarbaar is nie, *"... we in society must find another way to help them"* (verwysend na die prostituut wat geld nodig het om haar gesin te onderhou en ander finansiële verpligtinge na te kom).

8.4.4.2 Welsynswerkers (Groep 2):

**Gw.02:1** meen ...*"geen wetgewing het dit nog ooit stopgesit nie ... en nou voel ek dat mens op hierdie stadium ... wetgewing moet skrap, ... en kyk of dit nie op 'n ander manier beheer kan word nie, as jy dit dan nie kan stopsit nie".*

8.4.4.3 Moraliste (Groep 3):

**Rg.03:5/6** voel die staat is nie die sedelike waghond van die gemeenskap nie ... *"maar hierdie humanistiese individualisme waarop prostitusie ook gewettig kan word ... waarin die staat so min as moontlik regulerend optree ten opsigte van individue ..."* moet morele en etiese kwessies, konvensie, historiese gebruik en gewoonte, almal oor dieselfde kam geskeer word. As diefstal deur die staat in bedwang gehou moet word (deur middel van straftoemeting) moet prostitusie ook gestraf word.

**Rg.04:2** maak ook melding van die menreregtekultuur. Volgens hierdie kultuur sou diegene wat prostitusie bedryf, kan aanspraak maak op eie reg en keuse, maar prostitusie *"... goes against the family, other people are involved ... [prostitution] is wrong in itself, no justification".*

**Rg.06:3** probeer *"zinah"* of ontug voorkom deur die kleredrag van die Islamitiese vrou, haar huisgebondenheid en ook deur die twee geslagte sover moontlik afsonderlik van mekaar te laat funksioneer. Hierdeur word die man nie deur die teenwoordigheid van die vrou verlei tot *"zinah"* nie. Waar Moslem-aanhangers binne 'n nie-Moslem staat funksioneer, sal Koran-wette voorkeur kry bo beleidsrigtings soos deur die betrokke staat aanbeveel ... *"Muslims always follow Islam laws, irrespective of the position of the state. If the state allows abortion, we will not allow it ... if you find one ['n prostituut] in our community, you will talk to her, provide for her, provide for the family, sort [the] problems out. Islam will not allow a woman to prostitute herself".*

#### 8.4.4.4 Interpretasie:

Weer eens het navorsingsdeelnemers uiteenlopende antwoorde gegee. Dit is volgens die verwagting van die navorser, want navorsingsdeelnemers is juis gekies uit verskillende agtergronde, geslag en kultuur. Dit blyk egter dat die algemene gevoel is dat die finale besluit oor prostitusie nie by wetgewing gaan berus nie, maar die individu en die gemeenskap moet toegelig en opgevoed moet word om 'n verantwoordelike keuse te maak.

## 8.5 PERSOONLIKE MENINGS EN AGTERGROND VAN NAVORSINGSDEELNEMERS

Die navorsingsdeelnemers word hier kortliks aan die leser bekendgestel. Hier word ook klem gelê op die onderskeid tussen die professionele belewenisse en menings deur die navorsingsdeelnemers uitgespreek, en die menings uitgespreek in hulle persoonlike hoedanigheid. Sommige van die navorsingsdeelnemers word daagliks met die fenomeem gekonfronteer, soos die polisie, en die stadsgeneesheer wat in die hoedanigheid van haar bestuursposisie, betrokke by primêre gesondheid te make het met prostitusie. Die menings van die polisieman wat die

prostitute op straat in hegtenis neem, sal uiteraard verskil van dieselfde persoon as hy sy persoonlike mening lug, gesien uit 'n Christelike standpunt dat buitehuwelikse seks ongeoorloof is. Net so sal die stadsgeneesheer, wanneer sy haar persoonlike mening gee oor prostitusie, verskil van die feit dat sy in haar professionele hoedanigheid die prostituut inlig oor die gebruik van voorsorgmaatreëls of die mediese implikasies van veelvuldige seksmaats.

Bt.O1 ('n polisieman) is reeds tien jaar by hierdie tak van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. In die gewone verloop van sy werksdag, wat soms om twee uur in die oggend begin , gaan dit hoofsaaklik om wetstoepassing. By die toepassing van wetgewing oor prostitusie behels dit dikwels die stel van lokvalle om prostitute te betrap, en dan die gepaardgaande administratiewe werk van verslae skryf en getuienislewering in die hof. Hy beskou die prostituut as 'n vrou wat 'n sosiale uitgewekene is, maar hy ken ook 'n prostituut wat in alles behalwe prostitusie, 'n wetsgehoorsame burger is. Sy werk lang ure en wil net graag haar kinders van die beste gee, wat betref aandag, kwaliteit tyd en opleiding. Met haar het die navorsingsdeelnemer nie 'n probleem nie. Dit bevestig weer die ambivalensie wat bestaan teenoor die gevoelens en siening oor prostitusie. Die polisieman beskou prostitusie as 'n wetsoortreding, maar die een prostituut wat haar werk op 'n onderbeklemtoonde wyse doen, kan hy nie veroordeel nie.

Bt.O1:6 meen *"...hoekom ek sê dit moet gedekriminaliseer word - daar is volgens my, daar is geen slagoffer nie. ...op die stadium wanneer die misdaad gepleeg word, is daar nie 'n slagoffer nie, twee volwasse persone wat toestem tot die situasie soos dit is, en daar is geen slagoffer of benadeelde party nie"*.

Gw.02 ('n medikus) is nie direk gemoeid met prostitusie nie, maar in beheer van Bloemfontein-stad se Vigskliniek, en daarom regstreeks betrokke by beleidsvorming oor die toepassing van wetgewing oor prostitusie. Tog is haar persoonlike mening dat prostitusie indien nie uitgewis kan word nie, wel verminder kan word as instansies soos byvoorbeeld kerkgenootskappe kursusse oor huweliksverryking, self-ontdekking en seksualiteit aanbied. Hier kan mense ingelig word oor verskeie aspekte wat prostitusie, as oplossing vir buitengewone seksuele voorkeure, kan verminder.

Die volgende navorsingsdeelnemer het 'n religieuse verbintenis. <u>**Rg.03:4 ('n teoloog)**</u> is dosent aan 'n plaaslike universiteit, met die vakrigting van ekklesiologie, *"...letterlik die leer van die kerk..."*. Hy is ook baie betrokke by kultuuraangeleenthede en veral by jeugorganisasies. Vir hom is die verpligting op die kerk waartoe hy behoort om sy lidmate so op te voed en in te lig dat wetgewing geensins die gedrag van die lidmate sou beïnvloed nie. Indien die lidmate genoegsaam versterk is deur 'n sterk morele binding tot 'n monogame verhouding, sou wetgewing nie nodig wees om mense te verbied om prostitusie te bedryf nie.

**Rg.03:6** stel dit sterk *"...ek sal altyd 'n voorstaander wees dat die staat sê maar sigbare prostitusie verbied, ... om dit in die privaatlewe altyd te kontroleer, is dalk 'n groot probleem." "...die staat is nie 'n sedelike waghond nie, maar hier waar hy dan na die openbare orde se kant kom, die openbare deug, openbare sedelikheid, dan lyk dit my tog die staat [het] dalk hier iets te sê".*

**Rg.03:5** gee sy mening van *"...uit 'n Christelike lewensperspektief, is 'n klem op menseregte, sonder menseverantwoordelikhede onverantwoord ... en as mensergte neerkom soos dit uit die Verligting opgebou het, uit die 17de eeu, bloot uit die verheerliking van die individu, waar die individu soveel as moontlik vryheid moet kry om te maak wat hy wil, en waarin die owerheid maar eintlik niks anders as 'n tipe van verkeersman is nie ... teen hierdie humanistiese individualisme waarop prostitusie ook gewettig kan word ... waarin die staat so min as moontlik regulerend optree ten opsigte van individue, daarteenoor moet 'n mens vanuit 'n Christelike perspektief ... ook die opdrag van die staat beskou ...'as dienaar van God, jou ten goede', Rom. 13:4, ... as om te werk vir die openbare orde".*

<u>**Rg.04:1 ('n Katolieke biskop)**</u> is hoof van sy kerk in die Vrystaat, en gemoeid met administrasie oor 'n gebied wat strek van Upington, Bloemfontein tot Botswana. Hy het *"..jurisdiction to views of self, provided [I] make it clear that it is a personal position".* Hy is baie sensitief teenoor buite-egtelike verhoudings, maar bewus van finansiële nood by sommige mense, en sou prostitusie onder uiterste omstandighede kon verskoon.

<u>**Bm.05 ('n politikus, Lid van die Vrystaatse Wetgewer)**</u> het 'n interessante geskiedenis van opleiding by verskeie instansies in die buiteland vanaf 1976, betrokkenheid by talle

organisasies en optredes voor talle gehore voordat sy betrokke geraak het by die Vrystaatse Wetgewer. Sy vind prostitusie totaal onaanvaarbaar, en verwag dat die samelewing 'n kollektiewe verpligting het tot opvoeding van al sy lede, en uitreiking teenoor diegene wat prostitusie as uitweg kies.

Al drie die navorsingsdeelnemers wat as hoofde van hulle onderskeie kerke in die Vrystaat gepraat het, is al vir 'n lang tyd in die bediening.

**Rg.06 ('n imam, leier van 'n Moslem-gemeenskap)** het vir sewe jaar in Indië gewoon om die Koran te bestudeer. As hoof van die Moslem-geloof in die Vrystaat, tree hy as raadgewer en geestelike leier op vir diegene wat die Moslem-geloof aanhang. Volgens hom bestaan daar 'n hegte verhouding tussen aanhangers van hierdie geloof, en dat hulle inderdaad omsien na hulle lede wat hulp nodig het. Die veronderstelling is dat vroue wat in nood verkeer, deur die lede van die gemeenskap ondersteun word, en indien hulle hulle toevlug tot prostitusie sou neem, hierdie vroue deur die gemeenskap tot ander insigte gebring sal word.

**Fs.07 ('n filosoof)** en vanuit sy invalshoek, benader hy die kwessie oor prostitusie as *"...glashelder in die grondwet dat individualistiese liberalisme oorheers in die besluitneming tot op die hoogste vlak"*. Hy het *"... deernis met vroue wat 'n lewe so moet maak ... [maar] dit is totaal verontmensliking ... [v]erdierliking van al die mense wat betrokke wees ... van [m]enswees bly niks oor nie"*.

Oor die kwessie van die afwesigheid van 'n slagoffer meen **Fs.07:2** dat dit te veel van individualistiese liberalisme is, soos die argument wat ook geld by dwelmmisbruik. Dit is 'n *"...[o]ordrywing van outonomiteit ... die waarheidselement van outonomie is elke mens het reg om eie besluit te neem, valsheid is dat net ek kan wetgewer wees vir my bestaan, en dit is nie waar nie. ... [d]aar is veel meer in gemeenskapslewe en in meenswees wat dit verbied dat net wat ons besluit, saakmaak"*.

**Bm.08 ('n opposisielid in die Vrystaatse Wetgewer)** was ook eers betrokke by kultuur-organisasies alvorens sy 'n politieke loopbaan in die plaaslike Wetgewer aanvaar het. Sy meen haar politieke party sou nie van haar verwag om teen haar eie lewensbeskouing

standpunt in te neem nie. Vir haar is prostitusie onaanvaarbaar, en indien min of geen reklame (of beriggewing) daaraan gegee word nie, sal dit nie as opsie vir onervare persone bekend wees nie.

**Rg.09:5 ('n Anglikaanse biskop)** meld dat sy toegewydheid tot sy werk, wat hom weerhou het van 'n normale gesinsopset *"... made for a lot of loneliness ... not having companionship, but on the other hand ... I find that it's never been a barrier as far as women is concerned when it comes to discussing moral problems"*. Prostitusie is vir hom onaanvaarbaar, maar 'n voldonge feit, met die gevolg dat sy sinode 'n besluit daaroor sal neem by 'n volgende sitting. Hierdie bespreking is geïnisieer deur die onderhoud wat die navorser met hom gehad het.

**Bt.010 ( 'n staatsaanklaer)**, verbonde aan die landdroshof, is seker dat die howe in elk geval hulle tyd mors met hofsake waar die persoon, as sy skuldig bevind word, die opgelegde boete betaal, en vry is om steeds maar voort te gaan met haar werk as prostituut. Die indruk wat gelaat is, is dat die howe, en al die amptenare verbonde aan die hofprosedure, hulle tyd beter kan benut as om prostitute te vervolg.

**Bt.011:5 ('n adjunk prokureur-generaal)** sien homself nie as liberaal of konserwatief nie, *"... ek is trouens in alles ['n] billik, gematigde persoon, ... maar dit beteken nie dat ek vir iemand anders gaan voorskryf nie"*. Hy voel prostitute moet hulle beroep beoefen binne bepaalde geografiese gebiede, waar hulle nie vir die sensitiewe persoon 'n verleentheid is nie. In en om die omgewing waarbinne hy daagliks funksioneer, is die prostitute en hulle bedrywighede nie aanvaarbaar nie.

**Gw.012 ('n maatskaplike werker)** wat reeds lank in diens is van die Provinsiale Wetgewer, Departement van Welsyn en Gesondheid, wat intussen 'n naamsverandering ondergaan het. Haar siening is dat 'n prostituut ook as wetsgehoorsame landsburger beskou kan word. As 'n vrou as prostituut werk, en genoeg verdien om in haar en haar afhanklikes se behoeftes te kan voorsien, is sy nie 'n las vir die staat nie, eerder 'n bate, want die staat sal 'n deel van die prostituut se inkomste neem, al is die manier waarop sy hierdie verdienste verkry, onwettig.

Uit die bostaande inligting blyk dat die persoonlike **menings** van die navorsingsdeelnemers feitlik deurgaans dieselfde is: prostitusie behoort nie plaas te vind nie. Die feite word egter in ag geneem, en daar is telkens deernis en begrip vir diegene wat hierdie opsie uitleef. Die algemene gevoel is dat die totale gemeenskap verantwoordelikheid moet neem om die kwessie aan te spreek, en dat die wetgewer alleen nie aanspreeklik gehou kan word op 'n werkbare oplossing te vind nie.

## 8.6 INLIGTING UIT DOKUMENTASIE VERKRY VAN NAVORSERSDEELNEMERS

In die onderhoudskedule is spesiaal ruimte gelaat vir die versoek van die kant van die navorser dat enige relevante dokumentasie beskikbaar gestel word. Die gedagte was dat dokumentasie soos beleidskrifte, notules, agendas vir besprekingsvergaderings, of enige ander dokument gebruik kon word vir verdere toeligting. Die dokumente wat wel aangebied is, het enkele gedagtes beklemtoon, maar het nie veel inligting bevat nie. Hierdie aspek word kortliks hier bespreek.

Aan die begin van die navorsing, tydens die eerste onderhoud om die relevansie te bevestig, het Mnr. Atolo onderneem om ondersoek in te stel na enige notule, sakelys, memorandum, of enige beleidskrif wat deur die African National Congress as wetgewer, oor hierdie kwessie opgestel het. Hy het in geen stadium terugvoering daaromtrent gegee nie, wat die indruk gelaat het dat geen dokument opgespoor kon word nie. Van die kant van die wetgewer dus, bestaan nie veel dokumentasie oor hierdie kwessie nie, behalwe dat wetgewing op die wetboeke verskyn.

Tydens die latere onderhoude met beleidmakers en -toepassers is die vraag telkens gestel, maar dokumentasie was skaars en soms nie toepaslik nie. **Bm.08** het 'n uittreksel uit die huidige wetgewing voorgehou, wat aan die navorser gegee is. (Wet op Seksuele Misdrywe, No. 23 van 1957).

**Gw.02** het gemeld dat by die bronnesentrum van die Bloemfonteinse Munisipaliteit, dokumente oor beleidsstandpunte mag wees, veral dokumente wat tydens die onlangs Beijing-

byeenkoms gehou is. By navraag het dit geblyk dat hierdie dokumente, weens 'n tekort aan mannekrag, steeds ontoeganklik is, tensy die navorser self die dokumente ontsluit, orden en kategoriseer. Omdat hierdie inligting buite die parameters van hierdie navorsing val, is hierdie bron nie verder ontgin nie.

Een navorsingsdeelnemer het 'n blanko aansoekvorm gegee waarop voornemende eienaars van gesellinklubs 'n aansoek om 'n handelslisensie kan doen. Indien die aansoeker oor voldoende finansies beskik, en die perseel voldoen aan die voorgestelde vereistes, word 'n handelslisensie geredelik toegestaan. Dit blyk dat toestemming om 'n gesellinklub te bedryf maklik verkrygbaar is. Dit het soms wel gebeur dat 'n bepaalde gemeenskap beswaar gemaak het, klagtes en versoekskrifte voorgelê het, en dat die aansoek dan afgekeur word, op openbare aandrang.

**Rg.04** het 'n gedeelte uit die Katolieke Kategismus aangebied. Hierdie deel handel spesifiek oor kuisheid, met slegs 'n verwysing na prostitusie. Daar was ook 'n gedeelte beskikbaar uit 'n populêre vraag-en-antwoordboek wat handel oor seksualiteit, wat nie toepaslik was nie. Uit hierdie dokument wat **Rg.V4:2** aangebied het, het Kategismus no. 2355 wat deur die navorsingsdeelnemer self aangehaal is, ietwat omstrede voorgekom:

> *"while it is always gravely sinful to engage in prostitution, the imputability of the offence can be attenuated by destitution, blackmail or social pressure".*

As in gedagte gehou word dat die Katolieke Kerk streng reëls het oor hoereerdery, selibaatskap en geboortebeperking is dit ietwat van 'n verrassing dat prostitusie onder sekere omstandighede verskoonbaar is.

**Rg.06** het verskeie pamflette oor *'zinah'* gegee. *'Zinah'* is die Arabiese woord vir owerspel, ontug en hoereerdery. Die woord *'prostitusie'* kom nêrens voor nie.

**Rg.09** het die Anglikaanse Kerk se dokument *"The Church and Human Sexuality"* beskikbaar gestel. Dit is die amptelike beleidsdokument oor daardie kerk se siening oor seksuele gedrag, met slegs 'n verwysing na promiskue gedrag.

Gw.0.12 verklaar dat geen amptelike beleid, beleidsdokument of riglyne in haar departement bestaan nie. Elke geval word op meriete behandel, en maatskaplike gevalle word gehanteer volgens die erns van die toestand waarin die individu of die gesin verkeer. Prostitusie is meestal slegs 'n deel van die sosiale probleem wat aangemeld word.

Die gevolgtrekking wat deur die navorser gemaak is, is dat alhoewel die kwessie van prostitusie vir al die navorsingsdeelnemers baie belangrik blyk te wees, is daar nie veel dokumentasie beskikbaar oor hierdie kwessie nie. Die verwagting sou wees dat verskeie strukture beleidsdokumente sou opstel, gesien in die lig van die verskillende dimensies wat prostitusie behels. Enkele kwessies wat voor die hand liggend is, is die verspreiding van seksueel-oordraagbare siektes, die probleme met die toepassing van bestaande wetgewing, en die openbare afkeur van opsigtelike tippelary.

## 8.7 SAMEVATTING

Bostaande inligting is verkry uit die onderhoude wat met die verkose navorsingsdeelnemers gevoer is, dokumente wat aan die navorser gegee is, en die navorser se waarneming tydens die onderhoude. Die algemene gevoel is dat die kwessie van prostitusie nie 'n eenvoudige konsep is wat met enkele beleidsveranderings 'opgelos' kan word nie. Hierdie konsep word gestaaf deur inligting uit die literatuur dat prostitusie nog nooit deur al die rolspelers op 'n gegewe tydstip in die geskiedenis aanvaar is nie. Deurentyd is daar diegene wat gekant is teen die bedryf, asook diegene wat 'n bestaan maak daaruit, en ook diegene wat van die prostituut se dienste gebruik maak. Die gevolgtrekking en aanbevelings wat in die volgende hoofstuk gemaak word, kan moontlik as riglyne dien vir die moontlike 'oplossing' van die probleem.

# 9 SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

## 9.1 INLEIDING

Die navorsingsverslag oor **perspektiewe van beleidmakers en -toepassers oor die wettiging van prostitusie** berus basies op twee steunpilare. Aan die begin is inligting aangebied wat verkry is uit die literatuur. Verskeie bronne soos vakliteratuur, koerantberigte, en vaktydskrifte is geraadpleeg, maar daar is ook opleeswerk gedoen uit populêre tydskrifte.

Die tweede gedeelte bestaan uit inligting verkry uit die onderhoude wat gevoer is met verskeie navorsingsdeelnemers, en ook in enkele gevalle, bronne wat hulle beskikbaar gestel het. Hierdie gedeelte sluit ook in die navorser se eie mening en ervaring gedurende die loop van die navorsing. In hierdie laaste hoofstuk word die bevindings soos uit die literatuurstudie en uit die onderhoude bekom, bespreek. Enkele afleidings en aanbevelings word gemaak.

Uit die literatuur blyk dat die kwessie van wetgewing rondom prostitusie nog steeds as die multi-dimensionele fenomeen wat dit is, uitgewys word. Te veel verskille in hoe hierdie fenomeen bedryf word, bestaan. Slegs enkele voorbeelde van die soorte prostitute is bespreek, soos die straatvrou, die gesellin, die snelweg-prostituut. Al hierdie dimensies bepaal die ingesteldheid wat die prostituut teenoor haar beroep het.

Die straatvrou is dikwels op die laagste rang van die hiërargie van prostitusie en sy is bereid om enigiets te doen wat haar kliënt verwag, solank sy net betaal word vir haar dienste. Die gesellin wat in die klub werk, is nie so blootgestel as die straatvrou nie, want die eienaar van die klub waar sy werk, beskerm haar in 'n mate. Die foonsnol, wat in die hoër echelon van prostitusie val, werk soms vir slegs een kliënt op 'n keer. Al hierdie vroue voel waarskynlik nie dieselfde oor hulle bedryf nie, en sou mens hulle menings kon inwin, sou dit sekerlik ook verskil van dié van beleidmakers en -toepassers. Die menings van prostitute sou dus 'n verdere navorsingsprojek regverdig.

Wat duidelik uit die onderhoude geblyk het, is dat die navorsingsdeelnemers verskeie, soms uiteenlopende menings huldig. Hierdie menings word in hierdie hoofstuk bespreek met die oog op die moontlikheid dat die wetgewer in die toekoms 'n beleidsaanpassing kan maak, en dan kan hierdie verslag as riglyn dien om beleidmakers tot hulp te wees.

## 9.2 MULTI-DIMENSIONELE ASPEKTE WAT IN GEDAGTE GEHOU MOET WORD

Aan die begin van hierdie verhandeling is melding gemaak van 'n digotomie oor prostitusie. Teen die einde het hierdie tweeledigheid uitgebrei na meerledigheid! Kwessies wat van twee kante benader kan word, is die volgende:

- **Twee konsepte van seks**

Rg.O3:5 en Fs.V7:1 maak beide melding van die **kontroversie oor seks.** As die behoefte uit wellus ontstaan is dit degraderend en vernederend, maar seks kan opheffend en verhewe wees, binne 'n monogame verhouding, verkieslik 'n huwelik. Dieselfde aktiwiteit spreek van toegeneëntheid en binding in 'n monogame verhouding maar ook van hoogs tydelike ontlading met geen sprake van emosionele insette nie.

- **Geloofsoriëntering**

Nog 'n argument is die tweestryd tussen Christen en nie-Christen. Wie se normes en waardes moet in wetgewing beskerm word? **Bm.O8:5** vra of Christenskap ten volle uitgeleef word as jy bang is vir 'n wet. *"'n Mens moet 'awe' hê vir die Here, ...as [jou] vertikale verhouding reg is, maak dit nie saak of daar 'n wet is nie...".*

- **Persepsies oor prostitusie**

'n Derde digotomie word daargestel met die gedagte dat prostitusie *"...is abhorrent"* **(Bm.O5:1)** of *" ... an insult to women"* **(Rg.O9:5)** of *"...a sin"* **(Rg.O6:1)** teenoor **GW.O12:1** se liberale denke dat die beroep van die prostituut 'verhoogde status' moet kry.

- **Staat versus Kerk**

Vierdens is daar die tweeledigheid tussen wat die Staat verteenwoordig en wat die Kerk verteenwoordig. Wie se belange geld, en hoe word elkeen, ook die ongelowige, se belange

behartig. Kan die staat almal tevrede stel, en hoe gaan die menings van minderheidsgroepe geakkommodeer word?

- **Beleidsbepaling**

Ten laaste word die kwessie geopper dat wette oor prostitusie in die meeste gevalle deur mans gemaak is. Diegene wie se lewens deur hierdie aktiwiteit geraak word, in die meeste gevalle vroue, het geen geleentheid om enige inset te lewer nie. Dit is hulle wat gestigmatiseer word deur bestaande wetgewing. Sou dit vergesog wees om te strewe daarna dat prostitute self mag besluit oor die hantering hiervan, en ook oor beleidsverandering?

In hierdie verslag is heelwat meer vrae gevra as wat antwoorde aangebied is. Aan die een kant is dit seker nie wetenskaplik om vrae te vra en nie antwoorde te gee nie, maar aan die ander kant kan die stel van die regte vrae aan die regte mense, baie positiewe reaksie uitlok. So 'n vrae-strategie kan, in hierdie geval, beleidmakers en -toepassers lei om self 'n rigting in te slaan, en self met 'n oplossing te kom. Oud-Regter M. T. Steyn het onlangs by 'n private funksie op Philippolis, op 28 September 1996 as gasspreker opgetree. Hy het melding gemaak van die nuwe Suid-Afrika wat soms omring is met newels - gelukkig is hierdie newels deurdringbaar en met intervensie deur die gemeenskap kan die newels, of die *'modderigheid'* van wetgewing oor prostitusie deurdring word om 'n helderheid te openbaar, wat vir almal aanvaarbaar is.

## 9.3 INTERPRETASIE IN TERME VAN DIE LITERATUURSTUDIE

Om vergelykings te maak tussen die literatuurstudie en die menings wat verkry is tydens die onderhoude is 'n moeilike taak. Die omstandighede, situasies en stand van wetgewing soos ten tye van die literatuurstudie verskil van dié wat geld tydens die tydperk wanneer die onderhoude gevoer is, naamlik Julie-Augustus, 1996. So ook verskil die navorsingsdeelnemers wesenlik van mekaar.

Die navorsingstegniek wat hier gevolg is, naamlik dié van kwalitatiewe navorsing, is egter by uitstek geskik om in-diepte menings van die navorsingsdeelnemers te vergelyk met die

menings van ander soos verkry uit die literatuur wat bestudeer is. Dit gaan dus oor die inhoudelike, en nie oor hoeveel menings ingewin is nie. Williams & McShane (1988, p. 3) maak melding dat kwalitatiewe navorsing substans-georiënteer is, en sin maak uit verskeie konflikterende posisies in terme van die sensitiseer van mense oor kwessies wat hulle gewoonweg nie sou raaksien nie.

In hierdie gedeelte word slegs enkele vergelykings soos dit in die literatuur voorkom, beklemtoon. Uit al die bronne wat in die loop van hierdie navorsing geraadpleeg is, kan die volgende afleidings gemaak word:

### 9.3.1 Prostitusie kan gedekriminaliseer word

Dominelli (1986, p. 65) maak die stelling dat prostitute doen wat hulle doen deur 'n geïnternaliseerde psigologiese meganisme wat versterk word deur 'n leemte in geleenthede en strukture om daaruit te ontsnap. As hierdie stelling van Dominelli in gedagte gehou word, kan gevra word wat dan verkeerd sou wees om prostitusie te dekriminaliseer.

In sommige lande, soos blyk uit Hoofstuk 3, word die kwessie van prostitusie omseil deur wetgewing wat sentreer rondom verwante misdade soos uitlokking, openbare onsedelikheid, ongewensde teenwoordigheid op straat, tippelary deur die prostituut; en uitbuiting, aanranding, oorreding tot prostitusie en soms dwang by die souteneur.

Deur menseregte en individualisme te beklemtoon, verskoon die gemeenskap die gedrag van die prostitute, maar die gemeenskap wil darem nie alle wetgewing verwyder nie, want dit sou beteken dat die gemeenskap prostitusie goedkeur.

Om hierdie bespreking te staaf word verwys na Hoofstuk 5, 5.4 waar Wilson & Lavelle (1993, p. 669) pleit vir dringende, omvangryke intervensie in die vorm van plaasvervangende regulering van prostitusie. Wilson & Lavelle (1993, p. 669) vra vir dringende samewerking tussen die regering, vakbonde, buite-parlementêre partye en privaatsektor-organisasies vir ko-ördinering om die kwessie aan te spreek. Ook in Hoofstuk 5, 5.7 word melding gemaak van die noodsaaklik van die afskaffing van regulerende wetgewing. Hepburn (1993, p.

1370) voel dat die beeïndiging van die onwettigheid van prostitusie noodsaakik en baie wenslik is.

### 9.3.2 Prostitusie moet gereguleer word

Beleidmakers en -toepassers, soos blyk uit die literatuur, maak stemming vir die reguleer van prostitute, hetsy deur middel van registrasie, verpligte mediese ondersoeke en ander maatreëls. Weereens, as die prostitute self, soos blyk uit die literatuur wat bestudeer is (Hoofstuk 6), nie bekommerd is oor seksueel-oordraagbare siektes, aanranding, ander werksverwante risiko's nie, kan daar namens hulle inspraak gelewer word? Kan wetgewers namens hierdie groep intree om die res van die gemeenskap te beskerm, teen 'n aktiwiteit waarteen hulle nie beskerm wil wees nie?

Uit die literatuur (Hoofstuk 5, 5.8.4) wil dit voorkom dat wetgewers in sommige stede met prostitute samewerkingsooreenkomste aangegaan het. Perkins (1991, p. 361) noem dat in Sydney is pogings aangewend om staattippelary te reguleer. Hierdie ooreenkomste sou die gedagte van *"no bad women, but bad laws"* ondervang, as wetgewing so aangepas kan word om die prostitute te akkommodeer binne die parameters van regulering.

### 9.3.3 Die gemeenskap moet verantwoordelikheid aanvaar

In aansluiting by die gemeenskap se betrokkenheid by prostitusie kan gevra word of die gemeenskap verantwoordelikheid kan aanvaar vir al sy lede? As die antwoord JA is, hoe moet hy te werk gaan? Is die aangewese praktyk om sommige van die gemeenskapslede te gebied om sekere aktiwiteite te vermy, soos deur wetgewing teen prostitusie? Ander lede van die gemeenskap word deur religieuse praktyke beïnvloed om sekere aktiwiteite te vermy. Vir diegene wat geen erg het aan prostitusie uit eie morele motivering nie, is wetgewing tog oorbodig. Diegene wat in die dampkring van prostitusie beweeg, doen dit in elk geval, ten spyte van wetgewing daarteen.

### 9.3.4 Reklame bevorder prostitusie

Prostitusie word reeds in baie stede in spesifieke areas gelokaliseer. Soos die bekende rooilig-areas, is daar ook woonstelblokke en kamerwonings in ander areas wat spesifiek die dienste van prostitute adverteer, soos gemeld in Hoofstuk 6. Sou 'n geldige argument wees om te redeneer dat enigeen wat hierdie areas besoek, bereid moet wees om prostitute, kliënte en ander overte tekens van hierdie bedryf te verduur solank hulle in daardie area verkeer? As prostitusie gelokaliseer is, is die res van die gemeenskap gevrywaar van die aanskoue van enige sulke aktiwiteite. Jong kinders en diegene wat maklik beïnvloedbaar is, sal nie oorreed word daartoe nie. Die onus rus dan op die prostituut en die kliënt. Geen reklame word gemaak om die openbare orde te versteur nie, maar sanksie word verleen aan diegene wat daarmee gemoeid wil wees.

### 9.3.5 Kulturele verskille moet in ag geneem word

Uit die literatuur is dit duidelik dat kulturele oriëntasie belangrik is by prostitusie. In sommige Oosterse lande word die prostituut as belangrike toeriste-aanloklikheid beskou, sommige prostitute word vereer indien hulle verdienste gaan om die opheffing van sibbe (broers wat opgelei kan word as monnikke). In Suid-Afrika is daar groot verskille wat betref die benadering tot prostitusie. Sommige kulture beskou prostitusie as onaanvaarbaar, ander het geen afkeur vir hierdie praktyk nie. En die prostituut self? Sy is die een wat die besluit moet neem, en as in ag geneem word die aantal vroue uit alle kulture wat in hierdie bedryf werksaam is, hoe integreer sy haar kulturele oortuigings met haar werk?

In verskillende samelewings word kulturele waardes deur wetgewing voorgeskryf. As voorbeeld dien die streng wette wat in Islamitiese state gehandhaaf word oor byvoorbeeld die gedrag en kleding vir vroue in openbare plekke. Moet wetgewing kulturele kwessies vir een groep omvat, net soos dit in Islamitiese state die religieuse aspekte omvat? Wat van die menseregte van die nie-Islamitiese burger? Sou die interlalisering van kultuurgebruike nie genoegsame sanksie teen prostitusie wees nie. Dit sou wetgewing onnodig maak. Diegene wat geen kulturele afkeur het vir prostitusie sal dan vry wees om die bedryf te beoefen.

In Hoofstuk 5, (5.5) verwys Sutherland & Cressey (1966, p. 368) na misdaad as 'n natuurlike fenomeen, en hiervolgens sou geredeneer kan word dat dit ook by sommige kulture voorkom. Die gewensde optrede sou wees om nie die prostituut te straf nie, maar om die samelewing, en die heersende kultuur-oriëntasies so te verander dat haar dienste nie meer nodig sou wees nie.

### 9.3.6 Geslagsverskille moet in ag geneem word

Onder gewone omstandighede is 'n man en 'n vrou nodig vir seksuele omgang. Mans redeneer dat vroue benodig word met wie hulle seksueel kan verkeer (teen betaling), maar dat dit nie ten koste van 'n monogame verhouding is nie. As sulke vroue nie beskikbaar is nie, wat sou die man se reaksie wees? Die vrou wat haarself prostitueer, redeneer sy het die reg om self te besluit oor die wyse waarop sy inkomste genereer. As daar moet besluit word wie die meeste aandadig is aan prostitusie, redeneer mans en vroue uit verskillende hoeke.

Die man kan redeneer dat hy seksueel meer aktief is en dus verskeie seksmaats nodig het, en die vrou kan redeneer dat sy slegs die instrument is om in sy behoefte te voorsien. Maar, wanneer die feministiese dimensie bykom, raak die vrou se siening selfs meer komleks en haar mening meer belangrik.

## 9.4 INTERPRETASIE IN TERME VAN DIE EMPIRIESE STUDIE

In die vorige gedeelte is enkele argumente uitgelig, na aanleiding van inligting wat verkry is uit bronne wat geraadpleeg is. Hieronder volg die menings van navorsingsdeelnemers, rakende dieselfde argument. In hierdie geval is die kommentaar afkomstig van die navorsingsdeelnemers met die onderhoude gevoer is.

### 9.4.1 Prostitusie kan gedekriminaliseer word

Wetgewing aangaande prostitusie kan van die wetboeke afgehaal word, soos voorgestel deur **Bm.O8:2** en ook **Bt.O1:1**. Daar is verskeie argumente daarvoor. Nie alleen sal dit polisiemanne in staat stel om meer tyd en aandag te gee aan ernstige misdade nie, maar die

howe se tyd kan ook beter benut word as sake wat deur die hof in elk geval as minder belangrik geag word, nie op die hofrol verskyn nie. Volgens **Gw.O2** sal die verwydering van wetgewing oor prostitusie die geleentheid bied om met prostitute as 'n *'groep'* te werk, want met wetgewing teen prostitusie op die wetboeke sal enige samewerking met hulle beteken dat haar departement prostitusie oogluikend goedkeur. Prostitute kan dan genader word met inligting oor die gebruik van voorbehoedmiddels en die noodsaaklikheid van gereelde mediese ondersoeke.

### 9.4.2 Prostitusie moet gereguleer word

**Gw.O12:4** is van mening dat 'n staatsdepartement die regulering moet doen. Die polisie is nie geskik nie, hulle moet die prostituut aankla indien daar enige misdaad gepleeg word en kan dus nie die regulering ook hanteer nie. Net soos gesondheidsinspekteurs by abattoirs aangestel word, so kan gesondheidsinspekteurs beheer oor die prostitusiebedryf uitoefen. Gereelde mediese ondersoeke, byhou van registers van werknemers en propageer van voorsorgmaatreëls teen die verspreiding van seksueel-oordraagbare siektes is van die faktore wat ingedagte gehou kan word, aldus **Bt.O11:6**.

### 9.4.3 Die gemeenskap moet verantwoordelikheid aanvaar

Die gemeenskap as kollektiewe eenheid moet morele verantwoordelikheid aanvaar vir die opvoeding van al sy mense, soos voorgestel deur **Bm.O5:3**. Hier moet die ouers, skool, kerk, werkgewers, ook die wetgewer daadwerklik toetree tot die opvoeding van alle mense sodat daar geen geneigdheid tot prostitusie en ander verwante bedrywighede kan wees nie.

> *"Daar moet terug gegaan word na die huisgesin, alles begin by die huis ...[g]eslagvoorligting op skool [moet] so gegee [word] dat dit nie aanstoot gee nie, inspraak in opstel van leerplanne, [daar moet besin word oor] hoeveel kerke, watter kerk se fundamentele dogma sou geld..."* **(Bm.05)**.

Volgens verskeie navorsingsdeelnemers wat op grond van die verontmensliking, morele degradering en gesondheidsrisiko's teen prostitusie gekant is, kan 'n kollektiewe intervensie

van die kant van die **gemeenskap** dalk die gewensde uitwerking teweegbring. Prostitusie sou dan nie op enige regverdiging kan staatmaak nie nie, want indien armoede en swak skoolopeiding of min werksgeleenthede dan as oorsaak aangegee word, sou die **gemeenskap** 'n kollektiewe verantwoordelikheid moet aanvaar om hulp te verleen.

Bygesê, hierdie intervensie kan slegs gebeur indien die gemeenskap hierdie uitwerking wil hê - en dit berus dan uitsluitlik op die **gemeenskap**.

### 9.4.4 Reklame bevorder prostitusie

Geen reklame moet hoegenaamd aan enige vorm van prostitusie gegee word nie; ook nie aan enige van die ander aktiwiteite wat rondom seks wentel, nie. Hier word gedink aan prikkeltydskrifte, sekswinkels, gesellinklubs, nagklubs, pornografiese materiaal, ens. Net soos dokters nie hulle dienste mag adverteer nie, net so nie mag prostitusie en verwante seksuele bedrywighede nie gereklameer word nie, volgens **Bm.O8:2**. Die persoon wat dan die dienste van 'n prostitutuut verlang, moet moeite doen om hierdie inligting te bekom. Die persone wat nie daarmee gemoeid wil wees nie, word nie met ooglopende, sigbare aktiwiteite gekonfronteer nie.

### 9.4.5 Kulturele verskille moet in ag geneem word

Die in ag neem van kulturele verskille is van kardinale belang. Sekere van die inheemse bevolkingsgroepe het uiteenlopende gevoelens oor menslike verhoudings. Veelvuldige seksmaats is nie vreemd in die moderne sekulêre gemeenskap nie, en soms ook nie in primitiewe gemeenskappe nie. Hier is dus sprake van verskillende sienings oor die instandhou van monogame verhoudings, promiskuïteit en veelvuldige seksmaats. Volgens **Gw.012:10** is die sprong van promiskuïteit na prostitusie nie baie groot nie. Dit is belangrik dat gekyk word na ander kulture en gewoontes, voordat wetgewing gemaak word wat slegs die mening van een groepering van die samelewing weerspieël.

### 9.4.6 Geslagsverskille moet in ag geneem word

Rg.06:9 maak melding van geslagsverskille. Hy meen dat die Koran voorsiening maak vir 'n groter seksuele aptyt by mans en laat toe dat mans met tot soveel as vier vroue mag trou. Mans *"...has [a] natural inclination to look to other women, therefore [he is] allowed to have four wives. ... Woman cannot have more than one man, who will be the father of her child if she conceives. ... Man has variety in [his] own home".*

Hoewel hierdie geslagsverskille nie vir almal geld nie, word hierdie kwessie tog baie pertinent deur die mening van bogenoemde navorsingsdeelnemer aangeraak.

## 9.5 KRITIESE EVALUERING

Om 'n kritiese evaluering te maak oor die kwessie van die moontlike verandering in 'n prostitusiebeleid, word vereis dat die navorser inzoem en die hele aangeleentheid onder die soeklig plaas. Daarvoor is dit nodig om enkele aspekte aan te raak, en ook die jongste beskikbare inligting en openbare gemoedswaaie waar te neem.

Na aanleiding van hierdie navorsingsprojek, is die mening van die navorser dat prostitusie gedekriminaliseer moet word. As alle faktore in gedagte gehou word, soos uitgespel in die voorafgaande, blyk dit dat dekriminalisasie 'n haalbare, rigtinggewende aanbeveling kan wees. Tesame met dekriminalisasie, sou 'n aanbeveling gemaak kon word dat prostitusie gereguleer word. Hierdie reguleringsmaatreëls kan dien om die gemeenskap, wat ook bestaan uit diegene wat nie met prostitusie gekonfronteer wil word nie, te beskerm.

Daar is egter verskeie faktore wat reeds in gedagte gehou kan word by die dekriminaliseringsproses. Dit lê egter buite die parameters van hierdie navorsing om 'n proses aan te dui, daarom word volstaan met enkele riglyne aan beleidmakers en -toepassers. Die navorser het tot die slotsom geraak dat die beleidsverandering wat tot dekriminalisering sou lei, sterk beïnvloed kan word deur faktore behalwe soos uitgespel in beide die interpretasie in terme van die literatuurstudie en die empiriese gedeelte. Enkele faktore word

hieronder bespreek. Nie alleen sou dit 'n leemte laat as hiedie faktore nie in berekening gebring word nie, maar die proses van beleidsverandering kan vergemaklik en verfyn word met in agneming van die faktore soos hieronder.

Op 7 April 1997 stuur SAPA (Die Suid-Afrikaanse Pers Assosiasie) 'n berig uit, onder die opskrif

*"ARGENTINA RECOGNIZES PROSTITUION AS A PROFESSION".*

Die berig lui dat die professionele dienste van mans en vroue wat as prostitute werk, in die Argentynse ekonomie erken sal word. Hierdie werk word geklassifiseer as *"unskilled and industrial work".* Vir die 10 000 werkende prostitute van Argentinië is daar nou 'n vrywaring van vervolging en miskien 'n vrywaring van die marginalisering waarby hierdie persone betokke was. Of sal dit wees? Wetgewing het struikelblokke rondom hierdie professie uit die weg geruim, maar wat gaan die gevolge vir die prostitute wees, en hoe gaan die samelewing reageer?

Soos in Argentinië, kan verskeie faktore in Suid-Afrika 'n belangrike rol speel by die finale besluitnemingsproses. Enkele van hierdie faktore word hieronder bespreek.

### 9.5.1 Veranderende benadering tot wetgewing oor prostitusie

Sedert die begin van hierdie navorsing, wat, soos in die natuurlike geskiedenis gemeld is, reeds 'n aantal jare gelede begin is, het geweldige veranderings op politieke, maatskaplike en ekonomiese gebied in Suid-Afrika plaasgevind. Sommige situasies waar die wetgewer as die tradisionele beskermer van die samelewing opgetree het, het verval. Om 'n verskeidenheid van kulture en normes te akkommodeer, verg groot aanpassingsmaatreëls. Morele oortuigings wat eens gegeld het, het verander. Verskeie ander kwessies het meer prominensie verkry as fokus vir die ondersoek na wetswysiging, soos byvoorbeeld aborsie. Wette is reeds verander, ander kan dalk in die nabye toekoms aangespreek word.

### 9.5.2 Ekonomiese aspekte

As dit 'n kwessie is van ekonomiese oorlewing, en as die vroue hierdie beroep kies as die enigste om 'n bestaan te verseker (om welke redes ook al) is dit noodsaaklik dat die beroep, en hoe dit bedryf word, in oënskou geneem word. Is die vrou wat hierdie werk doen, en huis toe gaan met haar verdienste en haar kinders versorg nie 'n groter aanwins vir 'n samelewing as die vrou wat op staatshulp en welsyn staatmaak nie? Is die prostituut wat selfversorgend is, en haar verpligtinge ten opsigte van burgerskap nougeset nakom, nie eerder 'n aanwins vir die staat as ander wat verpligtinge ontduik nie. Maar watter ander rol vervul die prostituut: is sy nie ook 'n las vir die staat wanneer sy siek word na besmetting met die MI-virus, en mediese behandeling moet kry nie? Wat van haar verpligting as landsburger om 'n bydrae te lewer deur middel van belasting om staatstrukture in stand te hou? Hoe groot is die prostituut se aandeel aan die moontlike verbrokkeling van huwelike, en die gepaardgaande sosiale en fiskale koste van die egskeidings, onderhoud en die ontwrigting van kinders. Hoe kan 'n samelewing of 'n gemeenskap hierdie oortreding, indien prostitusie 'n oortreding is, aanspreek. Moet wetgewing verander word, of moet die gesindheid van die gemeenskap verander. Moet die prostituut beroepstatus verkry, of moet die gemeenskap haar ondersteun en probeer om haar tot ander insigte te bring.

Daar moet egter gewaak word dat die alternatiewe nie boemerang nie. In Odzer (1994) word melding gemaak van alternatiewe wat in Vietnam ingestel was om prostitusie onnodig te maak - op grond van die groot aantal werklose vroue aldaar. Bekende prostitute is op gereelde basis 'beloon' vir onthouding van prostitusie. Hierdie vroue het die loon van die staat aanvaar, maar voortgegaan om prostitusie te pleeg, soms op dieselfde perseel, maar soms het hulle darem van perseel verander. Die beloning het nie juis veel gedoen om prostitusie te verminder nie.

Ander omstandighede word ook deur Odzer (1994) gemeld soos die geweldige finansiële omset van die prostitutiebedryf. Prostitusie, en ook pornografie, kollektief gesien as kommersiële seks is 'n bedryf wat miljoene rand genereer. Dit is 'n kwessie wat verdere, indringende aandag behoort te geniet. Dit is egter 'n terrein wat nie verder hier bespreek

word nie, aangesien die ekonomiese kwessie buite die parameters van hierdie navorsing val. Die finansiële impak rondom die bedryf bly egter van kardinale belang.

### 9.5.3 Die onwenslikheid van dekriminalisasie

Enkele aspekte oor die onwenslikheid van dekriminalisasie van prostitusie in Suid-Afrikaanse opset, het die navorser opgeval. Hierdie argumente sou dien om die status quo te handhaaf, en sodoende die gewete van die gemeenskap te sus met die wete dat prostitusie (en al die randbedrywighede wat daarmee saamgaan) nog steeds afgekeur word, al kyk die wetstoepasser *'anderkant toe'*.

- Ten eerste, prostitusie is nie 'n baie ernstige *'misdaad'* nie. Hierdie feit word gestaaf deur die graad van belangrikheid wat daaraan geheg word tydens hofsake en die strafmaatreëls wat ingestel word. Daar sou geredeneer kon word dat kriminalisasie juis diegene wat in die rigting van prostitusie leun, sal afskrik met die moontlikheid van straf.

- Ten tweede is prostitusie, ten spyte van die syfers wat genoem word, nie so 'n algemene misdryf nie; sekswerkers is beslis nie 'n meerderheidsgroep nie, in ag genome die totale bevolking van enige groot stad. Dit is dalk juis die kriminalisering van hierdie bedryf wat syfers relatief laag hou.

- Derdens sou geredeneer kon word dat die Manifes van Kinderregte eerder strenger wetgewing sou beklemtoon, in stede van 'n verslapping. Om jong kinders te beskerm en te weerhou van toetrede tot hierdie leefwyse sal die kriminalisering van prostitusie as 'n mate van afskrikking dien.

- Laastens het die Wetgewer die plig om sy kollektiewe verantwoordelikheid uit te dra as die beskermer van **AL SY LEDE**. Onder hierdie sambreel van beskerming sou ook diegene val wat nie aan die seksbedryf deel het nie, en ook nie daarmee gekonfronteer wil word nie; asook die kinders wie nog nie in staat is om te onderskei tussen onskadelike en skadelike aktiwiteite nie, en ten laaste om te waak oor die openbare sedelikheid van al sy burgers.

Sou 'n mens hierdie aspekte in gedagte hou, is die vraag of dit wenslik is dat prostitusie gedekriminaliseer mag word.

### 9.5.4 Politieke gewin

'n Ander aspek wat die navorser opgeval het is die relatiewe lae prioriteitsprofiel wat wetgewing teen prostitusie tans beklee. Gegee die probleme wat tans ondervind word tydens die transformasieproses is hierdie duidelik nie 'n hoogs belangrike agendapunt nie. Hier kan die stygende misdaadsyfer, korrupsie en swak finansiële bestuur as voorbeeld dien. Die gedagte het by die navorser ontstaan dat hierdie kwessie, die moontlikheid van 'n veranderde beleid rakende prostitusie, vir politici en gemeenskapsleiers te min politieke *"mileage"* verskaf. Ander kwessies soos aborsie, doodstraf, arbeidswetgewing, loon- en grondgeskille het baie meer trefkrag as prostitusie.

Die vraag kan gevra word of prostitusie wel weer prominensie sal verkry. Die gesondheidsgevaar wat dit inhou vir prostituut sowel as kliënt word ooglopend geignoreer. Die moontlikheid van seksueel oordraagbare siektes is blykbaar nie 'n groot afskrikmiddel nie. As prostitusie miskien 'n nuwe dimensie sou bykry, waar prostitute groter morele afkeur opwek, of as nog 'n groter gesondheidsgevaar inslag sou vind, kan dit die bestaande relatiewe apatie verander in daadwerklike optrede en uiteindelike beleidsverandering. Alvorens dit gebeur, is die gevoel dat die hele kwessie vir die wetgewer nie baie belangrik is nie. Dit kan moontlik verklaar word aan die hand van 'n sterk kultuurverskil tussen die huidige wetgewer en sekere groepe waaruit die samelewing bestaan.

## 9.6 SLOTOPMERKING

Om weer eens Oud-Regter Steyn se insigte aan te haal - mensemateriaal kan veredel word, en kan besonder baat vind by intervensie van die gemeenskap. Die newels waarvan hy praat, wat die nuwe Suid-Afrika omring, is deurdringbaar, en as 'n eensgesinde gemeenskap, ingestel op die totale verbetering en veredeling van almal wat binne daardie kring

funksioneer, ernstig en beslis saamwerk, is 'n gesindheidsverandering nie net waarskynlik nie, maar moontlik.

Die bespreking oor die kwessie van wetgewing rondom prostitusie is saamgestel om die leser voldoende inligting te verskaf oor die aangeleentheid, en dus in staat gestel word om ook standpunt in te neem. Die perspektiewe van navorsingsdeelnemers sluit in 'n groot mate aan by die inligting wat uit die literatuurstudie verkry is.

In die literatuurstudie is bevind dat wetgewing wat prostitusie as misdaad bestempel, in geen stadium die voorkoms daarvan beperk of uitgewis het nie. In lande wat meer liberale denke voorstaan, en waar prostitusie gedekriminaliseer is, het die bedryf uiteraard voortgegaan. Regulerende maatreëls wat ingestel is, het nie die gewensde uitwerking gehad nie. Daar is nog vele prostitute wat hulle bedryf op straat beoefen wat nie gereeld gaan vir mediese ondersoekde, of wat nie aandring op voorsorgmaarteëls teen die verspreiding van seksueel-oordraagbare siektes nie.

Of die vraagstuk oor prostitusie ooit *"opgelos"* kan word, bly 'n ope vraag. Die mening wat die navorser uit al die gegewens oor bestaande wetgewing in baie lande, die kriminele aspek, feminisme, die prostituut se eie gevoelens, en die onderhoude wat gevoer is, kon vorm is een van dekriminalisering, maar regulering. Hiermee saam moet die gemeenskap, bestaande uit kerk, skool, ouers, werkgewers, jeugorganisasies en misdaadvoorkomingsstrukture 'n kollek-tiewe verantwoordelikheid aanvaar om, net soos in die geval van ander misdade, ook prostitusie probeer aanspreek.

Met die voltooiing van hierdie navorsing word geensins veronderstel dat dit die finale en laaste bespreking is wat hieroor gevoer kan word nie. Inderdaad het sedert die begin van die projek alreeds nuwe dimensies en denkrigtings oor prostitusie na vore gekom. Verskeie aspekte kan met vrug oor hierdie onderwerp nagevors word, soos die gesondheidsrisiko wat prostitute en hulle kliënte neem, en ook die invloed van die geweldige ekonomiese omvang van kommersiële seks, wat prostitusie en pornografie insluit.

# LYS VAN GERAADPLEEGDE BRONNE

## 1. MONOGRAFIEE, VAKTYDSKRIFTE EN ANDER AKADEMIESE PUBLIKASIES

AHMED, L. (1992). **Women and Gender in Islam - Historical Roots of a Modern Debate.** London : Yale University Press.

ANNAS, Julia. ETHICS, Vol. 105, No. 2, Januarie 1995. **Prudence and Morality in Ancient and Modern Ethics.** p. 214-257.

BABBIE, Earl. (1995). **The Practice of Social Research.** Seventh Editon. Belmont : Wadsworth Publishing Co.

BARAK, Gregg(Editor). (1994). **Varieties of Criminology. Reading from a Dynamic Discipline.** London : Praeger.

BARLOW, H. D. (1993). **Introduction to Criminology. Sixth Edition.** New York : HarperCollins College Publishers.

BARRY, Kathleen. (1995). **The Prostitution of Sexuality.** New York : New York University Press.

BELL, V. (1993). **Interrogating Incest. Feminism, Foucalt and the Law.** London : Routledge.

BERG, Bruce L. (1995). **Qualitative Research Methods for the Social Sciences.** Second Edition. Boston : Allyn & Bacon.

BIBLE, Good News. Today's English Version. (1978). Goodwood, Cape : Bible Society of South Africa.

BOGDAN, Robert C. & BIKLEN, Sari Knopp. (1992). **Qualitative Research for Education. An Introduction to Theory and Methods.** Boston : Allyn and Bacon.

BOSCH, J. G. S. (1990). **Kriminologie in Suid-Afrika.** Menlopark : Serva-Uitgewers.

BOSMAN, D.B., VAN DER MERWE, I. W. en HIEMSTRA, L. W. (1984). **Tweetalige Woordeboek Bilingual Dictionary.** Kaapstad : Tafelberg.

BROMBERG, W. (1965). **Crime and the Mind.** New York : The Macmillan Company.

BYBEL, DIE (1933-vertaling). Kaapstad : Britse & Buitelandse Bybel Genootskap.

BYBEL, DIE (1983-vertaling). Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CLOETE, M. & STEVENS, R. (1990). **Kriminologie.** Pretoria : Southern Book Publishers.

CLIFFORD, William. (1974). **An Introduction to African Criminology.** Nairobi : Oxford University Press.

CLINARD, M. B. (1974). **Sociology of Deviant Behavior.** New York : Holt, Rinehart and Winston, Inc.

CONKLIN, J. E. (1992). **Criminology. Fourth Edition.** New York: Macmillan Publishing Company.

CORBIN, Alain. Representations 14. Spring 1986. **Commercial Sexuality in Nineteenth-Century France: A System of Images and Regulations.** pp. 209-219.

CURRAN, Daniel J & Renzettim Claire M. (1994). **Theories of Crime.** Needham Heights: Allyn & Bacon.

DAVIS, Nanette J. (Editor). (1993). **PROSTITUTION An International Handbook on Trends, Problems, and Policies.** London : Greenwood Press

DE BEAUVOIR, Simone. (1972). **The Second Sex.** Translated and Edited by H. M. Parshley. London : Jonathan Cape.

DE KLERK, G. W. (1977). **Afwykende gedrag binne die teoretiese raamwerk van Simboliese Interaksionisme: 'n Kritiese evaluering.** Bloemfontein : Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (Magister-verhandeling).

DENZIN, Norman, K. & LINCOLN, Yvonna, S.(Editors). (1994). **Handbook of Qualitative Research.** London: SAGE Publishers.

DE VOS, A. S., STRYDOM, H., FOUCHE, C.B., SCHURINK, E. M. (1996). **Social Work Research: A Primer for the South African Researcher.** With contributions by W. J. Schurink, M. Poggenpoel. Pretoria : Van Schaik.

DOMINELLI, Lena. Sociological review. 1986. **The power of the powerless: prostitution and the reinforcement of submissive femininity.** pp. 65-92.

**ENCYCLOPAEDIA BRITANNICA.** First Published in 1768 by A Society of Gentleman in Scotland. (1970). Volume 18. London : William Benton Publisher.

EYSENCK, H. J. (1977). **Crime and Personality.** St. Albans, Herts : Granada Publishing Limited.

FERREIRA, M., MOUTON, J., PUTH, G., SCHURINK, E., SCHURINK, W. (1988). **Inleiding tot kwalitatiewe metodes, Module 3.** Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

FLEXNER, A. (1969). **Prostitution in Europe.** New Jersey : Patterson Smith.

GEIS, G. (1979). **Not the Law's Business. An Examination of Homosexuality, Abortion, Prostitution, Narcotics, and Gambling in the United States.** New York : Schocken Books.

GELSTHORPE, L. and MORRIS, A.(Editors). (1990). **Feminist Perspectives in Criminology.** Philadelphia : Open University Press.

HARDY, Jean. (1981). **Values in Social Policy. Nine Contradictions.** London : Routledge & Kegan Paul.

HARVEY, Penelope & GOW, Peter. (1994). **Sex and violence. Issues in representation and experience.** London : Routledge.

HAWKINS, G. en ZIMRING, F. E. (1991). **Pornography in a Free Society.** Cambrigde : Cambridge University Press.

HEINS, Marjorie. (1993). **Sex, Sin, and Blasphemy. A Guide to America's Censorship Wars.** New York : The New Press.

HEPBURN, Mary. British Medical Journal. Vol. 307. 27 November 1993. **Prostitution: would legialisation help?** pp. 1370, 1371

HESTER, S., and EGLIN, P. (1992). **A Sociology of Crime.** London : Routledge.

HIBBERT, C. (1963). **The Roots of Evil. A Social History of Crime and Punishment.** Harmondsworth : Penguin Books Ltd.

HILL, Michael, BRAMLEY, Glen. (1986). **Analising Social Policy.** New York : Basil Blackwell Inc.

HOIGARD, Cecilie & FINSTAD, Liv. (1986). **Backstreets. Prostitution, Money, and Love.** Translated (1992) by Katherine Hanson, Nancy Sipe, and Barbara Wilson. Cambridge : Polity Press.

ITZIN, Catherine. (Editor). (1992). **Pornography, Woman, Violence & Civil Liberties.** Oxford : Oxford University Press.

JAGWANTH, Saras, SCHWIKKARD, Pamela-Jane, GRANT, Brenda. (1994). **Woman and the Law.** Pretoria : HSRC Publishers.

JENNESS, Valerie. (1993). **Making it work. The Prostitutes' Rights Movement in Perspective.** New York : Aldine de Gruyter.

JENNESS, V. Social Problems, vol. 37, no. 3, August 1990. **From Sex as Sin to Sex as Work: COYOTE and the Reorganization of Prostitution as a Social Problem.** pp. 403 - 419.

JOLIN, Annette. Crime & Delinquency. Vol. 40 No. 1. January 1994. **On the Backs of Working Prostitutes. Feminist Theory and Prostitution Policy.** pp. 69-83.

KATZ, J. (1988). **Seductions of Crime. Moral and Sensual attractions in doing evil.** New York : Basic Books, Inc.

KEDDIE, N. R. & BARON, B. (1992). **Women in Middle Eastern history: shifting boundaries in sex and Gender.** London : Yale Unviersity Press.

KNEELAND, G. J. (1969). **Commercialized Prostitution in New York City.** New Jersey : Patterson Smith.

LEA, J. and YOUNG, J. (1993). **What Is To Be Done About Law and Order?** London : Pluto Press.

LEVER, Maurice. (1993). **Marquis de Sade.** London : Harper Collins Publishers.

LOMBROSO, Cesare. (1968). **Crime. Its Causes and Remedies.** Translated by Henry Horton. New Jersey : Patterson Smith.

LöTTER, S. SWO Bulletin. Nuus vir die Geesteswetenskappe. September 1995 Volume 2 Nommer 7. **Die interaksie tussen die REG EN MORALIEIT.** Pretoria: Business Print Centre.

LOW, D. A. (1982). **Thieves' Kitchen The Regency Underworld.** London : J. M. Dent & Sons Ltd.

MALINOWSKI, Bronislav. (1957). **The Sexual Life of Savages.** London : Routledge & Kegan Paul Ltd.

MARCUS, Tessa, OELLERMANN, Karen and LEVIN, Nonceba: (July 1995). **AIDS EDUCATION AND PREVENTION. A feasibility study for a pilot intervention with commercial sex workers and long distance truck drivers in the Natal Midlands. An ATICC/AMREF Collaboration.** Pietermaritzburg: University of Natal.

MARSHALL, Catherine & ROSSMAN, Gretchen. (1989). **Designing Qualitative Research.** London : Sage Publications.

McLYNN, Frank. (1989). **Crime and Punishment in Eigtheenth-century England.** London : Routledge.

MUECKE, Marjorie A. Social Science and Medicine. Vol. 35 No. 7. (1992). **Mother Sold Food, Daughter Sells Her Body: The Cultural continuity of Prostitution.** pp. 891-901.

MOUTON, J. and MARAIS H.C. (1990). **Basic Concepts in the Methodology.** Assisted by K. P. Prinsloo and N. J. Rhoodie. Pretoria : Human Sciences Research Council.

ODENDAL, F. F. (Hoofredakteur), SCHOONEES, P. C., SWANEPOEL, C. J., DU TOIT, S. J. en BOOYSEN,C. M. (1979). **HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.** Johannesburg : Perskor-Boekdrukkery.

ODZER, Cleo. (1994). **PATPONG SISTERS. An American Woman's View of the Bangkok Sex World.** New York : Arcade Publishing.

**OXFORD ILLUSTRATED DICTIONARY,** The, Volume 1 & 2. (1978). Oxford: Bay Books in association with Oxford University Press.

